# DIE IMPLIKASIES VAN DIE BEPALINGS

van

# GOEWERMENTSKENNISGEWING R2029

ten opsigte van

# DIFFERENSIASIE

met besondere verwysing na veral

# DIE KLEINER SEKONDÊRE SKOLE

in die

# ORANJE-VRYSTAAT

Deur: J. A. ROSSOUW (B.A., M.Ed.)

---

Hierdie proefskrif is deur Jan Adriaan Rossouw voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doctor Educationis in die fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

**Promotor: Prof. dr. S. J. PRELLER, B.Sc., D.Ed.**

**1974**

ORANJE, SENEKAL 22259

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

## ORIëNTERING

1.1 Inleiding........................................ 1
1.2 Die algemene uitgangspunt .................... 1
1.2.1 Die Christelike karakter van opvoeding en onderwys ........................ 1
1.2.2 Die gelykwaardigheid en ongelykheid van leerlinge ........................ 12
1.2.3 Die nasionale karakter van die onderwys en opvoeding ........................ 15
1.3 Die doel van die ondersoek .................. 20
1.4 Die metode van die ondersoek ................ 29
1.5 Die program van die ondersoek ............... 30
1.6 Samevatting ................................. 30

## HOOFSTUK 2

## 'N OORSIG VAN POGINGS TOT DIFFERENSIASIE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

2.1 Inleiding ................................... 32
2.2 Differensiasie in die O.V.S. in historiese perspektief ................................ 33
2.2.1 Die vroeë aanloop tot gedifferensieerde onderwys ............................ 33
2.2.2 Aandag aan die onderwys van begaafde leerlinge ............................ 40
2.2.3 Verslag van die provinsiale onderwys= kommissie van 1951 .................... 43
2.2.4 Ondersoek na die onderwys vir domnormale leerlinge ............................ 48
2.2.5 Voorlopige beplanning van gedifferen= sieerde onderwys in die Oranje-Vrystaat 50
2.2.6 'n Departementele ondersoek insake ge= differensieerde onderwys .............. 52
2.2.7 Provinsiale ondersoek na gedifferen= sieerde onderwys ...................... 57

Vervolg

4.2.1 R2029 en die instelling van die ver=skillende skoolfases .................. 163
4.2.1.1 Die implikasies van die inde=ling in skoolfases ........... 164
4.2.1.2 Die voorgestelde Vrystaatse implementering van die skoolfase 167
4.2.1.3 Evaluering .................... 169
4.2.2 R2029 en die daarstelling van studie=rigtings .............................. 175
4.2.2.1 Die implikasies verbonde aan die instelling van die studie=rigtings ...................... 175
(a) Die studierigtings uitge=sonderd die praktiese stu=dierigting ............... 175
(b) Die praktiese studierig=ting ...................... 188
4.2.2.2 Die implementering van die studierigtings in die Vrystaat 193
4.2.2.3 Evaluering ................... 199
4.2.3 R2029 en vakvlakdifferensiasie ....... 204
4.2.3.1 Die implikasies aan vakvlak=differensiasie verbonde ...... 204
4.2.3.2 Die Vrystaatse implementering van vakvlakdifferensiasie .... 207
4.2.3.3 Evaluering ................... 210
4.2.4 R2029 en voorligting ................. 213
4.2.4.1 Die implikasies van die bepa=lings insake voorligting ..... 214
4.2.4.2 Die Vrystaatse toepassing van voorligting soos deur R2029 bepaal ...................... 216
4.2.4.3 Evaluering.................... 218
4.3 Samevatting ............................. 221

## HOOFSTUK 5

## VOORSTELLE TOT DOELTREFFENDE IMPLEMENTERING VAN DIFFERENSIASIE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

5.1 Inleiding .............................. 225
5.2 Sentralisasie van die Vrystaatse onderwys 228
5.2.1 Vorige gedagterigtings ten opsigte van sentralisasie ................ 229
5.2.2 Moontlike metodes van sentralisasie van onderwys ..................... 235
5.2.2.1 Sentralisasie in agt streke in skole met meer as 600 senior sekondêre leerlinge. 236
5.2.2.2 Sentralisasie in dertien streke in skole met meer as 400 senior sekondêre leerlinge 244
5.2.2.3 Sentralisasie in skole met minstens vier studierigtings 248
5.2.2.4 Slotsom en aanbevelings insake sentralisasie ....... 250
5.3 'n Soneringsbeleid vir die Vrystaat ........ 254
5.4 Differensiasie en die tydsfaktor .......... 259
5.4.1 Die moontlike verlenging van die skooldag ............................ 259
5.4.2 Die verlenging van die skooljaar .... 263
5.4.3 'n Drietermyn-skooljaar .............. 266
5.5 Die plasing van en aantal skole vir eksterne differensiasie ............................ 270
5.6 Die st. 5-leerling en differensiasie ...... 274
5.7 Die inspeksiestelsel en doeltreffende differensiasie ............................ 277
5.8 Differensiasie en voorligting ............. 282
5.9 Samevatting .............................. 284

## HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING

6.1 Inleiding .............................. 295
6.2 Oorsig van die studie .................... 295
6.2.1 Doel en veld van die ondersoek ...... 295
6.2.2 Literatuurstudie .................... 297
6.2.3 Ondersoek na ontwikkelingstendense en probleme in die Vrystaatse skole .... 298
6.2.4 Die implikasies van R2029 ........... 301
6.3 Aanbevelings ............................ 304
6.4 Implikasies ............................. 306
6.5 Slot .................................... 308

## BYLAE A

Goewermentkennisgewing R2029 .................. 309

Bibliografie .................................. 317

# LYS VAN TABELLE

## Hoofstuk 1

Tabel 1: Aantal sekondêre skole in die O.V.S volgens leerlinge in st.8-10.........26

## Hoofstuk 3

Tabel 1: Leerlinge in alle Vrystaatse skole, 1968-1970.............................87

Tabel 2: Vergelykende staat van die leerling=talle van plattelandse skole tussen die jare 1942-1945 en 1969-1971......89

Tabel 3: Die verhouding tussen die aantal primêre- en sekondêre leerlinge aan 21 skole.........................106

Tabel 4: Inskrywings in Sub. A gedurende 1969 tot 1971........................109

Tabel 5: Ontleding van die leerlingtalle in 1969 ten opsigte van Bloemfonteinse skole wat oor koshuise beskik........113

Tabel 6: Persentasie leerlinge van binne- en buite eie voedingsgebiede in Bloemfonteinse skole met koshuise, 1969................................114

Tabel 7: Ontleding van die aantal kosgangers in Bloemfonteinse sekondêre skole, 1969................................115

Tabel 8: Die bevolkingsituasie in Zastron gedurende die jare 1921, 1951 en 1960.................................122

Tabel 9: Die ouderdomstruktuur van die blanke bevolking (15 jaar en ouer) van ekonomiese streek 67, die O.V.S. en die Republiek in 1960.................................124

Tabel 10: Vergelyking van alle Vrystaatse skole ten opsigte van studie= rigtings aangebied, aantal sekondêre leerlinge, aantal sekondêre onderwysers, aantal leerlinge per onderwyser en aantal leerlinge in st.8-10, 1971...........128

Tabel 11: Die aantal matriekeksamenvakke en die aantal sekondêre personeellede in enkele skole......................135

Tabel 12: Die gebruik van primêre personeel= lede in sekondêre afdelings by vyf skole.............................136

Tabel 13: Die aantal leerlinge per vak in die Vrystaat volgens die grootte van st. 10-klasse gedurende 1970.........137

Tabel 14: Skole met een en twee matriek= leerlinge per vak in 1970............140

Tabel 15: 'n Vergelyking van enkele aspekte van die hoër- en standaard graad in Ekonomie in st. 10...................154

Hoofstuk 4

Tabel 1: Lys van vakke volgens die groepering van die GMR................177

Tabel 2: Studierigtings en universiteits=toelatingsvereistes..................181

Hoofstuk 5

Tabel 1: Sentralisasie in skole met meer as 600 senior sekondêre leerlinge....237

Tabel 2: Vergelyking tussen die leerlingtalle van 1969 en 1973 by tien Vrystaatse skole asook bedrae gedurende 1970 begroot..............................242

Tabel 3: Koste per leerling in vier Vrystaatse sekondêre skole...........249

Tabel 4: Ontleding van die Vrystaatse skool=jaar vir st. 10-leerlinge, 1972......263

Tabel 5: Die huidige plasing van en aantal skole vir eksterne differensiasie in die Oranje-Vrystaat, 1973.........271

## DANKBETUIGING


Na voltooiing van hierdie proefskrif is dit 'n besondere behoefte om enkele dankbetuigings te doen:

1. My grootste dank gaan aan die Skepper vir die voorreg om hierdie studie te kon aanpak en voltooi. Sonder Sy onuitspreeklike genade sou dit onmoontlik gewees het.

2. Graag bedank ek prof. S.J. Preller wat as promotor opgetree het. Dit was 'n belewenis om hierdie studie onder sy deeglike en besielende leiding te kon aandurf. Ek kon oneindig put uit die kennis van iemand wat die pad van gedifferensieerde onderwys deurloop en deurleef het en wat oor 'n indringende, bestudeerde insig in die ganse onderwyssituasie het. Ek betuig aan hom my innigste dank en waardering.

3. Ek noem ook mnr. D.J. Coetzee, hoof van die Vrystaatse Onderwysburo, wat my te alle tye met raad en inligting bygestaan het. Sy daadwerklike hulp het vir my in vele opsigte oneindig baie beteken.

4. Ek wil ook my ouers bedank vir hul belang=stelling, aanmoediging en liefde waardeur ek grootliks in staat gestel is om hierdie studie te kon voltooi.

5. In besonder wil ek graag my eggenote, Madge, en kinders, Pieter en Marika, bedank vir hul ondersteuning en bemoediging gedurende my studie=tydperk. Aan hulle bring ek toe my innigste dank en waardering.

6. Ten slotte bedank ek die personeel van die Onderwysdepartement, Inspekteurs van Onderwys, skoolhoofde, en dan ook in die besonder die skoolkommissie en die personeel van die plaaslike sekondêre skool wat my in sovele opsigte tegemoetgekom en bygestaan het.

J.A. ROSSOUW
Sekondêre Skool Staatspresident Swart
BRANDFORT
2 Junie 1974

# HOOFSTUK 1
# ORIëNTERING

## 1.1 Inleiding.

Soos dit later in hierdie hoofstuk verduidelik sal word, gaan dit in hierdie studie uitsluitlik om die praktiese aspekte van die implementering van die stelsel van gedifferensieerde onderwys en meer bepaald met betrekking tot die Oranje-Vrystaat. Met die oog hierop is dit nodig dat vooraf aandag gegee word aan die Christelike karakter van opvoeding en onderwys as vertrekpunt vir hierdie studie. Vervolgens word, ter oriëntering van die leser, die doel en metode en daarna die program van die studie uiteengesit.

## 1.2 Die algemene uitgangspunt

Ten einde differensiasie in volle perspektief te plaas, is dit noodsaaklik om terug te gaan na die oorsprong van die beginsel van differensiasie, nl. dat dit juis en veral wortel in die Christelike leer en die Christelike siening van alle opvoeding en onderwys, van die gelyk=waardigheid en ongelykheid van leerlinge en van die nasionale karakter van onderwys en opvoeding. Elk hier=van word vervolgens van nader beskou.

### 1.2.1 Die Christelike karakter van opvoeding en onderwys

In die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, No. 39 van 1967, word in artikel 2(1)a bepaal dat "die onderwys in skole wat deur 'n staatsdeparte=ment (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Chris=telike karakter moet hê". Hierdie beleid is nader bepaal in kennisgewing R2029 van 12 November 1971 en wel soos volg: "Die onderwys in skole wat deur 'n staatsdepartement (met inbegrip van 'n provin=siale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, moet 'n Christelike karakter hê wat gegrondves is op die Bybel en wat belang moet kry (a) deur godsdiensonderrig as verpligte nie=eksamenvak behoudens paragraaf 3 hieronder; en (b) deur die gees waarin en wyse waarop alle onderrig

en opvoedingswerk asook administrasie en organisasie behartig word.
3. By die toepassing van die beleid met betrekking tot die Christelike karakter van die onderwys moet die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig word wat godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede betref."[1]

Hierdie aankondiging behels nie 'n nuwe beginsel nie, maar gee slegs wetlike beslag aan dìt wat deur ons hele onderwysgeskiedenis een van die kenmerkendste eienskappe van ons onderwysstelsel was, nl. dat alle opvoeding en onderwys gekenmerk was deur sy Christelik=nasionale karakter. Hoewel hierna later weer verwys sal word, word dit hier met nadruk gestel dat skrywer hiervan hom stel op die standpunt dat die term <u>Christelik-nasionaal</u> is, want sodoende word die nasionale in die Christelike gefundeer en het dit daarmee tot 'n eenheid versmelt.[2] Daarom gaan die betoog van Gunter [3] ten gunste van die term <u>nasionaal-Christelik</u> en selfs <u>Christelike en nasionale</u> nie op nie. Gunter beweer dat die term <u>Christelik-nasionaal,</u> taalkundig gesien, impliseer dat die Christelike ondergeskik aan die nasionale gestel word. Dit is juis nie die geval nie, want dan sou ook die terme <u>Rooms-katoliek</u> en <u>Protestants=Christelik</u> andersom gestel moes word. Dit is immers 'n erkende taalkundige beginsel dat die eerste deel van 'n samestelling die kernidee dra.

As Christelike volk begeer ons Christelike opvoeding en onderskryf ons dat "the great hope of the world

---

1) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding. Staatskoerant, 12 November 1971, p.18.
2) Fourie. Onderwyswetgewing in roepingsperspektief. <u>Tydskrif vir Christelike wetenskap</u>, 8e jaargang, le kwartaal 1972,p.11.
3) Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde, p.190.

lies in an education which is based on religion, on doing the will of God .....[4] Die mees sentrale uitgangspunt in alle menslike gedraginge en besinninge is geleë in die feit dat die mens altyd in 'n verhouding tot die Skepper en die skepping staan. Omdat die mens egter skepsel is, kan hy nie soewerein wees nie en daarom ook nooit objektief nie. En omdat hy nooit objektief kan staan nie, kan teoretiese denke nooit neutraal beoefen word nie, want elke beoefenaar op elke vakterrein word in sy siening gerig deur 'n bepaalde uitgangspunt wat sy hart beheers. Daarom kan die hart van die denker agter elke wysgerige en wetenskaplike stelsel gevind word, terwyl die religie wat allesbeslissend die gang van die denker of dader se denke en lewe bepaal, juis in die hart gesetel is.[5]

Die mens is geskape na die Beeld en Gelykenis van die Skepper en sy verhouding tot die Skepper wat alles doelmatig geskape het, is die primêre en alles-determinerende uitgangspunt van sy ontwikkeling en kultuuruitinge. Met ander woorde, die verhouding tot God is die dinamiese krag, die penwortel in die vorming van 'n lewens- en wêreld- en ewigheids=beskouing, terwyl die verhouding tot God weer op sy beurt bepaal word deur die bepaalde uitgangspunt (Dooyeweerd praat van 'n religieuse grondmotief) wat die hart van die mens beheers.[6] Wie dan probeer om God uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is, uit te skakel, te negeer of te verkleineer, moet in plaas van die Ware Oorsprong van alle dinge iets anders, dit wil sê iets uit die geskape werklikheid self, tot absolute uitgangspunt en hoogste doelpunt verhef. Wie dan met so 'n kosmiese

---

4) Norwood. The English tradition of education, p.56.
5) Venter. Die ontwikkeling van die westerse denke, p.7
6) Strauss. Christelike wetenskap en christelike onderwys,p.20.

of immanente penwortel begin, is logies bestem om kosmies-gebonde te bly, terwyl die teenoorgestelde hiervan ook waar is, nl. wie sy verhouding tot God as die primêre uitgangspunt en doelpunt neem, moet daartoe kom om die kosmiese verskeidenheid en die medemens in al sy uitinge in die regte lig te sien.[7)]

Omdat die mens 'n geskape wese is, is hy nie almagtig en alwys nie en daarom het God Homself aan die mens bekend gemaak. Hierdie Selfopenbaring is in die normatiewe Heilige Skrif vervat met die uitsluitlike doel om die mens tot ware Godskennis te lei.[8)]
Wie dan tot sy Skepper in die regte verhouding staan, hou rekening met die feit dat God dit so verordineer het: Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Terwyl die mens so dus nie neutraal kan staan nie, wissel sy bestaan slegs tussen twee absolute uiterstes, nl. 'n aanvaarding of verwerping van God. Hy het 'n deel aan God of hy staan buite Hom.[9)]
As die Christen in die hart as die sentrum van sy lewe gebonde is aan God deur die Woord van God, sal die Woord 'n sentrale en oorkoepelende plek in sy lewe inneem en so ook sy wetenskaplike en opvoed= kundige denke rig, belig en beheers.[10)] Die grond= waarheid is dat die transendente wortel van die mens se kreatuurlike bestaan in die hart van die mens geleë is.[11)]

Die opvoeder se lewens-en-wêreldbeskouing wat altyd 'n partikuliere saak is, word só altyd deur die vaste uitgangspunt in sy hart bepaal en lê as sodanig 'n eis van verpligting op hom, nl. die verpligting tot uitlewing van en gehoorsaamheid aan die ideale van die Christelike lewens-en-wêreldbeskouing ten opsigte

---

7) Strauss, op. cit., p.41.
8) Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 290; Kock. Opvoeding en onderwys. <u>Tydskrif vir Christelike wetenskap</u>, 5e jaargang, 4e kwartaal 1969, p.168.
9) Spier. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, p.25.
10) Berkhouwer. De mensch het beeld Gods, p.219.
11) Strauss, op. cit., p.40.

van opvoeding en onderwys.[12] Vir die doel van hierdie studie kan volstaan word met die opmerking dat enige lewens-en-wêreldbeskouing 'n beskouing van die heelal met die mens daarin is: 'n beskouing van die ont= staan, die wese, die bestaan, die sin en die eind= doel van die kosmiese totaliteit.[13] So gesien, is dit ook 'n beskouing oor die verbondenheid tot God, oor die Heilige Skrif as die openbaring van God aan die mens, asook 'n beskouing oor die mens self. Daarby is 'n lewens-en-wêreldbeskouing ook fundamenteel, want die mens gee hom met sy hele hart daaraan oor. Die stelling dat uit die hart die uitgange van die lewe is, geld in 'n besondere mate ten opsigte van 'n lewens-en-wêreldbeskouing, want met sy hele hart gee die mens hom oor aan God, of verslaaf hy hom afgodies aan dit wat hy in die plek van God stel.[14]

Om 'n bepaalde beskouing van die wêreld en die mens in hulle verhouding tot God te gee, is egter nie slegs 'n verstandswerk nie, maar dit setel in die dieper aspekte van die persoonlikheid. Nog minder is dit slegs 'n rasioneelverklarende aangeleentheid, juis omdat dit 'n saak van die hart is. Dit is 'n geloofs-aanvaarding uit die hart as die sentrum van die mens en is daarom altyd religieus bepaald.[15] Daarom is geen lewens-en-wêreldbeskouing ooit religieus neutraal nie, want dit gee die antwoord op die fundamenteelste vrae aangaande die verhouding tussen God (of wat die mens in die plek van God stel) en die mens en die wêreld. Hieruit volg dit dat die mees diepgaande en indringende kennis van 'n lewens-en-wêreldbeskouing juis die religieuse geloofskennis daarvan is. Inderdaad is die geloof 'n gegrepenheid in die hart van die mens deur 'n ware

12) Spier & Spier. Wijsbegeerte en lewenspractijk, p.178
13) Bavinck. Christelijke wereldbeschouwing, pp. 37, 68.
14) Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap, p.115.
15) Orr. The christian view of God and the world, p.16.

openbaring van God en hierdie met sy hart-en-siel-aanvaarde geloof is 'n onpeilbare en besielende krag wat die mens aan God verbind. Hierdeur kan hy die diepste sin van alles, ook sy eie bestaan, ken en verstaan, terwyl dit onder alle omstandighede sy kenne en doen rig en lei.[16] Dit is dus 'n belydenis en daarom partikulier en eg-persoonlik.[17]

Die Protestantse Christendom bely die absolute soewereiniteit van God oor die hele geskape werklikheid.[18] Uit die Heilige Skrif as die selfopenbaring van God, straal die lig oor die skeppingsaard, die skeppingsoorsprong en die skeppingsdoel van die heelal met die mens as die kroon daarvan na Gods Beeld geskape.[19] Dooyeweerd formuleer dit treffend: "In de openbaring, dat God den mensch naar zijn Beeld schiep, ontdekte Hij den mensch aan zigselve, in de religieuse worteleenheid van zijn creatuurlijk bestaan, waarin heel de zin van den tijdelijken kosmos integraal was geconsentreerd."[20]

Hiervolgens staan die Christelike standpunt lynreg teenoor enige vorm van verabsolutering en dus vergoddeliking van enige deel van die geskape werklikheid.[21] Wanneer die Christelike uitgangspunt op die denke beslag gelê het, beteken dit dat die Heilige Gees op kragtige wyse gewerk het en bly voortwerk in die hart van die mens. In ware Godskennis bereik die mens volle selfkennis; in sy versoening met God deur wedergeboorte en bekering bereik die mens 'n geestelike bevryding van die sonde. Dit weer lei tot die besef dat geen enkele aspek van die aardse werklikheid aan die mens 'n vaste grond vir sy bestaan kan bied nie, omdat dit so

16) Stoker, op.cit., pp.117-122; Popma. Inleiding in de wijsbegeerte, p.30.
17) Dooyeweerd. A new critique, deel 1, pp. 120, 124.
18) Orr, op.cit., p.16.
19) Berkhouwer, op.cit., pp. 36, 211.
20) Dooyeweerd. Reformatie en scholastiek, p.31.
21) Jaarsma. Fundamentals in Christian education, p.248.

deur God verordineer is dat die mens die skepping moet beheers. Dit is juis hierdie gedagte dat niks in die skepping of in die mens verabsoluteer mag word nie wat, in ooreenstemming met die Christelike uitgangspunt, as die enigste finale waarborg vir Christelike onderwys en opvoeding moet dien.[22)]
'n Christelike opvoeding- en onderwysstelsel moet derhalwe nie alleen die Christelike sentrale uitgangspunt van skepping, sondeval en verlossing aanvaar nie, maar ook sorgdra dat dit in die leerplanne verweef word, want sodoende alleen kan die oorsprong van die totaliteit en die verskeiden= heid in die heelal sinvol verstaan en vertolk word. In Christus lê die sintotaliteit van die heelal opgesluit en slegs in Hom bely die hart die absolute soewereiniteit van God oor die hele geskape werklikheid.[23)]

Met hierdie kernwaardes moet die opvoeding rekening hou, want daarin is die onontbeerlike voorwaardes vir 'n Christelike opvoedingstelsel geleë. Maar ewe belangrik as die voorgaande basiese vereistes, is die feit dat Christelike opvoeding en onderwys ook 'n verbondsnoodwendigheid is.

Christelike opvoeding word van die Christenouer, die Christenopvoedkundige, die Christenopvoeder en die Christelike owerheid geëis, want anders is hy ontrou aan sy geloof en die religieuse uitgangspunt wat op sy hart beslag gelê het.[24)]

Deur die Verbondsverhouding waarin die mens tot God staan, is die mens verhef tot 'n besondere voorkeurs= posisie teenoor God, vanwaar hy die kosmos kan

22) Berkhouwer, op.cit., p.230; Spier. Oriëntering in die christelike wysbegeerte, pp.19-20.
23) Spier & Spier, op.cit., p.33; Dooyeweerd. Wijsbegeerte der Wetsidee, deel 1, p.64.
24) Jaarsma, op.cit., p.24; Job 41: 10,11.

waarneem as 'n geskape werklikheid en alleen in Sy lig tot volle waarheid kan kom.[25] Hierdie religieuse verhouding waarin die mens verkeer, beteken dan die juiste plek wat die mens in die verbond van God mag inneem. Sou die mens die verbond vergeet, verslaaf hy hom noodwendig aan dìt wat hy in die plek van God stel[26] en dit veroorsaak weer dat die mens visie oor die totali=teitstruktuur van die heelal verloor.

Die genadeverbond is die rede vir die bestaan en die voortbestaan van die Christendom. Dit is die kern van die Christelike leer en die enige hoop vir die sondaar vir tyd en ewigheid. Die gevalle toestand van die mens noodsaak die genadeverbond, maar wie sy saligheid in die tydelik-aardse probeer vind, is nie alleen bestem om kosmies-gebonde te bly nie, maar voel ook geen behoefte aan verlossing uit die sonde nie. Vir die Christen, egter, leer die Woord van God duidelik dat sedert alle eeue, dit wil sê van voor die grondlegging van die wêreld en voor die skepping van die mens, het God tot die skepping van die mens en ook tot sy verlossing uit die sondetoestand besluit.[27] Hierdie verlossings=besluit van God is die genadeverbond - 'n ewige verbond wat in die Ou Testament deur God met die mens aangegaan is en wat in die Nuwe Testament tot vervolmaking gebring is.[28]

Met die koms van Christus ontstaan 'n nuwe verbond, maar die oue en die nuwe bly in wese één verbond. Die seëninge van die nuwe verbond kom saaklikerwys neer op die vergiffenis van die sonde, want in Christus is al die mens se sonde hom vergewe; 'n

25) Popma, op.cit., pp. 91-92.
26) Stoker, op.cit., p.115.
27) Wielenga. Ons doopsformulier, pp. 52, 54, 55.
28) Jes. 53: 10,11; Joh. 17:4; Fil.2: 6 - 11.

inwoning van die Heilige Gees in die hart van die mens; 'n inskrywe van die Wet van God in die hart van die gelowige; 'n kennis van God en die waar=agtige waarheid; 'n wedersydse belangstelling en liefde onder gelowiges: "Soos ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." [29)]

Met hierdie fundamentele begrippe aangaande die genadeverbond moet die Christelike opvoeding rekening hou, want dit eis nie alleen die onbetwis=bare noodwendigheid van 'n Christelike opvoeding nie, maar verskaf ook duidelikheid aangaande die wese, die doel en die inhoud van alle leringe soos dit beliggaam word binne die skoolverband en in elke skoolvak. Die Christenouer het die reg om dit vir sy kind te eis; trouens, dit is 'n eis met 'n verplig=tende karakter, want dit word van die ouer vereis deur die uiterlike verbondsteken van die doop.[30)] Dit is 'n verpligting wat op elke ouer gelê word "om hierdie kind ... in dié leer te onderrig of te laat onderrig."[31)] Dit is dan die verpligting tot 'n Christelike opvoeding en waar die ouer dit nie self kan doen nie, moet hy sorgdra dat dit namens hom gedoen word, nl. in 'n Christelike onderwysstelsel.[32)] Wanneer deur die betrokke onderwyswet, no. 39 van 1967, bepaal word dat alle onderwys 'n Christelike karakter moet hê, beteken dit egter nie die stigting van kerkskole nie, maar aan die ander kant beteken dit ook veel meer as 'n enge intellektualisme. Dit beteken dat die kind geleer moet word om God te ken, want volgens 'n gedelegeerde reg is hy mede-regeerder oor alle dinge wat daar op aarde is. Tereg sê Wielenga dat dit onnodig is om daarop te wys hoe groot die sonde van die ouers is wat nalaat dat hulle kinders aan 'n Christelike skool toevertrou word.[33)]

29) Joh.13:34; Wielenga. Het wezen van het Christendom,pp.193-195
30) Id. Ons doopsformulier, p.59.
31) Ibid., p.262.
32) Kuyper. Onze eeredienst, p.442; Dooyeweerd. A new critique, III, p.287.
33) Wielenga, op.cit., p.275.

terwyl dit by implikasie ook van toepassing op die onderwysowerhede is. Dit is juis deur die doop dat die kind 'n mede-erfgenaam van die Ryk van God word en daarom moet die Christelike owerheid die reg en die voorreg aan die kinders van sy onderdane verleen om in 'n intieme gemeenskap met die Drie-enige God te lewe en om binne die kader van die Christelike skool sistematiese kennis aangaande die Christelike geloof op te doen, want uit hierdie geloof moet, behalwe liefde tot God, ook die liefde tot die medemens opgedoen word.

Die Christelike skool moet hom ook en veral vergewis van die groot eenheid wat daar in die veelheid van die skepping is.[34] Soos die heelal ryk aan verskei=denheid is, is ook die mens 'n grootse veelheid waarin die eenheid opgeslote is, want die skepsel, soos sy Skepper, bestaan nie uit losstaande brokkies nie, maar is 'n geheel, 'n eenheid, die beliggaming van een totale gedagte, want "heel de wereld is een organisch geheel, door een wil geleidt, door een gedachte gedragen, voor een doel bestemd, een gebouw dat opwast en een lichaam dat gebouwd word; een kunst=werk van den Oppersten Kunstenaar en van den Bouw=meester van het Heelal."[35]

Die mens is 'n eenheid na sy siel, gees en liggaam en binne 'n Christelike onderwysstelsel moet met die mens as 'n eenheidswese deeglik rekening gehou word. Die skool moet voorsiening maak vir die kind se opvoeding in al sy fasette, maar dit moet geskied in ooreenstemming met die eenheidsverbondenheid van al die verskillende fasette van die mens.[36] Die kind moet as ondeelbare geheel opgevoed word en daarom

34) Spier. Oriëntering in die christelike wysbegeerte, p.112; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding,p.45.
35) Bavinck. Christelijke wereldbeschouwing, p.68.
36) Coetzee, op.cit., pp.323-325.

is die blote oordra van kennis nie genoeg nie. Christelike onderwys moet dìt ten doel hê om die kind as 'n Verbondskind sodanig toe te rus dat hy vir sy taak binne die skepping volkome toegerus is. Om in hierdie doelstelling te kan slaag, geld een beginsel veral, nl. dit is nodig om die kind te ken en dìt daarby: dat kennis van 'n kind nie alleen afhang van 'n uiterlike en terloopse kennismaking nie; ook nie van uiterlike toetsing nie, maar dat kennis van 'n kind 'n saak van intieme meelewing is, ook inlewing in sy besondere omstandigheid. Alleen sodoende kan die regte leiding aan die kind gegee word om hom volwaardig diensbaar aan God en die medemens te maak. Slegs deur 'n persoonlike bemoeienis kan die kind tot die besef kom dat Christelike opvoeding en onderwys altyd om God as die sentraliserende kern kan plaasvind. Wanneer die kind dit besef, sal hy weet dat sy oorsprong vanuit die Ewige is, dat hy 'n Ewigheidsbestemming het, maar dat hy op aarde is met 'n tydelike bestaansfunksie met 'n Godgegewe opdrag.[37)]

Tot al hierdie dinge is die mens egter onbekwaam vanweë die sonde wat hy in Adam deelagtig is. Nogtans het God die mens wonderbaarlik toegerus vir hierdie taak deur sy unieke samestelling en posisie in die skeppingsorde. Die mens is nie alleen die knoop- of raakpunt in die skepping nie, maar iets van alles in die tydelike werklikheid is in die mens harmonies verewig, die ganse skepping is in die mens gekonsentreerd saamgevat. Die mens as totaliteit was van die begin af mens omdat hy so deur God geskape is.[38)]

37) Bavinck. Paedagogische beginselen, pp. 14-15.
38) Strauss. Christelike wetenskap, pp. 40-42.

Daarom is die hele mens vir God waardevol. Omdat God die wêreld geskape het en Sy gedagtes daarin beliggaam het, het hy ook die mens geskape om Sy openbaring aan die mens te kan begryp.[39] Die mens het dus waarde vir God en daarom moet 'n Christelike onderwysstelsel hiermee rekening hou, nl. dat die kind as 'n waardevol geskapene opgevoed moet word tot ware Godskennis. Die kind moet leer wat sy roepingsverantwoordelikheid jeens God en sy medemens is. In die onderwys wat hy ontvang, moet hy deur leiding, toerusting en beïnvloeding gevorm word om in alle lewensituasies vir God te kies en dat hy die ware geloof biddend sal soek deur die genade van Christus en dat hy uiteindelik sy hele lewe sal wy tot die eer van God. Slaag 'n onderwys=stelsel hierin, sal die kind volkome toegerus wees om God in gehoorsaamheid te verheerlik.[40]

### 1.2.2 Die gelykwaardigheid en ongelykheid van leerlinge

Soos vooraf aangetoon, is die mens 'n onherhaalbare, unieke, eiesoortige en onvervangbare persoonlikheids=wese. In hierdie wêreld staan hy steeds voor God en sy medemens as 'n numeriese enkeling.[41] In sy eiesoortigheid en uniekheid is hy egter toebedeel met eiesoortige talente en aanlegte wat hom ten opsigte van sy medemens ongelyk maak, maar as geskapene Gods nooit ongelykwaardig nie. Voor die aangesig van God is alle mense gelyk in waarde, maar ongelyk in dié sin dat God nie mense geskape het volgens 'n eenerse, algemene patroon nie.[42] Soos daar veelheid in die skepping is, so is daar veel=heid van die geskapenes wat in die opvoeding en onderwys as van kardinale belang beskou moet word.

39) Heiberg. Die grondslag van die christelike opvoeding en onderwys in Suid-Afrika. <u>Tydskrif vir christelike weten=skap</u>, 6e jaargang, 1e kwartaal 1970, pp.44-45.
40) Vermeulen. Die opvoedkundig-antropologiese betekenis van die wysbegeerte van die wetsidee, p.77.
41) Kuyper. Inleiding in de zielkunde, p.418.
42) Gunter. Opvoedingsfilosofieë, p.374.

Dit is die plig van die owerheid en die opvoeder om, binne die kader van die ongelykheid van leerlinge, steeds aan hulle daardie besondere onderwys te gee wat hulle gelyk in waarde en dus ook in waardigheid sal maak. Indien 'n onder=wysstelsel hierin kan slaag, sal die waardigheid van 'n leerling nie meer bepaal word op grond van die hoeveelheid gawes wat hy ontvang het nie, maar op grond van wat hy daarmee verrig het. Dit is immers juis die gelykwaardigheid van leerlinge wat hulle geregtig maak op gelyke onderwysgeleent=hede.[43] Dit is egter belangrik om daarop te let dat gelyke onderwysgeleenthede nie beteken dat identiese onderwys aan alle leerlinge gegee moet word nie. Dit moet daardie onderwys wees wat die individu die beste pas in die lig van sy besondere gawes. Slaag die onderwysstelsel nie daarin nie, lei dit tot frustrasie en misluk die onderwysstelsel met rampspoedige gevolge vir die kind en sy toekoms. Leighton stel dit so: "Properly speaking, democracy means an equal opportunity for all, in order that every one may be able to develop to the highest possible stage his native capacities and thus contribute to the social wealth or culture of his unique individuality. What we need in place of levelling down, is levelling up."[44]

Die sekondêre skool, veral in die Vrystaat, was tradisioneel die tuiste van 'n klein uitgesoekte groepie leerlinge wat langs hierdie weg toegang tot die universiteit gesoek het. Hierdie groep was redelik homogeen en kon dus maklik deur die akademiese skool bedien word. Om tred te hou met

43) Ibid.

44) Leighton. Individuality and education, pp. 173-174.

die eise van die veranderende maatskappy, veral as gevolg van toenemende industrialisasie, het die sekondêre skool 'n volkskool begin word wat moes voldoen aan die heterogene eise van baie leerlinge wat nie oor die vermoëns beskik het om 'n akademiese kursus te kon volg nie.[45] Dit het die eis om 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys genoodsaak.

Wat gedifferensieerde onderwys betref, beteken dit nie alleen differensiasie in afsonderlike skole, of deur die uitbreiding van leerplanne, leergange en vakkeuses nie (differensiasie na buite), maar ook differensiasie na binne. Hiermee word bedoel dat die leerstof sodanig georden, verskraal of verryk word dat dit beter aanpas by die verstandelike vermoëns van die hedendaagse heterogene skoolbevolking.[46]

Wat die Vrystaat betref, word tans in hoofsaak slegs differensiasie na buite aangetref, nl. differensiasie van groepe volgens vakkeuse [47] en differensiasie volgens kursuskeuse met aparte skole, soos die Landbou-, Hoër Tegniese-, Huishoud- en Handelskole. Soos daar in 'n volgende hoofstuk aangetoon sal word, is daar weinig sprake van 'n omvangryke, omvattende en doelgerigte poging tot differensiasie na binne te bespeur in die onderwysgeskiedenis van die Vrystaat. Nie een van die twee wyses waarop tans gediffe= rensieer kan word, kan op sy eie die finale oplossing bied op al die probleme wat in die onderwys mag opduik nie, maar wanneer albei

45) Van Loggerenberg & Jooste, op. cit., p.268.
46) Ibid., p.270.
47) Nasionale buro vir opvoedkundige en maatskaplike navorsing.* 'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onderwys, p.175.

* In verdere voetnotas hierna verwys as NBOMN.

geïmplementeer word en langs mekaar bestaan, kan dit baie daartoe bydra om in die behoeftes van individuele leerlinge te voorsien.[48]

Suid-Afrika se mannekragpotensiaal kom in die huidige onderwysstelsel nie tot volle ontplooiing nie, onder meer omdat te veel leerlinge die skool op 'n te vroeë ouderdom verlaat. Volgens statis= tiek[49] bereik slegs sowat 46% van alle st.6-leerlinge st.10 en uit hierdie 46% moet die ongeveer 1½ miljoen gekwalifiseerde bestuurders, tegnoloë en tegnici kom om die landsekonomie behoorlik te kan behartig.[50] Selfbehoud en selfhandhawing noodsaak goeie onderwys en opvoeding en dit is alleen moontlik in 'n stelsel van doeltreffende intern en ekstern gedifferen= sieerde onderwys. Dit is juis in hierdie verband dat Wells waarsku dat die toekoms 'n wedloop sal wees tussen opvoeding en ondergang.[51] Oor die opvoedkundige beginsels betreffende die wenslik= heid al dan nie van 'n gedifferensieerde onderwys= stelsel is daar nie meer te redeneer nie. Dit is juis die ongelykheid van leerlinge wat gedifferensieerde onderwys noodsaak en waardeur getrag word om hulle gelyker in waarde te maak.

### 1.2.3 Die nasionale karakter van die onderwys en opvoeding

In kennisgewing R2029 word die nasionale karakter van die onderwys deeglik soos volg omlyn:

"Onderwys in skole wat deur 'n Staatsdeparte= ment (met inbegrip van 'n provinsiale admi= nistrasie) in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word, moet 'n breë nasionale

48) Van Loggerenberg & Jooste, op.cit., p.269.
49) O.V.S. Onderwysburo. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel,p.
50) Ibid.
51) NBOMN, op.cit., p.23.

karakter hê wat beslag moet kry (a) deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vaderland, wat taal- of kultuurerfenis, geskiedenis en tradisies, nasionale simbole, bevol=kingsverskeidenheid, maatskaplike en ekonomiese omstandighede, geografiese verskeidenheid en nasionale prestasies insluit; en

(b) deur hierdie kennis by elke leerling tot begrip en waardering te laat groei deur middel van die sinvolle aanbieding daarvan by toepaslike fasette van die onderrig van die twee amptelike landstale, vaderlandse geskiedenis, burgerkunde en aardrykskunde in die skoolonderwys, en verder deur die deelname van leerlinge aan nasionale feesgeleenthede en hul gereelde eerbetoning aan die nasionale simbole, sodat

(i) dit lei tot 'n gesindheid van patriotisme wat gefundeer is op lojaliteit en verantwoordelikheid teenoor die vaderland, sy bodem en sy natuurlike hulpbronne;

(ii) elke leerling daardeur 'n gebalan=seerde perspektief sal verwerf; en

(iii) 'n gevoel van eensgesindheid en samewerking daardeur bewerkstellig sal word."[52)]

Wanneer die twee subartikels, nl. dié aangaande die Christelike en dié aangaande die nasionale saam gelees word, blyk dit dat dit so geformuleer

---

52) Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding. Staatskoerant, 12 November 1971, p.18.

is dat dit die "verantwoordelikheid op u plaas om die Christelike en die nasionale te verbind tot die Christelik-nasionale sodat die Afrikaanse lewens-en-wêreldbeskouing vir die skool geformuleer en verwesenlik sal word .... Hier is dus meer as die moontlikheid van 'n Christelik-nasionale skool; dit is 'n werklikheid wat ons nie kan verontagsaam nie as ons met ons kinders ten volle diensbaar in die Koninkryk van God op aarde wil staan."[53] Die begrippe Christelik en nasionaal is nimmer van mekaar te skei nie, want soos reeds gesê, is die nasionale in die Christelike gefundeer en daardeur bepaal. So verklaar Strauss dan tereg dat "indien die Christelik-nasionale Afrikanerdom nie in staat is om hierdie ontkoppelingsaanslag, wat meer is as 'n spellingdebat, af te weer nie, sal die volgende fase van ons lewensvoortgang 'n tweedoor-koppeling baar, nl. Christelik-godsdienstig en liberaal nasionaal.. ...... want om Christelik-nasionaal in sy volle lewenstrefkrag aan die man te bring, is die minste waarmee ons mag volstaan 'n prinsipiële uitmeting van ons Protestantse lewensbelydenis oor die volle bedding van ons volksbestaan."[54] Vir die Christen-Afrikaner is die Christelike en die nasionale so ineengestrengel, so onlosmaaklik aan mekaar verbind, so onvernietigbaar een dat hy in sy denke, woorde en dade steeds dink en praat as 'n Christen-Afrikaner en as 'n Christelik-nasionale ouer en onderwyser.[55]

53) Bingle. Ons lewens- en wêreldbeskouing en wet 39 van 1967. (In: 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys, p.28.)
54) Strauss. Christelik-nasionaal en C.N.O., p.7.
55) Coetzee. Die plek van die lewensopvatting in ons onderwysbeleid. (In: 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys,p.21)

Aan die mens is die moontlikheid tot kennis=vermeerdering gegee sodat hy daardeur die wêreld 'n beter en geriefliker tydelike verblyfplek kan maak. Sodoende kan hy sy Skeppingsopdrag volbring, nl. om die aarde te onderwerp en te beheers en daaroor in verantwoordelikheid aan en tot eer van God te heers. Deur die Christelike opvoeding moet die kind langs hierdie weg van kennis en denkende inspanning op die kultuurpad gebring word. Hy moet die tradisies van sy volk verwerf met dié een voorvereiste dat hy nie 'n blote uiterlike kennis daarvan alleen verwerf nie, maar 'n wesenlike begrip daarvan moet hê - dit moet belewe. Daar moet by hom die neiging bestaan tot eerbiediging, nalewing en inlewing in die volkseiendomlike en dit moet geskied vanuit sy hart as die sentrum van sy bestaan.[56) ] Hy moet hom die roeping heilig ag om hierdie tradisies verder te gaan uitbou en voort te dra. Die Christelike opvoeding wil die hele mens vir die volle lewe en dus ook die nasionale en internasionale lewe opvoed sodat hy tot eer van God en diens aan God en die medemens toegerus sal wees. Tereg sê Coetzee dan ook dat "die Christen=Afrikaner gee onderwys en opvoeding aan 'n kind van die Verbond, aan 'n mens van God, aan 'n skepsel van God, aan 'n beeld en gelykenis van God die Skepper, maar aan 'n gevalle kind, Mens van God, skepsel van God, 'n verduisterde beeld en gelykenis van God."[57)] Die Christenopvoeder moet die mens van God tot

---

56) Fourie. Onderwyswetgewing in roepingsperspektief. <u>Tydskrif vir Christelike wetenskap</u>, 8ste jaargang, le kwartaal 1972, p.10.
57) Coetzee, op.cit., p.21.

volkomenheid opvoed, met ander woorde dit is nie net 'n opvoeding wat op die aardse lewe gerig is nie, maar veral is dit ook 'n opvoeding wat gerig is op die ewige lewe.

In die lig van die voorgaande blyk dit dat die nasionale aspek van die opvoeding wesenlik deel van die Christelike is. Daarom moet die kind insig verwerf in die verskeidenheid en liefde en trou van die eie, maar dan ook eer=bied vir die medemens. So kan hy sy volle nasionale lewe tot eer van God leef. Daarom is die nasionale nie los te maak van die Christelike nie, word dit deur die Christelike gerig en daarom moet die opvoeding en onderwys inderdaad Christelik-nasionaal wees.

As diensbaarheid aan en in die staat, roepings=bewustheid en die toerusting vir roepingsver=vulling op alle terreine van die lewe tot eer van God die vernaamste doelstellings van die Christelik-nasionale karakter van die opvoeding en onderwys is, kry differensiasie 'n besondere betekenis. Gesien teen die agtergrond van faktore soos die huidige mannekragtekort in alle sektore van die samelewing, die gevare wat Suid-Afrika bedreig en die groot getalle vroeë skoolverlaters met al die konsekwensies daarvan op opvoedkundige en ekonomiese terreine, spreek dit vanself dat alleen die beste onderwys goed genoeg is en mag wees. Hierdie beste onderwys kan alleen sentreer om 'n weldeurdagte program van gedifferensieerde onderwys om aan elke kind daardie onderwysgeleenthede te bied wat die beste pas by sy besondere vermoë en aanleg. Hierdie aangeleentheid word vervolgens belig.

## 1.3 Die doel van die ondersoek

Die aankondiging deur die Minister van Nasionale Opvoeding in die staatskoerant van 12 November 1971 het 'n nuwe onderwysbedeling vir Suid-Afrika daargestel wat as grondslag moet dien vir die ontwerp en die implementering van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel.

Volgens hierdie kennisgewing word die skoolonderwystydperk wat oor twaalf jaar strek, in vier fases van drie jaar elk verdeel, nl. die junior primêre fase (die eerste drie skooljare); die senior primêre fase (skooljare vier tot ses); die junior sekondêre fase (skooljare sewe tot nege) en die senior sekondêre fase (skooljare tien tot twaalf). Aangesien dit hier gaan om die implementering van kennisgewing R2029 met betrekking tot veral die kleiner sekondêre skole in die Vrystaat, kan volstaan word met 'n enkele opmerking oor die primêre skool. Primêre onderwys is basisonderwys en alle vakke sal ongedifferensieerd aangebied word. Sillabusse sal egter bestaan uit kernleerstof en verrykingsleerstof sodat daar sodoende voorsiening gemaak kan word vir die verskillende begaafdheidsgroepe. In die primêre skool kan betekenisvolle opvoedingswerk gedoen word deur basiese kennis en vaardighede tuis te bring en die weg voorberei word vir aansluiting by sekondêre onderwys.[58)]

In die junior sekondêre skoolfase bevind die kind hom by die aanvang van die puberteitsjare. Konkrete begrippe word nou aangevul deur insig in algemene onderlinge verhoudings van die werklikheid. Wat in hierdie studie van besondere belang is, is die feit dat st.5, hoewel by die sekondêre skoolfase ingedeel, nogtans in die primêre skool bly. Hierna sal in 'n latere hoofstuk

58) O.V.S. Onderwysburo, op.cit., p.2.

weer verwys word. Volgens die Minister se verklaring het die onderwys in die junior sekondêre fase 'n breë, algemeen-vormende inslag.[59] Die sillabusse sal slegs vir een vlak opgestel wees, maar die leerstof mag gedifferensieerd aangebied word.

Wat die senior sekondêre fase betref, hou die aankon=diging ingrypende veranderinge in die onderwys in. Beroepsgerigte onderwys het in die komplekse beroeps=wêreld 'n vereiste geword en die skool moet vir die kind studierigtings daarstel waardeur hy 'n gemakliker aansluiting sal kan vind by tersiêre onderwys, asook by naskoolse indiensneming. Dit kan gedoen word deur die aanbieding van kurrikula bestaande uit spesifieke vakkombinasies wat op spesifieke beroepsrigtings dui.

In die lig hiervan word nege studierigtings aangekondig, nl. 'n algemene, 'n geesteswetenskaplike, 'n natuurweten=skaplike, 'n handels-, 'n tegniese, 'n huishoudkundige, 'n landbou-, 'n kuns- en 'n praktiese studierigting.[60] Dit staan skole vry om meer as een rigting aan te bied, terwyl eksamenvakke op 'n hoër- of 'n standaardvlak of op 'n hoër- en 'n standaardvlak aangebied sal word. Afhangende van die grootte van die skool, sal bepaal kan word of hierdie onderrig op twee vlakke in afson=derlike klasse of binne dieselfde periode aan 'n groep=klas gegee sal moet word.[61] Dit het weer op sy beurt hierdie uiters belangrike konsekwensie, nl. dat indien die leerstofinhoud op die twee vlakke van dieselfde vak verskil, sal dit die onderwys in 'n groepklas aansienlik bemoeilik. Hierna sal herhaaldelik weer verwys word, aangesien dit voorkom as een van die ingrypendste praktiese implikasies van gedifferensieerde onderwys.

---

59) Ibid., p.5.
60) R.S.A. Staatskoerant, 12 November 1971. Kennisgewing R2029, pp. 17-18.
61) "Groepklas" beteken hier en verder aan 'n klas waarin een groep leerlinge 'n vak op 'n hoër- en 'n ander groep leerlinge, binne dieselfde lokaal op dieselfde tyd, dieselfde vak op die standaard vlak neem.

In teenstelling met 'n provinsie soos Transvaal met 'n betreklike lang geskiedenis van amptelik georganiseerde gedifferensieerde onderwys, is die posisie in die Vrystaat dat hier, tot dusver, hoogstens sprake was van 'n mate van differensiasie na buite in afsonderlike skole of in 'n matige wye vakkeuse. Hier en daar was daar pogings tot interne differensiasie deur middel van bepaalde programme, soos onder andere 'n stelsel van verdunde en verrykte leerplanne, maar in die praktyk was dit hoogstens programme en nie 'n beplande en deurgevoerde amptelike beleid nie. Dit sal in die volgende hoofstuk verdere aandag geniet.

Noudat verpligte gedifferensieerde onderwys landswyd vereis word, spreek dit vanself dat dit in alle provin= sies daadwerklik geïmplementeer moet word. Toestande verskil van provinsie tot provinsie en ten opsigte van differensiasie sentreer hierdie verskille veral om een belangrike saak, nl. dat die provinsie met 'n gedesen= traliseerde onderwysstelsel deeglik en met "groot realisme en minimum van emosie hierdie vraag (van desentralisasie) van onderwys (moet) benader."[62] Die Pretorius-kommissie van 1951 verklaar dat die verhoging van die leerplig tot die sestiende jaar dit vir alle leerlinge moontlik sal maak om minstens drie jaar lank gedifferensieerde sekon= dêre onderwys te geniet.[63] Hierdie kommissie bevind ook dat daar net een soort onderwys vir die Vrystaat is wat effektief sal voldoen aan die eise wat die moderne en ingewikkelde samelewing stel, nl. 'n stelsel wat voorsiening maak vir drie rigtings van sekondêre onderwys, te wete 'n akademiese-, 'n tegniese- en 'n handelsrigting. Dit moet sodanig georganiseer wees dat daar 'n brug geskep word wat oorgang van een rigting na 'n ander moontlik sal

62) O.V.S. Provinsiale Raad. Debatte en verrigtinge van die provinsiale Raad, volume 2, derde raad, derde sitting, 16 Mei - 7 Junie 1972, p.19.

63) Provinsie O.V.S. Verslag van die provinsiale onderwys= kommissie. Die Pretoriuskommissie, 1951, p.119.

maak sonder gevoelige verlies vir die leerling.[64] Insiggewend is egter die bevinding van die kommissie dat so 'n organisasie administratiewe moeilikhede vir die Vrystaat met sy klein sekondêre skole sal meebring. Die kommissie is ook geensins te vinde vir 'n beleid van sentralisasie van die onderwys vir die Vrystaat nie.

Ook verklaar die Direkteur van Onderwys in sy verslag van Oktober 1962 dat die Departement nie ten gunste is van 'n grootskaalse sentralisasie van sekondêre onderwys nie. Hy wys egter daarop dat die stigting van klein sekondêre skole nie geredelik toegestaan moet word nie, want die klein sekondêre skole bemoeilik enige poging tot differensiasie.[65] Verder word verklaar dat die Departement nog nie helderheid het oor die moontlikheid van differensiasie in st. 9 en -10 nie.[66]

Ook in die verslag oor gedifferensieerde onderwys van 1963[67] word beklemtoon dat te klein sekondêre skole nie maklik gestig moet word nie, aangesien hulle enige poging tot gedifferensieerde onderwys bemoeilik. Voorts word in hierdie verslag aanbeveel dat st.9- en 10-leerlinge nie in bane ingedeel moet word nie, aangesien hulle reeds 'n geselekteerde groep is, en dat daar nie in sillabusse gedifferensieer moet word ten opsigte van peil of graad nie. Insiggewend is die bevinding dat "om in dieselfde klas vir twee bane voorsiening te maak, sal vir die meeste onderwysers heelwat probleme veroorsaak."[68] Ook die Wentzel-verslag (1963) bepleit die behoud van 'n gedesentraliseerde onderwysstelsel, maar erken dat nie voortgegaan behoort te word met die stigting van heel kleiner

64) Ibid., p.131.
65) O.V.S. Onderwysdepartement. Voorlopige beplanning van gedifferensieerde onderwys in die O.V.S., 1962, p.1.
66) Ibid., p.3.
67) O.V.S. Onderwysdepartement. Verslag oor gedifferensieerde onderwys (1963), p.2.
68) Ibid., p.7.

sekondêre skole nie.[69] Wanneer differensiasie na buite in afsonderlike skole eers in volle gang is, sal die "suiwer akademiese skole met verloop van tyd veel kleiner skole word as wat vandag die geval is."[70]

In die Departementele antwoord aan die Verkenningskomitee van die Nasionale Onderwysraad[71] word 'n diagrammatiese voorstelling gegee van hoe die Vrystaat beoog om te differensieer. Hieruit blyk dit dat slegs differensiasie deur middel van afsonderlike skole beoog word.

Ook die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) spreek hom uit oor die posisie van die kleiner skool ten opsigte van gedifferensieerde onderwys: "Omdat die kleiner plattelandse skool nie 'n verskeidenheid van onderwysgeleenthede kan verskaf wat die groot skole kan bied nie, is die neiging om ..... kleiner skole te konsolideer of te sentraliseer."[72] En verder: "Die klein sekondêre skool bied tans beperkte geesteswetenskaplike, natuurwetenskaplike en handelstudierigtings aan en sal gedifferensieerde kursusse kan aanbied, maar in 'n beperkter mate as die groot skool ..... Aangesien die voor-die-handliggende moontlikheid om volwaardige gedifferensieerde studierigtings aan leerlinge op die platteland te bied daarin bestaan om kleiner skole in 'n gebied te sentraliseer en 'n komprehensiewe skool op 'n sentrale plek daar te stel met koshuisfasiliteite vir die leerlinge wat ver weg bly en 'n uitgebreide busdiens vir die leerlinge in die omgewing, word aanbeveel om waar enigsins moontlik, dienooreenkomstig te handel."[73]

69) O.V.S. Onderwysdepartement. Rapport van 'n oorsese sending oor gedifferensieerde middelbare onderwys, p.61.
70) Ibid., p.63.
71) NBOMN. 'n Studie van gedifferensieerde sekondêre onderwys in oorsese lande, navorsingsreeks nr. 46, p.30.
72) RGN. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die R.S.A. en S.W.A., deel 1, p.33.
73) Ibid., p.185.

In 'n opname wat deur die O.V.S. Onderwysburo gemaak is ten opsigte van die aantal studierigtings wat, soos in kennisgewing R2029 uiteengesit, deur elke skool in die O.V.S. aangebied kan word, blyk dit dat daar tans twee skole is wat slegs een studie=rigting sal kan aanbied, terwyl 21 skole net twee studierigtings sal kan aanbied. Uit die 78 skole wat by hierdie opname betrek is, kan 29,5% dus tans hoogstens twee van die aangeduide studierigtings aanbied. Dit moet verder beklemtoon word dat die studierigtings wat hierdie skole kan aanbied nie noodwendig universiteitstoelating verleen nie.
So bied 59 skole 'n handelstudierigting aan, maar nie een kwalifiseer om dit op matrikulasie-vrystel=lingsvlak aan te bied nie, aangesien die vakke wat aangebied word, te wete Rekeningkunde, Tikskrif en Bedryfsekonomie almal uit dieselfde groep, nl. groep F kom. Volgens die ondersoek sal sommige skole weliswaar in staat wees om deur veranderde vakkeuse meer studierigtings aan te bied, maar in die kleiner sekondêre skool gaan één saak wesenlik onveranderd bly, nl. dat die onderwys van vakke wat op twee vlakke aangebied kan word, nie in afsonder=like seksies van dieselfde standerd sal kan geskied nie, maar in 'n groepklas. Dit word voorsien dat sodanige groepwerk waar 'n vak tegelykertyd op twee vlakke in dieselfde klas aangebied word, wesenlike probleme vir die meeste onderwysers sal meebring. Dit word ook voorsien dat die beperkte studierigting=keuse sal meebring dat die klein skool nog kleiner kan word, want leerlinge wat nie 'n betrokke studie=rigting aan 'n skool kan volg nie, sal na 'n ander skool gaan, veral in die groter sentra.[74]

---

74) O.V.S. Provinsiale Raad. Debatte en verrigtinge van die provinsiale raad, 1972, deel 2, p.637.

Weens die groot getal klein sekondêre skole in die Vrystaat, is dit moontlik dat die Vrystaatse onderwys voor ernstige probleme te staan kan kom ten opsigte van die vereiste gedifferensieerde onderwys. Die volgende tabel gee 'n beeld van die huidige posisie in die Vrystaat, veral met betrekking tot die aantal leerlinge in st. 8, 9 en 10 wat volgens kennisgewing R2029 by differensiasie betrek word!

TABEL 1

Aantal sekondêre skole in die O.V.S. volgens leerlinge in st. 8 - 10*

| Aantal skole | Leerlinggetal |
|---|---|
| 47 | 0 - 99 |
| 15 | 100 - 199 |
| 7 | 200 - 299 |
| 5 | 300 - 399 |
| 1 | 400 - 499 |
| 2 | 500 - 599 |
| 0 | 600+ |

(*Gegewens verkry uit die kwartaalstate van Desember 1972 van die O.V.S. Onderwysdepartement.)

Die klaarblyklike probleme waarvoor kennisgewing R2029 die Vrystaatse onderwysdepartement plaas ten opsigte van die voorsiening van die vereiste differensiasie, soos hierbo aangedui, was die direkte aanleiding tot hierdie studie. Die voorneme om hierdie studie te onderneem, is versterk deur die toenemende onsekerheid in die Vrystaat oor die toekoms van die klein skool. Verskillende verklarings het hierdie onsekerheid en paniekerigheid in die hand gewerk.[75] So, byvoor=beeld, word in Die Volksblad in 'n hoofartikel voorsien

75) O.V.S. Provinsiale raad, op. cit., p.641.

dat die oorplasing van st. 5 na die sekondêre skool "die bestaande neiging van ouers om hul kinders na groter skole met 'n wyer vakkeuse te stuur oor die volgende dekades (kan) verhaas."[76] Hierbenewens verklaar die Vrystaatse L.U.K. belas met onderwys tydens die sitting van die Provinsiale Raad gedurende Mei - Junie 1972 soos volg: "Na my mening sal die kleiner sekondêre skool kan bly voortbestaan solank hy sy bestaan regverdig en bevredigende diens kan lewer ..... Daar kan geen dwang uitgeoefen word om skole te sentraliseer nie. Dit sal 'n normale, natuurlike proses moet wees. Die feit is egter, laat ons dit erken, dat groot skole sekere besondere meriete sal hê, dat hulle besliste voordele sal geniet bo die klein skool as gevolg van die feit dat hulle 'n baie breër vakkeuse sal kan aanbied."[77] Hierteenoor word gekonstateer dat die waarde van die plattelandse skool 'n saak is wat in hierdie provinsie, soos oral oor die wêreld, hoog aangeslaan word.[78]

Dit is derhalwe duidelik dat, indien gedifferensieerde onderwys deurgevoer wil word in die gees van kennisgewing R2029, oor die posisie van die klein skool deeglik en sonder emosie besin sal moet word. Die beleid van sonering is verbonde aan die posisie van die kleiner skool en sal ondersoek moet word, veral in die lig van die volgende antwoord wat die L.U.K. belas met onderwys in die Provinsiale Raad verstrek het: "..... en ek sou volstaan met die opmerking dat so-iets (sonering) nog nie oorweeg was in die Vrystaat nie. Ek glo nie dit sal ooit van toepassing gemaak word in ons demokratiese Vrystaat nie, waar die ouer vrye keuse het om sy kind te stuur waarheen hy wil."[79] Hierdie saak sal in 'n latere hoofstuk aandag geniet.

76) Anon. Differensiasie in die onderwys. Die Volksblad, 14 kol.3, 17 Augustus 1972.
77) O.V.S. Provinsiale raad, op.cit., pp. 631 - 632.
78) RGN, op.cit., 33.
79) O.V.S. Provinsiale raad, op.cit., p.460.

'n Verdere organisatoriese aspek wat nou saamhang met die probleem van die kleiner skool en differensiasie, is sentralisasie. Daarom moet ook die wenslikheid al dan nie en moontlike metodes van sentralisasie onder=soek word. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek geld dit net vir leerlinge en skole ten opsigte van die senior sekondêre skoolfase. Sentralisasie moet gesien word teen die agtergrond van moontlike bevolkings=verskuiwing en daarmee sal rekening gehou word.

In enige studie oor differensiasie moet ook aandag gegee word aan die skoolvoorligtingsdienste, veral omdat die leerlinge aan die einde van st.7 'n deur=slaggewende vakkeuse moet maak. In hierdie opsig sal oorweeg moet word of die huidige praktyk waar die voorligtingonderwyser ook 'n vakonderwyser is en gevolglik verdeelde aandag het, kan voldoen aan die vereiste gestel in kennisgewing R2029.

Ook die posisie van die st.5-leerling sal ondersoek word, aangesien hierdie groep leerlinge reeds 'n begin met sekondêre werk moet maak. Die vraag ontstaan of hierdie leerlinge nie liefs almal na die sekondêre skole oorgeplaas moet word nie (dit wil sê in gevalle waar die primêre- en sekondêre skole afsonderlike skole is) waar hulle in goed=toegeruste laboratoria onder die leiding van opge=leide onderwysers met die junior sekondêre skoolfase kan begin en waar hulle voorligting ten opsigte van die regte latere kursuskeuse kan ontvang. Tydens die 1972-kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysers=unie het die voorsitter, heel tereg, die vraag gestel: "Laat ons ons geen illusies maak nie: is ons tevrede met die posisie van ons st.5-leerlinge wat fisies by 'n primêre skool gehuisves word, maar die eerste jaar van 'n sekondêre skoolkursus volg? Lei ons nie onsself om die bos nie?"[80)]

---

80) Voorsittersrede S.A.O.U. <u>Die Unie</u>, jaargang 68, nr.12, Junie 1972, p.517.

Geslaagde differensiasie hang nou saam met verskillende faktore, onder andere met 'n geslaagde inspeksiestelsel. Veral in die beginjare van gedifferensieerde onderwys sal voorligting aan onderwysers van kardinale belang wees; trouens, dit sal steeds die geval wees. Daarom moet ook die inspeksiestelsel ondersoek word, veral met betrekking tot die instelling van 'n stelsel van vakinspekteurs.

In die voorafgaande is die doel van hierdie studie omskrywe. Die uitgangspunt is vanuit die Christelik-nasionale omdat die onderwys in sy veelheidsopset daarna vervat is, met besondere verwysing na gedifferensieerde onderwys. Maar hierdie studie word aangepak onder die besef dat die Vrystaat voor besondere en eiesoortige probleme te staan sal kom in teenstelling met ander provinsies, soos die Transvaal, waar die klein sekondêre skool nie 'n wesenlike probleem is nie. Enkele probleme ten opsigte van differensiasie is reeds aangestip, ander sal in latere hoofstukke gepresiseer word en uiteindelik is die doel van hierdie studie om, nie alleen die probleme aan te dui nie, maar om te trag om moontlike oplossings vir hierdie probleme daar te stel. Dit alles geskied steeds in die lig van die Christelik-nasionale om die beste daar te stel vir hulle vir wie gedifferensieerde onderwys in die beste belang moet wees.

## 1.4 Die metode van ondersoek

In die eerste instansie sal dit in 'n werk van hierdie aard nodig wees om differensiasie in die O.V.S. in historiese perspektief te beskou. Die verskillende stappe wat reeds in hierdie provinsie in die rigting van gedifferensieerde onderwys geneem is, sal oorsigtelik betrag en deskriptief weergegee word. Omdat hierdie studie primêr op die praktiese situasie in die Vrystaat gemik is, sal van die eie ervaring, persoonlike onderhoude, beskikbare literatuur, departementele verslae en amptelike statistiek gebruik gemaak word om die

huidige toestand en moontlike probleme te bepaal en, waar nodig, sekere vooruitskattings te maak. Ver=volgens sal probleme oorweeg word in die lig van plaaslike maatskaplike en ekonomiese omstandighede en sal aanbevelings wetenskaplik verantwoord word.

## 1.5 Die program van die ondersoek

Aangesien die program van die ondersoek so nou saamhang met die doel daarvan, word die hoofstukindeling hier kortliks aangedui.

Hoofstuk 1 : Inleiding.

Hoofstuk 2 : 'n Oorsig van pogings tot differensiasie in die Oranje-Vrystaat.

Hoofstuk 3 : Besondere probleme op die weg van 'n doeltreffende stelsel van gedifferen=sieerde onderwys veral met betrekking tot die kleiner sekondêre skool in die Oranje-Vrystaat.

Hoofstuk 4 : Die implikasies van goewermentskennis=gewing R2029 vir die Oranje-Vrystaat.

Hoofstuk 5 : Voorstelle vir doeltreffende implemen=tering van differensiasie in die Oranje-Vrystaat.

Hoofstuk 6 : Samevatting.

## 1.6 Samevatting

Uit die voorgaande blyk dit dat differensiasie gesien word as uitvloeisel van die Christelik-nasionale karakter van die onderwys en dat dit juis ten doel het om aan elke kind die beste onderwys te gee oor=eenkomstig sy besondere aanleg, vermoë, belangstelling en behoefte. Dit is juis om die begrip van "die beste onderwys" waarom dit in hierdie studie gaan en daarom raak dit die volle wese van 'n land, en dus ook 'n provinsie, se onderwysstelsel. Daarom gaan dit in hierdie studie om meer as 'n blote oorskrywe van wat reeds op die gebied van differensiasie in die Vrystaat en elders gedoen is, hoewel dit dikwels nodig sal wees om daarna te verwys ter wille van die nodige perspektief. In essensie gaan dit om die blootlegging van die besondere probleme waarvoor die Vrystaat te staan kom

en die ontwerp van 'n stelsel wat aan die besondere Vrystaatse eise voldoen.

Differensiasie, soos wat met kennisgewing R2029 beoog word, is allereers in belang van die ontwik=keling van elke kind en sy toekoms as burger van die staat, maar dit het 'n veel dieper en hoër doelstelling as dit gesien word teen die agter=grond van nasionale belang en om die kind op te voed en toe te rus tot die eer van God. Dit gaan om volle selfverwesenliking van die kind; die volle ontplooiing van al die ingebore moontlikhede wat daar in hom op ontdekking wag op eties verant=woorde wyse; dit gaan om 'n ontdekking van die kind sodat hy ook homself kan ken en self kan ontgin, maar finaliter gaan dit om die volle mens as geroe=pene in diens van en tot die eer van God.

# HOOFSTUK 2

## 'N OORSIG VAN POGINGS TOT DIFFERENSIASIE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

### 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk word gewy aan 'n oorsig van pogings tot differensiasie in die Vrystaat. Ten einde 'n duidelike beeld hieromtrent te verkry, sal dit eerstens nodig wees om die onderwysgeskiedenis sedert die begin van hierdie eeu oorsigtelik te beskou, veral om vas te stel tot watter mate daar van differensiasie sprake was. Tweedens sal die verskillende pogings tot gedifferensieerde onderwys in die Vrystaat bespreek word en sal verwys word na die aandag wat aan die on= derwys van begaafde leerlinge gegee is, die verslag van die provinsiale onderwyskommissie van 1951, 'n ondersoek na die onderwys van domnormale leerlinge van 1961, 'n voorlopige beplanning van gedifferensieerde onderwys in die Vrystaat in 1962, 'n departementele ondersoek na gedifferensieerde onderwys in 1963 en dan die provinsiale ondersoek na gedifferensieerde onderwys van 1963.

Bogenoemde was uitvloeisels van die stryd om die opheffing van verdeelde beheer oor die sekondêre onderwys. Die verskillende provinsies het elk op sy eie manier en binne hul finansiële vermoëns die vraagstukke van die onderwys aangepak. As gevolg van provinsiale verskille ten opsigte van historiese agtergrond, tradisies, bevolkingsamestelling, ekono= miese ontwikkeling en veral geldelike bronne, het daar 'n uiteenlopende onderwysstelsel ontstaan met gevolglike nadele vir die onderwys. Die geskiedenis van verdeelde beheer, die stryd wat daaroor gewoed het en die uiteindelike oplossing van die probleem, het reeds bekende geskiedenis geword en gaan in hierdie studie nie uitvoerig herhaal word nie. Daar kan volstaan word met die opmerking dat die behoefte aan onderwysbeplanning een van die grootste stukragte

agter die opheffing van verdeelde beheer was.[1) ] Met die oog op opheffing van verdeelde beheer het die Nasionale Adviserende Onderwysraad in 1963 tot stand gekom. Die faktore wat tot die stigting van hierdie raad aanleiding gegee het, sal saaklik betrag word. Verder sal take wat hierdie eerste raad, en ook die tweede en derde rade, verrig het, aangedui word, veral ten opsigte van gedifferensieerde onderwys.

Voorts sal ook die ontstaan en funksies van die Kontakliggaam, die Verkenningskomitee en die Komitee van Onderwyshoofde bespreek word ten einde 'n geheel=beeld van die huidige onderwyssituasie in Suid-Afrika te verkry. Kennis aangaande die voorafgaande is nodig om kennisgewing R2029 in juiste perspektief te plaas en om 'n waardebepaling daarvan te kan gee, want daardeur is 'n onderwysstelsel wat tereg beskrywe is as "een van ongeordende groei, soos van bome en struike in 'n tuin waarin 'n klomp mense spit en spook en elkeen sy eie struik of boompie troetel en aan die lewe hou, selfs, as dit moet, ten koste van dié rondom hom"[2)] omskep in 'n stelsel waarin onderwys=instansies verplig sal wees om alle onderwys in 'n breë perspektief as 'n eenheid in terme van die nasionale belange van die land te benader en te behartig.[3)]

## 2.2 Differensiasie in die O.V.S. in historiese perspektief

### 2.2.1 Die vroeë aanloop tot gedifferensieerde onderwys

Die gedagte aan differensiasie is nie iets wat nuut aan die onderwys is nie. Dit dagteken reeds uit die vroegste eeue. So word hierdie

1) RGN. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, deel 1, pp. 2 - 10.

2) Stimie. Onderwys in Suid-Afrika. Die pad vorentoe. Die Unie, jaargang 66, no. 2, Augustus 1969, p.48.

3) Du Plessis. 'n Historiese oorsig van die aanleiding tot die bewe=ging om 'n nasionale onderwysraad ingestel te kry. Die Skool=blad, Julie 1962, p.4.

beginsel reeds in die Griekse opvoeding aangetref waar die behoefte gevoel is aan die ontwikkeling van 'n onderwysstelsel waarin die kind kan ontwikkel volgens sy besondere aanleg.[4] Die behoefte aan 'n metode van onderwys waarin die kind doeltreffender vir die naskoolse lewe voorberei kon word, loop deur die geskiedenis en ook hier te lande is telkens pogings aangewend om in daardie behoefte te voorsien. Hiertoe het verskillende faktore bygedra wat hier kortliks aangedui sal word.

Die ekonomiese- en nywerheidsontwikkeling wat ook aanleiding gegee het tot die stadswaartse trek van die plattelandse bevolking met sy nasleep van maatskaplike vraagstukke, het onder invloed van verskillende stimuli in tempo en omvang toegeneem. So, byvoorbeeld, het die Eerste Wêreldoorlog die pas van industrialisering in Suid-Afrika laat versnel omdat die land van die buitewêreld afgesny was.[5]

Hierby moet ook die ongekende en dramatiese ontginning en toepassing van kennis wat die wetenskapsbeoefening tans kenmerk en wat teen 'n versnellende tempo voortwoeker, gevoeg word.[6] Voortdurend word met ruimteskip, radioteleskoop, elektronmikroskoop, die gekontroleerde eksperiment en deurdenking die sluier oor die geheimenisse van die makro- en mikrokosmos gelig en neem die insig in die heelal en die organisme toe.
Daar word dieper gedelf in die raaisels van ruimte, tyd, energie en materie en word die verborgenhede van erflikheid, lewensprosesse en lewe geleidelik ontbloot.[7]

---

4) Aristoteles. Politics, boek viii, hoofstuk iii, pp.6-9.
5) Keyter. Opvoeding en onderwys, p.403.
6) Preller. Die opvoeding van die kind en sy geestelike beïnvloeding deur die moderne wetenskap, en veral die natuurwetenskap. (In. Die atoomeeu in U lig, p.296.)
7) Ibid., p.297.

Dit alles, en nog veel meer, is die vrug van die verstand wat tot die kind spreek binne 'n veranderde en veranderende wêreld. Die wetenskap kan die kind stimuleer tot verhewe prestasies, maar ook tot wanhoop en frustrasie.[8] Dit het duidelik geword dat die kind, veel vroeër as wat eers algemeen aanvaar het, die wêreld van komplekse begrippe, van die toepassing van kennis op probleemsituasies kan betree en dat die sillabusse en kurrikula steeds breër en dieper word.[9] Dit het verder die verlenging van studiejare, skooldae en studie-ure meegebring, asook toenemende fisiese en psigiese eise wat aan die kind gestel is.[10]

Dit het die besef laat ontstaan dat die opvoeding en onderwys hiermee rekening moes hou en het die behoefte aan gedifferensieerde onderwys na vore gebring.[11] Daar moes voorsien word vir snelle uitbreiding en die verhoging van die peil van die onderwys en vir die uitbouing van beroepsonderwys op die verskillende ontwikkelende produksie- en arbeidsterreine van die volkslewe.[12]

Teenoor hierdie probleme het die onderwys verdeeld gestaan onder die verskillende provinsiale administrasies met hulle afsonderlike onderwysdepartemente, terwyl die nasionale ontwikkeling deur die sentrale regering geloods is. Gevolglik het die provinsies elk op sy eie manier en binne hul finansiële vermoëns die vraagstukke van die onderwys aangepak. As gevolg van die verskille ten opsigte van

8) Ibid., p.298.
9) Ibid., p.299
10) Ibid.
11) Ibid., p.303
12) Keyter, ibid.

historiese agtergrond, tradisies, bevolkingsa= mestelling, ekonomiese ontwikkeling en veral geldelike bronne, het daar 'n uiteenlopende onderwysstelsel ontstaan met gevolglike nadele vir die onderwys.

Die geskiedenis van verdeelde beheer, die stryd wat daaromheen gewoed het en die uiteindelike oplossing van die probleem, is welbekend, en hoef nie hier herhaal te word nie. Daar kan met die opmerking volstaan word dat die toenemende behoefte aan onderwysbeplanning een van die grootste stukragte agter die opheffing van ver= deelde beheer was. Hierdie stimulus tot onder= wysbeplanning het tot 'n groot mate in die Vrystaat ontbreek tot enkele jare na die Tweede Wêreldoorlog toe goud in die Vrystaat ontdek is met 'n gevolglike snelle toename in leerlingge= talle en die nuwe beroepseise wat aan die onderwys gestel is.

Met hierdie toestand was die Transvaal reeds jare bekend as gevolg van 'n veel vroeër ontwik= keling op ekonomiese gebied met die gepaard= gaande sosio-opvoedkundige implikasies. Die Vrystaat het egter nie verder ontwikkel as 'n stelsel van eksterne differensiasie in afsonder= like skole nie, nl. akademiese-, landbou-, sekondêre tegniese-, handel- en huishoudskole. Dit sal later in hierdie hoofstuk bespreek word.

Dit wil egter nie beteken dat die behoefte aan gedifferensieerde onderwys in die O.V.S. heelte= mal agterweë gebly het nie.[13] Daar is wel verskillende pogings aangewend om hierdie probleem

13) In 1946 is reeds 'n Provinsiale onderwyskommissie aangestel, vgl. paragraaf 2.2.3 van hierdie hoofstuk.

die hoof te bied, veral as gevolg van verskillende nywerheidskomplekse in die Vrystaat, bv. Bloemfontein, die Goudveld en Sasolburg. Hier is nuwe en spoedeisende gedifferensieerde beroepseise aan die onderwys gestel en het die onderwysowerhede daarvan bewus geword dat daar in 'n toenemende mate voorsiening gemaak moet word vir 'n stelsel van onderwys wat met die mannekragbehoeftes van die land rekening hou.[14)] Onderwys het toenemend 'n saak geword van die voorbereiding van die leerling om beter in te pas in al die sektore van die naskoolse samelewing.[15)]

Die oorwegend landelike bevolking van die Vrystaat kan as 'n moontlike faktor beskou word wat die ontplooiing van effektiewe differensiasie, veral interne differensiasie, vertraag het. In 'n landelike omgewing word die mens se bestaan, en dus ook sy siening van die onderwys, veral deur 'n gees van konserwatisme gekenmerk: "Die onderwys is deur die jare gekenmerk deur sy stabiliteit en sy behoudende karakter in die volkslewe, sy konserwatisme en gehegtheid aan die oue en het nie maklik met die tradisionele konsepte en beskouinge gebreek nie."[16)]

In die Vrystaat is weliswaar reeds voor 1910 besef dat daar beter voorsiening vir die onderrig van leerlinge ooreenkomstig die uiteenlopendheid van hulle behoeftes, vermoëns en aanleg behoort gemaak te word.[17)] Daarom is daar met die stigting van verskillende beroepsgerigte skole getrag om differensiasie na buite te bewerkstellig. Benewens die Bloemfonteinse Industriële Skool

14) Vgl. paragraaf 2.2.7 van hierdie hoofstuk.
15) Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding, p.268
16) RGN., op.cit., p.2.
17) Du Toit. Die grondlegging en ontwikkeling van provinsiale, primêre en sekondêre onderwys vir blankes in die Oranje-Vrystaat gedurende die tydperk 1910-1926, p.172.

(later die Leerjongens School) wat in 1898 gestig is,[18] was daar ook die Tegniese Voorbereiding= skool.[19] As gevolg van 'n toenemende behoefte aan ambagsonderwys is ook ander soortgelyke skole gestig, nl. te Goedemoed in 1916, Ficksburg in 1917, Ladybrand in 1917, Jacobsdal in 1918, Kroonstad in 1922 en Heilbron in 1923.[20]

In 'n poging om die opleiding van handelsonder= wysers te versnel, is alle tegniese klasse vir onderwysers in 'n Politegniese Skool in 1911 in Bloemfontein gesentraliseer.[21] Daar is egter geen handelskole gestig nie.

Die behoefte aan landbou-onderwys lei tot die besluit om 'n landbouskool te stig.[22] In 1919 word die Tweespruitse Landbouskool betrek. In 1917 word 'n soortgelyke skool te Ladybrand gestig.[23]

Die eerste huishoudskool is in 1912 te Bethlehem gestig.[24] Die doel van hierdie skool was om dogters vir die plaaslewe voor te berei. Gedu= rende die eerste paar dekades sedert Uniewording het die behoefte aan gedifferensieerde onderwys derhalwe reeds op die voorgrond getree, veral omdat die leerlingbevolking toenemend heterogeen geword het.[25] Daarom is probeer om in hulle behoeftes te voorsien deur die reeds genoemde spesiale skole, die uitbreiding van die silla= busse en breër vakkeuses.[26] Van al hierdie pogings het egter weinig tereggekom, veral vanweë die oorheersing van die onderwys deur die matrikulasie-eksamen,[27] asook vanweë die oorgawe

18) Coetzee. Onderwys in Suid-Afrika, p.147.
19) O.R.K. Direkteur van Onderwys, Rapport, 1907, p.22.
20) Du Toit, op.cit., p.174.
21) O.V.S. Direkteur van Onderwys. Rapport, 1910-1911, p.28.
22) O.R.K. Direkteur van Onderwys. Rapport, 1909-1910, p.5.
23) O.V.S. Direkteur van Onderwys. Rapport, 1918, p.90.
24) O.V.S. Direkteur van Onderwys. Rapport, 1912, p.11.
25) Du Toit, op.cit., p.379.
26) Ibid.
27) Van Tonder. Dr. S.H. Pellisier as direkteur van onderwys vir die tydperk 1926-1948, p.267.

van beroepsonderwys aan die Unieregering wat ook die begin was van die verdeelde onderwys=beheer en wat eers na 'n lang stryd opgehef sou word.[28] Vir differensiasie na binne was daar egter op hierdie stadium geen amptelike voorsiening nie.

Die sekondêre skole in die Vrystaat het sedert die begin van die eeu 'n baie sterk akademiese inslag gehad, veral ook vanweë die oordrewe waarde wat ouers aan die verwerwing van 'n skooleindsertifikaat geheg het. Daarbenewens het daar 'n soort stigma aan beroepsgerigte onderwys gekleef, te wete die idee dat 'n leerling praktiese vakke in sy kursus voeg om hom vir broodwinning voor te berei.[29] Die Matrikula=sieraad self het slegs probeer differensieer deur die uitreiking van twee sertifikate, nl. die Seniorsertifikaat en die Matrikulasieserti=fikaat. Dit was egter meesal die swakker leerlinge wat die kursus geneem het wat hulle in staat gestel het om die Seniorsertifikaat te verwerf.[30] Die enigste wyse waarop 'n mate van differensiasie op daardie stadium kon plaasvind, was "om 'n keuse van vakke sover moontlik in ons middelbare skole aan te bied. In groot skole is die keuse wyd, terwyl in die kleiner skool dit taamlik beperk is."[31] Laasgenoemde sinsnede dui op die probleem ten opsigte van die kleiner skool wat hier reeds in 1938 geïdentifiseer is en wat nou met die nuutste onderwysbedeling 'n nuwe gestalte gekry het met heelwat groter implikasies as wat ooit

28) Du Toit, op.cit., p.40.
29) Van Tonder, op.cit., p.267.
30) O.V.S. Direkteur van Onderwys, Rapport, 1938, p.14.
31) Ibid.

voorheen die geval was en wat in die toekoms bepaald verreikende gevolge gaan hê; juis dit waarom dit in hierdie studie gaan.

Die enigste amptelike vorm van differensiasie wat in die Vrystaat geïmplementeer is, was dus diffe= rensiasie na buite en het die Vrystaatse onderwys steeds sy vroeëre akademiese en teoretiese inslag behou. So bevind Van Tonder dan ook dat die akademiese vakke, nl. die tale, Wiskunde en die Natuurwetenskappe die toonaangewende vakke gebly het en dat dit uiteindelik daarop uitgeloop het dat ook die werkgewers 'n prestigewaarde aan die matrikulasie-eksamen begin heg het wat dit nie altyd verdien het nie.[32)]

Om aan hierdie gebrek aan 'n amptelik georganiseerde stelsel van gedifferensieerde onderwys aandag te gee, kom daar sedert 1946[33)] daadwerklike pogings deur provinsiale- en departementele kommissies en ondersoeke. Dit word nou verder ondersoek.

2.2.2 Aandag aan die onderwys van begaafde leerlinge

Die onderwys moet rekening hou met die feit dat leerlinge ten opsigte van intelligensie, aanleg en belangstelling wyd verspreid is. Dit raak die beginsel van gedifferensieerde onderwys en alleen wanneer gedifferensieerde onderwys doeltreffend deurgevoer word, kan daar in die behoeftes van die begaafde leerling na behore voorsien word.[34)] Proefondervindelik is vasge= stel dat baie begaafde leerlinge nie presteer volgens hulle verstandelike vermoëns nie.

32) Van Tonder, op.cit., p.276.
33) In hierdie jaar is 'n kommissie deur die Provinsiale Raad benoem om ondersoek in te stel na en aanbevelings te maak ten opsigte van velerlei aspekte van die Vrystaatse onder= wys. Hierdie kommissie is benoem kragtens administrateurs= kennisgewing no. 62 van 1946 en sal later in hierdie hoof= stuk bespreek word.
34) Böhmer. 'n Wysiging in ons onderwysbenadering om te voorsien in die behoeftes van begaafde leerlinge. Die Skoolblad, Desember 1963, p.11.

Laasgenoemde stelling blyk uit 'n ondersoek wat in 1947 uitgevoer is en waardeur vasgestel is dat 5 leerlinge met I.K.'s van 140+ onderskeidings in twee of meer vakke behaal het, dat een met 'n soortgelyke I.K. geen onderskeiding behaal het nie, dat drie leerlinge met I.K.'s van 148, 143 en 140 respektiewelik elk slegs een onderskeiding behaal het en dat een leerling met 'n I.K. van 129 gedruip het.[35)]

Volgens 'n verdere ondersoek in 1949 blyk dit dat in 29 stedelike en plattelandse skole binne die Bloemfonteinse skoolraadsdistrik daar uit 'n totaal van 8170 leerlinge 38 leerlinge was met 'n I.K. van 130+. Dit is voorts bevind dat daar relatief meer begaafdes in die stedelike skole voorgekom het omdat hierdie skole veral ook die begaafde leerlinge van die plattelandse skole getrek het.[36)]

Dit blyk dus dat sommige leerlinge met besonder hoë I.K.'s se prestasies slegs gemiddeld is en as een van die moontlike redes hiervoor word aan die hand gegee dat die onderwysstelsel nie vir individuele metodes voorsiening gemaak nie, maar gemik is op die gemiddelde en selfs die swakker leerlinge in die klas.[37)] Sodoende is daar nie genoegsame geleenthede vir die begaafde leerlinge om tot selfstandige, produktiewe en ook kreatiewe denke gestimuleer te word nie.[38)] In die skool is die strewe gewoonlik die bereiking van homoge= niteit om daardeur soveel as moontlik leerlinge te laat slaag, met ander woorde daar word sterk klem op meganiese leer gelê. In so 'n geval sal die begaafde leerling nie volgens verwagting

35) Blignault. Die begaafde kind: sy probleme en opvoeding. Die Skoolblad, Julie 1949, p.10.
36) Ibid., p.5.
37) Böhmer, op.cit., p.12.
38) Ibid., p.10.

uitstyg bo die ander nie en lei dit vir hom dikwels tot verveling en frustrasie.[39)]

Verskillende moontlike oplossings is beproef om te verseker dat hierdie leerlinge tot hulle volle potensiaal ontwikkel sal word. So is die moontlikheid ondersoek om die begaafde leerlinge in afsonderlike klasgroepe te plaas, maar daar is bevind dat dit vreemd is aan die lewensituasie en dat die gewenste resultate nie daardeur bereik sal word nie.[40)] Ook bied 'n beleid van versnelling nie die nodige oplossing nie, want daardeur kan veral sosiale en emosio=nele aanpassingsprobleme geskep word en kan die leerlinge soms die universiteit op 'n te jong leeftyd bereik.[41)]

Uiteindelik is tot die slotsom geraak dat 'n moontlike oplossing vir die probleem van die onderwys van die begaafde leerling in 'n stel=sel van intern gedifferensieerde onderwys geleë is, veral deur die verryking van die normale kursus.[42)] Hierdie verryking moet eerder kwalitatief as kwantitatief wees, met ander woorde in die diepte en nie in die breedte nie.[43)] Sodoende word gepoog om 'n uitdaging aan die leerlinge te stel om hulle werk op 'n hoër peil te bring en om meer inisiatief te openbaar.[44)]

Hoewel die beginsel van verryking in 1957 deur die Onderwysdepartement aanvaar is, rapporteer die Direkteur van Onderwys daaroor soos volg: "In die middelskool en in 'n groot mate in die

---

39) Die Unie. Die Onderwys van begaafde kinders. Die Unie, 61ste jaargang, no.11, Mei 1965, pp.566-567.
40) Böhmer, op.cit., p.14.
41) Die Unie, op cit., p.567.
42) Ibid., Böhmer, Ibid.
43) Die Unie, Ibid.
44) Du Plessis, Ons begaafde leerlinge - nog 'n keer. Die Skool=blad, deel XLVIII, no. 7, Julie 1960, p.5.

volkskool is verryking dikwels nog net 'n mooi ideaal. Inspekteurs rapporteer dat pogings wel in die rigting aangewend word, maar die leer=planne, so word beweer, vereis te veel tyd."[45) In 1958 het die Departement 'n kommissie aangestel om die aangeleentheid van verryking te ondersoek.[46) 'n Waarskuwing is egter aan skole gerig dat daar nie te veel aandag aan verryking gegee moet word nie, maar dat die sillabusse eers deurgewerk moes word.[47) In latere Direkteursrapporte word egter geen melding gemaak van die voltooiing van die bogenoemde verslag insake verryking nie. Nogtans is 'n stelsel van verryking in die middelskool voortgesit wat in die praktyk daarop neergekom het dat die begaafde leerlinge deur leiding en aan=sporing van individuele onderwysers en uit vrye wil meer moes doen as wat normaalweg van die gemiddelde leerling verwag was. Uit eie onder=vinding weet skrywer hiervan dat dit hoë eise aan die onderwyser gestel het om binne 'n hetero=gene klasgroep hierin te kon slaag; gevolglik het van hierdie hoë ideale in die praktyk nie veel tereg gekom nie. Boonop was dit nie spesi=fiek vereis nie en aan die individuele onderwyser oorgelaat om verryking toe te pas of te laat en daarom het die onderwys van die begaafde leerlinge steeds nie tot sy volle reg gekom nie.[48)

2.2.3 <u>Verslag van die provinsiale onderwyskommissie van 1951</u> Kragtens Administrateurskennisgewing nr. 62 van 1946 is 'n kommissie benoem om na feitlik alle aspekte van die onderwys ondersoek in te stel en verslag daaroor uit te bring.[49) Die lede van

45) O.V.S. Direkteur van Onderwys, rapport, 1957, p.78.
46) O.V.S. Direkteur van Onderwys, rapport, 1958, p.92.
47) Ibid.
48) Rossouw, Verryking - met verwysing na die opstel in Afri=kaans as eerste taal. <u>Die Skoolblad,</u> deel LI, no.5., Mei 1963, pp. 7 - 11.
49) Provinsie Oranje-Vrystaat. Verslag van die provinsiale onderwyskommissie (1951), benoem onder administrateurs=kennisgewing no. 62 van 27 Maart 1946, pp. 9 - 10.

hierdie kommissie was soos volg:
Mnr. W.L. Pretorius (voorsitter), W.L.J. Pretorius, L.P.R., prof. D.P. Britz, dr. S.J. du Toit, dr. J. de W. Keyter, dr. E. Greyling, mev. A. de Jager, mnr. H.C. van Niekerk, mnr. A.G.S. Meiring en as sekretaris van die kommissie, inspekteur A.J. Jacobs. Hierdie kommissie, beter bekend as die Pretorius-kommissie, het 'n omvattende ondersoek ingestel na die hele onderwysopset in die Vrystaat. 'n Deeglike studie is gemaak van die filosofies-opvoedkundige grondslae en het die kommissie dit duidelik beklemtoon dat hy die beginsels van Christelik-nasionale onderwys onderskryf en dat dit die beleid van die Vrystaatse onderwys moet wees.[50) ] Vir die doel van hierdie studie is twee aspekte van hierdie verslag veral van besondere belang, nl. differensiasie en sentralisasie. Laasgenoemde sal egter eers in 'n latere hoofstuk bespreek word en word daar in hierdie paragraaf slegs op die bevindings en aanbevelings van die kommissie ten opsigte van differensiasie gelet.

Die kommissie het, onder meer, bevind dat die verhoging van die skoolplig tot die sestiende jaar, 'n onderwysstelsel sou verg wat dit vir alle leerlinge moontlik sou maak om minstens drie jaar gedifferensieerde middelbare onderwys te geniet en dat die beroepsleiding wat 'n onafskeidelike deel van die onderwysdiens uitmaak, tot gevolg moes hê dat alle leerlinge beter as voorheen in staat moes wees om 'n beroep te kies waarvoor hulle die nodige aanleg het en waarvan hulle 'n sukses kon maak.[51)] Daarbenewens moes

50) Ibid., pp.26 - 28.
51) Ibid., p.119.

die middelbare skool vir elke leerling die geleentheid bied om sy bepaalde aanleg en belangstelling te ontdek.[52]

Die kommissie het erken dat die kritiek teen die middelbare onderwys tot 'n mate geregverdig kon word. Dit kon nie ontken word dat die kursusse oorheersend akademies van aard was nie en dat die belange van die meerderheid van leerlinge nie genoegsaam in aanmerking geneem is nie. Die kommissie het toegegee dat die destydse heersende onderwysstelsel baie leer= linge met 'n aanleg vir tegniese vakke gedwing het om 'n akademiese kursus te volg. Hoewel die sillabusse van die sekondêre skole voor= siening gemaak het vir gedifferensieerde onder= wys, het dit in die praktyk nie tot sy reg gekom het nie.[53]

Die kommissie het vervolgens bevind dat daar net een soort sekondêre onderwys vir die Vrystaat was wat beter sou voldoen aan die eise wat die ingewikkelde, moderne lewe stel, groter algemene bevrediging kon gee en doeltreffender sou wees as die destyds bestaande stelsel en dit is skole wat vir drie rigtings voorsiening maak, nl. 'n akademiese-, 'n tegniese- en 'n handelsrigting.[54] Dit moes sodanig georganiseer wees dat daar 'n brug gedurende die eerste jare van die sekondêre onderwys bestaan wat die oorgang van een rigting na 'n ander moontlik sou maak sonder gevoelige verlies vir die leerling en sonder demoraliserende effek.[55]

52) Ibid.
53) Ibid., p.121.
54) Ibid., p.131.
55) Ibid.

Die kommissie het egter daarop gewys dat die voorafgaande organisasie van die onderwys vir die Vrystaat met sy klein sekondêre skole administratiewe probleme sou oplewer, maar dat hierdie probleme nie onoorkomelik sou wees nie.[56]

Ten spyte van die probleme wat so 'n organisasie van die onderwys kon inhou, het die kommissie heelwat voordele daarin voorsien. Dit sou 'n natuurlike groepering van die jeug meebring, wat, hoewel heterogeen wat hulle aanleg betref, tog grootliks homogeen wat hulle agtergrond, strewe en voorbereiding vir volwaardige burgerskap sou wees.[57] Dit sou ook die onderwysers in staat stel om beter leiding in verband met die keuse van 'n loopbaan te gee.[58] Die voorsiening van so 'n skool sou, aldus die kommissie, ook hierdie verdere heilsame uitwerking hê dat die minder intellektuele leerlinge die geleentheid gebied word om vanweë ander eienskappe selfs leiersposisies te beklee en om in ander vorme van die skoolorganisasie en buitemuurse aktiwiteite saam met die skrander leerling deel te neem.[59]

In die lig van die voorgaande, het die kommissie aanbeveel dat die sekondêre onderwys gedifferensieer sou wees en dat voorsiening gemaak sou word vir vier rigtings, nl. 'n akademiese-, 'n handels-, 'n tegniese- en 'n landbourigting. Die sekondêre skole sou as junior sekondêre en sekondêre skole geklassifiseer word en daar sou verskillende graderings van elke soort skool wees. Alle junior sekondêre skole sou driejarige

56) Ibid.
57) Ibid., p.132.
58) Ibid.
59) Ibid.

kursusse in hoogstens twee van die vier rigtings mag aanbied, terwyl die sekondêre skole vyfjarige kursusse in minstens twee van die rigtings sou aanbied.[60]

Hiervolgens sou skole in die Vrystaat dan soos volg verdeel word: Primêre skole waarvan die onderwystydperk oor sewe jaar sou strek en sekondêre skole waar die onderrig oor vyf jaar sou strek. Die sekondêre kursus sou in die volgende skole aangebied word: sekondêre skole wat die volle kursus bied; junior sekondêre skole wat 'n deel van die kursus bied, sekondêre landbou- en sekondêre huishoudkunde skole, of 'n kombinasie van laasgenoemde twee skole.[61]

Die bevindings en aanbevelings van hierdie kommissie was 'n daadwerklike poging tot die daarstelling van gedifferensieerde onderwys. Dit was egter hoogstens differensiasie na buite in afsonderlike skole en deur middel van 'n uitbreiding van vakkeuse. Van interne differen= siasie is in die verslag niks te vind nie. Dat hierdie voorgestelde onderwysstelsel, nl. dat die bepaalde vier rigtings in alle sekondêre skole, waar moontlik, aangebied moes word, vir die klein sekondêre skole probleme sou meebring, het die kommissie erken, maar nêrens word aange= dui hoe die skole hierdie probleme die hoof moes bied nie.[62] Dit word slegs as admini= stratiewe probleme bestempel wat moontlik op 'n aangeleentheid soos personeelvoorsiening dui wat op sy beurt ten nouste met interne diffe= rensiasie saamhang. Laasgenoemde aangeleent= heid word in 'n latere hoofstuk bespreek.

60) Ibid., p.133.
61) Ibid., 138.
62) Ibid., p.150.

2.2.4 <u>Ondersoek na die onderwys vir domnormale leerlinge</u>

Hierdie ondersoek is uitgevoer deur 'n kommissie wat deur die Direkteur van Onderwys aangestel is. Die lede daarvan was soos volg: Dr. A.C. Böhmer (voorsitter), mnre. F.C. Louw, S.A. Roux, W.L. Roux, J. Wilkinson en dr. C.M. le Roux. Die kommissie het op 11 Julie 1961 verslag gelewer.[63]

Die uitgangspunt van die kommissie was soos volg: "Weens die feit dat leerlinge ten opsigte van intelligensie, spesifieke bekwaamhede en persoon=likheidseienskappe wyd verspreid is, spreek dit vanself dat alleen deur doeltreffende differensiasie in die onderwys die nodige voorsiening vir verskil=lende aanlegsgroepe gemaak kan word. In die verskillende studierigtings word in 'n toenemende mate verskillende eise aan intelligensie en skool=aanpassing gestel, dit wil sê namate 'n groep vorder, sal leerlinge op verskillende stadia uitsak omdat hulle weens bepaalde gebreke nie aan die toenemende eise kan voldoen nie ..... In die middelskool sal die domnormale leerlinge oor die algemeen weinig baat vind by die akademies georiënteerde onderwys wat ons sekondêre skole bied ... Die doel is derhalwe om vir hierdie leerlinge 'n kursus te bied wat vir hulle van praktiese sowel as vormende waarde sal wees."[64]

Die kommissie het aanbeveel dat by die opstelling van sillabusse daar 'n gemeenskaplike kern in dieselfde vak vir die afsonderlike kursusse wat vir die verskillende bekwaamheidsgroepe aangebied word, moet wees. Daar moet egter rondom die kern ook verskil wees ten opsigte van die vakinhoud

63) O.V.S. Onderwysdepartement. Voorsiening vir domnormale leerlinge in die middelskool, p.l.

64) Ibid.

asook ten opsigte van die benadering van die vakke.[65]

In die junior sekondêre-kursus geld, volgens die kommissie, veral die beroepsgerigtheid van die kursus, met ander woorde die leerlinge moet hulle in daardie rigting bekwaam wat vir hulle van praktiese waarde sal wees en wat met hulle aanleg en belangstelling rekening hou. Hierdie kursus moet minder abstrak en akademies en meer konkreet en prakties van aard wees.[66]

Die kommissie het egter aanbeveel dat die leerlinge die nodige fundamentele begrippe in die kernvakke, nl. tale, Wiskunde, Geskiedenis en Aardrykskunde moet bemeester sodat dit hulle in staat kon stel om sonder veel tydsverkwisting van kursus te kan verander.[67] Die leerplanne wat opgestel sou word, was nie verdunde leer= planne wat as minderwaardig beskou sou kon word nie, maar 'n nuwe benadering van die leer= linge en hulle werk.[68]

Uit die voorgaande blyk dit dat hierdie kommissie die behoefte aan spesiale en afsonderlike onder= wys vir die domnormale leerlinge aangevoel het. Dit is besef dat hulle 'n groep op hulle eie vorm en gevolglik onderwys ooreenkomstig hulle besondere vermoëns en aanleg moet ontvang.

Sonder om die geskiedenis ten opsigte van gediffe= rensieerde onderwys vooruit te loop, is dit tog van belang om hier te noem dat die aanbevelings van hierdie kommissie meer as 'n dekade later gestalte gevind het in die aanbieding van 'n

65) Ibid., p.12.
66) Ibid.
67) Ibid.
68) Ibid., p.16.

praktiese sekondêre kursus vir daardie leer=
linge vir wie daar geen heenkome in die gewone akademiese- en die tegniese sekondêre skole is nie.

### 2.2.5 Voorlopige beplanning van gedifferensieerde onderwys in die Oranje-Vrystaat

In 1962 het die Direkteur van Onderwys in 'n kort verslag die siening van die onderwysdepartement insake gedifferensieerde onderwys aan die Vry=
staatse Administrateur gerig.[69]

Die Onderwysdepartement wou nie graag 'n stelsel voorstel wat dit noodsaaklik sou maak om die sekondêre onderwys op 'n groot skaal te sentrali=
seer nie. Ten spyte van verbeterde paaie en groter vervoermoontlikhede sowel as ruimer kos=
huisvoorsiening, het die Departement voorgestel dat daar nie met die stigting van kleiner sekondêre skole, wat enige poging tot gediffe=
rensieerde onderwys bemoeilik, voortgegaan moet word nie.[70]

Die Departement kon geen rede vind om in die middelskool, dit wil sê sts. 6 - 8, in meer as twee strome of bane te differensieer nie, nl. 'n baan vir diegene wat tot st. 10 'n gevorderde kursus wou volg, en een vir diegene wat uiters st. 8 in 'n gewone kursus sou bereik.[71] Die gewone kursus wat tot st. 8 moes geld, moes sover as moontlik dieselfde vakke as die ge=
vorderde kursus insluit. Die peil of standaard van die vakke in die gevorderde kursus moes sodanig wees dat dit deeglik vir st. 9 voorberei.[72]
Vir die gewone kursus moes sillabusse opgestel

---

69) O.V.S. Onderwysdepartement. Voorlopige beplanning van gedifferensieerde onderwys in die O.V.S., p.l.
70) Ibid., p.l.
71) Ibid., p.2.
72) Ibid.

word waarin die meer praktiese en alledaags=bruikbare aspekte van die leerstof, ten koste van die meer abstrakte en akademiese, benadruk word.

Die Direkteur het beklemtoon dat st. 6 vir alle leerlinge 'n ontdekkingsjaar moes bly, maar daarna kon leerlinge hulle studies in òf die gewone òf die gevorderde kursus voortsit.[73)] Alhoewel die Departement verwag het dat die oorgrote meerderheid leerlinge na die st.6-jaar in staat sou wees om te besluit welke van die twee kursusse hulle wou volg, is kursus=keuseprobleme by sommige leerlinge voorsien.[74)] Die Departement het derhalwe aanbeveel dat daardie leerlinge wat ernstig twyfel oor watter kursus hulle wil volg, aangeraai moet word om liefs die gevorderde kursus te volg, behalwe in die geval van leerlinge wat klaarblyklik die gevaar loop om die kursus te druip. Vir leer=linge wat die gewone kursus geslaag het en hulle studie wou voortsit, moes 'n "brug" geskep word deur hulle tot st.9 toe te laat na herhaling van st. 8 op die gevorderde graad.[75)]

Die Direkteur het voorts verklaar dat die Departement nog geen finale voorstelle het oor differensiasie in sts.9 - 10 nie.[76)] Ten tye van die verslag is in sts. 9 - 10 slegs deur vakkeuse gedifferensieer. Sommige leerlinge het vakke met die oog op toelating tot die universiteit en ander weer met die oog op die verwerwing van die skooleindsertifikaat gekies, en aangesien die Skooleindsertifikaat deur die werkgewers geredelik aanvaar is, "voel die Departement nie geneig om 'n Skooleindsertifikaat

73) Ibid.
74) Ibid.
75) Ibid.
76) Ibid., p.3.

van 'n laer peil as die bestaande in te voer nie."[77]

Ofskoon hierdie verslag wel 'n gewone en 'n gevorderde kursus in die vooruitsig gestel het, is geen metode aanbeveel waarvolgens die voor= gestelde stelsel van gedifferensieerde onderwys in die klein sekondêre skole geïmplementeer moes word nie.

Op hierdie verslag volg in 1963 'n verdere Departementele ondersoek na 'n gedifferensieerde onderwysstelsel.

2.2.6 <u>'n Departementele ondersoek insake gedifferensieerde onderwys</u>

In opvolging van die voorafgaande verslag van die Vrystaatse Direkteur van Onderwys aan die Vrystaatse Administrateur, is 'n kommissie bestaande uit dr. A.C. Böhmer, (voorsitter), mnre. D.J. Coetzee (sekretaris), S.A. Roux en J. Wilkinson in Maart 1963 deur die Direkteur van Onderwys benoem.

Die opdrag van hierdie kommissie was om die vraag= stuk van gedifferensieerde onderwys vir die Vrystaat te ondersoek, besondere aandag aan personeelvoorsiening vir gedifferensieerde onder= wys te gee, verslag te doen oor die moontlike instelling van 'n C-baankursus ook in die kleiner sekondêre skole en oor die kurrikulum vir 'n moontlike C-baankursus.[78]

In die inleiding tot sy verslag het die kommissie verklaar dat besondere aandag geskenk is aan die probleme insake die toepassing van gedifferensieerde

77) Ibid.
78) O.V.S. Onderwysdepartement. Gedifferensieerde onderwys, p.l.

onderwys aan die klein sekondêre skole; aan die beperking van gedifferensieerde onderwys tot twee bane; aan die aanbieding van ooreenstemmende vakke, sover moontlik, vir die verskillende bane of kursusse, maar verskillend ten opsigte van vakinhoud en benadering; en ook die indeling van leerlinge in sts. 9 - 10 in bane.[79] Dit val derhalwe op dat daar nie besondere aandag aan die instelling van 'n C-baankursus geskenk is nie.

Die kommissie was van mening dat daar reeds in die primêre skole met gedifferensieerde onderwys 'n begin gemaak moes word, aangesien meer as 20% leerlinge op die st. 5- vlak reeds 'n vertraging van twee jaar en meer ten opsigte van vakke soos Rekenkunde en Engels het.[80] Vir hierdie groep het die kommissie gedifferensieerde metodes eerder as 'n gedifferensieerde vakinhoud aanbeveel.[81]

Vir die middelskool het die kommissie aanbeveel dat eksterne differensiasie verder gevoer moet word deur die instelling van afsonderlike bane, nl. 'n A-baan vir leerlinge wat verder wou studeer en 'n B-baan vir daardie leerlinge wat hulle kursus met st. 8 wou afsluit.[82] Die kommissie het verder van die standpunt uitgegaan dat leerlinge in sts. 9 - 10 nie in aparte bane ingedeel moet word nie, aangesien hierdie leerlinge reeds 'n geselekteerde groep vorm wat hulself op grond van vakkeuse groepeer en dit maak gedifferensieerde sillabusse onnodig.[83]
Voorts het die kommissie die volgende belangrike aanbevelings gedoen:

79) Ibid.
80) Ibid., p.3.
81) Ibid.
82) Ibid.
83) Ibid., p.4.

1) Gedifferensieerde onderwys moes so vroeg moontlik toegepas word om die "leerlinge teenoor hulle skoolwerk emosioneel reg in te stel."[84] Die leerlinge wat in die aanpassingsklasse van die primêre skool nie hulle agterstand kon inhaal nie, moes aan die begin van die st. 6 - jaar in die B-baan geplaas word. Hierdie groep leerlinge sou dan gedurende die st. 6- en aan die begin van die st. 7-jaar verder aangevul word deur ander wat op grond van eie keuse, behoefte, aanleg en vermoë in die B-baan hoort.[85]

2) Die leerstof van die B-baankursus moet ten opsigte van die vakinhoud van die gewone kursus verskil. Gedifferensieerde silla=busse word derhalwe aanbeveel, maar daar=benewens benadruk die kommissie ook gedif=ferensieerde didaktiek.[86]

3) Vir leerlinge uit primêre skole sonder aan=passingsklasse het die kommissie aanbeveel dat die hoofde van sodanige primêre skole die volgende gegewens aan die sekondêre skole verskaf: Die vordering van elke leer=ling asook 'n aanduiding van vertraging, indien enige; volledige mediese en psigo=logiese gegewens; die kursus wat die ouers en die leerlinge verkies; en die kursus wat deur die skoolhoof aanbeveel word met motivering daarvan.[87] Op grond van hierdie gegewens sou met 'n mate van seker=heid vasgestel kon word watter leerlinge

84) Ibid.
85) Ibid.
86) Ibid.
87) Ibid., p.6.

nie bevoeg sou wees om genoegsame voordeel uit die A-baankursus te trek nie.

4) Ten opsigte van die instelling van 'n B-baankursus moet daar slegs 'n begin gemaak word met die skepping van bane waar die getal leerlinge die skepping van afsonder=like klasse vir die afsonderlike bane dit geregverdig het,[88] aangesien die meeste onderwysers probleme sou ondervind om in een en dieselfde klas vir leerlinge in die twee bane onderrig te gee. Eers nadat die onderwyspersoneel met die nuwe benadering en gedifferensieerde vakinhoud vertroud geraak het, kon daar aan interne differen=siasie oorweging geskenk word.[89]

5) Die leerlingtal van die middelbare afdeling moes ongeveer 150 wees alvorens 'n B-baan=kursus ingestel word. Om derhalwe 'n B-baankursus in te stel, sou 46 van die 93 destydse Vrystaatse skole van struktuur moes verander.[90] Groter skole sou beide die A- en B-baankursus kon aanbied, terwyl die kleiner skole slegs een kursus sou kon aanbied. Waar nuwe skole gestig word, moes met die voorgaande bevinding rekening gehou word. Sommige van die kleiner sekondêre skole sou voor 'n keuse gestel moes word om slegs een van die twee kursusse aan te bied wat op 'n ongedwonge wyse sentralisasie sou meebring.[91]

6) Personeelvoorsiening hang ten nouste met 'n geslaagde stelsel van gedifferensieerde onderwys

88) Ibid., p.7.
89) Ibid.
90) Ibid., p.8.
91) Ibid.

saam. Hoe groter die skool en gevolglik die personeeltal, hoe makliker is die doeltreffende groepering van leerlinge en differensiasie. Daarom sal die instelling van gedifferensieerde onderwys aan die kleiner skole heelwat meer personeel vereis.[92)] Dit is derhalwe noodsaaklik om twee bykomende personeellede te voorsien indien 'n sekondêre skool 'n akademiese-, 'n tegniese- en 'n handelstudierigting in afsonderlike klasgroepe in die middelbare afdeling, dit wil sê in sts. 6 - 8, wou aanbied.[93)]

Ten slotte het die kommissie daarop gewys dat:

1) Slegs in die groter sentra sal differensiasie in afsonderlike skole kan plaasvind en dit sal die noodsaaklikheid van sentralisasie beklemtoon;

2) daar moet ten opsigte van vakinhoud en vakkeuse in sts. 6 - 8 gedifferensieer word;

3) 'n goedbeplande en -bemande voorligtings- en navorsingsprogram is nodig ten einde effektiewe voorligting aan leerlinge te verskaf en om die stelsel van gedifferensieerde onderwys verder uit te bou.[94)]

Dit val uit die voorgaande op dat hierdie verslag in sekere opsigte die stelsel vervat in Goewermentskennisgewing R2029 vooruitloop, maar dat dit nogtans nie die ware wese van interne differensiasie geraak het nie.

Ook hierdie verslag se aanbevelings is nie

---

92) Ibid., p.11.
93) Ibid., p.12.
94) Ibid., pp. 12 - 13.

geïmplementeer nie, aangesien die Uitvoerende Komitee die hele vraagstuk van gedifferensieerde onderwys uiters versigtig benader het en eers 'n verdere kommissie van ondersoek benoem het.

2.2.7 <u>Provinsiale ondersoek na gedifferensieerde onderwys</u>

Op 17 Junie 1963 het die Uitvoerende Komitee van die Vrystaat besluit om 'n sending na die buiteland te stuur met die doel om deeglike ondersoek in te stel na, onder andere, die organisasie van die onderwys met die oog op differensiasie.[95)]
Die lede van die kommissie was mnre. W.F. Wentzel, L.U.K.; E.E. van Kerken, Direkteur van Onderwys; D.J. Coetzee, Inspekteur van Onderwys en P. Kruger, Inspekteur van Jeugorganisasies.

In die omskrywing van sy opdrag verklaar die kommissie tereg: "Gedifferensieerde middelbare onderwys kan alleen die funksies wat ons daarvan verwag, uitvoer, terwyl dit deel is van 'n lewende en gesonde onderwysstelsel. Omdat u kommissie van oordeel is dat ons bestaande onderwysstelsel nie geskik is vir die toepassing van doeltref=fende differensiasie in ons middelbare skole nie, was u kommissie genoodsaak om ook sy aandag aan die hele patroon van ons onderwys te gee."[96)]

Benewens 'n verskeidenheid ander sake, soos 'n ondersoek na oorsese stelsels van onderwys en onderwysbeheer, is ook ondersoek ingestel na die algemene beginsels van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel vir die Vrystaat.[97)]

95) O.V.S. Onderwysdepartement. Rapport van 'n oorsese sending oor gedifferensieerde middelbare onderwys, p.l.
96) Ibid., p.4.
97) Ibid., pp.51 - 56.

In die bespreking van algemene beginsels met die oog op gedifferensieerde onderwys in die Vrystaat, het die kommissie sterk aanbeveel dat gedesentraliseerde onderwys behoue moet bly, maar dat nie voortgegaan moet word met die stigting van heel klein sekondêre skole nie.[98] Die kommissie het eerstens aanbeveel dat 'n bykomende skooljaar bygevoeg word, sodat primêre onderwys oor 7- en sekondêre onderwys oor 6 jaar sal strek. Dit sal die sekondêre skoolkursus met 'n jaar verleng sodat 'n veel hoër eindpeil bereik kan word, die algemene vraag na beter opleiding bevredig en die aansluiting van studente by alle vorme van tersiêre onderwys vergemaklik.[99]

Verder is voorgestel dat die sekondêre skool=kursus verdeel word in twee kursusse van 3 jaar elk. Die eerste jaar in die sekondêre skool moet 'n ontdekkingsjaar wees, met die=selfde kursus vir alle leerlinge en die vakke moet, sover moontlik, prakties benader word. Aan die begin van die tweede jaar moet leer=linge besluit of hulle 'n akademiese-, han=dels-, tegniese- of landbourigting wil volg. Parallel met die tegniese rigting behoort 'n huishoudkundige rigting met 'n sterk praktiese inslag vir dogters daargestel te word. Al hierdie rigtings bied kursusse aan wat na ses jaar in die sekondêre skool tot die skool=eindsertifikaat lei en wat aansluiting by fakulteite van universiteite vind.[100]

98) Ibid., p.61.
99) Ibid., p.63.
100) Ibid., p.64.

Die keuse van die rigting moet by die ouer berus, dog hy moet bygestaan word deur die skool en sielkundige dienste. Geen dwang mag egter op leerlinge of die ouers uitge= oefen word nie.[101]

Die kommissie het verder aanbeveel dat in sowel die handels- as die tegniese kursus die volgende humaniora ingesluit moet word: die twee landstale, Geskiedenis aangepas in die rigting van Burgerkunde, Ekonomiese Aardrykskunde, Liggaamlike Opvoeding, Sang en Musiek, Godsdiensonderrig, en vir sekere vakkombinasies, ook Wiskunde.[102] In die tegniese rigting moet Wiskunde egter na binne gedifferensieer word.[103] Wanneer dit blyk dat leerlinge 'n verkeerde kursus gekies het, moet die skoolorganisasie só wees dat dit vir hulle moontlik sal wees om van kursus te verander. Indien hierdie kursusverandering vroegtydig plaasvind, moet leerlinge geen tydsverlies ondervind nie, en in ander gevalle moet leerlinge hoogstens 'n jaar herhaal.[104]

Die kommissie het voorts daarop gewys dat die sekondêre onderwys in die Vrystaat "deur komprehensiewe skole in die klein sentra"[105] verskaf moet word. Sulke skole kan, volgens hulle vermoë, kursusse bied in 'n akademiese-, 'n handels- en 'n driejarige tegniese rigting.[106] Hierteenoor het die kommissie verklaar dat gevorderde tegniese kursusse die beste op groot- of gespesiali=

101) Ibid.
102) Ibid., p.61.
103) Ibid., p.62.
104) Ibid., pp.64-65.
105) Ibid., p.65.
106) Ibid.

seerde skole aangebied sal kan word.[107] Hierdie soort gespesialiseerde tegniese opleiding sal nie by kleiner sekondêre skole gebied kan word nie. Met die oog op die feit dat gemiddeld uiters 20% van alle leerlinge vir die akademiese kursusse geskik is en dat die 80% 'n handels-, teg=niese- en landbourigting moet volg, "sal die suiwer akademiese skole met die loop van tyd, veel kleiner skole word as wat vandag die geval is."[108]

Die kommissie het verklaar dat die groot keuse van vakke in akademiese rigting aan=sienlik beperk sal moet word tot daardie vakke wat meer by 'n bepaalde rigting pas en voorsien dat "namate ouers en leerlinge die volle implikasies verstaan, die suiwer akade=miese rigting uiteindelik uiters 15% of 20% van ons leerlinge sal trek."[109]

Die verslag van die kommissie is op 26 Febru=arie 1964 aan die Provinsiale Raad voorgelê.[110] Daar kan geen teken gevind word dat daar 'n definitiewe besluit tot uitvoering van die beginsels geneem is nie. Die enigste wat hieroor genotuleer was, was dié verklaring van die Administrateur: "Die eenheid en die on=deelbaarheid van die onderwys het met hierdie ondersoek weer eens baie duidelik na vore gekom. Om 'n duidelike beeld van gedifferen=sieerde onderwys te kon vorm, was die groep genoodsaak om hulle volle aandag te gee ook aan sake soos die beheer van die onderwys, sowel as vraagstukke rakende eksaminering

107) Ibid., p.62.
108) Ibid.
109) Ibid., pp. 65- 66.
110) O.V.S. Provinsiale Raad. Notule van verrigtinge van die Provinsiale Raad, vierde sitting (1964), eerste raad, p.2.

en sertifisering.[111] Aan agbare lede word die verslag van die sending voorgelê .... Die verslag wat met hierdie sitting ter tafel gelê word, word deur die Uitvoe= rende Komitee as belangrik beskou en ek wil dit graag vir ernstige studie en oordenking by agbare lede, opvoedkundiges en almal wat belang by die onderwys het, aanbeveel."[112]

Vir die doel van hierdie studie, nl. die probleme van die klein sekondêre skool in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel, is dit van belang dat hierdie kommissie dit voorsien het dat die kleiner skool probleme met differen= siasie sal ondervind en dat die akademiese skool in die toekoms steeds kleiner sal word.

## 2.3 <u>Die ontstaan van die huidige regulasies ten opsigte van differensiasie</u>

In die voorgaande paragrawe is die verskillende pogings tot die daarstelling van 'n gedifferensieerde onderwys= stelsel vir die Vrystaat bespreek. In die ander pro= vinsies is soortgelyke ondersoeke gedoen, maar dit val uiteraard buite die bestek van hierdie studie, behalwe waar dit nodig mag wees om daarna te verwys. Dit het reeds geblyk dat die verdeelde beheer oor die onderwys die grootste struikelblok in die weg van 'n gedifferen= sieerde onderwysstelsel was en die behoefte aan 'n Onderwysraad is sedert die eerste dekades van hierdie eeu aangevoel. Al die pogings in die verskillende provinsies het egter mettertyd steeds sterker nadruk gelê op die feit dat gedifferensieerde onderwys alleen dàn tot sy reg kan kom as, nie alleen verdeelde onder= wysbeheer opgehef is nie, maar 'n onderwysraad ingestel

111) Ibid.
112) Ibid., p.3.

is wat die Minister kon adviseer insake die onderwys.

In hierdie afdeling sal nou eerstens aandag gegee word aan die faktore wat aanleiding gegee het tot die instelling van die Onderwysraad. Vervolgens sal die funksies van die verskillende Onderwysrade, nl. dié van 1963, 1967 en 1969 kortliks bespreek word. Ook die funksies van die Kontakliggaam en die Komitee van Onderwys=hoofde sal behandel word, asook die besondere rol wat die Onderwysraad ten opsigte van diffe=rensiasie gespeel het. Kennis van die voorgaande is nodig, aangesien dit die direkte voorspel van kennisgewing R2029 was. Laasgenoemde word in 'n afsonderlike hoofstuk bespreek.

### 2.3.1 Die ontstaan van die Nasionale Adviserende Onderwysraad

Die instelling van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, tans bekend as die Nasionale Onderwysraad, kan met reg bestempel word as een van die belangrikste mylpale in die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis.[113] Een van die belangrikste beweegredes vir die totstandkoming van hierdie raad was die verdeelde beheer oor die sekondêre onderwys.[114]

Uit historiese oogmerk gesien, het die Unie van Suid-Afrika in 1910 sonder 'n grondwet vir onderwys begin en 51 jaar later, op 30 Mei 1961, ook daarsonder geëindig. Die S.A.-wet van 1909 het slegs bepaal dat onderwys, uitgesonderd hoër onderwys, aan die provinsies toegesê sal word met dié

113) Fourie. Die Nasionale Adviserende Onderwysraad en 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika. Die Skoolblad, deel LIV, nr.1, Januarie 1966,p.12.
114) Ibid.

byvoeging dat die Parlement na vyf jaar anders kon besluit.[115] Die term "hoër onderwys" is egter nie omskryf nie en dit het baie daartoe bygedra dat daar, benewens die aanvanklike vertikale verdeling van on=derwysbeheer tussen die provinsies, 'n hori=sontale verdeling van beheer ontstaan het wat mettertyd ernstige probleme opgelewer het.

Tot 1915 het niks gebeur om 'n vaste onderwys=beleid te bepaal nie, behalwe dat 'n Nasionale Raad vir Tegniese Onderwys in die lewe geroep is.[116] In 1915 word egter 'n provinsiale administrasiekommissie onder voorsitterskap van J.W. Jagger benoem om ondersoek in te stel na die wenslikheid al dan nie dat die onderwys geheel of gedeeltelik van provinsiale beheer weggeneem moet word.[117] Die meerderheids=verslag van hierdie kommissie het beklemtoon dat alle onderwys 'n sistematiese en organiese eenheid behoort te vorm om doeltreffendheid te verseker en dat 'n breë landsbeleid vir onderwys nooit tot sy volle reg sal kom solank die verdeelde beheer voortbestaan nie.[118] Die minderheidsverslag het egter provinsiale onderwysbeheer voorgestaan en die provinsiale stelsel was teen hierdie tyd so diep gewortel en die argwaan van Engelssprekende Natal so groot dat die parlement nie oorreed kon word om van sy prerogatief gebruik te maak om die onderwysstelsel te verander nie en só is die status quo gehandhaaf.[119]

115) Fourie, op.cit., p.12.
116) Du Toit, op.cit., p.155.
117) Die Staatskoerant, 11 Junie 1915, Government Notice no. 615 p.846.
118) Du Toit, ibid.
119) Fourie, ibid.

In 1924 is 'n tweede kommissie onder voorsitter=skap van J.H. Hofmeyr benoem om op onderwys=toestande in te gaan.[120] Hierdie kommissie het bevind dat die provinsies op onderwysgebied steeds verder in eie rigtings beweeg het en het aanbeveel "that a Union Board of Education be constituted with authority to co-ordinate the educational activities of the four Provin=cial Administrations."[121] Vir die eerste keer is hier dus sprake van 'n uniale onderwysstelsel, maar met die beperkte doelstelling om slegs die primêre en sekondêre onderwys van die provinsies te koördineer. In dieselfde jaar het daar egter iets gebeur wat alle moontlikheid om spoedig van verdeelde beheer ontslae te raak, verydel het. 'n Konferensie van onderwyshoofde is naamlik in Durban gehou en daar is besluit dat die aanbeve=lings van die Hofmeyr-kommissie onaanvaarbaar is en dat alle tegniese-, nywerheids- en beroepson=derwys om geldelike redes deur die Unieregering oorgeneem moes word. Dit was die begin van dubbele beheer op middelbare vlak waardeur menige noodsaaklike onderwyshervorming lamgelê sou word.[122] Van die Hofmeyr-kommissie se aanbeve=lings ten opsigte van verdeelde beheer het uiteindelik ook weinig tereggekom.

Dertien jaar later, in 1937, word die saak weer aangeroer en wel by wyse van 'n volksraadsbesluit, nl. dat die regering die wenslikheid van die stigting van 'n onderwysraad moet oorweeg.[123] Hierdie poging tot koördinasie van onderwys=aangeleenthede het egter misluk omdat die

120) Id., p.13.
121) U.G. 19 - 1924. Education Administration, p.62, par.544.
122) Du Toit, op.cit., p.160.
123) Van Tonder, op.cit., p.49.

provinsies niks daarmee te doen wou gehad het nie.[124] Dit was duidelik dat die provinsies ten opsigte van die onderwys nie inmenging wou gedoog of aan bande gelê wou word nie.[125]

In 1948 word die saak weer opgehaal met die verskyning van die De Villiersverslag. Hierdie verslag het gevolg op die samestelling van 'n Uniale Kommissie onder voorsitterskap van dr. F.J. de Villiers wat ondersoek moes instel en 'n verslag moes uitbring insake Tegniese en Beroepsonderwys.[126] In hierdie verslag is die beginsel van differensiasie sterk beklemtoon en is gelyke onderwysgeleenthede vir almal bepleit, want "'n onderwysstelsel wat individuele verskille op enige tydstip in die ontwikkeling van 'n leerling verontagsaam, wat in gebreke bly om leerlinge te help om hulle individuele moeilik=hede te bowe te kom en om hulle individuele be=hoeftes te bevredig, sal baie van hulle die ge=leentheid ontneem om alles te word waartoe hulle in staat is."[127]

Die kommissie het ook verder sy kommer uitgespreek oor die gebrek aan 'n nasionale onderwysstelsel en 'n nasionale uitkyk betreffende die onderwys.[128] Ten spyte van hierdie bevindings en aanbevelings dat verdeelde beheer opgehef moes word, en dat die provinsies hierdie keer geneë was vir die in=stelling van 'n onderwysraad, wou die regering nie die geld vir die funksionering daarvan verskaf nie,[129] met ander woorde die posisie was presies die omgekeerde as wat dit in 1937 was.

124) Fourie, op.cit., p.13.
125) Ibid.
126) RGN, op.cit., p.62.
127) S.A. Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys, Verslag p.24.
128) Ibid., p.289.
129) Fourie, ibid.

Dit het gelyk asof alle pogings om 'n onderwys=raad daar te stel, in 'n doodloopstraat beland het. Intussen het die provinsies al verder van mekaar weggedryf en sommige onderwysordonnansies het ingrypend van mekaar verskil, veral met betrekking tot sekere beginselsake soos ouerregte, moedertaalonderwys en diensvoorwaardes.[130)] Leerlinge wat van een provinsie na 'n ander verhuis het, was die slagoffers van hierdie stel=sel en gevolglik was dit vanselfsprekend dat die aandrang op 'n verandering uit alle oorde al sterker geword het.[131)] Veral die Federale Raad van Onderwysersverenigingе en die Inter=kerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van Suid-Afrika het herhaaldelik gepleit vir die daarstelling van 'n onderwysraad.[132)]

Nadat dus vir ongeveer veertig jaar lank by konferensies en deur kommissies van ondersoek beklemtoon is dat daar 'n groter mate van koör=dinering van die Suid-Afrikaanse onderwys op nasionale grondslag moet wees, is Wet 86/62, nl. die Wet op die Nasionale Adviserende Onderwysraad,[133)] uiteindelik aangeneem. Hierdie wet is in 1967 deur Wet 39, nl. die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid,[134)] aangevul. Dit was kragtens hierdie wet dat die gewysigde Nasionale Adviserende Onderwysraad aangestel is. Laasgenoemde wet is op sy beurt gewysig deur Wet 73 van 1969, nl. die Wysigingswet op die

130) Id. Onderwyswetgewing in roepingsperspektief. Tydskrif vir christelike wetenskap le KWARTAAL 1972, p.3.
131) Fourie. Die Nasionale Adviserende Onderwysraad en 'n nasionale onderwysbeleid vir die Republiek van Suid-Afrika. Die Skoolblad, deel LIV, nr. 1, Januarie 1966, p.13.
132) RGN, op.cit., p.63.
133) Republiek van Suid-Afrika. Wette van die R.S.A., 1962, deel 2 nr. 59 - 93, p.1532.
134) Id. Wette van die R.S.A., geklassifiseer en geannoteer vanaf 1910, p.942.

Nasionale Onderwysbeleid,[135] waarkragtens die huidige Nasionale Onderwysraad aangestel is.

Dit beteken nie dat daar aanvanklik geen weerstand en selfs agterdog teen die nuutgestigte onderwys=raad was nie.[136] Die vrees is onder andere gekoester dat die onderwys van die provinsies weggeneem sou word, of dat 'n superstruktuur oor die onderwysdepartemente gebou sou word.[137] Hieroor het die destydse Minister, senator J.de Klerk, hom soos volg uitgelaat toe hy die wetsontwerp ingedien het: "As hierdie raad tot stand gebring is op die grondslag van die wets=ontwerp wat nou voor ons is, het ek soveel vertroue in die toekoms van ons land se onderwys en opvoeding dat ek vandag hier my eie Departement van Onderwys aan hierdie groot taak wil toewy. Ek wil dit sê ten aanhore van die provinsies: As hierdie departement van my in die verlede gesondig het om in die eerste plek op sy eie voordeel en uitbouing en grootwording te let, dan wil ek vandag hier verklaar dat dit die einde daarvan is en hy sal hom, net soos ek hoop en glo al die ander instansies ook sal doen, kin=derlik neerlê by die advies van die te stigte Onderwysadviesraad."[138]

Om hierdie historiese oorsig saam te vat, kan volstaan word met 'n aanhaling uit die openings=rede van senator J. de Klerk, die destydse Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, by geleentheid van die eerste vergadering van die Nasionale Adviserende Onderwysraad op 29 Maart 1963. Hy het hom veral bepaal by die vraag

135) Ibid., p.960.
136) Du Toit, 'n Nuwe bedeling in die Onderwys van ons land - die jongste wetgewing. <u>Die Unie</u>, jaargang 64, nr. 3, September 1967, p.141.
137) Fourie, ibid.
138) Republiek van Suid-Afrika, Volksraaddebatte, 14 Mei - 23 Junie 1962, deel 4, p. 7481.

watter beweegredes by verskillende individue, groepe, organisasies, die volk in die algemeen en die regering gegeld het om so sterk op 'n nasionale benadering aan te dring:

"(a) Die wetgewer is besorg oor die hoë koste wat voortvloei uit duplisering, oor die verlies aan mannekrag as gevolg van vroeë skoolverlating of omdat leerlinge nie die geleentheid gebied word om hulle talente ten volle te laat ontplooi nie en dientengevolge nie behoorlik in die samelewing aanpas nie en allerlei probleme vir die staat skep.

"(b) Die Onderwysdepartemente voel lam geslaan omdat hulle die onderwys wat hulle as noodsaaklik in die landsbelang beskou nie in die mate kan beplan en in die praktyk kan uitvoer soos hulle dit graag sou wou doen nie.[139]

### 2.3.2 Die funksies van die verskillende onderwysrade

Aangesien daar by die bespreking van die vernaamste funksies van die verskillende onderwysrade ook na ander meewerkende liggame verwys sal word, is dit nodig om ter inleiding en begripsverheldering eers daarna te verwys.

Na die derde vergadering van die eerste Nasionale Adviserende Onderwysraad in Durban op 29 November 1963, het die Onderwysraad aanbeveel dat hy, as gevolg van die ondeelbaarheid van sekondêre onderwys, gereeld samesprekings met die ses onderwyshoofde moet hou. Die doel hiervan was om oorleg te pleeg en aanvaarbare planne te ont= werp met die oog op die toesegging van

139) Die Nasionale Adviserende Onderwysraad. Jaarverslag van die Nasionale adviserende onderwysraad vir 1963, p.9.

onderwys tot en met st. 10 aan die provinsies.[140] Die Minister het hierdie aanbeveling aanvaar en 'n Kontakliggaam bestaande uit die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad in die lewe geroep. Die eerste vergadering van die Kontakliggaam is op 23 Maart 1964 gehou. Dit sou slegs 'n gespreksliggaam wees en alle besluite moes eenparig aanvaar word. Die Kontak= liggaam se belangrikste taak was om behulpsaam te wees met die ontwerp van 'n nasionale onderwys= beleid.[141] Teen die einde van 1964 kon groot vordering gerapporteer word en in 1965 het die Kontakliggaam sy taak voltooi. Op versoek van die Nasionale Adviserende Onderwysraad is dit egter nie ontbind nie, maar het dit bly voortbe= staan en is daar geen belangrike taak van die Onderwysraad aangepak sonder die hulp van die Kontakliggaam nie.[142]

'n Tweede meewerkende liggaam was die Komitee van Onderwyshoofde wat as 'n nie-statutêre liggaam vanaf 1941 bestaan.[143] Artikel 6 van Wet 39 van 1967 het egter bepaal dat die komitee 'n statutêre liggaam sou word, bestaande uit die Direkteurs van Onderwys in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, asook die Sekre= taris van Hoër Onderwys as voorsitter.[144] Hierdie komitee moes, onder andere, aanbevelings by die Minister en die Administrateurs doen oor die wyse waarop die nasionale onderwysbeleid op gekoördineerde grondslag uitgevoer kon word. Dit was egter nie die enigste funksie van die Komitee van Onderwyshoofde nie, want hulle

140) Nasionale Adviserende Onderwysraad, ibid.
141) Ibid.
142) O.V.S. Onderwysburo. Samevattende verslag oor (a) die drie onderwysrade; (b) die kontakliggaam; (c) die komitee van onderwyshoofde; (d) stappe om die tekort aan onderwys= personeel te bekamp, p.20.
143) Ibid., p.21.
144) R.S.A. Wette van die Republiek van Suid-Afrika, geklassi= fiseer en geannoteer vanaf 1910, art. 6(2)(3), p.956.

moes ook die Minister of die Administrateurs van advies bedien oor enige onderwysaangeleent=heid wat na die komitee vir ondersoek verwys is.[145)]

Derdens was daar die Verkenningskomitee wat sy ontstaan gevind het uit 'n besluit van die Kontak=liggaam op 6 Augustus 1964, nl. dat 'n verkennings=komitee onder voorsitterskap van die Direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Geestes=wetenskaplike Navorsing (tans die RGN) en bestaande uit 'n senior amptenaar van elke onderwysdepartement, in die lewe geroep moes word.[146)] Die funksie van hierdie Verkenningskomitee was om die vraag=stukke van gedifferensieerde onderwys en voor=ligting te bestudeer; om vas te stel wat reeds op hierdie terreine gedoen was en om voorts vas te stel wat die probleme was en watter navorsing onderneem moes word voordat daar pogings aange=wend sou word om 'n gemeenskaplik aanvaarbare plan vir gedifferensieerde onderwys te ontwikkel.[147)]

Hierdie liggame, in medewerking met, onder andere, die Gemeenskaplike Matrikulasieraad wat alle sillabusse vir matrikulasie moet goedkeur, asook die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, wat omvangryke navorsing hanteer, is almal aktief betrek by die ontwerp van 'n landswye stelsel van gedifferensieerde onderwys.

Die Nasionale Adviserende Onderwysraad wat ooreenkomstig Wet nr. 86 van 1962 in die lewe geroep is, het as taak gehad om die Minister in die algemeen van raad te bedien aangaande die beleid wat aangaande die onderwys gevolg moes word.[148)] Die doelstelling van die raad was

145) O.V.S. Onderwysburo, op.cit., p.22.
146) RGN, op.cit., p.(3).
147) Ibid.
148) Republiek van Suid-Afrika. Wette van die Republiek van Suid-Afrika, deel 2, nos. 59-93, p.1540.

om in oorleg met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die provinsiale onderwysdepar= temente, onderwysliggame en organisasies en persone wat by die onderwys belang het, die breë grondbeginsels van gesonde onderwys te bepaal.[149)]

Vir die doel van hierdie studie moet vermeld word dat hierdie eerste onderwysraad tydens die vyf jaar van sy bestaan, benewens 'n groot getal ander onderwysaangeleenthede, ook aandag aan gedifferensieerde onderwys en voorligting gegee het.[150)] Die hele aangeleentheid insake gedifferensieerde onderwys is egter, soos voor= lopig vooraf aangetoon, aan die Verkennings= komitee opgedra om te ondersoek.

Die Tweede Nasionale Adviserende Onderwysraad wat kragtens Wet nr. 39 van 1967 in die lewe geroep is, se funksies was dieselfde as dié van die eerste raad. Hierdie raad kon weens sy kortstondige bestaan van 1 Januarie 1968 tot 30 Junie 1969 nie advies aan die Minister gegee het ten opsigte van die Christelike en die Nasionale karakter van die onderwys, asook ten opsigte van gedifferensieerde onder= wys nie.[151)]

Die reeds aangehaalde Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid, nl. Wet nr. 73 van 1969, het die ontstaan van die derde onderwys= raad ingelui. Onder die take wat op afhandeling gewag het, was 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting.[152)]

149) Ibid., p.1542.
150) NAO. Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1963, p.6; 1964, p.4; 1965, p.4; 1966, p.3; 1967, p.5.
151) Vgl. Verslag vir 1969, p.5.
152) Ibid.

Dit is van belang dat die vraagstuk van differensiasie reeds vanaf die begin van dié bedeling as 'n alleraktueelste probleem beskou is. So het die eerste Nasionale Adviserende Onderwysraad reeds in 1964 die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (NBOMN), tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), versoek om ondersoek in te stel na die doeltreffende toepassing van gedifferensieerde onderwys in die Republiek van Suid-Afrika.[153)]

### 2.3.3 Die onderwysrade en differensiasie

Die reeds genoemde besluit van die Onderwysraad dat differensiasie as 'n navorsingsprojek van dringende belang op nasionale vlak beskou moes word, het sy oorsprong juis gevind in die instel= ling van 'n nasionale onderwysraad met die oog op nasionale onderwysbeplanning. Sodanige beplanning moes ten nouste verband met differensiasie in die skool hou, want die skool dra in wese dieselfde kenmerke as die volkshuishouding. Daarby het die landsontwikkeling 'n fase betree wat dit gebiedend noodsaaklik gemaak het dat die beste gebruik van die potensialiteite van die skoolbevolking as toekomstige mannekrag gemaak moes word. Die nood van die tyd het langtermyn- asook korttermynbeplanning van die onderwys vereis en in hierdie opsig was differensiasie 'n belangrike middel om ooglopende tekortkominge in die onder= wys op te los.[154)] Die heterogeniteit van die skoolbevolking het van die skool geëis dat elke leerling na sy vermoë en belangstelling opgevoed

153) NBOMN. 'n Studie van gedifferensieerde sekondêre onderwys in oorsese lande, navorsingsreeks nr. 46, p.1.
154) RGN, op.cit., p.5.

moes word. Dit was in die verlede nie moontlik nie en wel om 'n verskeidenheid van redes waarvan die verdeelde beheer van die sekondêre onderwys die belangrikste was. Daarom was sorgvuldige beplanning so uiters belangrik. Reeds in 1963 het die Onderwysraad hom hieroor soos volg uitgespreek: "Die middel= bare skool het vandag die klaringshuis van die bevolking geword en hierdie funksie kan alleen verantwoord word indien daar ten beste gediffe= rensieer word."[155]

Indien differensiasie landswyd gekoördineer kon word, sou heelwat onderwysprobleme verval, waarvan die verdeling van die sekondêre onderwys tussen departemente onderling die belangrikste was. Met gedifferensieerde onderwys na die beste patroon denkbaar, sal die grondslag vir nasionale eenwording op die gebied van die onderwys gelê wees. Juis die feit dat al die onderwysdeparte= mente reeds teen 1964 al besig was om in 'n meerdere of mindere mate aandag te skenk aan die vraagstuk van die doeltreffende implementering van differensiasie, het daarop gedui dat almal die noodsaaklikheid daarvan besef het. Die feit dat elkeen egter ondersoeke en navorsingsprojekte in verband met gedifferensieerde onderwys indivi= dueel aangepak het sonder die nodige onderlinge skakeling, het 'n duplisering van arbeid en koste meegebring. Blykens die verklaring van die Minister, waarna reeds verwys is, was hy terdeë onder die besef dat differensiasie nie 'n saak van plaaslike provinsiale belang alleen was nie,

155) NAO. Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1963, p.6.

maar 'n landsaak wat landswye aandag geverg het. Ook die NAO was hiervan oortuig, want in 1964 het hy onomwonde verklaar dat: "Samehangend met die vraag van die beëindiging van die verdeelde beheer oor sekondêre onderwys en die ontwikkeling van 'n nasionale onderwysbeleid, is daar die aangeleentheid van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting .... wat landswyd nagevors en gekoördineer behoort te word."[156)]

Nadat die aangeleentheid van differensasie deur die Kontakliggaam oorweeg is, het die Verkenningskomitee opdrag gekry om in same= werking met die Nasionale Buro vir Opvoed= kundige en Maatskaplike Navorsing 'n voorlo= pige opname van die stand van differensiasie te maak.[157)]

In 1965 is gerapporteer dat die Verkennings= komitee 'n verslag van 'n voorlopige opname insake differensiasie aan die Onderwysraad voorgelê het.[158)] Met instemming van die Onderwysraad, het die Kontakliggaam besluit dat die Verkenningskomitee as 'n saak van dringende belang onmiddellik moes begin om 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting vir die Republiek te ontwerp wat vir alle onderwysdepartemente en vir die Onderwysraad aanneemlik sou wees.[159)]

In 1966 het die Nasionale Adviserende Onderwysraad gerapporteer dat die Verkennings=

---

156) NAO. Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1964, p.4.
157) RGN., op.cit., p.(3).
158) NAO. Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1965, p.4.
159) RGN., ibid.

komitee 'n werkprogram opgestel het en dat die Onderwysraad sy algemene instemming daarmee betuig het.[160)]

Sedert 1967 is volstoom gewerk aan die ontwerp van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting op sekondêre vlak.[161)] Met die oog hierop is navorsingsprojekte oor die volgende sake deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van stapel gestuur: die grondslae van gedifferen= sieerde onderwys, 'n studie van gedifferensieerde sekondêre onderwys in enkele Westerse lande, 'n ondersoek na die bestaande stelsels van gedifferensieerde onderwys in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika met verwysing na besondere probleme wat ondervind word en enkele moontlike oplossings wat reeds aan die hand gedoen is, 'n teoretiese fundering van 'n nasionale voorligtingsdiens met verwysing na doelstellings en terminologie, 'n studie van voorligtingstelsels van die onderwys= departemente in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande en die opleiding van voorligteronderwysers in die R.S.A. en in enkele oorsese lande.[162)]

In 1969 is die Nasionale Adviserende Onderwys= raad ontbind en vervang met 'n Nasionale Onderwysraad.[163)] In dieselfde jaar het ook die benaming Nasionale Buro vir Opvoedkundige

160) NAO. Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1966, p.3.
161) NAO. Verslag van die Nasionale Adviserende Onderwysraad vir 1967, p.5.
162) RGN., ibid. (Hierdie verslag behels die samevatting van alle navorsingsprojekte wat t.o.v. gedifferensieerde sekondêre onderwys en voorligting gedoen is).
163) Republiek van Suid-Afrika. Wette van die R.S.A., geklassi= fiseer en geannoteer vanaf 1910, p.960.

en Maatskaplike Navorsing verdwyn en sou hierdie liggaam voortaan bekend staan as die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.[164)]

In sy verslag vir 1970 het die Nasionale Onderwysraad verklaar dat hy standpunt ingeneem het oor die breë beginsels van gedifferensieerde onderwys vir die Republiek. Advies oor hierdie standpunt is ingevolge artikel 2(1)(f) van Wet 39 van 1967 op 3 Maart 1970 aan die Minister voorgelê.[165)]

Die werksaamhede van die verskillende onderwysrade ten opsigte van gediffe=rensieerde onderwys gedurende die periode 1963 - 1971 het in die afkondiging van Goewermentskennisgewing R2029 gekulmineer. Hiervolgens is 'n nuwe onderwysbedeling vir Suid-Afrika daargestel, nl. die daar=stelling van 'n statutêre, landswye grond=slag vir die implementering van gedifferen=sieerde onderwys.[166)] Volgens hierdie kennisgewing word die skoolonderwystydperk, wat uit twaalf jaar bestaan, in vier fases van drie jaar elk verdeel. In hierdie verdeling word rekening gehou met die ont=wikkelingsfases van die kind op sy weg na volwassenheid. Eerstens is daar die junior primêre skoolfase wat die eerste drie skooljare insluit; tweedens die senior

164) RGN., op.cit., p.(3).
165) Nasionale Onderwysraad. Verslag van die Nasionale Onderwysraad vir 1970, p.5.
166) R.S.A. Die Staatskoerant, nr. 3306, 12 November 1971,p.17.

primêre skoolfase vir die skooljare vier tot ses; derdens die junior sekondêre skoolfase vir die skooljare sewe tot nege en vierdens die senior sekondêre skoolfase vir die skooljare tien tot twaalf.

Hierdie kennisgewing maak ook voorsiening vir die aanbieding van verskillende studierigtings op senior sekondêre vlak, nl. 'n algemene-, 'n geesteswetenskaplike-, 'n handels-, 'n huishoudkunde-, 'n landbou-, 'n kuns-, 'n tegniese-, 'n natuurwetenskaplike- en 'n praktiese studierigting.[167)]

Die kennisgewing maak ook voorsiening vir die aanbieding van vakke op die senior sekondêre vlak op 'n hoër- of op 'n standaard vlak of op 'n hoër- en 'n standaard vlak.[168)] Die betrokke kennisgewing word in hoofstuk 4 in besonderhede betrag.

## 2.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die voorgeskiedenis van die huidige stelsel van gedifferensieerde onderwys vir die Republiek van Suid-Afrika kortliks geskets, met besondere verwysing na die Oranje-Vrystaat. Daar is getrag om aan te toon langs welke lyne daar oor differensiasie in die Vrystaat op die vooraand van die publikasie van Goewerments= kennisgewing R2029 gedink is en wat daardeur bereik is.

Wanneer die verskillende Vrystaatse ondersoeke

---

167) Ibid.
168) Ibid., p.20.

na differensiasie in oënskou geneem word, blyk dit dat die probleem deeglik deurdink is en dat ver= skillende voorstelle ten opsigte van differensiasie gemaak is, maar dat die praktyk weinig spore van hierdie aanbevelings dra. Verder as differensiasie na buite met behulp van vakkeuse of deur voorsiening van afsonderlike skole het dit in die Vrystaat nie gekom nie. Selfs die Wentzel-verslag het hom nie op die terrein van interne differensiasie begewe nie en van die implementering van sy aanbevelings kan geen spoor in die onderwys gevind word nie. Dit geld ook ander verslae soos die Pretorius-verslag. Herhaal= delik is sekere knelpunte in die onderwys aangewys, veral die posisie van die kleiner sekondêre skool in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel, maar 'n algemeen aanvaarbare oplossing is blykbaar nie gevind nie.

Ook die onderwysvoorsiening vir die domnormale leer= ling word gekenmerk deur 'n gebrek aan genoegsame doelgerigte opvolging van die waardevolle voorstudies wat gedoen is. In die provinsiale skole is voorsiening vir spesiale onderwys aan verstandelik vertraagdes gemaak en is daar hulpklasse en hulpskole in die lewe geroep. Hulle voorsien in die behoeftes van daardie leerlinge wat geen voordeel uit die onderwys in die gewone klasse kan trek nie. Op die verstandskaal val hierdie groep min of meer almal benede I.K.80, ofskoon I.K. nie die enigste kriterium vir plasing is nie.

Ook wat die begaafde leerlinge betref, is, benewens verryking of verskraling van die sillabus, nie gevorder nie. Verryking en verskraling van die leerstof het vir die meeste onderwysers die probleem opgelewer dat leerlinge in klein klasse in hulle heterogene verskeidenheid voorgekom het. Dit het aan die beste onderwysers 'n geweldige hoë eis gestel om in hierdie omstandigheid doeltreffend te kan differensieer.

In die praktyk het dit daarop neergekom dat verryking of verskraling van die leerstof aan die diskresie van die onderwyser oorgelaat was en daarom het dit uitgeloop op onderwys wat geneig het tot die gemiddelde.

Op 'n tydstip toe daar dus van effektiewe, georga= niseerde differensiasie in die Vrystaat nog nie veel sprake was nie, kom die verandering op nasionale vlak deur die Minister deur middel van Goewermentskennisgewing R2029, nadat die verdeelde beheer wat sedert 1910 in Suid-Afrika bestaan het, reeds grootliks opgehef is en die weg vir effek= tiewe differensiasie gebaan is. Die bedoeling van hierdie kennisgewing was nie om 'n stelsel van doodse eenvormigheid te verseker nie, maar die moontlikheid is geskep dat elke onderwys= departement, binne die raamwerk van kennisgewing R2029, en met volle inagneming van sy eie besondere omstandighede, sy eie oplossing moet vind. Hieroor laat Fourie hom soos volg uit: "Hoewel geen doodse eenvormigheid in ons onderwys beoog word nie - want volgens ons Christelike lewensbeskouing is die lewe in ver= skeidenheid-in-eenheid gegee en is eenvormigheid nie die lewe nie, maar die dood - moet daar ook 'n nasionale eenheidspatroon wees."[169)]

Oor hierdie aspek van differensiasie sal ernstig besin moet word, want so nie kan die situasie moontlik ontstaan dat die provinsies weer, soos tot hiertoe, al verder van mekaar kan beweeg. Bingle se waarskuwing dat daar geen regverdiging bestaan vir 'n verskeidenheid onderwyspraktyke in Suid-Afrika nie en dat die wyse van differensiasie nie die veld is waarop 'n provinsie sy oorspronklik=

169) Fourie. Gekoördineerde kurrikulêre onderwysbeplanning op nasionale vlak vir die sekondêre skool. Die Skoolblad, deel 58, nr. 2, Februarie 1970, p.11.

heid kan openbaar nie, is derhalwe gepas.[170]

Soos in hoofstuk 1 aangetoon, is die Vrystaat by uitstek daardie provinsie wat, weens sy oorwig klein sekondêre skole met minder as 100 leerlinge in sts. 8 - 10, voor ernstige probleme ten opsigte van differensiasie te staan kom. In hoofstuk 3 word hierdie probleme van nader beskou.

170) Bingle. Differensiasie as een van die basiese probleme van ons onderwysstelsel. <u>Die Skoolblad</u>, deel Llll, nr. 11, November 1965, p.20.

# HOOFSTUK 3

## BESONDERE PROBLEME OP DIE WEG VAN DIFFERENSIASIE VERAL MET BETREKKING TOT DIE KLEINER SEKONDêRE SKOOL IN DIE O.V.S.

### 3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk word gewy aan die probleme van veral die kleiner sekondêre skool in die Vrystaat ten opsigte van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys. Weens die feit dat talle skole in die Vrystaat 'n klein inskrywingsgetal het, moet die saak ondersoek word of gedifferensieerde onderwys met sukses aan al hierdie skole ingevoer sal kan word en of hierdie kleiner skole soveel studie= rigtings sal kan aanbied om aan die vereistes van kennisgewing R2029 te kan voldoen, nl. om aan alle leerlinge onderwys aan te bied volgens die veelheid van hulle vermoëns.

Tot watter mate die kleiner sekondêre skole daarin gaan slaag om doeltreffend te differensieer, is 'n saak waaroor opvoedkundiges oorsee en hier te lande ernstig verskil. So verklaar Fourie dan ook: "Hoe gaan ons alle sekondêre skoolvakke in die kleiner sekondêre skool met slegs 15 leerlinge in st. 10 op 'n A- en 'n B-vlak aanbied binne die bestaande stelsel?"[1) ] Ook die RGN voorsien dat die kleiner sekondêre skole ten opsigte van differensiasie voor ernstige probleme te staan gaan kom.[2)]

In die stede, met groot skole, sal differensiasie geen ernstige probleem lewer nie, maar in die platteland sal dit waarskynlik aanpassing verg. Hier sal, in die reël, 'n eenrigtingkursus wat gewoonlik suiwer akademies van aard is, aangebied kan word.[3)]

Waar hierdie probleem in oorsese lande ondervind is,

1) Fourie. Differensiasie en vernuwing in ons tradisionele onderwyspatroon. Die Skoolblad, Oktober 1970, p.8.
2) NBOMN. 'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onderwys, pp. 75, 163, 187, 204, 209, 210, 211, 225, 228, 247.
3) Vgl. Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van oorsese sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, p.89.

is oorgegaan tot sentralisasie van skole.[4] Dit is egter nie die beleid in die Vrystaat nie, maar of hierdie provinsie nie hieroor weer 'n keer ernstig moet besin nie, is 'n saak wat aandag verdien. Sentralisasie word in hoofstuk 5 breedvoeriger bespreek.

Die ondervinding in Transvaal en Natal het getoon dat onderrig op verskillende vlakke in 'n gemengde klasgroep ernstige probleme oplewer.[5] In Transvaal, waar die invoer van differensiasie met 'n gebrek aan goed opgeleide onderwysers saamgeval het, is gevind dat sommige onderwysers hulle nie by die onderrig van die verskillende groepe kon aanpas nie. Dit is ook aldaar ervaar dat sommige van die kleiner sekondêre skole nie die gedifferensieerde sillabusse toegepas het nie vanweë hulle klein getal leerlinge.[6] maar ook vanweë 'n ontoereikende personeelvoorsieningskaal.[7]

Die ondervinding in Natal was dat daar te veel leerlinge met uiteenlopende bekwaamhede in die Gevorderde Stroom beland het, dat wanneer die twee strome in een klas onderrig moet word, dit probleme vir die onderwyser ten opsigte van die standaard van die onderrig geskep het, en dat dit groepklasse geverg het waarin die vakkeuse en die sillabusse vir die leerlinge grootliks moes ooreenkom[8] - waardeur die gees van differensiasie aangetas is.

In Suid-Afrika met sy yl plattelandse bevolking, en daarby 'n bevolking wat steeds verminder as gevolg van ontvolking, is daar talle klein sekondêre skole met minder as 200 leerlinge. In die Vrystaat is die situasie geaksentueer. Van die 77 sekondêre

4) NBOMN., op.cit., p.163.
5) Ibid. p.187.
6) Ibid.
7) Ibid.
8) Ibid., pp.187-188.

skole wat by hierdie ondersoek betrek is, het 47 skole minder as 100 leerlinge in st. 8 - 10, 15 skole tussen 100 en 199 leerlinge, 7 skole tussen 200 en 299 leerlinge, 5 skole tussen 300 en 399 leer= linge, 1 skool tussen 400 en 499 leerlinge en 2 skole tussen 500 en 599 leerlinge.[9] Dit is dan ook die 69 skole met minder as 300 leerlinge wat in hierdie ondersoek direk ter sprake is, aangesien hulle as klein skole getipeer kan word.[10] Dit bring nood= wendig mee dat differensiasie in die klein skole op die platteland prakties baie moeilik implementeerbaar is, en indien wel, dan in 'n beperkte mate.[11] Daarom is die tipe skool wat in die ylbevolkte platteland verskaf moet word, terdeë ter sake.[12] 'n Moontlike oplossing kan dalk wees om op 'n streeksgrondslag die behoefte aan onderwysfasiliteite te bepaal en daarvolgens 'n skool of skole te verskaf.[13]

Die geslaagde toepassing van gedifferensieerde onderwys in die Vrystaat kan ook moontlik in die toekoms aansien= lik bemoeilik word deur die toenemende ontvolking van die platteland. Ook dit kom in hierdie hoofstuk aan die orde om 'n toekomsblik te verkry.

Die feitelike posisie ten opsigte van die aantal leer= linge in die Vrystaat moet ook in oënskou geneem word. In sommige sentra, waar daar om bepaalde redes ekono= miese groeipunte ontstaan het, is daar 'n stygende tendens in die leerlingtalle, maar in groot dele van die Vrystaat is daar 'n toenemende afname in die leer= lingtalle. Hierdie demografiese aspek kan 'n direkte invloed op die beplanning vir gedifferensieerde onderwys hê. Dit moet derhalwe van nader beskou word.

9) O.V.S. Onderwysdepartement. Kwartaalstate, Desember 1971.
10) NBOMN.,op.cit., p.211.
11) Ibid.
12) Ibid., p.228.
13) Ibid., p.247.

Voorgenoemde aspekte sal ondersoek word ten opsigte van al die plattelandse skole in die Vrystaat en wel volgens die amptelike statistiek van die onder=wysdepartement. Voortvloeiend hieruit sal aangedui word hoeveel studierigtings per skool aangebied word, aangesien die voortbestaan van skole onder andere ook van die effektiwiteit van differensiasie af=hanklik is.

Voorts sal die aantal leerlinge wat sekere vakke neem, ontleed word om vas te stel hoe ekonomies personeel in skole benut word, veral gesien teen die agtergrond van die landswye aanvraag om opgeleide onderwysers, veral in sekere vakke. 'n Saak wat hiermee saamgaan, is die gebruik van onderwysers van primêre afdelings om onderrig in sekondêre afdelings te gee. Dit moet ondersoek word om vas te stel of onderrig in sekondêre skole nie moontlik ten koste van onderwys in primêre afdelings aan sommige skole geskied nie en wel in 'n desperate poging om te differensieer.

In die eerste hoofstuk is reeds beklemtoon dat bespiegelings oor die toepassing van differensiasie 'n gevoel van onsekerheid in die Vrystaat laat ontstaan het. Dit is vanselfsprekend so, maar die herhaalde=like beklemtoning dat die klein skool nie dieselfde breë vakkeuses as die groot skole kan verskaf nie en dat die groot skool "sekere besliste meriete sal hê, dat hulle besliste voordele sal geniet bo die klein skool"[14]; gaan beslis die "neiging van ouers om hulle kinders na groter skole te stuur ... verhaas."[15] Die gevaar van sodanige neiging is dat dit 'n verskuiwing in die rigting van die groter skole kan stimuleer nog voordat 'n oorwoë, amptelike beleid bepaal is en, erger nog, dat die groter skole in die gunstige posisie geplaas word om hulle leerlinge strenger te keur en slegs

14) O.V.S. Provinsiale Raad. Debatte en verrigtinge van die provinsiale raad, 1972, deel 2, pp.631 - 632.
15) Anon. Differensiasie in die onderwys. <u>Die Volksblad</u>, 17 Augustus 1972, p.14.

die room, die intelligentste leerlinge van die platte=land te aanvaar. Die gevolge hiervan vir die kleiner plattelandse skool spreek vanself en het reeds in die verlede vir die kleiner skole ernstige probleme geskep. Hierdie aangeleentheid sal ondersoek word met die oog op moontlike voorstelle vir 'n beleid van sonering vir die Vrystaat. Ondersoek sal ook ingestel word na die aantal leerlinge van buite Bloemfontein wat tans nie in hulle tuisdorpe onderrig ontvang nie en wat moontlik dui op die trekkrag van die groot skole ten koste van die klein skole.

Dit blyk uit die voorgaande dat hierdie hoofstuk heelwat statistiek sal bevat, maar ten einde insiggewende perspek=tief in die feitelike posisie in die Vrystaat te verkry, word dit as noodsaaklik beskou.

## 3.2 Die feitelike posisie in die Vrystaat

'n Doeltreffende stelsel van gedifferensieerde onderwys in die Vrystaat noodsaak onderwysbeplanning op 'n geor=ganiseerde, wetenskaplik gefundeerde en selfs vreeslose wyse. Die onderwys het behoefte daaraan omdat onderwys=beplanning die ganse onderwys raak, want:[16)]

1) Die onderwysstelsel moet vir die individuele kind se behoeftes voorsiening maak.
2) Die onderwysstelsel moet so beplan word dat dit in die land se mannekragbehoeftes kan voorsien.
3) Die onderwys moet 'n doel nastreef en daarom moet daar 'n doelgerigte onderwysbeleid wees.
4) Die landsekonomie en die eise wat dit aan die onderwys stel, moet in aanmerking geneem word.
5) Die finansiering van onderwys moet by onderwys=beplanning in aanmerking geneem word.
6) Onderwysbeplanning moet inpas by die breë nasionale patroon ten einde te voldoen aan die vereiste

16) RGN. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoor=ligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika, deel 1, p.5.

koördinasie.

7) Onderwysbeplanning moet 'n kontinue, dinamiese aktiwiteit wees om met die eise wat voortdurend aan die onderwys gestel word, tred te hou.

Om met al hierdie aspekte rekening te hou, is langtermynvooruitskattings van die uiterste belang. Onderwys moet oor 'n lang termyn beplan word omdat, onder andere, voorsiening gemaak moet word vir die opleiding van onderwysers, die verskaffing van fasiliteite, die saamstel van kurrikula, sillabusse, ens.[17)] Met die oog hierop is demografiese gegewens van die allergrootste belang, want diegene wat beplan moet 'n redelike idee hê van wat die posisie oor 15 tot 20 jaar in die onderwys waarskynlik gaan wees. Met behulp van demografiese gegewens en die ontleding van die tendense wat daaruit voortvloei, moet daar dan ten opsigte van skoolgeboue, ander onderwysfasiliteite en die opleiding van onderwysers beplan word. Bly voortdurende prognose agterweë, bly onderwysbeplanning lukraak en kan dit, onder andere, tot gevolg hê dat "die moontlikheid (bestaan) dat onderwysgeboue wit olifante sal word op die platteland en dit is so."[18)] Wetenskaplike blootlegging van tendense kan moontlik daartoe lei dat die aanbevelings van die Pretorius- en die Wentzel-kommissie ten opsigte van die onbeperkte stigting van kleiner skole weer in oënskou geneem sal moet word. By implikasie beteken hierdie aanbevelings dat die onbeperkte besteding van geld vir uitbreiding by plattelandse skole waarvan die voortbestaan as sekondêre skole tans in die weegskaal is en wat onvermydelik op die senior sekondêre skoolfase gaan verdwyn, gestaak sal moet word. Hierdie aange=

17) RGN., ibid.
18) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., p.622.

leenthede sal verderaan aandag kry by die bespreking van sentralisasie van onderwys in die Vrystaat.

Om te probeer voorspel wat die getalleposisie in Vrystaatse skole in die toekoms sal wees, is dit allereers nodig om te let op wat gedurende die jare 1968 tot 1970 plaasgevind het ten opsigte van die aantal leerlinge in alle Vrystaatse skole.

Tabel 1

LEERLINGE IN ALLE VRYSTAATSE SKOLE, 1968 TOT 1970*

| | 1968 | 1969 | 1970 | Styging | Daling |
|---|---|---|---|---|---|
| Sub. A. | 6809 | 6666 | 6517 | | 292 |
| Sub. B. | 6717 | 6353 | 6365 | | 352 |
| St. 1. | 6948 | 6495 | 6353 | | 595 |
| St. 2. | 6985 | 6522 | 6315 | | 670 |
| St. 3 | 6852 | 6655 | 6464 | | 388 |
| St. 4 | 6628 | 6481 | 6534 | | 94 |
| St. 5 | 6498 | 6217 | 6137 | | 361 |
| St. 6 | 6264 | 6553 | 6569 | 305 | |
| St. 7 | 5477 | 5814 | 5866 | 389 | |
| St. 8 | 4302 | 4934 | 5017 | 715 | |
| St. 9 | 3217 | 3694 | 3811 | 594 | |
| St. 10 | 2648 | 2889 | 2838 | 190 | |
| TOTAAL | 69345 | 69273 | 68786 | 2193 | 2752 |

* Gegewens verkry uit die Direkteursverslae oor die betrokke jare. Die aantal leerlinge in spesiale- en aanpassings-klasse en nie-geklassifiseerde leerlinge is buite rekening gelaat.

Uit bostaande tabel blyk:

1) Dat die aantal leerlinge in alle standerds van die primêre skool gedaal het in teenstelling met die sekondêre skool waar daar 'n toename was. Die daling was egter aansienliker as die styging.

2) Gedurende 1970 was die aantal st. 6-leerlinge meer as die aantal in enige standerd van die primêre skool, selfs meer as die leerlinge in die sub-standerds.

3) Die styging in die aantal sekondêre leerlinge dui daarop dat meer leerlinge die sekondêre skool bereik - moontlik daaraan te danke dat promosie in die primêre skool ook van die ouderdom van leerlinge afhang.

4) Dit is insiggewend dat die grootste stygings in die sekondêre skool by st. 8 (715) en st. 9 (594) voorkom. Die feit dat die styging in st. 10 slegs 190 is, dui op streng promosievereistes in st. 9 met die oog op die skooleindsertifikaateksamen. Dit kan ook as 'n poging deur leerlinge beskou word om minstens die st. 8- of st. 9-peil te bereik.

5) In die geheel gesien, moet aanvaar word dat die aantal primêre leerlinge gedurende dié drie jaar aansienlik gedaal het en dat die uitwerking daarvan uiteindelik in die sekondêre skool gevoel sal word.

'n Vraag wat hieruit ontstaan, is of hierdie tendens dwarsdeur die hele provinsie geld en of dit hoof=saaklik op 'n streeksgrondslag voorkom. Indien skole gevind kan word waar sowel die sekondêre- as die primêre afdelings gegroei het, is dit gerusstellend wat die toekoms van daardie skole betref. Die teenoorgestelde is egter ook waar, nl. as die aantal primêre en sekondêre leerlinge by skole in getalle al nader aan mekaar beweeg, beteken dit dat die leerlingtoevoer by daardie skole se sekondêre afde=lings al kleiner sal word met gevolglike kleiner sekondêre afdelings.

Dit is reeds vooraf gesê dat onderwysbeplanning op 'n lang termyn moet geskied. In die volgende tabel word die aantal leerlinge van 49 plattelandse skole

gedurende die jare 1942 tot 1945 vergelyk met dié gedurende die jare 1969 tot 1971, dit wil sê na 'n tydsverloop van 26 jaar. In hierdie tabel word slegs na suiwer plattelandse skole verwys en word skole van Bloemfontein, die Goudveld, Kroonstad, Bethlehem, Harrismith en Parys buite rekening gelaat, aangesien daar in hierdie streke nywerhede voorkom wat tot 'n groot mate in die geval van hierdie 49 skole ontbreek. Die term "suiwer platte= lands" dui derhalwe op daardie skole wat voorkom in streke wat hoofsaaklik van boerdery as primêre bedryf afhanklik is en daarom is hierdie 49 skole in die volgende tabel ingesluit.

Tabel 2

VERGELYKENDE STAAT VAN DIE LEERLINGTALLE VAN PLATTE= LANDSE SKOLE TUSSEN DIE JARE 1942 - 1945 EN 1969 - 1971*

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Brandfort | 1942 | 121 | 362 | 483 |
| | 1943 | 131 | 373 | 504 |
| | 1944 | 123 | 364 | 487 |
| | 1945 | 107 | 362 | 469 |
| Gemiddeld | | 120 | 365 | 486 |
| | 1969 | 213 | 395 | 608 |
| | 1970 | 208 | 366 | 574 |
| | 1971 | 200 | 368 | 568 |
| Gemiddeld | | 207 | 376 | 583 |
| Bultfontein | 1942 | 88 | 315 | 403 |
| | 1943 | 82 | 321 | 403 |
| | 1944 | 81 | 307 | 388 |
| | 1945 | 89 | 327 | 416 |
| Gemiddeld | | 85 | 317 | 402 |
| | 1969 | 239 | 481 | 720 |
| | 1970 | 242 | 496 | 738 |
| | 1971 | 231 | 479 | 710 |
| Gemiddeld | | 237 | 485 | 723 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Hertzogville | 1942 | 21 | 135 | 156 |
| | 1943 | 21 | 114 | 135 |
| | 1944 | 23 | 124 | 147 |
| | 1945 | 15 | 114 | 129 |
| Gemiddeld | | 20 | 122 | 142 |
| | 1969 | 133 | 217 | 350 |
| | 1970 | 139 | 216 | 355 |
| | 1971 | 135 | 216 | 351 |
| Gemiddeld | | 136 | 216 | 352 |
| Jacobsdal | 1942 | 18 | 102 | 120 |
| | 1943 | 22 | 122 | 142 |
| | 1944 | 16 | 94 | 110 |
| | 1945 | 8 | 127 | 135 |
| Gemiddeld | | 16 | 111 | 127 |
| | 1969 | 124 | 195 | 319 |
| | 1970 | 115 | 174 | 289 |
| | 1971 | 120 | 157 | 277 |
| Gemiddeld | | 119 | 175 | 295 |
| Koffiefontein | 1942 | 76 | 253 | 329 |
| | 1943 | 81 | 288 | 369 |
| | 1944 | 82 | 350 | 432 |
| | 1945 | 92 | 362 | 454 |
| Gemiddeld | | 83 | 313 | 396 |
| | 1969 | 97 | 146 | 243 |
| | 1970 | 100 | 151 | 251 |
| | 1971 | 110 | 165 | 275 |
| Gemiddeld | | 102 | 154 | 256 |
| Fauresmith | 1942 | 54 | 159 | 213 |
| | 1943 | 61 | 144 | 205 |
| | 1944 | 63 | 150 | 213 |
| | 1945 | 64 | 140 | 204 |
| Gemiddeld | | 60 | 148 | 209 |
| | 1969 | 90 | 118 | 208 |
| | 1970 | 93 | 123 | 216 |
| | 1971 | 106 | 114 | 220 |
| Gemiddeld | | 96 | 118 | 214 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Jagersfontein | 1942 | 63 | 146 | 209 |
| | 1943 | 53 | 134 | 187 |
| | 1944 | 50 | 143 | 193 |
| | 1945 | 45 | 133 | 178 |
| Gemiddeld | | 53 | 139 | 192 |
| | 1969 | 117 | 183 | 300 |
| | 1970 | 91 | 164 | 255 |
| | 1971 | 74 | 121 | 195 |
| Gemiddeld | | 94 | 156 | 250 |
| Philippolis | 1942 | 81 | 194 | 275 |
| | 1943 | 80 | 193 | 273 |
| | 1944 | 77 | 196 | 273 |
| | 1945 | 74 | 200 | 274 |
| Gemiddeld | | 78 | 196 | 274 |
| | 1969 | 134 | 149 | 283 |
| | 1970 | 132 | 139 | 271 |
| | 1971 | 118 | 122 | 240 |
| Gemiddeld | | 128 | 137 | 265 |
| Bethulie | 1942 | 114 | 336 | 450 |
| | 1943 | 114 | 338 | 452 |
| | 1944 | 105 | 307 | 413 |
| | 1945 | 107 | 300 | 407 |
| Gemiddeld | | 110 | 320 | 430 |
| | 1969 | 97 | 219 | 316 |
| | 1970 | 102 | 152 | 254 |
| | 1971 | 83 | 151 | 234 |
| Gemiddeld | | 94 | 174 | 268 |
| Dealesville | 1942 | 123 | 157 | 280 |
| | 1943 | 111 | 152 | 263 |
| | 1944 | 112 | 146 | 258 |
| | 1945 | 103 | 166 | 269 |
| Gemiddeld | | 112 | 155 | 267 |
| | 1969 | 85 | 128 | 213 |
| | 1970 | 77 | 120 | 197 |
| | 1971 | 54 | 108 | 162 |
| Gemiddeld | | 72 | 119 | 191 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Boshof | 1942 | 162 | 231 | 393 |
| | 1943 | 152 | 252 | 404 |
| | 1944 | 141 | 268 | 409 |
| | 1945 | 144 | 299 | 443 |
| Gemiddeld | | 150 | 263 | 412 |
| | 1969 | 201 | 241 | 442 |
| | 1970 | 194 | 216 | 410 |
| | 1971 | 167 | 229 | 396 |
| Gemiddeld | | 187 | 229 | 416 |
| Petrusburg | 1942 | 120 | 247 | 367 |
| | 1943 | 107 | 247 | 354 |
| | 1944 | 96 | 250 | 346 |
| | 1945 | 90 | 247 | 337 |
| Gemiddeld | | 103 | 248 | 351 |
| | 1969 | 134 | 214 | 348 |
| | 1970 | 140 | 212 | 352 |
| | 1971 | 144 | 190 | 334 |
| Gemiddeld | | 139 | 205 | 344 |
| Trompsburg | 1942 | 57 | 143 | 200 |
| | 1943 | 58 | 133 | 191 |
| | 1944 | 50 | 148 | 198 |
| | 1945 | 48 | 141 | 189 |
| Gemiddeld | | 53 | 141 | 194 |
| | 1969 | 77 | 109 | 186 |
| | 1970 | 101 | 114 | 215 |
| | 1971 | 92 | 97 | 189 |
| Gemiddeld | | 90 | 107 | 197 |
| Edenburg | 1942 | 92 | 229 | 321 |
| | 1943 | 82 | 241 | 323 |
| | 1944 | 77 | 228 | 305 |
| | 1945 | 78 | 199 | 277 |
| Gemiddeld | | 82 | 224 | 306 |
| | 1969 | 120 | 190 | 310 |
| | 1970 | 110 | 167 | 277 |
| | 1971 | 106 | 144 | 250 |
| Gemiddeld | | 112 | 167 | 279 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Reddersburg | 1942 | 79 | 173 | 252 |
| | 1943 | 77 | 163 | 240 |
| | 1944 | 78 | 141 | 219 |
| | 1945 | 70 | 141 | 211 |
| Gemiddeld | | 76 | 154 | 230 |
| | 1969 | 95 | 140 | 235 |
| | 1970 | 105 | 136 | 241 |
| | 1971 | 102 | 146 | 248 |
| Gemiddeld | | 101 | 141 | 242 |
| Dewetsdorp | 1942 | 106 | 228 | 334 |
| | 1943 | 111 | 227 | 338 |
| | 1944 | 103 | 214 | 317 |
| | 1945 | 89 | 221 | 310 |
| Gemiddeld | | 102 | 222 | 324 |
| | 1969 | 140 | 211 | 351 |
| | 1970 | 118 | 211 | 329 |
| | 1971 | 108 | 222 | 330 |
| Gemiddeld | | 122 | 215 | 337 |
| Smithfield | 1942 | 89 | 239 | 328 |
| | 1943 | 84 | 258 | 342 |
| | 1944 | 84 | 244 | 328 |
| | 1945 | 75 | 247 | 323 |
| Gemiddeld | | 83 | 247 | 330 |
| | 1969 | 96 | 153 | 279 |
| | 1970 | 93 | 145 | 238 |
| | 1971 | 95 | 129 | 224 |
| Gemiddeld | | 95 | 142 | 237 |
| Rouxville | 1942 | 76 | 206 | 282 |
| | 1943 | 76 | 192 | 268 |
| | 1944 | 81 | 223 | 304 |
| | 1945 | 88 | 227 | 315 |
| Gemiddeld | | 80 | 212 | 292 |
| | 1969 | 114 | 149 | 263 |
| | 1970 | 111 | 136 | 247 |
| | 1971 | 101 | 120 | 221 |
| Gemiddeld | | 109 | 135 | 244 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Zastron | 1942 | 156 | 411 | 567 |
| | 1943 | 165 | 412 | 577 |
| | 1944 | 156 | 393 | 549 |
| | 1945 | 146 | 398 | 544 |
| Gemiddeld | | 156 | 403 | 559 |
| | 1969 | 136 | 268 | 404 |
| | 1970 | 106 | 273 | 379 |
| | 1971 | 118 | 232 | 350 |
| Gemiddeld | | 120 | 258 | 278 |
| Wepener | 1942 | 58 | 282 | 340 |
| | 1943 | 60 | 272 | 332 |
| | 1944 | 73 | 254 | 327 |
| | 1945 | 76 | 274 | 350 |
| Gemiddeld | | 67 | 270 | 337 |
| | 1969 | 85 | 232 | 317 |
| | 1970 | 121 | 250 | 371 |
| | 1971 | 164 | 237 | 401 |
| Gemiddeld | | 123 | 239 | 363 |
| Hobhouse | 1942 | 53 | 160 | 213 |
| | 1943 | 53 | 149 | 202 |
| | 1944 | 50 | 134 | 184 |
| | 1945 | 48 | 145 | 193 |
| Gemiddeld | | 51 | 147 | 198 |
| | 1969 | 85 | 123 | 208 |
| | 1970 | 61 | 115 | 176 |
| | 1971 | 59 | 95 | 154 |
| Gemiddeld | | 68 | 111 | 179 |
| Excelsior | 1942 | 71 | 172 | 243 |
| | 1943 | 51 | 198 | 249 |
| | 1944 | 52 | 181 | 233 |
| | 1945 | 51 | 167 | 218 |
| Gemiddeld | | 56 | 179 | 236 |
| | 1969 | 180 | 161 | 341 |
| | 1970 | 164 | 136 | 300 |
| | 1971 | 122 | 110 | 232 |
| Gemiddeld | | 155 | 132 | 287 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Edenville | 1942 | 62 | 220 | 282 |
| | 1943 | 65 | 231 | 296 |
| | 1944 | 57 | 218 | 275 |
| | 1945 | 56 | 229 | 285 |
| Gemiddeld | | 60 | 224 | 284 |
| | 1969 | 83 | 157 | 240 |
| | 1970 | 84 | 141 | 225 |
| | 1971 | 80 | 140 | 220 |
| Gemiddeld | | 82 | 146 | 228 |
| Steynsrus | 1942 | 77 | 226 | 303 |
| | 1943 | 92 | 221 | 313 |
| | 1944 | 91 | 218 | 309 |
| | 1945 | 97 | 201 | 298 |
| Gemiddeld | | 89 | 216 | 306 |
| | 1969 | 99 | 167 | 266 |
| | 1970 | 91 | 170 | 261 |
| | 1971 | 89 | 167 | 256 |
| Gemiddeld | | 93 | 168 | 261 |
| Hoopstad | 1942 | 41 | 206 | 247 |
| | 1943 | 47 | 203 | 250 |
| | 1944 | 49 | 200 | 249 |
| | 1945 | 32 | 179 | 211 |
| Gemiddeld | | 42 | 197 | 239 |
| | 1969 | 59 | 235 | 294 |
| | 1970 | 78 | 223 | 301 |
| | 1971 | 75 | 229 | 304 |
| Gemiddeld | | 71 | 229 | 300 |
| Wesselsbron | 1942 | 13 | 164 | 177 |
| | 1943 | 16 | 168 | 184 |
| | 1944 | 16 | 164 | 180 |
| | 1945 | 17 | 161 | 178 |
| Gemiddeld | | 16 | 164 | 180 |
| | 1969 | 116 | 302 | 418 |
| | 1970 | 116 | 296 | 403 |
| | 1971 | 135 | 295 | 430 |
| Gemiddeld | | 122 | 298 | 420 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Ventersburg | 1942 | 97 | 265 | 362 |
| | 1943 | 87 | 270 | 357 |
| | 1944 | 78 | 292 | 370 |
| | 1945 | 84 | 286 | 370 |
| Gemiddeld | | 86 | 278 | 364 |
| | 1969 | 90 | 253 | 343 |
| | 1970 | 89 | 245 | 334 |
| | 1971 | 95 | 238 | 333 |
| Gemiddeld | | 91 | 245 | 336 |
| Winburg | 1942 | 140 | 386 | 526 |
| | 1943 | 137 | 361 | 498 |
| | 1944 | 119 | 393 | 512 |
| | 1945 | 114 | 396 | 510 |
| Gemiddeld | | 127 | 384 | 511 |
| | 1969 | 212 | 373 | 585 |
| | 1970 | 218 | 360 | 578 |
| | 1971 | 196 | 366 | 562 |
| Gemiddeld | | 209 | 366 | 575 |
| Theunissen | 1942 | 84 | 249 | 333 |
| | 1943 | 81 | 234 | 315 |
| | 1944 | 82 | 250 | 332 |
| | 1945 | 81 | 280 | 361 |
| Gemiddeld | | 82 | 253 | 335 |
| | 1969 | 205 | 345 | 550 |
| | 1970 | 202 | 346 | 548 |
| | 1971 | 199 | 334 | 533 |
| Gemiddeld | | 202 | 341 | 543 |
| Koppies | 1942 | 108 | 299 | 407 |
| | 1943 | 110 | 313 | 423 |
| | 1944 | 105 | 297 | 402 |
| | 1945 | 116 | 305 | 421 |
| Gemiddeld | | 109 | 303 | 413 |
| | 1969 | 131 | 354 | 485 |
| | 1970 | 135 | 341 | 476 |
| | 1971 | 143 | 317 | 460 |
| Gemiddeld | | 136 | 337 | 473 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Fouriesburg | 1942 | 62 | 210 | 272 |
| | 1943 | 55 | 206 | 261 |
| | 1944 | 59 | 196 | 255 |
| | 1945 | 57 | 173 | 230 |
| Gemiddeld | | 58 | 196 | 254 |
| | 1969 | 93 | 163 | 256 |
| | 1970 | 86 | 135 | 221 |
| | 1971 | 66 | 149 | 215 |
| Gemiddeld | | 81 | 149 | 230 |
| Ficksburg | 1942 | 208 | 612 | 817 |
| | 1943 | 206 | 611 | 817 |
| | 1944 | 213 | 570 | 783 |
| | 1945 | 193 | 561 | 754 |
| Gemiddeld | | 205 | 588 | 793 |
| | 1969 | 262 | 489 | 751 |
| | 1970 | 261 | 441 | 702 |
| | 1971 | 248 | 519 | 767 |
| Gemiddeld | | 257 | 483 | 740 |
| Clocolan | 1942 | 102 | 284 | 386 |
| | 1943 | 103 | 272 | 375 |
| | 1944 | 89 | 272 | 361 |
| | 1945 | 103 | 283 | 386 |
| Gemiddeld | | 99 | 277 | 377 |
| | 1969 | 139 | 260 | 399 |
| | 1970 | 133 | 236 | 369 |
| | 1971 | 102 | 217 | 319 |
| Gemiddeld | | 125 | 237 | 362 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Ladybrand | 1942 | 193 | 561 | 754 |
| | 1943 | 194 | 571 | 765 |
| | 1944 | 187 | 565 | 752 |
| | 1945 | 162 | 532 | 694 |
| Gemiddeld | | 184 | 557 | 741 |
| | 1969 | 265 | 517 | 782 |
| | 1970 | 290 | 479 | 769 |
| | 1971 | 283 | 423 | 706 |
| Gemiddeld | | 279 | 473 | 742 |
| Marquard | 1942 | 83 | 238 | 321 |
| | 1943 | 114 | 231 | 345 |
| | 1944 | 99 | 241 | 340 |
| | 1945 | 101 | 259 | 360 |
| Gemiddeld | | 99 | 242 | 341 |
| | 1969 | 132 | 226 | 358 |
| | 1970 | 137 | 204 | 341 |
| | 1971 | 133 | 196 | 329 |
| Gemiddeld | | 134 | 209 | 343 |
| Senekal | 1942 | 228 | 391 | 619 |
| | 1943 | 219 | 377 | 596 |
| | 1944 | 189 | 352 | 541 |
| | 1945 | 175 | 367 | 542 |
| Gemiddeld | | 203 | 370 | 574 |
| | 1969 | 323 | 403 | 726 |
| | 1970 | 320 | 399 | 719 |
| | 1971 | 296 | 437 | 733 |
| Gemiddeld | | 313 | 413 | 726 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Kestell | 1942 | 93 | 183 | 276 |
| | 1943 | 98 | 181 | 279 |
| | 1944 | 101 | 197 | 298 |
| | 1945 | 106 | 193 | 299 |
| Gemiddeld | | 99 | 188 | 288 |
| | 1969 | 84 | 129 | 213 |
| | 1970 | 76 | 124 | 200 |
| | 1971 | 65 | 126 | 191 |
| Gemiddeld | | 75 | 126 | 201 |
| Vrede | 1942 | 199 | 393 | 592 |
| | 1943 | 205 | 413 | 618 |
| | 1944 | 219 | 408 | 627 |
| | 1945 | 200 | 407 | 607 |
| Gemiddeld | | 206 | 405 | 611 |
| | 1969 | 219 | 392 | 611 |
| | 1970 | 218 | 371 | 589 |
| | 1971 | 228 | 362 | 590 |
| Gemiddeld | | 222 | 375 | 597 |
| Warden | 1942 | 90 | 230 | 320 |
| | 1943 | 79 | 217 | 296 |
| | 1944 | 90 | 223 | 313 |
| | 1945 | 83 | 222 | 305 |
| Gemiddeld | | 85 | 223 | 308 |
| | 1969 | 140 | 198 | 338 |
| | 1970 | 116 | 188 | 304 |
| | 1971 | 124 | 187 | 311 |
| Gemiddeld | | 127 | 191 | 318 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Reitz | 1942 | 157 | 289 | 446 |
| | 1943 | 165 | 294 | 459 |
| | 1944 | 167 | 307 | 474 |
| | 1945 | 141 | 312 | 453 |
| Gemiddeld | | 157 | 300 | 458 |
| | 1969 | 219 | 309 | 528 |
| | 1970 | 211 | 308 | 519 |
| | 1971 | 215 | 312 | 527 |
| Gemiddeld | | 215 | 309 | 524 |
| Tweeling | 1942 | 35 | 136 | 171 |
| | 1943 | 42 | 131 | 173 |
| | 1944 | 40 | 131 | 171 |
| | 1945 | 58 | 152 | 210 |
| Gemiddeld | | 44 | 137 | 181 |
| | 1969 | 68 | 86 | 154 |
| | 1970 | 76 | 107 | 183 |
| | 1971 | 84 | 109 | 193 |
| Gemiddeld | | 76 | 101 | 177 |
| Frankfort | 1942 | 115 | 337 | 452 |
| | 1943 | 104 | 348 | 452 |
| | 1944 | 121 | 387 | 508 |
| | 1945 | 121 | 404 | 525 |
| Gemiddeld | | 115 | 369 | 484 |
| | 1969 | 183 | 377 | 560 |
| | 1970 | 180 | 412 | 592 |
| | 1971 | 190 | 411 | 601 |
| Gemiddeld | | 184 | 400 | 584 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Villiers | 1942 | 79 | 180 | 259 |
| | 1943 | 86 | 199 | 285 |
| | 1944 | 77 | 212 | 289 |
| | 1945 | 70 | 222 | 292 |
| Gemiddeld | | 78 | 203 | 281 |
| | 1969 | 79 | 133 | 212 |
| | 1970 | 76 | 139 | 215 |
| | 1971 | 77 | 134 | 211 |
| Gemiddeld | | 77 | 135 | 213 |
| Heilbron | 1942 | 214 | 408 | 622 |
| | 1943 | 210 | 417 | 627 |
| | 1944 | 223 | 434 | 657 |
| | 1945 | 216 | 460 | 676 |
| Gemiddeld | | 216 | 429 | 645 |
| | 1969 | 299 | 476 | 775 |
| | 1970 | 277 | 460 | 737 |
| | 1971 | 275 | 470 | 745 |
| Gemiddeld | | 280 | 469 | 749 |
| Lindley | 1942 | 144 | 381 | 525 |
| | 1943 | 144 | 372 | 516 |
| | 1944 | 150 | 362 | 512 |
| | 1945 | 145 | 363 | 508 |
| Gemiddeld | | 146 | 369 | 515 |
| | 1969 | 163 | 282 | 445 |
| | 1970 | 189 | 256 | 445 |
| | 1971 | 171 | 280 | 451 |
| Gemiddeld | | 174 | 273 | 447 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Petrus Steyn | 1942 | 82 | 209 | 291 |
| | 1943 | 76 | 196 | 272 |
| | 1944 | 76 | 191 | 267 |
| | 1945 | 73 | 191 | 264 |
| Gemiddeld | | 77 | 197 | 274 |
| | 1969 | 93 | 200 | 293 |
| | 1970 | 101 | 189 | 290 |
| | 1971 | 91 | 202 | 293 |
| Gemiddeld | | 95 | 197 | 292 |
| Vredefort | 1942 | 88 | 194 | 282 |
| | 1943 | 80 | 204 | 284 |
| | 1944 | 73 | 202 | 275 |
| | 1945 | 68 | 219 | 287 |
| Gemiddeld | | 77 | 205 | 282 |
| | 1969 | 120 | 202 | 322 |
| | 1970 | 107 | 188 | 295 |
| | 1971 | 116 | 182 | 298 |
| Gemiddeld | | 107 | 191 | 298 |
| Viljoenskroon | 1942 | 79 | 385 | 464 |
| | 1943 | 73 | 384 | 457 |
| | 1944 | 88 | 395 | 483 |
| | 1945 | 89 | 373 | 462 |
| Gemiddeld | | 82 | 384 | 466 |
| | 1969 | 170 | 438 | 608 |
| | 1970 | 177 | 423 | 600 |
| | 1971 | 167 | 402 | 569 |
| Gemiddeld | | 171 | 421 | 592 |

| Skool | Jaartal | Sekondêr | Primêr | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Bothaville | 1942 | 89 | 315 | 404 |
| | 1943 | 94 | 308 | 402 |
| | 1944 | 103 | 308 | 411 |
| | 1945 | 104 | 310 | 414 |
| Gemiddeld | | 97 | 310 | 408 |
| | 1969 | 258 | 540 | 798 |
| | 1970 | 273 | 547 | 820 |
| | 1971 | 268 | 530 | 798 |
| Gemiddeld | | 266 | 539 | 805 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Direkteursverslae van die jare 1942 tot 1945 en die Desember-kwartaalstate van 1969 tot 1971.

Uit die voorgaande tabel kan die volgende afgelei word:

1) Daar is vyftien skole waarvan sowel die sekondêre- as die primêre afdelings, globaal oor die bykans drie dekades beskou, gegroei het, nl. die skole te Brandfort, Bultfontein, Hertzogville, Hoopstad, Wesselsbron, Theunissen, Senekal, Reitz, Frankfort, Heilbron, Jacobsdal, Jagersfontein, Koppies, Viljoenskroon en Bothaville. Dit moet egter vermeld word dat laasgenoemde vyf skole, ten spyte van die feit dat 'n groei in die primêre afdelings bemerk word, tans onderhewig is aan 'n dalende tendens oor die afgelope drie jaar.

2) Daar moet ten opsigte van bogenoemde daarop gelet word dat die meeste van die bogemelde skole in streke geleë is waar die boerderybedryf sedert 1945 vinnig ontwikkel het en hierdie dorpe 'n sterk groei laat ondervind het. Dit is in weerwil hiervan egter opmerklik dat hierdie skole, op enkele uitsonderings

na,[19] veral in hulle primêre afdelings 'n dalende tendens in die jare 1969 tot 1971 ondervind het.

3) Dit is opmerklik dat slegs twee van die bogemelde vyftien skole ten suide van Bloemfontein lê en dat, ten spyte van groei oor die periode as geheel, daar in die laaste drie jaar van die onderhawige periode in die skool te Jagersfontein in die sekondêre- en primêre afdelings respektiewelik 'n 37% en 34% afname in leerlinge was. In die geval van Jacobsdal is die daling geringer, nl. 4% in die sekondêre- en 20% in die primêre afdeling.

Hierteenoor is daar 29 skole met 'n verlies in primêre-, maar 'n styging in sekondêre getal leerlinge, nl. dié te Boshof, Petrusburg, Koffie=fontein, Fauresmith, Edenburg, Philippolis, Trompsburg, Reddersburg, Dewetsdorp, Smithfield, Rouxville, Wepener, Hobhouse, Excelsior, Edenville, Steynsrus, Ventersburg, Winburg, Fouriesburg, Ficksburg, Clocolan, Ladybrand, Marquard, Vrede, Warden, Tweeling, Villiers, Lindley en Vredefort.

4) Met uitsondering van die skole te Winburg, Ficksburg en Ladybrand verteenwoordig hierdie groep feitlik al die heel kleiner sekondêre skole in die Vrystaat. Wat die rede vir die dalende neiging in die primêre getalle teenoor die stygende sekondêre getalle is, kan nie uit hierdie gegewens wetenskaplik verantwoord word nie. Dit sal 'n sosiologiese ondersoek ter plaatse alleen kan doen. Wat egter vir hierdie studie direk ter sprake is, is dat dit 'n ongesonde tendens aandui, nl. dat die voedingsbron van die sekondêre

19) Die uitsonderings is die skole te Senekal, Reitz en Frankfort.

skole aan die krimp is. 'n Moontlike verklaring vir die styging in sekondêre aantal leerlinge kan dalk by implikasie in die volgende verklaring gelees word: "Ek het onlangs die ondervinding gehad om by 'n ouervergadering teenwoordig te wees waaroor spesifiek besluit was daarop of na aan= leiding van differensiasie voortgegaan moet word met 'n hoërskool, ja of nee, 'n sekondêre skool. Ek het met die moed van my oortuiging vir daardie ouers gesê dat die pad sal steiler word vorentoe. Desondanks het daardie groep ouers besluit, ten spyte van die feit dat dit vir hulle uit daardie gemeenskap drieduisend Rand per jaar vir kinders uit naburige gebiede kos, om daardie skool te handhaaf."[20] By die bespreking van moontlike sonering sal hierdie aangeleentheid breedvoeriger bespreek word.

5) Dit blyk verder uit die tabel dat daar vier skole is wat 'n daling in getalle ten opsigte van die sekondêre- en primêre afdelings ondervind het, nl. dié te Dealesville, Bethulie, Zastron en Kestell.

6) Volgens dié gegewens van 1971 voldoen Dealesville met 54-, Hobhouse met 59- en Cornelia met 61 sekon= dêre leerlinge nie meer aan die vereistes van sekon= dêre skoolstatus nie, terwyl Kestell slegs die minimum aantal leerlinge van 65 kon handhaaf. Hierbenewens is die volgende skole reeds binne 15 leerlinge van die voortbestaansgrens, nl. dié te Jagersfontein (74), Edenville (80), Hoopstad (75), Fouriesburg (66) en Villiers (77).

---

20) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., p.621.

3.2.1 Die verhouding tussen die aantal primêre en sekondêre leerlinge

Dit is reeds aangedui dat die aantal primêre leerlinge van skole aan die daal is teenoor 'n redelik algemene styging van die aantal sekondêre leerlinge. Aangesien die primêre skole die voedingsbron van die sekondêre skole is en laasgenoemde van eersgenoemde vir sy voortbestaan afhanklik is, moet die afname in getalle by 'n steekproef skole breedvoeriger beskou word. Vir hierdie doel is 21 skole op toevallige wyse gekies en is hulle inskrywings ontleed.

Tabel 3

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE AANTAL PRIMêRE- EN SEKONDêRE LEERLINGE AAN 21 SKOLE*

| Skool | Gemiddelde leerlingtal 1942 - 1945 | | Verskil | Gemiddelde leerlingtal 1969 - 1970 | | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Sekondêr | Primêr | | Sekondêr | Primêr | |
| Jacobsdal | 16 | 111 | 95 | 119 | 175 | 56 |
| Koffiefontein | 83 | 313 | 230 | 102 | 154 | 52 |
| Fauresmith | 60 | 148 | 88 | 96 | 118 | 22 |
| Jagersfontein | 53 | 139 | 86 | 94 | 154 | 60 |
| Philippolis | 78 | 196 | 118 | 128 | 137 | 9 |
| Bethulie | 110 | 320 | 210 | 94 | 174 | 80 |
| Trompsburg | 53 | 141 | 88 | 90 | 107 | 17 |
| Edenburg | 82 | 224 | 142 | 112 | 167 | 55 |
| Reddersburg | 76 | 154 | 78 | 101 | 141 | 40 |
| Smithfield | 83 | 247 | 164 | 95 | 142 | 47 |
| Rouxville | 80 | 212 | 132 | 109 | 135 | 26 |
| Hobhouse | 51 | 147 | 96 | 68 | 111 | 43 |
| Edenville | 60 | 224 | 164 | 82 | 146 | 64 |
| Marquard | 99 | 242 | 143 | 134 | 209 | 75 |
| Kestell | 99 | 188 | 89 | 75 | 126 | 51 |
| Warden | 85 | 223 | 138 | 127 | 191 | 64 |

| Skool | Gemiddelde leerlingtal 1942 - 1945 | | Verskil | Gemiddelde leerlingtal 1969 - 1970 | | Verskil |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Sekondêr | Primêr | | Sekondêr | Primêr | |
| Reitz | 157 | 300 | 143 | 215 | 309 | 94 |
| Tweeling | 44 | 137 | 93 | 76 | 101 | 25 |
| Villiers | 78 | 203 | 125 | 77 | 135 | 58 |
| Vredefort | 77 | 205 | 128 | 116 | 182 | 66 |
| Excelsior | 56 | 179 | 123 | 155 | 132 | -23 |

* Alle gegewens uit tabel 2 herlei.

Uit hierdie steekproef skole uit alle dele van die Vrystaat blyk dit dat dieselfde tendens waarneem= baar is, nl. dat die getallegaping tussen die primêre= en sekondêre afdelings van skole al kleiner word. In die periode 1942 tot 1945 was die gemiddelde leerlingtal van die primêre afdelings 203 en dié van die sekondêre afdeling 75, dit wil sê 'n verskil van 128 leerlinge. In die periode 1969 tot 1970 daal die gemiddelde leerlingtal van die primêre afdelings tot 155 leerlinge, teenoor 'n styging in die gemiddelde grootte van die sekondêre afdelings, nl. 108 leerlinge, dit wil sê 'n verskil van slegs 47 leerlinge. Excelsior verdien spe= siale vermelding aangesien die sekondêre afdeling reeds groter as die primêre afdeling is, wat uiteraard 'n ongesonde verskynsel is.

By nadere ontleding tref dit dat hierdie verskynsel hom by alle skole suid van Bloemfontein voordoen sodat sonder teenspraak beweer kan word dat hierdie skole steeds kleiner sal word. Dit het ook reeds uit die vorige tabel duidelik geword.

Wat die skole noord van Bloemfontein betref, kom dit voor asof die skole waar hierdie verskynsel

waarneembaar is, meesal daardie kleiner skole is wat naby groter skole en sterker ekonomiese groeipunte geleë is. Hier kan verwys word na skole soos Edenville (naby Kroonstad), Kestell (tussen Harrismith en Bethlehem), Fouriesburg, Marquard en Excelsior (naby aan Ficksburg), en Vredefort (naby Parys). Ofskoon dit nie afdoende uit hierdie gegewens bevestig kan word nie, wil dit voorkom asof daar 'n mate van dreinering vanaf hierdie skole na dié in groter sentra kan geskied. Hierdie saak word egter later bespreek.

Die oorheersende waarheid is egter dat die plattelandse skole, veral suid van Bloemfontein, vinnig besig is om te klein te word en dat die aantal sekondêre leerlinge in die nabye toekoms vinnig gaan daal vanweë die afname wat reeds in die aantal primêre leerlinge plaasgevind het. 'n Ondersoek deur die RGN aangaande die leefbaar= heid van sekere plattelandse kerns in die opvang= gebied van die Verwoerddam, [21] werp verdere lig op hierdie stelling. Dit is, nl. bevind dat in Bethulie 57, 7% van die bevolking ouer as 60 jaar is en slegs 6,4% in die ouderdomsgroep 15- tot 29 jaar val. Ofskoon in 'n mindere mate, geld dit ook vir die ander kerns wat by hierdie ondersoek betrek was.[22]

'n Verdere rede vir die daling in die aantal leer= linge setel daarin dat dit ouers vrystaan om hulle kinders na die skool van hulle keuse te stuur. Hierdie vryheid is in hierdie provinsie die amptelike beleid en word deur die ouers hoog aangeslaan.[23] Genoemde verslag van die RGN

21) RGN. Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam.
22) Ibid., p.24.
23) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., p.460.

werp lig op die omvang van die ouerlike vryheid in die voorgenoemde kerns. Dit blyk, nl. dat 4,6% ouers hulle kinders in ander dorpe as hulle tuisdorpe op skool het en dat 19,6% ouers meen dat dit geregverdig is om hulle kinders na skole elders as die skole in hulle tuisdorpe te stuur.[24] Hierdie saak sal verder=aan weer aangeroer word wanneer aangetoon sal word hoeveel kinders van buite Bloemfontein aldaar op skool is.

Dit is nou reeds herhaaldelik aangedui dat plattelandse leerlingtalle in die Vrystaat feitlik deurgaans besig is om te daal. Om hierdie daling na waarde te skat, word vervolgens gelet op die inskrywingsyfer van sub. A-leerlinge gedurende die jare 1969 tot 1971.

<u>Tabel 4</u>

INSKRYWINGS IN SUB.A GEDURENDE 1969 TOT 1971*

| Skool | 1969 | 1970 | 1971 |
|---|---|---|---|
| Bothaville | 82 | 81 | 79 |
| Ficksburg | 60 | 66 | 73 |
| Ladybrand | 57 | 52 | 50 |
| Heilbron | 68 | 61 | 56 |
| Vrede | 38 | 58 | 43 |
| Brandfort | 42 | 45 | 46 |
| Senekal | 56 | 53 | 71 |
| Theunissen | 50 | 44 | 36 |
| Winburg | 52 | 35 | 50 |
| Fouriesburg | 23 | 18 | 22 |
| Kestell | 25 | 18 | 17 |
| Lindley | 30 | 38 | 32 |
| Petrus Steyn | 17 | 21 | 32 |

24) RGN., op.cit., p.47.

| Skool | 1969 | 1970 | 1971 |
|---|---|---|---|
| Tweeling | - | 21 | 16 |
| President Steyn | 35 | 34 | 28 |
| Boshof | 28 | 30 | 22 |
| Dealesville | 11 | 18 | 12 |
| Hertzogville | 34 | 28 | 32 |
| Hoopstad | 34 | 28 | 38 |
| Jacobsdal | 23 | 21 | 12 |
| Petrusburg | 32 | 26 | 16 |
| Fauresmith | 8 | 14 | 13 |
| Edenburg | 30 | 15 | 10 |
| Jagersfontein | 16 | 27 | 16 |
| Koffiefontein | 26 | 23 | 24 |
| Philippolis | 20 | 19 | 14 |
| Trompsburg | 12 | 13 | 17 |
| Edenville | 26 | 13 | 19 |
| Steynsrus | 22 | 23 | 19 |
| Viljoenskroon | 62 | 62 | 43 |
| Clocolan | 31 | 35 | 32 |
| Excelsior | 24 | 10 | 17 |
| Hobhouse | 19 | 12 | 9 |
| Marquard | 29 | 20 | 28 |
| Wesselsbron | 38 | 40 | 35 |
| Koppies | 51 | 44 | 43 |
| Vredefort | 19 | 18 | 17 |
| Bethulie | 29 | 12 | 30 |
| Dewetsdorp | 24 | 30 | 28 |
| Reddersburg | 18 | 13 | 23 |
| Rouxville | 23 | 15 | 10 |
| Smithfield | 23 | 16 | 14 |
| Wepener | 28 | 32 | 28 |
| Zastron | 37 | 26 | 27 |
| Cornelia | 19 | 15 | 16 |
| Frankfort | 59 | 62 | 52 |
| Villiers | 20 | 14 | 17 |
| Warden | 30 | 29 | 17 |

| Skool | 1969 | 1970 | 1971 |
|---|---|---|---|
| Bultfontein | 74 | 55 | 60 |
| Ventersburg | 39 | 32 | 29 |
| Totaal | 1663 | 1535 | 1490 |
| Gemiddeld | 33,9 | 30,7 | 29,8 |
| Aantal skole | 49 | 50 | 50 |

*Alle gegewens verkry uit die kwartaalstate van die betrokke jare. Die 1969-gegewens van Tweeling was nie beskikbaar nie.

Die volgende afleidings kan uit tabel 4 gemaak word:

1) Slegs die volgende skole toon in 1971 'n toename in die aantal sub. A-leerlinge bo die aantal van 1969: Ficksburg, Vrede, Brandfort, Senekal, Lindley, Petrus Steyn, Reitz, Dealesville (maar 'n drastiese daling ten opsigte van 1970), Hoopstad, Fauresmith, Trompsburg, Clocolan (maar 'n daling ten opsigte van 1970), Bethulie, Dewetsdorp (maar 'n daling ten opsigte van 1970), en Reddersburg. Uit 'n totaal van 50 skole toon slegs 15 'n mate van groei ten opsigte van die 1969-getalle. In sommige gevalle is hierdie stygings gering en kan dit moontlike aan eksterne faktore soos pad-, dambouprogramme, ens., toegeskryf word.

2) Van die skole in tabel 2, wat 'n groei in sowel die primêre- as die sekondêre afdelings getoon het, verskyn die volgende skole in tabel 4 met 'n groei in die getal sub.A-inskrywings: Brandfort, Hoopstad, Senekal en Reitz. In tabel 4 toon ook Harrismith 'n groei, maar die skool is nie in tabel 2

opgeneem nie. By die bespreking van tabel 2 is die rede vir die weglating van Harrismith aangetoon.

3) Weens die afwesigheid van 'n soneringsbeleid in die Vrystaat, is dit nie moontlik om 'n getroue vooruitskatting te maak van hoe die aantal st. 10-leerlinge daar sal uitsien wanneer die sub.A-leerlinge van 1969 tot 1970 die matriekjaar bereik nie. Dit kan egter, weens die daling in sub.A's by heelwat skole, asook daling in die totale aantal leerlinge by skole, stellig aanvaar word dat die daling by baie skole 'n onstuitbare proses blyk te wees. Die afwesigheid van sonering hou vir die Vrystaat heelwat implikasies in en dit word vervolgens belig.

### 3.2.2 Die implikasies van 'n gebrek aan sonering

Soos reeds hierbo aangetoon, is die onderwys=owerheid in die Vrystaat nie vir 'n beleid van sonering in die onderwys te vinde nie, as sou dit in stryd wees met die uitoefening van die demokratiese ouerkeuse, en word dit voorsien dat dit nooit "van toepassing gemaak sal word in ons demokratiese Vrystaat nie, waar die ouer vrye keuse het om sy kind te stuur waarheen hy wil."[25] Die geldigheid van hierdie stand=punt sal in 'n volgende hoofstuk ondersoek word. Wat in hierdie hoofstuk ter sprake is, is die vraag watter praktiese implikasies voorgaande siening insake sonering vir die Vrystaatse onderwys inhou, en dan meer bepaald, die uit=werking daarvan op die plattelandse sekondêre skool. 'n Saak wat ten nouste hiermee saamhang,

25) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., p.460.

is die voorsiening van koshuisgeriewe in die stedelike sentra, veral Bloemfontein. In hierdie verband is die volgende verklaring van die L.U.K. belas met onderwys insiggewend: "Daar is twee (koshuise) op die beplanningslys, waarvan die een bloot die vervanging is van 'n bestaande koshuis, dit is nie 'n nuwe koshuis nie, net 'n koshuis wat eenvoudig vervang moet word, en die ander een verskyn wel op die be= groting vir 'n klein hoeveelheid kinders, maar daar is bewys gelewer dat uit die onmiddellike voorsieningsgebied van daardie skool, binne die skoolraadsdistrik van Bloemfontein, daar wel behoefte aan so 'n koshuis bestaan. Geen kinders van buite word in aanmerking geneem by die beplanning van so 'n koshuis nie."[26)]

Laasgenoemde verklaring word nou verder belig en wel teen die agtergrond van 'n ondersoek wat oor hierdie onderwerp uitgevoer is. Vir die doel van hierdie ondersoek word Engelsmediumskole buite rekening gelaat, aangesien dit nie anders kan as dat die hele Vrystaat vir hierdie skole as voedingsgebied dien nie.

Tabel 5

ONTLEDING VAN DIE LEERLINGTALLE IN 1969 TEN OPSIGTE VAN BLOEMFONTEINSE SKOLE WAT OOR KOSHUISE BESKIK*

| | Grey | Sentraal | Oranje |
|---|---|---|---|
| I. Inskrywing | 849 | 1070 | 507 |
| (1) Leerlinge uit eie voedingsgebied | 373 | 336 | 160 |
| (2) Leerlinge buite eie voedingsgebied | 476 | 734 | 347 |
| II. Getal kosgangers | | | |
| (1) Uit eie voedingsgebied | 1 | 8 | 17 |
| (2) Buite eie voedingsgebied | | | |
| (a) Distrik Bloemfontein | 18 | 22 | 22 |
| (b) Res van die O.V.S. | 166 | 80 | 106 |

26) Ibid.

| | Grey | Sentraal | Oranje |
|---|---|---|---|
| III. Leerlinge uit eie voedings nie inge=skryf vanweë onvol=doende koshuisge=riewe. | 0 | 0 | 0 |
| IV. Leerlinge uit eie voedings wat privaat loseer vanweë onvol=doende koshuisgeriewe | 0 | 0 | 0 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Ondersoek na die wenslikheid van die uitbreiding van bestaande koshuisfasiliteite en die skepping van nuwe koshuisfasiliteite by sekondêre skole in en om die stad Bloemfontein.

Word die getalle van tabel 5 in persentasies uitgedruk, word die posisie duideliker, soos blyk uit tabel 6 hieronder.

Tabel 6

PERSENTASIE LEERLINGE VAN BINNE- EN BUITE EIE VOEDINGSGEBIEDE IN BLOEMFONTEINSE SEKONDêRE SKOLE MET KOSHUISE, 1969*

| | Persentasie leer=linge uit eie voedingsgebied | Persentasie leerlinge van buite eie voe=dingsgebied. |
|---|---|---|
| Sentraal | 31,4% | 68,6% |
| Oranje | 31,6% | 68,4% |
| Grey-Kollege | 43,9% | 65,1% |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Ondersoek na die wenslikheid van die uitbreiding van bestaande koshuisfasiliteite en die skepping van nuwe koshuisfasiliteite by sekondêre skole in en om die stad Bloemfontein.

Dit is uit tabelle 5 en 6 duidelik dat in bogenoem=de skole die grootste persentasie leerlinge van buite die eie voedingsgebied kom. Word die aantal kosgangers in die betrokke skole ondersoek, word

verdere belangrike aspekte blootgelê.

Tabel 7

ONTLEDING VAN DIE AANTAL KOSGANGERS IN BLOEM= FONTEINSE SEKONDêRE SKOLE, 1969*

| | Grey | Sentraal | Oranje |
|---|---|---|---|
| Kosgangers uit eie voedingsgebied | 1(0,4%) | 8(4,6%) | 17(5,9%) |
| Kosgangers uit die distrik Bloemfontein | 18(6,8%) | 22(12,7%) | 22(7,6%) |
| Kosgangers uit die res van die Vrystaat | 166(62,6%) | 80(46,2%) | 106(36,8%) |
| Kosgangers van buite die Vrystaat | 80(30,2%) | 63(36,4%) | 143(49,7%) |
| Totaal | 265 | 173 | 288 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Ondersoek na die wenslikheid van die uitbreiding van bestaande koshuisfasiliteite en die skepping van nuwe koshuisfasiliteite by sekondêre skole in en om die stad Bloemfontein.

Dit is uit tabel 7 duidelik dat die koshuise van hierdie skole hoofsaaklik vir kosgangers van buite die eie voedingsgebied, en veral vir leerlinge van buite die Bloemfonteinse distrik, voorsiening maak, met ander woorde vir leerlinge van die Vrystaatse platteland asook van buite die provinsie. Wat verder van belang is, is die feit dat daar geen leerlinge uit eie voedingsgebied was wat nie as leerlinge ingeskryf kon word nie. So is daar ook geen leerling wat privaat moes loseer vanweë on= voldoende koshuisfasiliteite nie. Opsommenderwys kan gekonstateer word dat, in die geval Grey-Kollege 92,8%, in die geval van die sekondêre skool Sentraal 82,6% en in die geval van die sekondêre skool Oranje 86,5% van die kosgangers van ander distrikte en van buite die Vrystaat

afkomstig is.[27]

Dit blyk dus dat daar 'n aansienlike dreinering van leerlinge vanaf die platteland na die stad Bloemfontein plaasvind. Dit wil verder voorkom asof dit 'n geregverdigde afleiding is dat die suksesvolle voortbestaan, in huidige gedaante, van hierdie skole direk van hierdie plattelandse leerlinge afhanklik is. Indien nou verwys word na die feit dat in die I.K.-groep 110+ die gemiddelde vir die platteland 37,1% en in die geval van die stedelike leerlinge dit 43,7% van alle leerlinge bedra,[28] dan is daar klaarblyk=lik grond vir die vermoede dat die intelligente leerlinge van die platteland moontlik voorkeur geniet by inskrywing in die stedelike skole.

Van die stadskole sonder koshuise het twee skole 'n motivering ingedien ter verkryging van koshuisfasiliteite, nl. die sekondêre skole J.B.M. Hertzog en Jim Fouche. In die geval van eersgenoemde word as àlgemene motivering genoem die gebrek aan koshuisfasiliteite vir primêre leerlinge uit afgeleë gedeeltes van die eie voedingsgebied, nl. Glen waar agt leerlinge geraak word. In die geval van die sekondêre skool Jim Fouche word verklaar dat meer as 30 sekondêre leerlinge uit afgeleë dele van die eie voedingsgebied nie ingeskryf kon word vanweë 'n gebrek aan koshuisfasiliteite nie. Indien die sowat tien leerlinge van hierdie skool wat privaat loseer, hierby gevoeg word, kom die totale koshuisbenodigers op sowat veertig te staan. In die geval van die sekondêre

27)Vgl. ook O.V.S. Onderwysdepartement. Ondersoek na die wenslikheid van die uitbreiding van bestaande koshuisfasilite te en die skepping van nuwe koshuisfasiliteite by sekondêre skole in en om die stad Bloemfontein, p.8.

28) Id. Voorsiening vir domnormale leerlinge in die middelskool, 11 Julie 1961, p.7.

skool J.B.M. Hertzog moet sowat 15 leerlinge privaat loseer.[29)]

Ander sake wat as motivering vir die daarstel= ling van koshuisfasiliteite moet dien, is die ruimer vakkeuses van die stadskole, die ongerief wat kinders verduur as gevolg van die verplasing van ouers, gesinsverbrokkeling vanweë egskeiding, sterfte van 'n ouer en ander faktore soos alkoho= lisme en die toenemende buitenshuise werk deur albei ouers.[30)]

Dit moet in gedagte gehou word dat die ouer skole opgerig is in 'n tyd toe daar nie doel= treffende voorsiening vir sekondêre onderwys in alle distrikte van die platteland was nie. Gevolglik is leerlinge vanaf die platteland na die stad gestuur en moes koshuise opgerig word. Op hierdie wyse is 'n tradisie verbonde aan hierdie skole geskep en deur die jare bestendig. Daarom verkies baie oud-leerlinge van hierdie skole om hulle kinders daarheen te stuur.

Wat die voorsiening van koshuisfasiliteite vir primêre leerlinge betref, is dit normaalweg nie die beleid van die Administrasie om koshuisge= riewe daar te stel nie, maar om deur middel van busvervoer in die behoefte te voorsien. Slegs een skool, te wete "die sekondêre skool J.B.M. Hertzog het hierdie argument aangevoer en kon ook slegs agt leerlinge van Glen noem. Die komitee kan dus nie die geldigheid van hierdie argument aanvaar nie."[31)]

Indien voortgegaan word met die oprigting van

29) O.V.S. Onderwysdepartement. Ondersoek na die wenslikheid van die uitbreiding van bestaande koshuisfasiliteite en die skepping van nuwe koshuisfasiliteite by sekondêre skole in en om die stad Bloemfontein, p.16.
30) Ibid., p.14.
31) Ibid., p.20.

koshuise by die stadskole, kan dit uiteindelik daartoe lei dat hierdie skole die optimum grootte oorskry. Dit is die beleid van die Administrasie om sekondêre skole sover moontlik tot 650 tot 700 leerlinge te beperk.[32] Die meeste stadskole het reeds hierdie optimum grootte bereik, of sal dit in die nabye toekoms bereik. Hierbenewens blyk dit uit die voorgaande tabelle dat leerlinge uit die Bloemfonteinse distrik slegs 'n geringe persentasie van die kosgangers in die bestaande koshuise vorm, nl. 6% by Grey-Kollege, 7% by Oranje en 12% by Sentraal. Die meeste kosgangers kom uit die res van die Vrystaat en van ander provinsies. Daar kan dus wel in bestaande koshuise voorsiening gemaak word vir alle leerlinge uit die Bloemfonteinse distrik indien die Administrasie bepaal dat daardie leerlinge voorkeur moet kry.

Selfs redes soos die verplasing van ouers is nie van deurslaggewende belang nie, aangesien die persentasie leerlinge wat hierdeur geraak word, waarskynlik uiters gering is. Ook kan 'n argument ten gunste van kinders van oud-leerlinge nie as vernaamste rede vir die uit=breiding van koshuisgeriewe beskou word nie, hoewel dit 'n mate van verdienste inhou. Dit spreek immers vanself dat daar nie onbeperkte voorsiening vir laasgenoemde kategorie gemaak kan word nie, veral as daar rekening met die optimum grootte van skole gehou word. Dit is ook vanselfsprekend dat leerlinge uit die eie provinsie voorkeur by toelating tot skole en koshuise moet geniet.

32) Ibid., p.22.

Dit kan derhalwe met reg beweer word dat daar geen regverdiging bestaan vir die uitbreiding van koshuisfasiliteite by enige van die stadskole nie, aangesien geen grondige argumente daartoe gevind kan word nie. Dit is ook wenslik dat dit as beleid bepaal moet word dat leerlinge uit die Bloemfonteinse distrik voorkeur vir huisvesting in die bestaande koshuise in die stad moet geniet.[33)]

Dit blyk dus dat, ten spyte van 'n deeglike onder=soek deur die Vrystaatse Onderwysdepartement waardeur onteenseglik bewys is dat verdere kos=huisuitbreiding of die voorsiening van nuwe koshuise onnodig is, daar wel hiertoe besluit is. Hierdie anomaliese situasie kan niks anders tot gevolg hê as 'n verdere uitbreiding van die toestand wat reeds ondervind word ten opsigte van die ander Bloemfonteinse skole wat reeds oor koshuise beskik nie. Dit moet aanvaar word dat die plattelandse skole kon gebaat het indien hulle daardie leerlinge kon behou het, want, in=dien rekening gehou word met die feit dat tabel 7 aangetoon het dat altesaam 352 leerlinge van die Vrystaatse platteland in Bloemfontein op skool is, dan beteken dit dat dit gelykstaande is aan die aantal leerlinge van die heel grootste plattelandse sekondêre skool. Daar is trouens net 19 sekondêre skole in die hele Vrystaat met meer as 300 sekondêre leerlinge.

Die dalende tendens van die leerlingtal van die plattelandse skole is dus nie net aan die ontvolking van die platteland te wyte nie,

---

33) Ibid.

maar ook aan die gebrek aan 'n soneringsbeleid. In die lig van 'n verskeidenheid redes kan met reg aanvaar word dat hierdie dreinering van die plattelandse leerlinge na die stedelike skole in die toekoms verder sal toeneem.

Die feitelike getalleposisie in die sekondêre skole baar dus sorg. Dit blyk onteenseglik dat die getalle besig is om te daal en verder blyk dit 'n onstuitbare proses te wees. Die redes vir hierdie daling in getalle word vervolgens van nader beskou.

3.2.3 Die ontvolking van die platteland

Om enigsins duidelikheid oor die feitelike posisie in die Vrystaat te verkry, is dit nie alleen nodig om na die huidige opset te kyk nie, maar ook na die veroorsakende redes om daaruit 'n beeld te probeer skep van wat in die toekoms verwag kan word. Dit val uiteraard buite die bestek van hierdie studie om ingrypend op 'n sosio-ekonomiese ontleding van die bevolkingsi=tuasie in die Vrystaat in te gaan, maar uit 'n saaklike oorsig oor bepaalde tendense kan 'n moontlike toekomsverwagting verkry word.

Soos in enige land wat 'n gesonde ekonomiese ontwikkeling toon, is groei in Suid-Afrika nie 'n gelyke of egalige proses nie. Sommige van die ou bedrywe het uitgebrei, nuwes het ontstaan en vinnig gegroei namate groter welvaart die behoefte na nuwe lewensmiddele geskep het, en ander het gestagneer, terwyl daar ook dié is wat gekwyn het. Nou volg dit logies dat die dele van die land waar die bedrywe wat vinnig uitbrei, gekonsentreer is, relatief meer arbeid en bevolking sal trek as die gebiede waar die

stadiggroeiende, stagnerende of kwynende bedrywe saamgetrek is.[34)]

Die ekonomiese geskiedenis van ontwikkelende lande het geleer dat 'n land vanaf 'n landbou-ekonomie tot 'n meer gekompliseerde ekonomie, waar sekondêre- en tersiêre bedrywe 'n al groter rol speel, ontwikkel. Namate hierdie ontwikkeling plaasvind, neem die groeikrag van die landbou en ook alle primêre bedrywe af, terwyl die sekondêre- en, by steeds groter ontwikkeling, veral die tersiêre bedrywe 'n besondere ekonomiese vitaliteit toon. Namate Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling gevorder het, het dieselfde proses plaasgevind. Aanvanklik was die landbou die vernaamste enkele bedryf sodat 33% van die land se bevolking in 1911 nog daarby betrokke was. Dit het gedaal tot 13% in 1960. Hierteenoor was daar 'n toename van die persentasie blanke arbeid in die sekondêre- en tersiêre sektore aanwesig.[35)]

Soos vooraf tabellaries aangetoon en ontleed, is die skerpste daling in leerlingtalle juis in daardie streke aanwesig waar daar in 'n primêre bedryf, nl. die landbou, gespesialiseer word. Daarby is die boerderybedryf in die meeste streke van die Vrystaat redelik ekstensief, met min hoop dat dit in die toekoms intensief van aard sal raak.

Volgens die statistiese omskrywing van die platteland, blyk dit dat 67,1% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking in 1936 op die platteland woonagtig was teenoor 53,4% in 1960.[36)]

34) W.J.H. Vrey. Instituut vir sosiale en ekonomiese navorsing. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, mondelinge mededeling, 9 Augustus 1972.
35) Ibid.
36) RGN. Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam, p.5.

Hiermee saam gaan ook die verswarting van die platteland. Van die totale bevolking woonagtig op die platteland in 1936, was 10,2% blankes en 83,6% bantoes. In 1960 was die aandeel van die blankes slegs 6,1% en dié van die bantoes 87,4%. Hierdie verskynsel moet enersyds toegeskryf word aan die daling in die getalle van die plattelandse blankes en die hoë aanwassyfer van die bantoes.[37] Om hierdie aangeleentheid nader tuis te bring, word slegs na een tipiese plattelandse omgewing verwys.

Tabel 8

DIE BEVOLKINGSITUASIE IN ZASTRON GEDURENDE DIE JARE 1921, 1951 EN 1960*

| | 1921 | 1951 | 1960 |
|---|---|---|---|
| Blankes | 4015(36,3%) | 2690(22,1%) | 2279(16,7%) |
| Bantoes | 6702(60,6%) | 9308(76,5%) | 11125(81,5%) |
| Kleurlinge | 318(2,8%) | 165(1,4%) | 238(1,7%) |
| Asiate | 15(0,1%) | 0 | 0 |

*Uys. Die probleme van die streek (Suid-O.V.S.). Die Skoolblad, deel LI, nr. 6, Junie 1963, p.7.

Dit beteken dus dat die blanke bevolking van die betrokke distrik in hierdie periode 'n aansienlike daling toon teenoor 'n radikale styging van die bantoebevolking. Hierdie aspek van die bevolking=samestelling hang ook nou saam met die leefbaar=heidsaspek van 'n dorp of omgewing. Die mens is uiters fyn ingestel op die materiële- en geeste=like leefbaarheid van die streek waarin hy hom bevind en mense sal nie na 'n dorp of distrik verhuis as daar nie geleentheid is om 'n

37) Ibid.

menswaardige bestaan te voer nie. Dit is van=selfsprekend dat die mens hom altyd in daardie dorp of omgewing sal wil vestig waar toestande vir hom die leefbaarste is.

'n Plattelandse dorp is basies 'n bedieningsentrum vir sy onmiddellike omgewing. Hoe minder boere daar is, hoe minder dienste sal die dorp aanbied en gevolglik sal daar minder dorpsbewoners wees. Hierdie eienskap van landelike ontvolking bring die beginsel van drumpelwaardes na vore.[38] Hiermee word die hoeveelheid mense bedoel wat 'n diens nodig het om te kan funksioneer. Sodra die bevolking begin afneem, moet sommige dienste gestaak word, terwyl die persone wat die diens gelewer het die dorp verlaat en dit veroorsaak dat 'n ander diens sy drumpelwaarde bereik. Hiermee saam gaan ook die faktor van buitebeste=ding wat weer op sy beurt ten nouste saamhang met die skool wat leerlinge van die dorp en omgewing besoek. Leerlinge van 'n bepaalde omgewing wat op hul tuisdorp skoolgaan, dra indirek by tot plaaslike besteding en is derhalwe 'n teenvoeter teen ontvolking.

Dele van die Vrystaat is nie alleen besig om te ontvolk nie, maar is ook besig om relatief "ouer" te word as die res van die provinsie. 'n Ondersoek wat deur die RGN ingestel is, bevestig hierdie stelling.[39] Vyf van die agt dorpe wat by hierdie ondersoek betrek is en waaronder die Vrystaatse dorpe Ficksburg, Ladybrand, Zastron, Wepener, Clocolan en Bethulie voorkom, maak deel uit van ekonomiese streek nr. 67.

38) Vrey, op.cit.
39) RGN., op.cit., p.18.

Ofskoon Bethulie nie in hierdie streek val nie, meen die RGN in die betrokke verslag dat die gegewens, soos verstrek deur die Buro vir Statistiek, gehanteer kan word asof dit van toepassing is op die universum van die steekproef.[40] Hierdie "veroudering" spreek uit tabel 9.

Tabel 9

DIE OUDERDOMSTRUKTUUR VAN DIE BLANKE BEVOLKING (15 JAAR EN OUER) VAN EKONOMIESE STREEK 67, DIE O.V.S. EN DIE REPUBLIEK IN 1960*

| Jare | Ekonomiese streek 67 | O.V.S. | Republiek |
|---|---|---|---|
| 15 - 19 | 19% | 15,6% | 13,9% |
| 20 - 24 | 9,3% | 12,9% | 11,8% |
| 25 - 29 | 7% | 11% | 10,1% |
| 30 - 34 | 7,8% | 11,1% | 10,1% |
| 35 - 39 | 7,5% | 9,8% | 9,4% |
| 40 - 44 | 5,3% | 7,8% | 8,7% |
| 45 - 49 | 7,2% | 7,8% | 8,7% |
| 50 - 54 | 7,5% | 6,9% | 7,8% |
| 55 - 59 | 5,6% | 4,4% | 5,6% |
| 60 en ouer | 23,9% | 12,7% | 13,8% |

*RGN. Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam, p.19.

Volgens hierdie tabel verskil die ouderdomstruktuur van hierdie streek aansienlik van die ander twee gebiede. Nie alleen is die persentasie bejaardes aansienlik hoër as in die ander gebiede nie, maar is die persentasie in die ouderdomsgroep tussen 20 en 24 jaar veel kleiner. Dit dui daarop dat die naskoolse jeug hierdie gebied in groot getalle verlaat.

40) RGN., op.cit., p.19.

Daar kan met reg aanvaar word dat hierdie ver= skynsel hom in groot gebiede van die Vrystaat voordoen, dat die voorgaande nie 'n geïsoleerde geval is nie, maar dat dit verteenwoordigend is "van die dilemma waarin die plattelandse dorp in 'n geïndustrialiseerde samelewing hom bevind."[41] So gesien, kan dit beteken dat die volgehoue agteruitgang van vele plattelandse dorpe as onvermydelik beskou moet word en bestaan daar weinig hoop dat hierdie proses gestuit kan word. Hiermee sal in die onderwys terdeë rekening gehou moet word, veral ten opsigte van die be= planning en die voorsiening van geboue, want dit gebeur "te dikwels dat groot skole, koshuise... gebou word op dorpe wat gedoem is om te kwyn en waar die duur geboue as wit olifante geen blywende doel dien nie."[42]

Die ontvolking van die platteland en daarmee saam die kunsmatige "ontvolking" van skoolgetalle deur ouers wat hulle kinders vanuit die platte= landse skole wegstuur, vorm uiteindelik 'n kringloop sodat ook die skole hulle drumpel= waardes bereik, nl. hoe minder leerlinge, hoe minder vakke en hoe minder personeellede, terwyl hierdie verskynsel noodwendig sy neerslag in die besigheidslewe van die dorp sal hê. Dat sommige leerlinge na ander skole weens vak= keuses gaan, is aanvaarbaar, maar weens die wye vakkeuse wat baie plattelandse skole bied, is dit hoogs onwaarskynlik dat meer as 'n onbe= duidende persentasie om hierdie rede hulle tuisskole verlaat. Hieraan sal verderaan

41) RGN., op.cit., p.68
42) Page. Wit olifante in gedoemde dorpe. (In. Die Volksblad, 24 Augustus 1972, p.5.)

aandag gegee word wanneer die aangebode vakkeuses van die kleiner skole bespreek word.

Die feit is egter dat baie skole reeds hierdie drumpelwaarde bereik het en onherstelbare skade gely het. Hieraan is reeds in paragraaf 2 van hierdie hoofstuk aandag gegee. Ook is aangetoon hoeveel van hierdie kleiner skole nog bestaan en dit is hulle wat voor ernstige probleme ten opsigte van differensiasie te staan gaan kom. Hierby moet ook besin word of die beskikbare mannekrag in die Vrystaat behoorlik benut word.

### 3.2.4 Implikasies van die dalende tendens in die leerlingtal

In die voorgaande paragrawe is herhaaldelik aangetoon dat die aantal leerlinge in die plattelandse sekondêre skole besig is om te daal. Hierdie verskynsel is veral opmerklik in die Suid- en Wes-Vrystaat. Dit is ook statisties aangetoon dat die oorwig skole in die Vrystaat werklik klein sekondêre skole is. Dit spreek vanself dat dié klein skool=tjies voor ernstige probleme te staan gaan kom ten einde 'n doeltreffende metode van differensiasie te vind en om hulle voortbestaan te regverdig. Verskillende skole het reeds in hierdie selfhandhawingsproses hul vakkeuse aansienlik uitgebrei, soos later in hierdie paragraaf aangetoon sal word. Verdere imple=mentering van gedifferensieerde onderwys, veral soos uiteengesit in Goewermentskennis=gewing R2029, en wat later breedvoeriger be=spreek sal word,[43] laat die vraag ontstaan

43) Die implikasies van Goewermentskennisgewing R2029 word in hoofstuk 4 bespreek.

of vergrote vakkeuse nie die Vrystaatse plattelandse onderwys van die duurste in die Republiek maak nie. Ook hieraan sal aandag gegee word.

Wat die voorgestelde differensiasie betref, is die studierigtings een van die sluitstene in die implementering daarvan. Die skool wat in die nuwe stelsel wil bly voortbestaan, sal aandag moet gee aan die voorsiening van daardie studie=rigtings wat daartoe sal meewerk dat leerlinge in die tuisskool bly. Voorlopig word in hierdie bespreking nie aandag gewy aan die wesenlike vraag van afsonderlike onderwys aan die twee vlakke per vak nie,[44] maar word die hele aangeleentheid slegs gesien in die lig daarvan dat 'n skool daarna moet streef om minstens die basiese studierigtings aan te bied, nl. die algemene-, die handel-, die geesteswetenskaplike- en die natuurwetenskaplike studierigting.

In die volgende tabel word aan al hierdie sake aandag gegee, nl. die bestaande aantal studie=rigtings per skool, die aantal sekondêre leerlinge en onderwysers, die aantal leerlinge per onderwyser en die aantal leerlinge in st. 8 - 10. Laasgenoemde is direk van belang, want dit is hulle wat veral deur gedifferensieerde onderwys geraak word.

---

44) Ibid.

## Tabel 10

VERGELYKING VAN ALLE VRYSTAATSE SKOLE TEN OPSIGTE VAN STUDIERIGTINGS AANGEBIED, AANTAL SEKONDêRE LEERLINGE, AANTAL SEKONDêRE ONDERWYSERS, AANTAL LEERLINGE PER ONDERWYSER EN AANTAL LEERLINGE IN ST. 8 - 10, 1971*

| Naam van Skool | Studierigtings | | | | | | Aantal sekondêre leerlinge Des.1971. | Aantal sekon= dêre onderwy= sers | Aantal leer= linge per onder= wyser | Aantal leerlinge st. 8 - 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G/W 1) | N/W 2) | Handels | Teg= nies | Huis= houd= kundig | Kuns | | | | |
| Jim Fouché | X | X | X | - | - | - | 726 | 35 | 20.7 | 337 |
| Sand du Plessis | X | X | X | - | X | - | 439 | 24 | 18.3 | 169 |
| Koot Niemann | X | - | X | - | - | - | 144 | 10 | 14.4 | 51 |
| van Kerken | X | - | - | - | X | - | 90 | 9 | 10 | 33 |
| Shannon | X | - | X | - | X | - | 87 | 9 | 9.6 | 36 |
| Sentraal Hoër | X | X | - | - | X | - | 937 | 47 | 19.9 | 536 |
| J.B.M. Hertzog | X | X | X | - | X | - | 621 | 30 | 20.7 | 272 |
| Grey Kollege | X | X | - | - | - | - | 874 | 43 | 20.3 | 508 |
| Eunice | X | X | - | - | - | - | 523 | 26 | 20.1 | 312 |
| Oranje | X | X | - | - | X | X | 575 | 30 | 19.2 | 334 |
| Brebner | X | X | X | - | X | - | 256 | 16 | 16 | 106 |
| Dr. Viljoen | X | X | X | X | X | - | 354 | 18 | 19.7 | 107 |
| Pres. Steyn | X | X | - | - | X | - | 161 | 12 | 13.4 | 78 |
| Brandfort | X | X | X | - | - | - | 200 | 13 | 15.4 | 100 |
| Bultfontein | X | X | - | X | - | - | 231 | 14 | 16.5 | 111 |
| Dealesville | X | - | X | - | - | - | 54 | 7 | 7.7 | 26 |
| Boshof | X | X | X | - | - | - | 167 | 12 | 14 | 99 |
| Petrusburg | X | X | X | - | X | - | 144 | 10 | 14.4 | 70 |

1) Geesteswetenskaplike studierigting.

2) Natuurwetenskaplike studierigting.

Tabel 10(verv.)

| Naam van skool | Studierigtings | | | | | | Aantal sekondêre leerlinge Des. 1971 | Aantal sekon= dêre onder= wysers | Aantal leerlinge per on= derwyser | Aantal leerlinge st. 8 - 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G/W[1)] | N/W[2)] | Han= dels | Teg= nies | Huis= houd= kundig | Kuns | | | | |
| Voortrekker Hoër | X | X | X | X | X | - | 902 | 45 | 20.0 | 403 |
| Fouriesburg | X | X | - | - | - | - | 66 | 8 | 8.3 | 31 |
| Ficksburg | X | X | - | - | - | - | 248 | 17 | 14.6 | 137 |
| Clocolan | X | X | X | - | - | - | 102 | 10 | 10.2 | 46 |
| Ladybrand | X | - | X | - | X | - | 283 | 16 | 17.7 | 136 |
| Marquard | X | X | X | X | - | - | 133 | 11 | 12.1 | 65 |
| Senekal | X | X | X | - | - | - | 296 | 18 | 16.4 | 169 |
| Kestell | X | - | X | X | - | - | 65 | 7 | 9.3 | 40 |
| Harrismith | X | X | - | X | X | - | 376 | 22 | 17.1 | 176 |
| Vrede | X | X | X | X | X | - | 228 | 14 | 16.3 | 123 |
| Warden | X | - | X | - | - | - | 124 | 10 | 12.4 | 65 |
| Reitz | X | X | X | - | X | - | 215 | 13 | 16.5 | 106 |
| Tweeling | X | - | X | - | - | - | 84 | 7 | 12.0 | 41 |
| Frankfort | X | X | X | - | X | - | 190 | 12 | 15.8 | 95 |
| Cornelia | X | X | - | - | - | - | 61 | 7 | 8.7 | 39 |
| Villiers | X | X | - | - | - | - | 77 | 7 | 11.0 | 33 |
| Heilbron | X | X | X | X | X | - | 275 | 16 | 17.2 | 142 |
| Lindley | X | X | X | X | - | - | 171 | 12 | 14.2 | 84 |
| Petrus Steyn | X | X | X | - | - | - | 91 | 8 | 11.4 | 52 |
| Sasolburg | X | X | X | - | X | - | 775 | 40 | 19.4 | 288 |
| Taaibos | X | X | X | - | - | - | 99 | 10 | 9.9 | 44 |

Tabel 10 (verv.)

| Naam van skool | Studieringtings | | | | | | Aantal sekon=dêre leerlinge Des. 1971 | Aantal sekon=dêre onder=wysers | Aantal leerlinge per on=derwyser | Aantal leerlinge st. 8 - 10. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G/W 1) | N/W 2) | Han=dels | Teg=nies | Huis=houd=kundig | Kuns | | | | |
| Kroonstad Sekon=dêre skool | X | X | - | - | X | - | 679 | 39 | 17.4 | 364 |
| Afrikaans Hoër | X | X | X | X | X | X | 503 | 24 | 20.9 | 250 |
| Wessel Maree | X | X | X | X | X | - | 479 | 25 | 19.1 | 201 |
| Edenville | - | - | X | - | - | - | 80 | 7 | 11.4 | 41 |
| Steynsrus | X | - | X | - | - | - | 89 | 8 | 11.1 | 53 |
| Parys | X | X | - | - | - | - | 383 | 21 | 18.2 | 178 |
| Vredefort | X | X | X | - | - | - | 116 | 9 | 13.0 | 56 |
| Viljoenskroon | X | X | - | - | X | - | 167 | 12 | 14.0 | 80 |
| Vierfontein | X | - | X | - | - | - | 88 | 8 | 11.0 | 34 |
| Bothaville | X | X | - | - | X | - | 268 | 16 | 16.8 | 129 |
| Hoopstad | X | - | X | - | - | - | 75 | 7 | 10.7 | 32 |
| Hertzogville | X | X | X | - | - | - | 135 | 10 | 13.5 | 68 |
| Wesselsbron | X | X | X | - | - | - | 135 | 9 | 15 | 57 |
| Hentie Cilliers | X | X | X | X | X | - | 682 | 37 | 18.4 | 292 |
| Ventersburg | X | - | X | - | X | - | 95 | 9 | 10.6 | 38 |
| Hennenman | X | X | X | X | - | - | 270 | 16 | 16.9 | 118 |
| Winburg | X | X | X | - | - | - | 196 | 13 | 15.1 | 98 |
| Theunissen | X | X | X | - | X | - | 199 | 13 | 15.4 | 96 |
| Koppies | X | X | X | - | - | - | 143 | 10 | 14.3 | 68 |

## Tabel 10 (verv.)

| Naam van skool | Studierigtings | | | | | | Aantal sekondêre leerlinge Des. 1971 | Aantal sekon= dêre onder= wysers | Aantal leerlinge per on= derwyser | Aantal leerlinge st. 8 - 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G/W[1)] | N/W[2)] | Han= dels | Teg= nies | Huis= houd= kundig | Kuns | | | | |
| Jacobsdal | X | X | X | - | - | - | 120 | 9 | 13.2 | 61 |
| Koffiefontein | X | X | - | - | - | - | 110 | 8 | 13.7 | 50 |
| Fauresmith | X | X | X | - | - | - | 106 | 9 | 11.8 | 60 |
| Jagersfontein | X | X | X | - | - | - | 74 | 9 | 8.2 | 43 |
| Philippolis | X | X | X | - | - | - | 118 | 10 | 11.8 | 61 |
| Bethulie | X | X | X | - | - | - | 83 | 8 | 10.4 | 41 |
| Trompsburg | X | - | X | - | - | - | 92 | 8 | 11.5 | 51 |
| Edenburg | X | X | X | - | - | - | 106 | 9 | 11.8 | 49 |
| Reddersburg | X | X | - | - | - | - | 102 | 9 | 11.3 | 48 |
| Dewetsdorp | X | X | X | - | - | - | 108 | 10 | 10.8 | 56 |
| Smithfield | X | - | - | - | - | - | 95 | 8 | 12 | 54 |
| Rouxville | X | - | X | - | - | - | 101 | 9 | 11.2 | 61 |
| Zastron | X | - | X | - | X | - | 118 | 10 | 11.8 | 57 |
| Wepener | X | X | X | X | - | - | 164 | 9 | 18.2 | 68 |
| Hobhouse | X | - | X | - | - | - | 59 | 7 | 8.4 | 34 |
| Excelsior | X | X | X | - | - | - | 122 | 12 | 10.2 | 69 |
| Gimnasium | X | X | X | X | X | - | 651 | 30 | 21.7 | 263 |
| Goudveld | X | X | X | X | X | - | 901 | 41 | 22.0 | 389 |
| Engels Medium | X | X | X | - | - | - | 520 | 26 | 20.0 | 224 |

* Alle gegewens verkry van die Vrystaatse Onderwysburo, kwartaalstate van Desember 1971 en personeelopgawes.

Dit moet vooraf daarop gewys word dat die algemene studierigting nie hier aangedui is nie omdat alle skole hierdie rigting kan aanbied.

'n Ontleding van die tabel dui op die volgende:

1) Twee skole kan, benewens die algemene studierigting, slegs een bykomende studie=rigting aanbied, nl. in een geval die geesteswetenskaplike- en in die ander geval die handelstudierigting. Verder is daar 21 skole wat net twee bykomende studie=rigtings kan aanbied. Dit beteken dat 30% van die 77 skole wat by hierdie ondersoek betrek is, tans hoogstens twee studierig=tings kan aanbied, benewens die algemene studierigting. Dit moet beklemtoon word dat hierdie ondersoek nie veronderstel dat al die aangeduide studierigtings noodwendig op die universiteitstoelatings=vlak geneem kan word nie. Weens die verskille in vakkeuses van skool tot skool is so 'n afleiding nie te maak nie.

2) Dit is duidelik dat 35 skole tans nie die vier basiese studierigtings aanbied nie. Dit beloop 45% van die totale 77 skole. Die implikasies hiervan is duidelik, nl. dat hierdie skole òf deur 'n verandering in hulle vakaanbieding, òf deur prysgawe van 'n vak ten gunste van 'n ander vak hierin sal moet voorsien, òf bereid sal moet wees om leerlinge te verloor wat 'n besondere studierigting wil volg wat nie aan hulle tuisskole aangebied word nie. Indien al 77 skole die handelstudierigting wil aanbied op universiteitstoelatingsvlak,

sal hulle genoodsaak wees om Ekonomie in te voer en dit verg 'n toevoeging van 18 periodes in die senior sekondêre skool= fase. Dit moet verder onthou word dat drie handelsvakke vereis word ten einde te vol= doen aan die matrikulasievereistes. Dit beteken dat skole minstens vier handelsvakke sal moet aanbied om vir seuns en dogters in hierdie opsig te voorsien.[45] Dit is vir die oorgrote meerderheid skole nie moontlik met die huidige personeelvoorsiening nie, behalwe met prysgawe van 'n ander vak. Dit blyk die enigste praktiese oplossing te wees, maar daar is verder ook dié wesenlike probleem, nl. dat om Ekonomie in te voer, sal 'n skool drie handelsonderwysers benodig. Selfs al sou 'n skool 'n vak ten gunste van Ekonomie prysgee en 'n derde handelsonderwyser bekom, gaan dit op sy beurt weer ernstige implikasies hê ten opsigte van vakaanbieding in die ander standerds. Dit wil dus voorkom asof die meeste skole nie daarin gaan slaag om Ekonomie in te voer om 'n volwaardige handelstudierigting aan te bied nie. Skole wat oor drie handels= onderwysers beskik, behoort hierin te slaag, maar hierdie skole is min en gevolglik sal leerlinge wat hierdie rigting op universiteits= toelatingsvlak wil neem na groter skole moet gaan wat 'n verdere daling in leerlingtalle by die kleiner sekondêre skole sal meebring.

3) Van die 77 skole wat in hierdie tabel voorkom, bied net een skool 'n kunsstudierigting met 8

45) Vgl. hoofstuk 4 waar die universiteitstoelatingsvereistes bespreek word.

leerlinge wat dit in 1971 geneem het.[46) Daarbenewens bied 16 skole 'n tegniese rigting en 30 skole 'n huishoudkundige rigting aan. Indien die ander skole ook hierdie rigtings wil aanbied, sal die im= plikasies ten opsigte van personeel- en periodevoorsiening dieselfde wees as by die handelstudierigting.

4) Slegs 24 van die 77 skole bied meer as vier studierigtings aan en van hierdie 24 skole is net 11 plattelandse skole. Laasgenoemde verskynsel dat 'n klein plattelandse skool met 'n leerlingtal van minder as 200 sekon= dêre leerlinge 5 studierigtings kan aanbied, bring onmiddellik die vraag na vore van die ekonomiese benutting van die beskikbare mannekrag. Volgens die tabel bied een skool vyf studierigtings aan met 'n sekondêre getal leerlinge van 120, dit wil sê gemiddeld 24 leerlinge per studierigting. Binne hierdie vyf studierigtings bied hierdie skool 13 eksamenvakke op die st. 10-vlak aan. Dit spreek vanself dat daar in sommige vakke dan uiters min leerlinge moet wees. Nadere ondersoek bring die volgende gegewens aan die lig:

46) O.V.S. Onderwysdepartement. Eksamenstatistiek vir 1970.

Tabel 11

DIE AANTAL MATRIEKEKSAMENVAKKE EN DIE AANTAL SEKONDêRE PERSONEELLEDE IN ENKELE SKOLE*

A. Gekombineerde sekondêre- en primêre skole

| Skool | Matriekvakke | Aantal on=derwysers |
|---|---|---|
| Boshof | 11 | 12 |
| Clocolan | 11 | 10 |
| Cornelia | 11 | 7 |
| Dealesville | 10 | 7 |
| Fauresmith | 11 | 9 |
| Jacobsdal | 13 | 9 |
| Jagersfontein | 11 | 9 |
| Kestell | 11 | 7 |
| Koffiefontein | 12 | 8 |
| Petrusburg | 13 | 10 |
| Smithfield | 11 | 8 |
| Rouxville | 11 | 9 |
| Steynsrus | 12 | 8 |
| Zastron | 13 | 10 |
| Gemiddeld | 12 | 9 |

B. Suiwer sekondêre skole

| Skool | Matriekvakke | Aantal on=derwysers |
|---|---|---|
| Brandfort | 14 | 13 |
| Theunissen | 13 | 13 |
| Winburg | 12 | 13 |
| Vrede | 15 | 14 |
| Bothaville | 12 | 16 |
| Hennenman | 12 | 16 |
| Gemiddeld | 13 | 14 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Eksamenstatistiek vir 1970.

Wanneer die gegewens van bogemelde twee tipes skole vergelyk word, dan tref dit dadelik dat by die gekombineerde skole 'n gemiddeld van 9 onderwysers

daarin slaag om gemiddeld 12 vakke op die matriekeksamenvlak te onderrig. By die suiwer sekondêre skole is die prentjie egter anders, nl. 14 onderwysers word benodig om 13 vakke te onderrig. Nadere ondersoek hier= van het getoon dat bogenoemde vir die gekom= bineerde skool moontlik is slegs indien die hulp van primêre personeel ingeroep word. So blyk dit dan dat die situasie só daaruit sien in die geval van vyf skole waar die aangeleentheid ondersoek is:

Tabel 12

DIE GEBRUIK VAN PRIMêRE PERSONEELLEDE IN SEKONDêRE AFDELINGS BY VYF SKOLE*

| Skool | Aantal onder= wysers in se= kondêre afde= ling. | Aantal periodes onderrig per week deur pri= mêre personeel |
|---|---|---|
| A | 7 | 32 |
| B | 6 | 45 |
| C | 7 | 52 |
| D | 6 | 67 |
| E | 7 | 68 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Personeelopgawes van die betrokke skole, 1971. Die name van die skole word ter wille van anonimiteit verswyg.

Dit beteken dat by hierdie vyf skole gemiddeld 53 periodes per week onderrig deur primêre per= soneellede aan die sekondêre afdelings gegee word. Indien aanvaar word dat al hierdie skole 45 periodes klas per week het, beteken dit dat gemiddeld meer as een onderwyser vir hierdie doel gebruik word. Die vraag volg vanself watter uitwerking dit op primêre onderrig in daardie skole het, aangesien die aantal perso=

neellede volgens die aantal leerlinge toegeken word. Anders gestel, kan geredeneer word dat, as dit beteken dat hierdie skole sonder daardie onderwysers in die primêre afdelings kan klaarkom deur hulle feitlik na die sekondêre afdelings te sekondeer, is die departementele basis van personeelvoorsiening aan primêre skole te ruim. Laasgenoemde kan egter nie aanvaar word nie en die enigste logiese gevolgtrekking waartoe geraak kan word, is dat hierdie gebruik opvoedkundig nie verdedigbaar is nie. Wanneer 'n klein gekombineerde skool primêre personeel gebruik om 68 periodes onderrig in die sekondêre afdeling te gee, moet dit tot nadeel van die primêre afdeling geskied. Aanvanklike onderwys moet dus skade ly en veral met betrekking tot al die beginsels wat by 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys geld, mag dit nie gebeur nie. Dit is trouens lynreg in stryd met die reeds gestelde beginsels van 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel waar onomwonde bepaal word dat alleen die beste onderrig aan alle kinders gegee moet word.

Bogenoemde is 'n direkte gevolg van pogings om sekondêre afdelings van die kleiner skole te behou. Hierdie pogings het ook ander implikasies wat vervolgens duidelik sal blyk.

<u>Tabel 13</u>

DIE AANTAL LEERLINGE PER VAK IN DIE VRYSTAAT VOLGENS DIE GROOTTE VAN ST. X-KLASSE GEDURENDE 1970*

| Vak | Aantal leerlinge in st. 10 | Aantal skole | Totale aantal leerlinge wat vak neem | Gemiddelde aantal leerlinge wat vak neem |
|---|---|---|---|---|
| Skei- en | 0 - 10 | 11 | 39 | 3,5 |
| natuurkunde | 11 - 20 | 26 | 158 | 6,1 |

Tabel 13 vervolg.

| Vak | Aantal leer= linge in st. 10 | Aantal skole | Totale aantal leerlinge wat vak neem | Gemiddelde aantal leer= linge wat vak neem |
|---|---|---|---|---|
| Skei- en Natuur-kunde | 21 - 30 | 16 | 151 | 9,4 |
| | 31 - 40 | 4 | 50 | 12,5 |
| Biologie | 0 - 10 | 4 | 24 | 6 |
| | 11 - 20 | 18 | 146 | 8,1 |
| | 21 - 30 | 11 | 151 | 13,7 |
| | 31 - 40 | 3 | 58 | 19,3 |
| Wiskunde | 0 - 10 | 11 | 37 | 3,4 |
| | 11 - 20 | 26 | 171 | 6,2 |
| | 21 - 30 | 16 | 179 | 11,2 |
| | 31 - 40 | 4 | 52 | 13 |
| Geskiedenis | 0 - 10 | 8 | 29 | 3,6 |
| | 11 - 20 | 24 | 164 | 6,8 |
| | 21 - 30 | 17 | 219 | 12,8 |
| | 31 - 40 | 4 | 60 | 15 |
| Aardrykskunde | 0 - 10 | 4 | 6 | 1,2 |
| | 11 - 20 | 15 | 94 | 6,2 |
| | 21 - 30 | 14 | 115 | 8,2 |
| | 31 - 40 | 3 | 30 | 10 |
| Duits | 0 - 10 | 9 | 27 | 3 |
| | 11 - 20 | 25 | 81 | 3,2 |
| | 21 - 30 | 16 | 106 | 6,6 |
| | 31 - 40 | 4 | 37 | 9 |
| Rekeningkunde | 0 - 10 | 11 | 47 | 4,3 |
| | 11 - 20 | 24 | 239 | 10 |
| | 21 - 30 | 16 | 231 | 14,4 |
| | 31 - 40 | 4 | 96 | 24 |

* O.V.S. Onderwysdepartement. Eksamenstatistiek vir 1970.

Dit blyk uit tabel 13 dat die grootste gemiddelde aantal leerlinge wat een van hierdie vakke neem 24 is. Dit kan dus aanvaar word dat al die skole in tabel 13 vervat, van slegs een onderwyser gebruik

maak om iedere vak in st. 10 te onderrig. Hierdie syfers vereis ernstige besinning, veral as daarop gelet word dat daar bv. 11 skole is wat elk minder as 10 leerlinge in matriek het en dat slegs 39 leerlinge in dié 11 skole Natuur- en Skeikunde as vak neem. Met ander woorde, 11 onderwysers word vir hierdie doel benodig. Vir dieselfde groep skole word 11 onderwysers vir die onderrig van Wiskunde aan 37 leerlinge benodig, en steeds in dieselfde groep word 4 onderwysers benodig om aan 6 leerlinge in Aardrykskunde onderrig te gee, ens. Wanneer hierdie groep skole vergelyk word met die groep met 'n matriekklas van 31 tot 40 leerlinge, blyk dit dat dié onderwys, sowel wat mannekrag as geld betref, geweldig duur moet wees. Gedurende 1970 was slegs 61% van die sekondêre onderwy= sers in die Vrystaat in permanente betrekkings, terwyl ses sekondêre poste in Wiskunde en Wetenskap slegs op 'n deeltydse basis gevul was deur van onderwysers van ander skole gebruik te maak.[47] Dit volg dus dat die situasie, soos in die voorafgaande tabel aangetoon, van onekonomiese benutting van die beskikbare mannekrag getuig. Volgens die gegewens in tabel 13 is daar rede om af te lei dat daar eerder swak benutting van die beskikbare per= soneel is deur die instandhouding van heel klein sekondêre skole as 'n ernstige tekort aan onderwysers. Indien die 11 skole met altesaam 37 leerlinge in Wiskunde en 39 leer= linge in Skei- en Natuurkunde maksimaal gesen= traliseer kon word, kon een of hoogstens twee onderwysers daardie leerlinge onderrig het.

47) O.V.S. Onderwysdepartement. Verslag vir die jaar 1970, p.10.

Dit is egter nodig om nog verder op hierdie on= ekonomiese benutting van die beskikbare manne= krag in te gaan.

Tabel 14

SKOLE MET EEN EN TWEE MATRIEKLEERLINGE PER VAK IN 1970*

| Vak | Aantal skole met een leer= ling per vak. | Aantal skole met twee leer= linge per vak |
|---|---|---|
| Houtwerk | 11 | 7 |
| Skei- en Natuurkunde | 4 | 3 |
| Biologie | 2 | 1 |
| Wiskunde | 3 | 4 |
| Geskiedenis | 1 | 6 |
| Aardrykskunde | 2 | 3 |
| Duits | 8 | 8 |
| Huishoudkunde | 1 | 2 |
| Rekeningkunde | 1 | 0 |
| Handel | 3 | 4 |
| Tik | 3 | 5 |
| Naaldwerk | 2 | 12 |
| Totaal | 41 | 55 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Eksamenstatistiek vir die skooleindeksamen in 1970.

Dit is uit tabel 14 duidelik dat in die betrokke vakke 41 onderwysers gebruik is om slegs een leerling en 55 onderwysers om aan twee leerlinge 'n vak te onderrig. Die onekonomiese benutting van mannekrag en die klaarblyklike hoë koste in vergelyking met skole waar daar meer kinders per vak en dus per onderwyser is, word deur bogenoem= de gegewens onderstreep.

Dit is vanselfsprekend dat onderwys al duurder word hoe kleiner die onderwyser-leerling-ver=

houding word. Wanneer die koste aan geboue en ander toerusting in berekening gebring word, sal hierdie koste per leerling nog verder styg. Daar is reeds gewys dat die waarde van die kleiner skool vir sy gemeen=skap in die Vrystaat hoog aangeslaan word, maar of hierdie onekonomiese benutting van mannekrag onbeperk kan voortgaan, is 'n aan=geleentheid wat besinning vereis.

Dit moet hier baie duidelik verstaan word dat dit nie beweer word dat die werk wat aan die heel klein skole gedoen word, minderwaardig is nie. Dit gaan op hierdie stadium net hierom dat die Vrystaat sy beskikbare mannekrag nie volkome benut nie en waar dit een van die hoog=ste doelstellings in gedifferensieerde onderwys is om Suid-Afrika se mannekragpotensiaal tot volle ontplooiing te laat kom,[48] dan val dit vreemd op dat hierdie doelstelling nie in die onderwys self vooropgestel word nie. Daarom word volle instemming betuig met die woorde van Fourie: "Ons sal anders moet dink en doen as in die verlede ..... en die durf en moed hê om algeheel van die ou tradisionele stelsel weg te breek - hoe skokkend dit ook al mag klink vir alle onderwysmanne wat geheg geraak het aan die ou tradisie waarin ons almal groot geword het."[49] Inderdaad verg gedif=ferensieerde onderwys "'n bereidwilligheid om waar nodig te breek met die bestaande, 'n oop gemoed om te vernuwe ... en 'n bereidwilligheid om te eksperimenteer."[50]

---

48) NBOMN. 'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onder=wys, p.3.
49) Fourie. Differensiasie en vernuwing in ons tradisionele onderwyspatroon. <u>Die Skoolblad</u>, deel 58, nr. 10, Oktober 1970, p.8.
50) Jooste. Onderwys prioriteit nommer 1 tussen ander prioriteite. <u>Die Skoolblad</u>, deel 58, nr. 10, Oktober 1970 p.15.

### 3.2.5 Die instelling van 'n praktiese, beroepsgerigte kursus

'n Uitvoerige bespreking van hierdie aangeleentheid val buite die bestek van hierdie studie, maar is tog van wesenlike belang in soverre dit die aantal leerlinge van veral die kleiner sekondêre skole raak. Sodanige beroepsgerigte kursus is gerig op die bevrediging van die behoeftes van die onder-gemiddelde intelligensiegroep wat in staat is om baat te vind by spesiale opleiding, maar wat in die huidige onderwysopset in 'n groot mate verwaarloos geraak het, soos vooraf aangetoon is.[51] Die huidige sillabusse vir sekondêre vakke hou vir hierdie leerlinge min praktiese waarde in en is as sodanig vir hulle ook van min vormende waarde.[52] Die instelling van hierdie kursus is gemik op daardie leerlinge wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderrig wat in die normale verloop van die sekondêre skole verskaf word, kan put nie. Daarom is gedifferensieerde sillabusse en benadering vir hulle nodig. Sillabusse vir hierdie leerlinge moet egter nie slegs 'n verdunning van die bestaande sillabusse wees nie, maar geheel en al afsonderlike sillabusse.[53]

In verband met hierdie aangeleentheid verklaar die Vrystaatse Onderwysdepartement dat dit die ideaal sou wees indien daar op verskillende sentra goed toegeruste skole opgerig kan word waardeur volle geleenthede aan hierdie leerlinge gebied kan word. Die Departement wys egter daarop dat onmiddellike implementering van hierdie plan nie kan geskied nie, maar "dit beteken nie dat die

51) Vgl. hoofstuk 2, paragraaf 2.2.4.
52) O.V.S. Onderwysdepartement. Voorsiening vir die domnormale leerling in die middelskool, 1961, p.2.
53) Reyneke. Voorsittersrede by jaarvergadering van die Vrystaatse onderwysersvereniging, 8 September 1972.

deur gesluit word om in die toekoms in hierdie rigting te beplan nie ..."[54] As eerste ten=tatiewe stap in hierdie rigting beoog die De=partement om aan sekondêre skole waar die getalle dit regverdig 'n begin te maak met die daarstelling van die nodige fasiliteite vir die aanbieding van beroepsgerigte kursusse.[55]

Dit blyk uit die voorgaande dat die Departement in teorie hierdie kursus òf in afsonderlike skole, òf by groot skole wil aanbied. Hiermee kan geen fout gevind word nie. In die praktyk beweeg die Departement egter in die rigting om hierdie kursus aan die kleiner sekondêre skole binne die gewone klasverband te laat onderrig.[56] Dit is hoogs twyfelagtig of sodanige kursus in groepklasse doeltreffend aangebied kan word. In die reeds aangehaalde bron lui dit juis heel tereg dat ".... hulle vir onderrig in aparte sillabusse in aparte klasse opgeneem sal word."[57] Dit beteken noodwendig dat, indien daar reg aan hierdie leerlinge moet geskied, hulle verkieslik vanaf die kleiner na die groter skole moet gaan ten einde die beste onderrig te kry. 'n Noodwen=dige uitkoms hiervan is dan 'n verdere daling in die aantal leerlinge van die kleiner sekondêre skole.

Dit is uit die voorgaande duidelik dat daar in die eerste plek oorweeg moet word wat in die beste belang van die kind is en in die tweede plek aan die belangrikheid wat die skool vir 'n gemeen=skap het. Ook in hierdie opsig geld die stelling dat "ons ons visie sal moet verruim,

54) O.V.S. Onderwysdepartement. Die praktiese, beroepsgerigte kursus vir leerlinge wat nie die gewone kursus kan bemeester nie, 1972, p.7.
55) Ibid.
56) Id. Omsendbrief prins. 94/72, insp. 37/72, p.l.
57) O.V.S. Onderwysdepartement. Die praktiese, beroepsgerigte kursus vir leerlinge wat nie die gewone kursus kan bemeester nie, 1972, p.7.

dat ons by dinge wat van ondergeskikte belang is verby kyk en dat ons onselfsugtig sal nastreef dit wat in elke kind se belang is en dit wat in landsbelang is."[58] As die klein sekondêre skole behoue moet bly, sal hierdie skole beskerm moet word om toe te sien dat onderwys in alle opsigte tot sy goeie reg moet kom.

### 3.2.6 <u>Die posisie van die voorligtingonderwyser in die kleiner sekondêre skool</u>

Kennisgewing R2029 bepaal uitdruklik dat "voorlig= ting aan 'n leerling verskaf word ten opsigte van persoonlike aangeleenthede, 'n opvoedkundige keuse en, met inagneming van die land se behoeftes, 'n beroepskeuse. Voorligting sluit in sielkundige, terapeutiese, remediërende en skoolbesoekende dienste en skakel met die departementele genees= kundige en tandheelkundige diens. Voorligting word aan 'n leerling verskaf in medewerking met die betrokke skoolpersoneel en met inagneming van die wense van die leerling en sy ouers."[59]

Hierdeur word daar 'n besondere premie op goeie voorligtingsdienste geplaas en spreek dit trouens vanself dat gedifferensieerde onderwys nie kan slaag as dit nie gerugsteun word deur 'n doel= treffende voorligtingstelsel nie. In hierdie proses sal 'n groter verantwoordelikheid as ooit tevore op die skouers van die voorligters geplaas word. Hulle taak sal wees om 'n opvoedkundige hulpdiens aan skole te lewer waarin hulle as gespesialiseerde persone moet poog om deur

58) Jooste, op.cit., p.15.
59) Departement van Nasionale Opvoeding. Die Staatskoerant, nr. 3306, 12 November 1971, kennisgewing R2029, p.20.

middel van sekere handelinge "die georiënteerd=heid van leerlinge ten opsigte van skolastiese, persoonstruktuur- en beroepsaangeleenthede te bewerkstellig. Gevolglik sal die voorligter ... in staat moet wees om inligtend, raadgewend, diagnostiserend en voorkomend te kan optree ten aansien van probleme rakende die persoonstruktuur, onderwyskeuse en beroepskeuse."[60] Die voor=ligter het met wordende volwasse mense te doen, mense met bepaalde moontlikhede, want "das Tier ist, der Gott ist. Den Mensch ist aber eine blosse Möglichkeit gegeben."[61] Die kind moet iets word omdat "der Mensch vermag nicht bloss da zu sein, er muss tranzendierend im Aufschwung sein oder Tranzendenz verlierend sinken.[62] Die mens kan keuses maak en die kind moet gehelp word om die regte keuse te maak omdat hy "ein solch Existierendes dass trotz der Vielheit der Teilfunktionen eine einheitliche zielstreibige Selbstättichheit vollbringt."[63]

Elke lewensfase van die kind moet as 'n noodsaak=like en integrerende deel van die volwaardige kindergestalte beskou word. Die geheel en die dele van elke lewensfase vorm 'n sinvolle eenheid met een bepaalde doel, nl. om tot volwaardige menswees te geraak. Om die kind ten volle te verstaan, voorveronderstel kennis van sy psigiese uitinge wat voortvloei uit die totale geestes=werking van die kind in 'n bepaalde lewensfase.[64] Die kind is in die onderwys van die uiterste belang, want hy is lewend, ontplooibaar en opvoedbaar: "Gewiss, das Kind ist uns mehr

60) NBOMN. op.cit., p.246.
61) Van der Leeuw. Der Mensch und die Religion, p.58.
62) Jaspers. Philosophie I, p.38.
63) Stern. Person und Sache, p.16,
64) Spranger. Der gegenwärtige Stand, p.64.

als Steine, Pflanzen und Tieren ... eine werdende Persönlichkeit."[65] Deur die opvoeding moet hy geken word om by hom 'n bepaalde lewens=houding te ontwikkel en om daardie ontluikende lewenskragte in 'n bepaalde rigting te stuur.[66]

Die taak van die onderwys, en dus meer bepaald die taak van die voorligter in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys, is om verantwoorde=likheid te aanvaar vir die kind en om die kind te lei tot selfkennis, die bereiking van volle selfverwesenliking deur die ontwikkeling van sy natuurlike en geestelike vermoëns.[67]

In hierdie proses is doeltreffende voorligting een van die vernaamste waarborge tot sukses van gedifferensieerde onderwys en daarom beklee die voorligter binne die skool 'n posisie wat uniek is. Deur dit wat hy onvermoeid aan die kind gaan bestee, gaan die stelsel staan of val, want hy is inderdaad 'n voorligter aan die kind, die ouer en die skoolhoof.

Dit spreek dus vanself dat hierdie onderwyser 'n voltydse taak gaan hê en sal sy taak bepaald nie 'n byvak op skool wees nie. Wanneer 'n mens jou na die huidige praktyk in die O.V.S. keer, is die beeld egter heelwat anders. In 'n skool, met byvoorbeeld tot 200 sekondêre leerlinge, is die voorligter ook nog 'n gewone vakonderwyser[68] en dan moet daar onthou word dat slegs 29 van die 77 skole wat by hierdie ondersoek betrek is meer as 200 leerlinge het. Met die huidige personeelvoorsiening is dit dus 'n feitlik

65) Bühler. Die geistige Entwicklung des Kindes, p.53.
66) Keyter. Opvoeding en onderwys, p.4.
67) Van Praag, op.cit., pp. 135, 158 - 159.
68) O.V.S. Onderwysdepartement. Personeelopgawes vir 1971.

onmoontlike taak vir enige onderwyser wat gewone vakonderwys moet gee, met al die eise wat gediffe=rensieerde onderwys aan hom gaan stel, om ook aan voorligting daardie besondere aandag te gee soos dit hoort. Met ander woorde, òf die vak=onderwys gaan ly, òf voorligting gaan in hierdie proses nie tot sy volle reg kom nie en nie een van die twee mag gebeur nie, want dit sal in stryd wees met die wese van gedifferensieerde onderwys en die hele nuwe onderwysstelsel.

Die kleiner sekondêre skool, trouens selfs ook van die groter skole wat nie oor 'n afsonderlike onderwyser vir voorligting beskik nie, sal hier=oor ernstig moet besin. Voorligting is te belang=rik om selfs die risiko van verwaarlosing te waag en dit kan alleen as 'n voltydse taak deur 'n goed opgeleide persoon beskou word. Tensy daar der=halwe van owerheidsweë bykomende personeelvoor=siening gemaak sal word, gaan skole wat gebruik moet maak van 'n voorligting-vakonderwyser voor bykans onoorkomelike probleme te staan kom. Dit is egter nie net die skool wat sal moet besin nie, maar ook en veral die onderwysowerheid wat sy verantwoordelikheid moet ken en vreesloos besluit wat die allerbeste is vir die kinders wat aan sy sorg toevertrou is. Indien die huidige posisie as die beste beskou word, dan moet onverwyld stappe gedoen word om alleen die beste te gee wat die kinders van die Vry=staat toekom. Werklike kennis van 'n kind is nie saak van terloopse aandag nie, maar iets wat volgehoue bemoeienis verg. Dit is 'n daag=likse, voltydse taak om 'n kind te ken en as 'n onderwyser, 'n voorligter, nie sy aandag en sy onbevange liefde geheel en al aan hierdie taak wy nie, kan hy nie slaag in

dit wat veel meer as beroepsbeoefening is nie. Dit is 'n heilige roeping, 'n direkte uitvloeisel van die Christelik-nasionale karakter van die onderwys om slegs die beste te gee aan die kind wat deur God aan hom toevertrou is.

3.2.7 Vakvlakdifferensiasie

In paragraaf 13 van kennisgewing R2029 word bepaal dat "in die senior sekondêre skoolfase word 'n eksamenvak op 'n hoër of op 'n standaard vlak of op 'n hoër en op 'n standaard vlak aangebied." Onderhewig aan bepaalde vereistes moet 'n leer= ling minstens drie vakke op die hoër vlak slaag om aan die nuwe matrikulasievrystellingsvereistes te voldoen.

Vir die kleiner sekondêre skool gaan dit in die praktyk beteken dat onderrig op die twee vlakke gelyktydig binne dieselfde klaskamer sal moet geskied. Die sillabusse sal van so 'n aard wees dat die hoër vlak 'n verryking is van die standaard vlak en sal dit dus "moontlik wees om die leer= stof vir elke vak in dieselfde periode in die= selfde klaskamer aan te bied.[69] Dit is die amptelike standpunt van die Vrystaatse onderwys= departement; trouens, opdrag in dier voege is gegee aan die opstellers van die nuwe sillabusse.[70] Hoe geslaagd hierdie onderwys sal wees, sal die praktyk alleen kan bewys.

By bestudering van bevindings van navorsing wat gedoen is ten opsigte van die moontlikhede van geslaagde differensiasie in die kleiner sekondêre skool, blyk dit dat voorgenoemde standpunt nie in

69) O.V.S. Onderwysburo. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel, p.11
70) Meegedeel deur inspekteurs van onderwys belas met die opstel van sillabusse, September 1972.

lyn is met die resultate van navorsing in Suid-Afrika en oorsee nie.

So verklaar die RGN[71] dat dit 'n logiese uitvloei=sel is dat die aanbieding van gedifferensieerde onderwys aan die klein sekondêre skool beswaarlik tot sy reg kan kom. In die stede met groot skole sal dit geen probleem oplewer nie, maar in die uitgestrekte platteland waar sekondêre skole met 'n honderd en minder leerlinge bestaan, kan daar hoogstens 'n eenrigtingkursus wat gewoonlik suiwer akademies van aard is, aangebied word. Hierdie skole kan ook nie die verskeidenheid opvoedkundige geleenthede van die groot skool bied nie. As moontlike alternatief sien die RGN die moontlike daarstelling van gesentraliseerde komprehensiewe skole.[72] In Kanada, die V.S.A. en Australië waar onderwysbeplanners voor die=selfde probleem te staan gekom het van hoe ge=differensieerde onderwys aan die klein skool implementeerbaar is, is daar oorgegaan tot die konsolidering van klein plattelandse skole tot sentrale komprehensiewe skole wat 'n groter diversiteit van onderwysgeleenthede kan bied as die klein skool.[73] Leerlinge uit die omstreke van die skool word dan onder andere met 'n uit=gebreide busstelsel na en van die skool vervoer. Dit is vanselfsprekend dat daar veral in die O.V.S. heelwat teenkanting sal wees teen enige poging tot sentralisasie, maar daar sal ernstig besin moet word oor hierdie aangeleentheid. Hieroor later weer.

Hier te lande is reeds ondervind dat differensiasie

71) RGN. 'n Studie van gedifferensieerde sekondêre onderwys in oorsese lande, p.278.
72) Ibid., p.281.
73) RGN. 'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onderwys, pp.203 - 204.

in die kleiner skool heelwat probleme oplewer. In Transvaal is ondervind dat gedifferensieerde aanbieding van die leerstof gestrem word deur die feit dat alle sekondêre skole nie die gedif= ferensieerde sillabusse toepas nie. As rede word aangevoer dat sekere skole te klein is of te min st. 10-leerlinge het. Ook is gevind dat die indeling in die verskillende kursusse soms eers laat gedoen word en dat dit leerlinge beroof van een van die vernaamste voordele van gediffe= rensieerde onderwys, nl. gedifferensieerde bena= dering van die leerstof.[74] Sommige skole voel dat daar 'n gebrek aan goedopgeleide onderwysers is en dat sommige onderwysers hulle nie kan aanpas by die onderrig van die verskillende groepe in een klas nie.[75]

In Natal is ondervind dat daar te veel leerlinge met uiteenlopende bekwaamhede in die Gevorderde Stroom is en dit is nadelig vir die aanbieding van die leerstof aan albei groepe.[76] Soms moes die twee strome in een groepklas onderrig word as gevolg van die klein aantal leerlinge. Dit het probleme vir die onderwyser ten opsigte van die standaard van die onderrig geskep, asook die vakkeuse en leerplanne wat dan in 'n groot mate moet ooreenkom. In een skool het die kom= binasie van dubbelmediumonderrig en differensiasie in st. 7 die gevolg gehad dat vier groepe in een klaskamer onderrig is.[77] Onderwysers het hulle soms ook moeilik by die gedifferensieerde benadering, onderrigmetodes en standaarde van die twee kursusse aangepas en dit het die aanbieding benadeel.

74) RGN., op.cit., p.187.
75) Transvaalse Onderwysdepartement. Die toepassing en bevor= dering van gedifferensieerde middelbare onderwys in Transvaal, p.45.
76) RGN., op.cit., p.187.
77) Ibid., p.188.

Ook die ander provinsiale onderwysdepartemente het probleme ondervind waar homogene klasgroepe as gevolg van 'n klein aantal leerlinge nie gevorm kan word nie en die leerstof dus aangebied moet word aan klasgroepe leerlinge met uiteen=lopende bekwaamhede.[78]

Reeds in 1957 het Jooste bevind[79] dat selfs in die twee grootste Transvaalse sekondêre skole (1058 en 1029 leerlinge) dit in sommige vakke nie moontlik is om die leerlinge vir alle klasse in twee groepe te verdeel nie. Dit kan dus redelikerwyse aanvaar word dat dieselfde probleme ook in die Vrystaat teëgekom gaan word, veral as in aanmerking geneem word dat 47 van die 77 skole wat hier ter sprake is minder as 100 leerlinge in st. 8 - 10 het. In al hierdie skole sal daar waarskynlik net groeponderrig op albei vlakke gegee kan word.

Daar is reeds op gewys dat departementeel opdrag gegee is dat alle Vrystaatse sillabusse opgestel moet word sodat die leerstof vir die twee vlakke basies ooreenstem. Dit beteken nie dat die leerstof afgewater moet word nie, maar dat sekere gedeeltes geëlimineer moet word.[80] Wanneer die leerstof van die standaardvlak afgehandel is, kan dan besluit word of hierdie leerlinge hersiening van gedane werk gaan doen en of hulle take binne die klasverband gaan uitwerk of moontlik werk op die gevorderde vlak aanpak.

Vrystaatse skole moet voorsiening maak om die

78) Ibid.
79) Jooste, op.cit., p.90.
80) Voorsittersrede gelewer by die S.A.O.U.-kongres, 1972. Die Unie, 68 (12), Junie 1972, p.512.

volgende vakke op twee vlakke of grade aan te bied:[81] Afrikaans, Engels, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Biologie, Geskiedenis, Musiek, Aardrykskunde, Ekonomie, Rekeningkunde, Huishoudkunde en Tegniese Tekene. Alle ander vakke word slegs op die gewone graad aangebied, terwyl Duits net op die hoër graad aangebied word.[82]

Aangesien feitlik alle plattelandse skole prakties enkelmediumskole is, beteken dit dat Afrikaans en Engels op die hoër- en standaard graad onderskeidelik aangebied sal word en die ander vakke soos hierbo aangedui. Wanneer die gegewens van tabelle 13 en 14 in aanmerking geneem word en die klein aantal leerlinge wat daarvolgens sekere vakke neem, beteken dit dat vakvlakaanbieding 'n verdere onekonomiese onderwysersbenutting gaan beteken. Aan die ander kant moet toegegee word dat die hantering van die leerstof op twee vlakke in die kleiner groepklas aansienlik makliker sal kan geskied en werk van hoër gehalte gelewer behoort te word as in 'n groter groepklas. Hoe groter die groepklas word, hoe meer probleme sal on=dervind word waarvan dissiplinêre probleme die waarskynlikste is.

Indien die praktiese situasie aan die hand van twee sillabusse, nl. dié van Rekeningkunde en dié van Ekonomie ondersoek word, blyk dit dat vakvlakdifferensiasie binne dieselfde groepklas besondere eise aan onderwysers stel. Dit is

81) Slegs daardie vakke wat die algemeenste in die Vrystaat geneem word, is hier genoem.
82) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72, p.5.

onnodig om die volle sillabusse van albei vakke weer te gee, aangesien slegs enkele essensiële grepe daaruit die probleem onder= streep waarvoor die onderwyser te staan gaan kom.

Tabel 15

'N VERGELYKING VAN ENKELE ASPEKTE VAN DIE HOËR- EN STANDAARDGRAAD IN EKONOMIE IN ST.10*

| ONDERWERPE | HOËR GRAAD | STANDAARD GRAAD |
|---|---|---|
| 2. VERGOEDING VAN PRODUKSIEFAKTORE | Algemeen: Slegs bekendstelling met die teorieë word verlang. Leerlinge moet veral weet waar dit te kort skiet as 'n verklaring. Deeglike behandeling van die grensproduktiwiteitsteorie word vereis. Verwys na staatsinmenging, waar van toepassing. | |
| 2.1. Grondrente:<br>2.1.1 Die begrip huur en wat dit insluit<br>2.1.2 Eenvoudige begrip van Ricardo se grondrenteteorie en die tekortkominge daarvan.<br>2.1.3 Faktore wat grondrente en die ongelykheid daarvan in die praktyk beïnvloed.<br>2.1.4 Moderne grondrenteteorie. | Tydens onderrig moet ook verwys word na huur van plase, stedelike persele en huurbetalings (pagte) ten opsigte van myne. | 2.1.2 en 2.1.4 word nie behandel nie. |
| 2.2 Loon:<br>2.2.1 Die begrip loon en wat dit insluit.<br>2.2.2 Verskil tussen nominale en reële loon.<br>2.2.3 Betekenis en eenvoudige toe=passings van tydloon-, stuk=loon en aansporingsloonstel=sels.<br>2.2.4 Eenvoudige begrip van die loonteorie van Malthus, J.S. Mill, Adam Smith en Karl Marx.<br>2.2.5 Eenvoudige begrip van die Grensproduktiwiteitsteorie.<br>2.2.6 Faktore wat loon en ongelyk=heid daarvan in die praktyk beïnvloed. | Tydens onderrig moet ook verwys word na die rol van vakunies, staatsoptrede met betrekking tot arbeidsaangeleenthede, werkloosheid, kort uiteensetting van die R.S.A. se arbeidsvraag=stuk. | 2.2.4 en 2.2.5 word nie behandel nie. |
| 2.3 Kapitaalrente:<br>2.3.1 Die begrip kapitaalrente<br>2.3.2 Eenvoudige begrip van Keynes se Likiditeitsvoorkeur=teorie. | | 2.3.2 en 2.3.4 word nie behandel nie. |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Kernleerplan vir Ekonomie, p.16.

Hierdie greep uit die sillabus toon duidelik dat leerlinge wat hierdie vak op die standaard vlak neem vir enkele periodes nie onderrig gaan ontvang nie en met hersiening, die uitwerk van take, ens. besig gehou sal moet word. Vir enige onderwyser wat lank in die onderwys ge=staan het, is dit duidelik dat dit ernstige dissiplinêre probleme kan skep vir daardie onderwyser wie se dissiplinêre vermoë nie van 'n hoogstaande gehalte is nie. Verder skep dit ook organisatoriese probleme, want voordat daardie dele van die sillabus wat slegs vir die hoër graad-leerlinge bedoel is, onderrig kan word, sal die ander leerlinge eers hulle werk moet ontvang. Daardie bykomende werk moet gekontroleer word sodat ook die tydsfaktor hier ter sprake kom.

By betragting van die kernsillabus in Rekening=kunde word bogenoemde probleem sterker geaksen=tueer. Vervaardigingsrekenings en takrekenings word vir die hoër graad in st. 10 vereis, maar nie vir die standaard graad nie. Verder blyk dit dat komponente van die sillabus op die hoër graad reeds in st. 8 behandel word, maar dat dieselfde komponent eers in st. 9 op die standaard graad verskyn. Voorts word sekere komponente in st. 9 op die hoër graad behandel, maar eers in st. 10 op die standaard graad.[83) ]Die implikasies van die voorgaande is dat alleen daardie onderwyser wat 'n uitnemende vakspesialis is met 'n hoogstaande dissiplinêre en organisatoriese aanleg die aangeduide probleme in die praktyk die hoof sal kan bied.

83) By die skrywe hiervan was die kernsillabus vir Rekening=kunde nie beskikbaar nie. Hierdie inligting is deur die betrokke vakinspekteur vir handelsvakke verstrek.

Dit is uit voorgaande duidelik dat die kleiner sekondêre skole voor besondere probleme ten opsigte van vakvlakdifferensiasie te staan kom. Vir hulle is vakvlakdifferensiasie in afsonderlike klasgroepe buite die kwessie, tensy hulle hul vakkeuses drasties verminder of 'n ruimer personeeltoekenning ontvang. 'n Vermindering van die aantal keusevakke sal egter die dalende tendens in die leerlingtalle stimuleer, want die praktyk het vir die kleiner sekondêre skole geleer dat hulle soveel vakke op matriekvlak moet aanbied as wat die personeelvoorsiening toelaat, ten einde soveel as moontlik van hul eie leerlinge te behou. So is daar reeds in tabel 12 aangedui dat die kleiner skole van personeel uit hulle primêre afdelings gebruik maak om die sekondêre vakkeuses soveel moontlik uit te brei. Die oplossing lê derhalwe nie in 'n inkorting van die vakkeuse nie.

Verder kan daarop gewys word dat die instelling van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys in die Vrystaat uitdruklik onderhewig is aan die voorwaarde dat geen bykomende personeel aan skole verskaf sal word ten einde òf vakkeuse uit te brei, òf vakvlakdifferensiasie in afsonderlike klasgroepe moontlik te maak nie.[84] Ook hierin lê die oplossing derhalwe nie.

Dit beteken dus dat, as al die huidige sekondêre skole behoue bly, gedifferensieerde vakvlakdifferensiasie in die meeste Vrystaatse skole in 'n groepklas aangebied sal word. Moontlike oplossings van dié probleem word in hoofstuk 5 bespreek.

84) O.V.S. Onderwysburo. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel, p.6.

## 3.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is getrag om die huidige posisie ten opsigte van differensiasie in die Vrystaat te beskou en te omlyn. Die oorheersende indruk waartoe geraak word, is die dalende neiging in leerlingtalle wat by die meeste skole waarneembaar is. Dit het uit die gegewe statistiek geblyk dat sommige skole reeds 'n wankelende bestaan voer omdat hulle getalle in die sekondêre afdelings gedaal het tot by die voorgeskrewe minimum vir sekondêre leerlinge, nl. 65 leerlinge. Die vinnige daling in die aantal primêre leerlinge by feitlik alle plattelandse skole en 'n algehele afname van 2752 in die primêre afdelings tussen 1968 en 1970 in die Vrystaat, moet noodwendig deurwerk na die sekondêre afdelings van die betrokke skole. Dit is ook aangedui dat sommige gekombineerde skole ruimskoots van personeel uit hulle primêre afdelings gebruik maak om ruimer vakkeuses moontlik te maak ten einde hulle sekondêre leerlinge te behou en sodoende die voortbestaan van die skole te verleng.

Talle kleiner skole is klaarblyklik in 'n kringloop van dalende leerlingtalle, en gevolglik ook 'n ver= minderde vakkeuse, vasgevang. Daar is voorts on= miskenbare aanduidings dat hierdie proses in die komende jare versnel gaan word. So, bv., vind ontvolking van die platteland progressief plaas, met tot gevolg steeds dalende leerlingtalle. In die kleiner sekondêre skole word hierdie afname in leer= lingtalle gestimuleer deur 'n gebrek aan 'n sonerings= beleid.

Teen voorgaande agtergrond moet die toekoms van die kleiner sekondêre skole beskou word. Volgens owerheidsbeleid kan hierdie skole voortbestaan solank hulle hul voortbestaan kan regverdig, maar dit is 'n saak wat omlyn behoort te word. Gaan dit

berus op 'n skool se leerlingtalle, die gehalte van sy werk, die wyse waarop hy differensieer, die beskikbaarheid van vakspesialiste in die sekondêre afdelings van skole of die aantal studierigtings wat skole met behulp van die personeel van die sekondêre afdelings kan aanbied?

'n Aangeleentheid wat innig hieraan verbonde is, is sentralisasie van onderwys. Indien skole op die platteland eventueel moet wegkwyn, en dit is aange= toon dat daar skole is wat onafwendbaar hul sekon= dêre afdelings gaan verloor, ontstaan die vraag wat van hierdie skole se sekondêre leerlinge gaan word. Weens die afwesigheid van 'n soneringsbeleid gaan dit in die praktyk beteken dat daardie sekondêre leerlinge vir wie daar geen voorsiening in die tuisskole is nie, kan gaan waarheen hulle wil en in die meeste gevalle sal dit beteken dat hulle na Bloemfontein sal gaan. Dit kan beteken dat groot dele van die Vrystaatse platteland uiteindelik oor geen sekondêre skool sal beskik nie en daarom moet die wenslikheid van 'n soneringsbeleid ondersoek word, maar daarmee saam die moontlikheid van sentra= lisasie van onderwys op die platteland. Dit is opvoedkundig onverdedigbaar en totaal onwenslik om plattelandse skole 'n uitgerekte stryd om voortbestaan te laat voer in die verwagting dat hulle uiteindelik genadiglik sal dood bloei. In hierdie proses moet talle onderwysers en sekondêre leerlinge benadeel word.

Die beginsel van differensiasie is lofwaardig en in die belang van die onderwys van elke kind, maar die toepassing daarvan is "makliker gesê as wat dit gedoen kan word. 'n Mens voorsien vele probleme vir die administrateurs van onderwys, vir die profes= sionele deskundiges ... en vir die leermeesters wat aan hierdie stelsel binne die praktyk reg moet laat

geskied. Aan oneindig baie kante is dit 'n inge= wikkelde, gekompliseerde en uiters moeilike onder= neming."[85)]

Dit is aangedui dat die onderrig van die twee vlakke of grade in 'n groepklas moontlik is, maar dat dit hoë eise aan die onderwysers stel. Dit is wenslik dat onderrig op verskillende vakvlakke in afsonder= like klasgroepe gegee moet word. Onverdeelde aandag aan die individuele kind binne 'n redelik homogene groep sal beter resultate oplewer as wanneer die leerling in 'n heterogene groepklas sit. In 'n stelsel van afsonderlike, redelik homogene klasgroepe is kruisgroepering moontlik, maar in 'n omvattende ondersoek bevind Jooste dat kruisgroepering vir st. 6 tot 10 minstens 14 klasgroepe en 'n totale leerlingtal van 350 benodig om suksesvol toegepas te word.[86)] In die voorgestelde stelsel van diffe= rensiasie word slegs st. 8 tot 10 geraak wat die saak ietwat vereenvoudig, dog dit is hierbo aangedui dat kruisgroepering nie moontlik is in 'n skool met 200 sekondêre leerlinge en slegs 100 leerlinge in die senior sekondêre afdeling nie.

Die probleemsituasie in die Vrystaat moet egter ten slotte ook gesien word teen die agtergrond van die vereistes en beginsels van Christelik-nasionale onderwys soos vroeër in hoofstuk 1 geskets. As diensbaarheid aan en in die staat, roepingsbewust= heid en die toerusting vir roepingsvervulling op alle terreine van die lewe tot eer van God van die vernaamste doelstellings van die opvoeding en onder= wys is, kry differensiasie 'n besondere betekenis.

---

85) Voorsittersrede gelewer by S.A.O.U.-kongres, 1972. Die Unie, 68 (12), Junie 1972, p.503.
86) Jooste. Gedifferensieerde onderwys in die Transvaalse komprehensiewe hoërskool, p.74.

Gesien teen die agtergrond van faktore soos die huidige mannekragtekort in alle sektore van die samelewing, die gevare wat Suid-Afrika bedreig en die groot aantal skoolverlaters met al die konsekwensies daarvan op opvoedkundige en ekonomiese terreine, spreek dit vanself dat slegs die beste onderwys goed genoeg is. Hierdie beste onderwys kan alleen sentreer in 'n weldeur= dagte gedifferensieerde onderwysprogram om aan elke kind daardie onderwysgeleenthede te bied wat die beste by sy besondere vermoëns en aanleg pas. Dit is verder vanselfsprekend dat 'n onder= wysstelsel wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie, hom in stryd met die Christelik-nasionale onderwysbeginsels bevind.

Teen die agtergrond van die probleemsituasie is dit vervolgens nodig om die volle implikasies van kennisgewing R2029 vir die Vrystaat aan te toon met die oog op voorstelle vir 'n implementeerbare stelsel van gedifferensieerde onderwys vir die Vrystaat.

# HOOFSTUK 4

## DIE IMPLIKASIES VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING R2029 VIR DIE ORANJE-VRYSTAAT

### 4.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk word aan 'n studie van die inhoud van goewermentskennisgewing R2029[1] en die implikasies daarvan vir die Vrystaatse onderwys gewy.

In genoemde kennisgewing word veral die volgende aangeleenthede beklemtoon: die vereiste Christelik-Nasionale karakter van die onderwys, die instelling van die verskillende studierigtings, die daarstelling van 'n skoolonderwystydperk wat in vier fases van drie jaar elk verdeel is, die aanbieding van sommige vakke op twee vlakke en die besondere nadruk wat op 'n doeltreffende voorligtingsdiens geplaas word.

In hoofstuk 1 van hierdie studie is die vereiste Christelik-Nasionale karakter van die onderwys breed=voerig bespreek en word dit dus nie in hierdie hoofstuk herhaal nie. By die bespreking van die ander hoofsake van R2029 mag die verpligtende karakter wat aan die vereiste Christelik-Nasionale onderwys eie is, nie uit die oog verloor word nie en daarom moet die inhoud, implikasies, implementering en evaluering van kennisgewing R2029 steeds in die lig van die Christelik-Nasionale eis gesien word.

Wat dus in hierdie hoofstuk direk ter sake is, is die skoolfases, die studierigtings, vakvlakdifferensiasie en voorligtingsdienste. Elk van hierdie aspekte sal

1) Die volledige teks van goewermentskennisgewing R2029 word as 'n afsonderlike bylaag aan die einde van hierdie studie gegee.

onder die volgende hoofde bespreek word: Die bepalings van R2029, die implikasies daarvan, die voorgestelde Vrystaatse implementering en 'n saaklike evaluering. In hoofstuk 3 is sommige van hierdie aangeleenthede reeds aangevoer aangesien dit ten nouste saamhang met die probleme wat veral die kleiner sekondêre skole ten opsigte van differensiasie kan ondervind. Eers wanneer die inhoud, die implikasies en die voorgestelde implementering van R2029 ten opsigte van die Vrystaat bestudeer is, kan daartoe oorgegaan word om sekere aanbevelings te doen ten einde te verseker dat differensiasie so doeltreffend moontlik in die Vrystaat toegepas sal word.

Die stof wat vir hierdie hoofstuk versamel is, is onder andere afkomstig uit kennisgewing R2029, departementele omsendbriewe, inligting van die Vry=staatse Onderwysdepartement, die Vrystaatse Onderwys=buro wat veral vir die beplanning van differensiasie verantwoordelik is, mondelinge mededelings van inspekteurs van onderwys en Vrystaatse skoolhoofde, en eie ervaring as skoolhoof van 'n kleiner sekondêre skool wat die inhoud van R2029 prakties moet imple=menteer. Ten tye van die skrywe hiervan was die hand=boek van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad waarin die eksamenregulasies, soos deur R2029 genoodsaak, nog nie beskikbaar nie en is daar volstaan met Vrystaatse departementele omsendbriewe en ander amptelike inligtingstukke.

## 4.2 Die inhoud van goewermentskennisgewing R2029

Die aankondiging van die Minister van Nasionale Opvoeding in die Staatskoerant van 12 November 1971 het 'n nuwe onderwysbedeling vir Suid-Afrika daarge=stel en die grondslag vir die ontwerp en implemente=ring van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys gelê.

Hiermee is die beginsel gehandhaaf dat die breë en rigtinggewende op nasionale vlak deur die Minister op aanbeveling van die Onderwysraad en in oorleg met die Administrateurs en die Komitee van Onderwyshoofde gedoen word, maar dat die im=plementering gedesentraliseerd moes plaasvind.[2] Die hoofmomente van R2029 word vervolgens, soos vooraf aangetoon, bespreek.

4.2.1 <u>R2029 en die instelling van die verskillende skoolfases</u>

Die skoolonderwystydperk wat uit twaalf skool=jare bestaan (vergelyk bylae 1), is in vier fases van drie jaar elk verdeel, nl. die junior primêre skoolfase (skooljare een tot drie), die senior primêre skoolfase (skooljare vier tot ses), die junior sekondêre skoolfase (skooljare sewe tot nege) en die senior sekon=dêre skoolfase (skooljare tien tot twaalf).

Wat die junior primêre skoolfase betref, word dit in R2029 uitdruklik bepaal dat alleen klasonderwys aangebied moet word.

Die senior primêre skoolfase word nie verder in R2029 omskryf nie.

Hierteenoor stel R2029 dit duidelik dat die onderwys gedurende die eerste jaar van die junior sekondêre skoolfase (st. 5) aan 'n primêre skool of 'n primêre afdeling van 'n skool verskaf word. In hierdie skoolfase het die onderwys 'n breë, algemeen-vormende

2) O.V.S. Onderwysburo. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel,p.1.

inslag en is die meerderheid vakke verpligte vakke. Daar mag geen gediffe=rensieerde sillabusse aangebied word nie, maar die leerstof kan gedifferensieerd aangebied word volgens die opvoedkundige behoeftes van bepaalde groepe leerlinge. Leerlinge wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderwys kan trek nie, moet 'n meer praktiese sillabus as die ander gedif=ferensieerde sillabusse volg. Aan hulle sal 'n beroepsgerigte kursus ooreenkomstig gedif=ferensieerde sillabusse aangebied word.

Die bepalings van R2029 ten opsigte van die senior sekondêre skoolfase word in 'n afsonder=like paragraaf bespreek.

4.2.1.1 <u>Die implikasies van die indeling in skoolfases</u>

Een van die belangrikste implikasies van R2029 is dat dit 'n ingrypende herrangskikking van die skoolbevolking genoodsaak het. Nie alleen eindig die primêre onderwys nou met st. 4 en begin die st. 5-leerlinge met sekondêre onderwys nie, maar is st. 8 tot die senior sekondêre fase gevoeg. Ofskoon die st. 5-leerlinge dus reeds met die junior sekondêre fase 'n aanvang maak, bly hulle fisies in die primêre skole. Hieruit vloei ingrypende implikasies voort en verdien die posisie van hierdie leerlinge besondere aandag.

Terwyl R2029 die onderwystydperk in vier sinvolle eenhede van drie jaar elk verdeel, word by die junior sekon=

dêre fase 'n uitsondering gemaak, nl. dat dié kursus by skole waar die primêre- en sekondêre afdelings afsonderlik is, onderbreek word. Terwyl hierdie fase 'n verkenningstydperk is waarin die leerlinge ondervinding van soveel vakke as moontlik moet opdoen ten einde doeltreffende kanalisering in die senior sekondêre fase te verseker, beteken dit dat hierdie leerlinge in die geval van die afsonderlike skole een jaar minder ononderbroke in die verkenningsperiode verkeer. Aangesien die primêre skole nie oor onderwyser=voorligters beskik nie en gevolglik nie in staat is om die sekondêre skole met die hoogsmoontlike doeltreffendheid aangaande die aanleg, vermoëns en belangstellings van hierdie leerlinge te adviseer nie, beteken dit dat hierdie essensiële gegewens in st. 6 en 7 verkry moet word, dit wil sê in een jaar minder as by die gekombineerde skole.

Die st. 5-leerlinge maak 'n aanvang met vakonderwys en hulle loop gevaar om, in die geval van die afsonderlike afdelings van skole, die voordeel van vakspesialiste en die gebruik van laboratoria ontsê te word. Daar vind ook in hierdie fase, by leerlinge van suiwer primêre skole, 'n noodgedwonge verandering van skool plaas en derhalwe 'n onderbreking van kontinuïteit in die onderrig.

Die posisie van die st.5-leerlinge word verder gekompliseer wanneer dit teen die agtergrond van die praktiese kursus beskou word. Die uitkenning van die leerlinge wat die praktiese kursus vanaf st. 6 behoort te volg, behoort tot en met st. 5 plaas te vind. In die geval van af= sonderlike skole beteken dit dat die sekondêre skole òf die advies van die primêre skoolhoofde onvoorwaardelik moet aanvaar, òf gedurende die st. 6-jaar moet probeer vasstel of die aanbevelings van die primêre skole bevestig kan word. Dit beteken 'n verkorting van die praktiese kursus met een jaar vir daardie leerlinge wat laat uitgeken word.

Die uitbreiding van die senior sekon= dêre skoolfase deur die toevoeging van st. 8 bied onteenseglik die geleentheid tot spesialisasie en verdieping. Waar sillabusse voorheen in twee jaar afgehandel moes word, het leerlinge nou die geleentheid om sillabusse onafgebroke oor drie jaar te voltooi. Vanselfsprekend moes hierdie sillabusse, net soos by st. 5, ingrypend verander word ten einde die nodige kontinuïteit te verseker. Ten tye van die skrywe hiervan, is dit reeds gedoen.

Bogenoemde implasies van die verdeling van die skoolonderwystydperk in vier fases het dus die organisasie van die onderwys ingrypend geraak en volg dit

dat die wyse waarop die Vrystaat dit implementeer vervolgens beskou moet word.

4.2.1.2 Die voorgestelde Vrystaatse implementering van die skoolfases

Die wyse waarop die skoolfases in die Vrystaat toegepas sal word, is by wyse van verskillende omsendbriewe en amptelike inligtingstukke aangekondig. Aangesien die Vrystaatse Onderwysburo byna uitsluitlik die taak opgelê is om differensiasie in al sy fasette te beplan en die Departement van advies te bedien, word veral na gepubliseerde stukke van die Buro verwys.

In die geheel beskou, kan met reg gesê word dat die Vrystaatse implementering van die skoolfases in volle ooreenstemming met die inhoud en gees van R2029 is en kan daar met die volgende saaklike beskouing volstaan word:

1) Gedurende die junior primêre skoolfase moet die basiese kennis en vaardighede tuisgebring word om sodoende die weg vir doeltreffende aansluiting by sekondêre onderwys voor te berei.[3] Sillabusse sal dus nie gedifferen= sieerd opgestel word nie, maar die leerstof kan wel gedifferensieerd aangebied word volgens die vermoëns van spesifieke groepe leerlinge. Die kurrikulum en sillabusse vir die primêre skoolfases sal voorlopig onveranderd bly.[4] Hierbenewens beskou die Onderwysdepartement dit as 'n saak van die allergrootste

3) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 84/72, insp. 33/72, p.2 van die Handleiding vir die toepassing van die stelsel van gedifferensieerde onderwys in st. 5 en 6 in die skole van die O.V.S. vanaf 1973.
4) Ibid.

belang dat gedurende die primêre skoolfases getrag moet word om probleme van leerlinge ten opsigte van spraak, leer, lees, gedrag, ens. vroegtydig te ontdek sodat regstellings betyds kan geskied. Vir hierdie doel is vyf skoolklinieke ingestel.[5)]

2) Ook in die junior sekondêre skoolfase sal daar geen gedifferensieerde silla=busse wees nie, maar mag die leerstof gedifferensieerd aangebied word. Die st. 5-leerlinge bly in die primêre skole, maar die hersiene sillabusse van die vakke in die st. 5-kurrikulum sal by die sillabusse van st. 6 en 7 aansluit.[6)] In teenstelling met die junior primêre skoolfases moet vak=onderwys in minstens st. 5 gegee word, terwyl die skooldag met minstens 'n halfuur verleng moet word.[7)]

3) In die senior sekondêre skoolfase word die sillabusse eweneens verander ten einde die toevoeging van st. 8 tot hierdie fase sinvol te maak. Die verskillende studierigtings en vak=vlakdifferensiasie word in latere paragrawe bespreek, maar daar is een aspek wat hier vermelding verdien, nl. dat alle sekondêre skole die senior sekondêre skoolfase kan aan=bied, mits die leerlingtalle dit regverdig. In die Vrystaat word die bepaling dat 'n skool minstens 65

5) Ibid., p.3.
6) Ibid.
7) Ibid.

sekondêre leerlinge moet hê ten einde op senior sekondêre vlak te bly voortbestaan, gehandhaaf. Daar is op hierdie stadium geen sprake dat 'n sentralisasie- en/of soneringsbeleid daargestel sal word om die kleiner skole enigsins te beskerm nie.[8] Hierdie aangeleentheid sal bespreek word by die evaluering van die inhoud van hierdie paragraaf.

4.2.1.3 <u>Evaluering</u>

In hierdie paragraaf is daar veral twee aangeleenthede wat sterk na vore tree, nl. die posisie van die st.5-leerlinge en die aanbieding van die senior sekondêre skoolfase by die kleiner sekondêre skole. Met die kurrikulum- en sillabusveranderinge, die toevoeging van st. 8 tot die senior sekondêre skoolfase en die indeling van die skoolonderwystydperk in vier fases van drie jaar elk, kan alleen volle instemming betuig word. Hierdie indeling hou rekening met die fisiese, sosiale en intellektuele ontwikkelingspeil waarop leerlinge hulle in die verskillende skoolfases bevind, terwyl die groot ooreenkoms wat hulle ten opsigte van belangstelling toon daarop dui dat hulle met vrug in 'n skoolsoort of -afdeling wat vir hulle spesiale behoeftes voorsiening maak,

8) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.2 waar die implikasies van die gebrek aan 'n soneringsbeleid bespreek is.

saamgegroepeer kan word.[9] Skrywer hiervan wil beweer dat leerlinge van verskillende standerds in die primêre skole, veral die junior primêre fase, nie gekombineer moet word soos wat dit die geval in sommige kleiner skole is nie.[10] In die Vrystaat is dit veral die gebruik by die 69 plaasskole wat in 1972 bestaan het[11] en skrywer is van mening dat die Vrystaat opnuut sal moet besin of die voortbestaan van hierdie skole op opvoedkundige en veral akade= miese gronde geregverdig kan word. Hoewel klein in getal, kry die leerlinge van hierdie skole verdeelde aandag en gevolglik minder onderrig as die leer= linge in die dorpskole wat klasonderwys ontvang. In die eenmanskool kan daar leerlinge in soveel as sewe verskillende standerds wees en dit spreek vanself dat die onderrig nie so volledig kan wees as wat daardie leerlinge van sewe onderwysers kon gekry het nie. Plei= dooie om die behoud van die klein plaasskole het hoogstens 'n emosionele en tradisionele aangeleentheid geraak en behoort die voortbestaan van hierdie skole op 'n suiwer wetenskaplike basis ondersoek te word. 'n Volledige bespre= king van hierdie aangeleentheid val egter buite die bestek van hierdie studie.

---

9) RGN. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Repu= bliek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika, deel I, pp.65,70.
10) Ibid., p.154.
11) O.V.S. Onderwysdepartement. Verslag, 1972, p.39.

1) Die bepaling in R2029 dat die st.5=leerlinge hul onderrig aan 'n primêre skool of aan 'n primêre afdeling van 'n skool moet ontvang, val vreemd op. Dit versteur die eenheid van onderrig in die junior sekondêre skoolfase, ontneem hierdie leerlinge die voorreg van onderrig deur vakspesialiste, die gewoond raak aan laboratoria, die dienste van onderwyservoorligters en noodsaak in baie gevalle 'n gedwonge skoolverandering na voltooiing van die st.5-jaar. Die voor- en nadele van 'n inlywing van die st.5-leerlinge by die sekondêre skole word in hoofstuk 5 bespreek.

2) Dit is reeds aangetoon dat die leer=linge wat na die praktiese kursus gekanaliseer behoort te word, reeds in st. 5 uitgeken moet wees sodat die sekondêre skole vanaf st. 6 met hierdie kursus kan begin. In die praktyk werk dit egter nie so nie en het ondervinding geleer dat sommige dusdanige aanbevelings van primêre skole spore van willekeurig=heid en onwetenskaplikheid dra. So het 'n opname getoon dat die prestasies van st.5-leerlinge met I.K. 80 - 95 baie swak korreleer met die prestasies van hierdie leerlinge in die st.8=eksamen, nl. dat die korrelasie=koëffisiënt so laag as 0,24 is.[12) ] Dit is voorts duidelik dat 'n primêre

12) O.V.S. Onderwysdepartement. Die praktiese, beroepsgerigte kursus vir leerlinge wat nie die gewone kursus kan bemeester nie, p.9.

skoolleerling wat in Wiskunde of Wetenskap nie onderrig by 'n vak=spesialis gehad het nie, nouliks wetenskaplik met die oog op 'n kursus- en skoolkeuse geadviseer kan word. Hierdie opvatting word verder versterk deur 'n navraag wat skrywer hiervan by vyf suiwer sekon=dêre skole gedoen het.[13] Eenparige getuienis is deur die betrokke skool=hoofde gelewer dat te veel primêre leerlinge op grond van hul swak akademiese prestasies na die teg=niese-, landbou- en handelskole gekanaliseer word, terwyl dit juis hulle is vir wie die praktiese kursus daargestel is. Die opvatting, wat met reg as 'n verouderde opvatting bestempel kan word, dat bogenoemde skole die ideale heenkome vir die akademies swakker st.5-leerlinge is, is dus in baie gevalle nog die gang=bare. Daarbenewens is daar onteen=seglike getuienis dat sommige leer=linge beter in die sekondêre afdelings van skole presteer as wat gedurende hulle primêre skoolloopbaan die geval was.[14] Hiervoor kan daar uiteen=lopende redes wees, maar wat hier direk van belang is, is dat die voor=ligting wat aan die st.5-leerlinge gegee word, 'n saak is wat met die grootste omsigtigheid benader moet word. Dit wil dus voorkom of die

---

13) Ter wille van anonimiteit word die name van die skole verswyg.
14) 'n Ondersoek in die kumulatiewe verslagkaarte van 33 uit 210 leerlinge staaf hierdie stelling.

akademiese welsyn van die st.5-leerlinge by die sekondêre skole geleë is. Verdere besinning hieroor volg in hoofstuk 5.

3) Die implementering van die senior sekondêre skoolfase bring ook die beginsel van sentralisasie en sonering na vore. Die toevoeging van st. 8 tot hierdie skoolfase beteken dat die junior sekondêre skole vanaf 1974 hulle st. 8-leerlinge en gevolglik ook sommige personeellede sal verloor.[15] Aangesien hierdie skole 'n gemiddelde leerlingtal van 25 sekondêre leerlinge benodig om as hierdie soort skole te kan voortbestaan, beteken dit dat die junior sekondêre skole in gevaar staan om ook hul junior sekondêre skoolstatus te verloor. Die feitelike posisie hieromtrent word in hoofstuk 5 bespreek, maar dit kan aanvaar word dat sommige junior sekondêre skole ook hulle st. 6- en 7-leerlinge sal moet prysgee. Dit spreek vanself dat ouers met kinders in sodanige skole liefs hul kinders aan die einde van st. 4 na skole met volslae sekondêre afdelings sal stuur eerder as om hulle vir slegs een jaar in st. 5 aan die reeds kwynende tuisskole te hou en hulle daarna na 'n groter skool te stuur. Hierdie verskynsel kan die verdwyning van sekondêre skole op die Vrystaatse platteland

15) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins.85/73, SSR. 88/73, insp. 39/73, p.l.

onteenseglik verhaas.

Die gebrek aan 'n sentralisasie- en soneringsbeleid kan dus 'n ongedwonge en onbeplande sentralisasie in die groter sentra tot gevolg hê. Dit kan voorts meebring dat die kleiner Vrystaatse sekondêre skole in 'n dood=bloeiproses vasgevang word en dat groot dele van die Vrystaatse platte=land uiteindelik slegs oor enkele volslae junior sekondêre skole en later selfs slegs oor primêre skole sal beskik. Die implikasies van 'n sentralisasie- en soneringsbeleid word in hoofstuk 5 bespreek, aangesien skrywer van mening is dat dit 'n aange=leentheid is wat dringend en betyds ondersoek sal moet word. Sodanige beleid kan nie summier as ongewens en ondoeltreffend beskryf word nie[16)] en slegs 'n deeglike wetenskaplike ondersoek sal in hierdie opsig as finale rigtingwyser aanvaar kan word.

Ten spyte van bostaande aangeleenthede kan dit ten slotte beweer word dat die Vrystaatse siening en benadering van die skoolfases in ooreenstemming met R2029 is. Dit moet voor oë gehou word dat die behoud van die st.5-leerlinge in die primêre afdelings van skole weliswaar in volle ooreen=stemming met R2029 is, maar dat hier=die bepaling as 'n leemte beskou kan

16) O.V.S. Provinsiale Raad. Debatte en verrigtinge van die provinsiale raad, 1972, deel 2, p.460.

word. Dit val vreemd op dat hierdie leerlinge, anders as in die geval van die ander skoolfases, geforseer word tot 'n verandering van skool in gevalle waar die primêre- en sekondêre afdelings van skole afsonderlik is.

4.2.2 R2029 en die daarstelling van studierigtinge

Volgens R2029 word die volgende studierigtings in die senior sekondêre skoolfase aangebied: 'n tegniese-, handel-, natuurwetenskaplike-, gees= teswetenskaplike-, kuns-, huishoudkunde-, alge= mene- en 'n praktiese studierigting. Dit staan skole vry om meer as een studierigting aan te bied. Soos in bylae 1 aangedui, is daar bepaalde vakvereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n studierigting as sodanig erken kan word, bv. by die geesteswetenskaplike studierigting moet, bene= wens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende geesteswete= skaplike vakke wees. Die handelstudierigting toon 'n uitsondering, aangesien hier meer as twee, dit wil sê 'n minimum van drie van die oorblywende vakke erkende handelsvakke moet wees.

Die praktiese studierigting is slegs vir daardie leerlinge bedoel wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderwys kan trek nie. Hierdie studie= rigting word later afsonderlik bespreek.

4.2.2.1 Die implikasies verbonde aan die instelling van die studierigtings

(a) Die studierigtings uitgesonderd die praktiese studierigting

Deur middel van bogenoemde bepalings van R2029 word klem op algemeen-vormende onderwys in teenstelling met gespesiali= seerde beroepsgerigte opleiding gelê.

Daar moet nogtans met die feit rekening gehou word dat beroeps=gerigte onderwys in die komplekse beroepswêreld 'n noodsaaklike vereiste geword het. Die skool moet vir die leerlinge sekere studierigtings daar=stel wat 'n natuurlike aansluiting by tersiêre onderwys en naskoolse indiensneming vind.[17] Dit kan alleen gedoen word deur die aanbie=ding van kurrikula bestaande uit spesifieke vakkombinasies wat op be=paalde studie- of beroepsrigtings dui. Deur bemiddeling van die Gemeen=skaplike Matrikulasieraad (GMR) is die kurrikula vir die verskillende studierigtings saamgestel.[18] Die verskillende onderwysdepartemente, waaronder ook die Vrystaatse Onder=wysdepartement, het vervolgens hul eie sillabusse, gebaseer op die GMR se kernsillabusse, saamgestel.[19]

Dit sluit ook die aanbieding van sommige vakke op 'n hoër- en 'n standaard- en 'n hoër- of 'n standaard vlak in. Laasgenoemde aangeleentheid word in 'n afsonderlike paragraaf bespreek.

Alvorens die vereistes waaraan skole moet voldoen om 'n bepaalde studierig=ting aan te bied, nagegaan word, is dit allereers nodig om die lys van

17) O.V.S. Onderwysburo. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel,p.6.
18) Ten tye van die skrywe hiervan was die GMR se kernsillabusse nog nie in handboekvorm beskikbaar nie.
19) Die nuwe Vrystaatse sillabusse is gedurende 1973 deur die skole ontvang. Ook dit is tans nog nie in handboekvorm nie.

vakke, soos dit deur die GMR saamgestel is, hier aan te toon.

Tabel 1

LYS VAN VAKKE VOLGENS DIE GROEPERING VAN DIE GMR*

| | |
|---|---|
| Groep A : | Amptelike tale, Duits hoër graad en Bantoetale hoër graad.<br>Afrikaans hoër- en standaard graad.<br>Engels hoër- en standaard graad.<br>Duits hoër graad (moedertaal) vir Duits=sprekende kandidate uit Suidwes-Afrika.<br>Bantoetale hoër graad (moedertaal) vir Bantoesprekende kandidate in die Republiek. |
| Groep B : | Wiskunde hoër- en standaard graad. |
| Groep C : | Biologie hoër- en standaard graad.<br>Natuur- en Skeikunde hoër- en standaard graad.<br>Fisiologie hoër- en standaard graad (word nie tesame met Biologie aangebied nie). |
| Groep D : | Bantoetale standaard graad, met dien verstande dat 'n Bantoetaal hoër graad (moedertaal) ook onder hierdie groep aangebied mag word.<br>Duits (moedertaal) hoër graad, indien nie onder groep A aangebied nie.<br>Duits (derde taal) hoër graad.<br>Frans, Latyn en Hebreeus hoër graad.<br>Grieks, Italiaans, Nederlands, Portugees en Spaans standaard graad. |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72, pp. 3 - 5.

Groep E : Geskiedenis hoër- en standaard graad.
Aardrykskunde hoër- en standaard graad.
Bybelkunde hoër- en standaard graad.
Ekonomie hoër- en standaard graad.
Kuns hoër- en standaard graad.
Musiek hoër- en standaard graad.

Groep F : Rekeningkunde hoër- en standaard graad.
Bedryfsekonomie, Tik, Snelskrif, Handels=wiskunde, Handelsreg, Akkerboukunde, Veekunde, Plaaswerktuigkunde, Landbou=Ekonomie, Praktiese Landboukunde, Houtwerk, Metaalwerk, Boukonstruksie, Elektrisiënswerk, Houtbewerking, Lood=gietery en Plaatmetaalwerke, Motorwerk=tuigkunde, Motorbakherstelwerk, Motor=voertuigkonstruksie, Pas- en Draaiwerk, Radiotrisiënswerk, Sweis- en Metaalwerk, Steenmessel- en Pleisterwerk, standaard graad.

Landboukunde hoër- en standaard graad.
Tegniese Tekene hoër- en standaard graad.

Funksionele Wiskunde (slegs vir nie-vry=stelling en mag nie saam met Wiskunde geneem word nie.) Funksionele Natuur= en Skeikunde (slegs vir nie-vrystelling en mag nie saam met Natuur- en Skeikunde geneem word nie.)

Huishoudkunde hoër- en standaard graad.

Naaldwerk en Kleding, Huisvlyt, Inrig=tingsbestuur, Praktiese Musiek (tweede instrument of sang), Musiekkomposisie, Kunswetenskap, Ontwerpkuns, Skilderkuns, Beeldhoukuns, Grafiese Kuns, Rekenaar=wetenskap en Hotel- en Spyseniersbedryf, standaard graad.

In hoofstuk 3 is reeds aangetoon watter studierigtings deur die verskillende skole, volgens hul vakaanbiedings in 1971, aangebied sal kan word.[20] By die bespreking van daardie tabel is daarop gewys dat die aanduiding van die studierigtings by die betrokke skole nie beteken dat daardie studierigtings noodwendig aan die universiteitstoelatingsvereistes voldoen nie. So is daarop gewys dat skole eers Ekonomie uit groep F sal moet invoer alvorens hulle handelstudierigting vir seuns volwaardig aan die universiteitstoelatingseise sal voldoen.

Die instelling van die verskillende studierigtings en vakvlakdifferensiasie het nuwe universiteitstoe= latingsvereistes genoodsaak en eersgenoemde is dienooreenkomstig deur die GMR in samewerking met die Komitee van Onderwyshoofde gewysig. 'n Matriku= lasiesertifikaat word voortaan aan 'n kandidaat uit= gereik wat by een en dieselfde eksamen (1) ses of sewe vakke, gekies uit groepe A tot F, aangebied het; (2) in minstens vyf geslaag het; (3) 'n minimum groottotaal van 45% behaal het; (4) geslaag het in albei amptelike tale, een op die hoër graad en die ander op die hoër- of die standaard graad; (5) by die vyf geslaagde vakke minstens een vak uit elk van vier verskillende groepe ingesluit het; (6) 'n minimum van 40% behaal het in elk van minstens drie vakke op die hoër graad, een gekies uit groep A en die oorblywende twee uit twee van die groepe B,C,D en E.[21]

Die volgende voorbehoudsbepalings word gestel, nl. (1) dat die sertifikate van kandidate wat Musiek op die hoër graad moet gebruik as een van die vakke om aan die vereistes van 'n slaag in minstens drie vakke op die hoër graad te voldoen, sal geëndosseer

20) Vgl. hoofstuk 3, tabel 10.
21) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72, p.5.

word dat hulle slegs toelating tot die B.Mus.- of B.A.-(Musiek) kursusse kan verkry, en dié van kandidate wat Kuns op hoër graad as sodanig moet gebruik, sal geëndosseer word dat hulle slegs toelating tot die B.A.-(Skone Kunste) kursusse kan verkry; (2) in die geval van kandidate wat 'n tegniese-, 'n landbou- of 'n huishoudkunde studierigting volg, sal 'n vak (hoër graad) gekies uit groep F in oorweging geneem word vir doeleindes van bevrediging van die vereistes van 'n slaag, mits 'n vak op die hoër graad uit groep E nie erken is nie; (3) in die geval van kandidate wat 'n handelstudie=rigting volg, sal Ekonomie op die hoër graad uit groep E en Rekeningkunde op die hoër graad uit groep F erken word vir die bevrediging van die vereistes van 'n slaag in drie vakke op die hoër graad; (4) in die geval van die handel-, die tegniese- en die landboustudierigtings moet Wiskunde op minstens die standaard graad, en in die geval van die huishoudkunde studierigting, Wiskunde of 'n Natuurwetenskap op minstens die standaard graad geslaag word om vrystelling te verkry.[22)]

Ten einde matrikulasievrystelling te verkry, word 'n minimum groottotaal van 45% vereis. Die minimum slaagsyfer in die vakke is 40% in die hoër graad en 33⅓% in die standaard graad. 'n Punt van 33⅓% tot 39% in die hoër graad word as slaag op die 40%-peil in die standaard graad, en 'n punt van 25 - 33% in die hoër graad as 'n slaag op die 33⅓% - 39%-peil in die standaard graad erken. Hierdie toegewing geld ook in die geval waar daar geen amptelike eksamen in die standaard graad afgeneem word nie,

22) Ibid., p.6.

bv. by Duits as derde taal wat slegs op die hoër graad aangebied word.[23)]

In noue samehang met die voorgenoemde is ook sekere universiteitstoelatingsvereistes aan die verskillende studierigtings gekoppel, soos blyk uit tabel 2.

Tabel 2

STUDIERIGTINGS EN UNIVERSITEITSTOELATINGSVEREISTES*

| Studierigting | Kernvereiste | Algemene vrystellingsvereistes |
|---|---|---|
| Geesteswetenskaplike studierigting | Minstens 2 vakke uit groep E | (a) Albei amptelike tale, een op die hoër graad. (b) Nog twee vakke op die hoër graad uit twee van die groepe B tot E. (c) Minstens vier groepe, nl. A+ nog drie uit groepe B tot F. |
| Natuurwetenskaplike studierigting | Minstens 2 vakke uit groep C. Wiskunde 'n sterk aanbeveling. (Vereiste vir 'n B.Sc.= kursus). | (a) Albei amptelike tale, een op die hoër graad. (b) Nog twee vakke op 'n hoër graad uit twee van die groepe B tot E. (c) Minstens vier groepe, nl. A+ nog drie uit groepe B tot F. |
| Landbou studierigting. | Minstens 2 landbouvakke uit groep F | (a) Albei amptelike tale, een op die |

23) Ibid.

*O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72, pp.7 - 11.

| Studierigting | Kernvereiste | Algemene vrystellings= vereistes |
|---|---|---|
| | | hoër graad.<br>(b) Nog 2 vakke op 'n hoër graad uit 2 van die groepe B tot F. Uit groepe E en F kry net een vak erkenning op die hoër graad.<br>(c) Wiskunde op minstens die standaard graad.<br>(d) Minstens 4 groepe moet gedek word, nl. A+ nog drie groepe uit B tot F. |
| Handelstudie= rigting | Minstens 3 vakke: Ekono= mie uit groep E en minstens nog 2 handels= vakke uit groep F, of minstens 3 handelsvak= ke uit groep F | (a) Albei amptelike tale, een op die hoër graad.<br>(b) Nog twee vakke op 'n hoër graad uit twee van die groepe B tot F.<br>(c) Wiskunde op minstens die standaard graad.<br>(d) Minstens 4 groepe, nl. A+ nog drie groepe uit groepe B tot F moet gedek word. |
| Huishoudkun= de studierig= ting | Minstens 2 huishoudkun= dige vakke uit groep F. | (a) Albei amptelike tale, een op die hoër graad.<br>(b) Nog twee vakke op 'n hoër graad uit twee van die groepe B tot F. Uit groepe E en F kry net 1 vak erken= ning op die hoër graad.<br>(c) Wiskunde of 'n natuur= wetenskap op minstens die standaard graad.<br>(d) Minstens 4 groepe moet |

| Studierigting | Kernvereiste | Algemene vrystellingsvereistes |
|---|---|---|
| | | gedek word, nl. A+ nog drie uit groepe B tot F. |
| Tegniese studierigting | Minstens 2 tegniese vakke uit groep F. | (a) Albei amptelike tale, een op die hoër graad.<br>(b) Nog 2 vakke op 'n hoër graad uit 2 van die groepe B tot F. Uit groepe E en F kry net een vak erkenning op die hoër graad.<br>(c) Wiskunde op minstens die standaard graad.<br>(d) Minstens 4 groepe moet gedek word, nl. A+ nog 3 uit groepe B tot F. |
| Algemene studierigting | Vakke gekies uit meer as een studierigting, bv. die amptelike tale, Wiskunde, 'n natuurwetenskap, 'n geesteswetenskap en 'n vak uit groep F. | (a) Albei amptelike tale, een op die hoër graad.<br>(b) Nog 2 vakke op 'n hoër graad uit 2 van die groepe B tot F.<br>(c) Minstens 4 groepe moet gedek word, nl. A+ nog 3 uit groepe B tot F. |
| Kunsstudierigting (Musiek) | Minstens die vak Musiek uit groep E en nog 'n musiekvak uit groep F of 2 musiekvakke uit groep F. | (a) Albei amptelike tale, een op die hoër graad.<br>(b) Nog 2 vakke op 'n hoër graad uit 2 van die groepe B tot E. Indien Musiek uit groep E een van hierdie 2 vakke is, sal die sertifikaat geëndosseer word vir toelating slegs tot B.A. (Musiek)- en B.Mus.-kursusse. |

| Studierigting | Kernvereiste | Algemene vrystellingsver=eistes |
|---|---|---|
| | | (c) Minstens 4 groepe, nl. A+ nog drie uit groepe B tot F moet gedek word. |
| Kunsstudie=rigting (Beel=dende Kuns) | Minstens die vak Kuns in groep E en nog 'n kunsvak uit groep F of minstens 2 kunsvakke uit groep F | L.W. Weens oorvleueling mag die vakke Kunswetenskap en Ontwerpkuns uit groep F nie saam met die vak Kuns aan=gebied word nie. Indien Skilderkuns as komponent van Kuns gekies word, mag dit nie as vak uit groep F aan=gebied word nie. Dieselfde bepaling geld ten opsigte van Beeldhoukuns.<br>(a) Albei amptelike tale, een op die hoër graad.<br>(b) Nog 2 vakke op 'n hoër graad uit 2 van die groepe B tot E. Indien Kuns uit groep E een van hierdie 2 vakke is, sal die sertifikaat van 'n kandidaat geëndosseer word vir toelating slegs tot 'n B.A.-(Skone Kunste) kursus.<br>(c) Minstens 4 groepe, nl. A+ nog 3 uit groepe B tot F moet gedek word. |

Uit die daarstelling van verskillende studierigtings, die nuwe matrikulasievrystellingsvereistes en die universiteitstoelatingsvereistes, volg daar sekere

implikasies vir die onderwys, te wete:

1) Die leerlinge moet 'n vrye keuse tussen die verskillende studierigtings hê. Hulle moet kan kies volgens hulle belangstellings, vermoëns en beroepskeuse, maar nou spreek dit vanself dat die groter skole in hierdie opsig 'n voorsprong bo die kleiner skole sal hê. By laasgenoemde sal die studierigting=keuse beperkter as by eersgenoemde wees met gevolglike nadele vir die leerlinge aan die kleiner skole. Die enigste wyse waarop die kleiner skole 'n groter keuse sal kan aanbied, is om van onderwysers van die primêre afde=lings gebruik te maak. Hierdie aangeleent=heid is reeds in hoofstuk 3 bespreek en as opvoedkundig onverdedigbaar uitgewys.[24]

   'n Tweede alternatief is om naburige skole te groepeer sodat 'n groep kleiner skole saam 'n wyer keuse sal kan aanbied. Dit sal egter steeds klein skole bly, maar nogtans bepaalde voordele ten opsigte van studierigtingkeuse bied. Indien dit oorweeg word, sal 'n vorm van sentralisasie en sonering 'n vereiste wees. Daar moet egter teen oormatige sentralisasie gewaak word, want dit kan tot die ontstaan van enkele groot skole lei, met vanselfspre=kend nadele vir die platteland in die algemeen.[25]

2) Die studierigtings noodsaak doeltreffende voorligting. Weens die toevoeging van st. 8 tot die senior sekondêre skoolfase, moet daar 'n vervroeging van leerlinge se finale vak-, kursus- en selfs beroepskeuse plaasvind. Die kanalisering van leerlinge aan die einde van st. 7 sal met die grootste omsigtigheid gedoen

24) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.4., tabel 12.
25) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.2.

moet word en dit sal op 'n deeglike kennis aangaande elke leerling gebaseer moet wees. Dit bring weer die noodsaaklikheid van die oorplasing van die st.5-leerlinge na die sekondêre afdelings van skole ter sprake. Op sy beurt bring dit weer die koste-aspek na vore, asook die feit dat die primêre skole 'n aansienlike getalledaling sal onder= vind. Hierdie aangeleentheid word in hoof= stuk 5 bespreek en sal daar aangetoon word dat die oorplasing van die st. 5-leerlinge in die Vrystaat nie 'n onoorkomelike struikel= blok behoort te wees nie.

3) 'n Verdere implikasie is dat sekere vakke slegs op die hoër graad erkenning kry as dit deel van 'n bepaalde studierigting uitmaak.[26] Dit geld die landbou-, tegniese-, huishoudkunde- en handelstudierigting waar vakke soos Landboukunde, Tegniese Tekene, Huishoudkunde en Rekeningkunde alleen op die hoër graad erken sal word indien daar aan die vereistes van die betrokke studie= rigtings voldoen word.

4) Ofskoon die universiteite nie 'n bepaalde studie= rigting as voorwaarde tot toelating tot die universiteit vereis nie,[27] sal leerlinge deeglik insake die verskillende fakulteitstoelatingsver= eistes voorgelig moet word.[28] So sal 'n leerling met Afrikaans, Engels, Ekonomie, Rekeningkunde, Duits en Bedryfsekonomie wel volle matriekvry= stelling verwerf, maar nogtans toelating tot 'n B.Comm.-kursus geweier word, aangesien Wiskunde

---

26) O.V.S. Onderwysdepartement, op.cit., pp. 7 - 11.
27) O.V.S. Onderwysdepartement. Toelatingsvereistes vir die verskillende fakulteite aan universiteite in Suid-Afrika.
28) Ibid.

op minstens die standaard graad by die meeste universiteite 'n vereiste is.[29]

5) Indien die kleiner sekondêre skole hulle senior sekondêre skoolstatus verloor as gevolg van die gebrek om genoegsaam in die behoeftes van hul leerlinge te voorsien en daar sodoende spontaan gesentraliseer word, gaan dit noodwendig tot gevolg hê dat daar in dié sentrale sentra aansien=like uitbreidings ten opsigte van koshuise sal moet kom. As alternatief kan 'n uitgebreide busdiens ingestel word, maar vanweë die betreklik groot afstande tussen skole, moet eersgenoemde as die logiese resultaat beskou word. Indien meer koshuise gebou word, sal dit die vloei van plat=telandse leerlinge na die groter sentra verhaas wat weer op sy beurt die daling in die plattelandse leerlingtalle sal stimuleer.[30] Hierdie aangeleent=heid benadruk die wenslikheid van 'n ondersoek na 'n sentralisasie- en soneringsbeleid.

6) Weens die feit dat die kleiner sekondêre skole nie 'n breë verskeidenheid van studierigtings sal kan aanbied nie, bestaan die moontlikheid dat daar hoofsaaklik met die algemene studierigting volstaan sal word. Indien leerlinge hul vakke met oorleg kies, kan hulle daardeur verseker dat hulle toelating tot enige fakulteit aan 'n universiteit het.

In die geheel gesien, kulmineer die implikasies aan die studierigtings verbonde uit op die besondere premie wat op voorligting aan die leerlinge gelê word.

Die praktiese studierigting word vanweë sy eie=

29) Ibid., pp. 1 - 3.
30) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.2.

soortige karakter vervolgens afsonderlik bespreek.

(b) Die praktiese studierigting

(1) R2029 en die praktiese studierigting
Soos in bylae 1 uiteengesit, verskil hierdie studierigting ingrypend van die ander omskrewe studierigtings waarin 'n beroepsgerigte kursus ooreenkomstig gedifferensieerde sillabusse verskaf word. Hierdie kursus neem 'n aanvang in die tweede jaar, dit wil sê st. 6 van die junior sekondêre skoolfase, en is vir daardie leerlinge bedoel wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderrig wat in die normale loop van die onderwys verskaf word, kan trek nie.[31)]

(2) Die implikasies aan die praktiese studierigting verbonde

Vyf rigtings word in die Vrystaat in die praktiese kursus aangebied, nl. die landbou=kundige-, die tegniese-, die handels-, die huishoudkundige- en die algemene rigting. Die landboukundige- en die tegniese rigting mag slegs aan sekondêre landbou- en tegniese skole aangebied word.[32)] Die gewone sekon=dêre skole sal die orige drie rigtings of 'n keuse daaruit mag aanbied.[33)]

Die praktiese, beroepsgerigte kursus raak 'n belangrike aspek van differensiasie: dit moet, nl. voor oë gehou word dat daar 'n wesenlike verskil tussen die sillabusse van die praktiese studierigting en dié van die

31) Vgl. bylae 1, paragraaf 11.
32) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins.94/72, insp. 37/72, p.3.
33) Ibid.

vakke wat op 'n hoër- en 'n standaard graad aangebied word. Eersgenoemde sillabusse is totaal verskillende sillabusse met 'n praktiese inslag, terwyl daar by die sillabusse op die hoër- en die standaard graad steeds 'n gemeenskaplike kern is. Wanneer die leerlinge van die praktiese- en die gewone kursus in dieselfde klasgroep onderrig moet word, sal daar ernstige didaktiese probleme geskep word.[34]

Die implikasies aan die praktiese kursus verbonde, kan soos volg saamgevat word:

(i) Indien leerlinge van die praktiese kursus saam met die leerlinge van die gewone kursus gegroepeer word, beteken dit dat die onderwyser binne dieselfde klasgroep twee afsonderlike sillabusse moet volg. Die feit dat daar totaal verskillende eise aan dié twee groepe leerlinge gestel word, kan daartoe lei dat daar by die leerlinge van die praktiese kursus 'n gevoel van minderwaardigheid ontstaan. Die leerlinge van die praktiese kursus neem, onder andere, Praktiese Wiskunde en die leerlinge van die gewone kursus neem Wiskunde[35] en om hierdie verskil só aan hierdie leerlinge te motiveer dat dit aan hulle selfvertroue en waardigheid geen afbreuk sal doen nie, is vanselfsprekend baie moeilik.

(ii) Die eerste oorweging vir die instelling van die praktiese kursus aan die kleiner sekondêre skole, is die aantal leerlinge

34) Ibid., p.2.
35) Ibid., p.3.

wat na hierdie kursus gekanaliseer moet word.[36] Die situasie kan voorsien word dat daar sommige sekondêre skole kan wees wat nie oor hierdie vereiste minimum leerlinge wat die praktiese kursus behoort te volg, beskik nie. 'n Sodanige skool kan derhalwe voor die keuse gestel word om òf die kursus nie aan te bied nie en daarmee bereid moet wees om hierdie leer=linge aan ander skole af te staan, òf om hierdie leerlinge, in hul eie beswil, na ander skole te kanaliseer. Dit kan op sy beurt ernstige implikasies vir die kleiner sekondêre skole inhou. Indien 'n skool nie die vereiste 10 leerlinge het om die praktiese kursus ingestel te kry nie en hierdie leerlinge aan ander skole moet afstaan, kan dit meebring dat sy leerlingtal daal tot benede die vereiste aantal vir die behoud van sy personeel=kwota. 'n Verlies van 'n onderwyser kan op sy beurt weer die prysgawe van 'n vak beteken wat weer minder leerlinge kan meebring en so kan 'n bose kringloop ontstaan. Die implikasie hiervan is dat skole, ter wille van die behoud van onderwysers en leerlinge, onwillig kan wees om hierdie leerlinge na ander skole aan te beveel. Laasgenoemde is in stryd met die gees van differensiasie en die verhewe doel van die instelling van die praktiese kursus.

---

36) Ten tye van die skrywe hiervan is die aantal leerlinge wat vir die instelling van die praktiese kursus vereis word nog nie per omsendbrief neergelê nie, maar volgens 'n mondelinge mededeling word dit van Departementsweë op minstens 10 leerlinge gestel. Dié bron word ter wille van anonimiteit nie vermeld nie.

(iii) In die lig van die voorgaande is dit dus duidelik dat ruimer personeelvoorsiening vir 'n oplossing kan sorg. Indien dit onthou word dat die praktiese kursus 'n belangrike sluitsteen in 'n geslaagde onderwysstelsel is, en verder dat leer= linge wat die praktiese kursus in hul eie en in landsbelang moet volg, dit moontlik as gevolg van oorwegings van eiebelang van die kant van die skole sal moet ontbeer, kan 'n uitbreiding van personeelvoorsiening met die oog op die doeltreffende funksionering van die praktiese kursus wel deeglik verantwoord word. Vanselfsprekend sal daar 'n minimum aantal leerlinge vir die instelling van die praktiese kursus vereis moet word. Om die praktiese kursus met minder as 10 leerlinge in te stel, sal 'n onekonomiese personeelbenutting veroorsaak wat nie regverdig kan word nie.

(iv) Die praktiese handelstudierigting is die aangewese rigting wat deur die kleiner sekondêre gevolg behoort te word, aange= sien dit die enigste van die praktiese rigtings is waarin daar twee vakke voor= kom wat reeds in die kurrikulum van die meeste kleiner sekondêre skole is, nl. Rekeningkunde en Tik. In die algemene praktiese kursus vir dogters kom slegs een vak, nl. Tik, ook in beide die gewone= en die praktiese kursus se kurrikulum voor. Indien skole die handelsrigting wil aan= bied, moet, benewens bogenoemde vakke, ook vir een van die volgende vakke

voorsiening gemaak word, nl. Besig=heidsmetodes of Verkoopkuns.[37]
Aan elk van hierdie vakke word 4 periodes per week toegeken, dit wil sê 12 periodes altesaam, benewens die verpligte vakke. Die kleiner sekondêre skole, en veral die suiwer sekondêre skole, vind dit moeilik om met die bestaande personeelvoorsiening die praktiese kursus binne die gewone skool=dag in te pas en is genoodsaak om die lengte van die periodes te verkort en die skooldag te verleng.[38] Dit is egter nie net die kleiner sekondêre skole wat met die instelling van die praktiese kursus probleme ondervind nie. Ook van die groot sekondêre skole onder=vind in hierdie opsig probleme, veral vanweë probleme met personeelvoorsiening.[39]

(v) 'n Laaste belangrike implikasie aan die praktiese studierigting verbonde, raak die skoolplig. R2029 bepaal uitdruklik dat leerlinge skoolpligtig is tot aan die einde van die jaar waarin hulle die ouder=dom van sestien jaar bereik of totdat hy in die matrikulasie-eksamen geslaag het. Indien die leerling die skool op sestien=jarige ouderdom wil verlaat, bepaal R2029 dat hy bewys moet kan lewer dat hy 'n vaste betrekking kan bekom. Die vraag ontstaan nou wat die posisie van die leerling is wat aan die einde van st. 8

37) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 94/72, insp. 37/72, p.4.
38) Dit word bevestig uit 'n ondersoek wat skrywer ingestel het met die oog op die moontlike instelling van die praktiese kursus aan die plaaslike sekondêre skool. Bogenoemde wysigings moes ook by die sekondêre skool te Winburg aange=bring word.
39) Meegedeel deur die betrokke skoolhoofde. Ter wille van anonimiteit word die name nie verstrek nie.

die praktiese kursus voltooi het, maar nog wetlik skoolpligtig is. Vir hierdie leerlinge is daar net twee uitweë oop, nl. òf departementele toestemming om die skool te verlaat, òf 'n voortsetting van die praktiese kursus tot op st.9- en 10-vlak. Laasgenoemde is veral onderhewig aan die mate waartoe werkgewers bereid sal wees om 'n st.10-sertifikaat wat in die praktiese kursus verwerf is, te aanvaar. Voortsetting van die praktiese kursus na st. 8 is egter 'n saak wat tans deur die Onderwysdepartement in 'n beplanning=stadium is.[40)]

4.2.2.2 <u>Die implementering van die studierigtings in die Vrystaat</u>

Uit die voorgaande blyk dit dat leerlinge gedurende die junior sekondêre skoolfase gelei moet word om vanaf st. 8 die regte keuse uit te oefen ten opsigte van 'n studierigting en die vakversamelings binne die studierigting.[41)] Die vakke Geskiedenis, Aardrykskunde, Biologie en Natuur- en Skeikunde word vanaf st. 8 volwaardige vakke en geen vak se silla=bus sal eers in die st.9-jaar 'n aanvang neem nie.[42)] Indien 'n leerling dus in st. 9 van vak of studierigting wil ver=ander, sal die agterstand so groot wees dat dit 'n herhaling van die standerd sal

40) Mondeling meegedeel deur die hoof van die Onderwysburo.
41) Vgl. paragraaf 4.2.2.1., tabel 2 van hierdie hoofstuk.
42) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72, p.l.

meebring. Laasgenoemde is deur die Onderwysdepartement pertinent onder die aandag van skoolhoofde gebring[43] en plaas gevolglik 'n besondere premie op die voorligting wat aan leerlinge gegee moet word.[44]

Hoewel die naam en begrip "studie=rigting" nuut is, kom dit eintlik daarop neer dat skole hulle bestaande vakke bly aanbied, maar reeds vanaf die st.8-jaar die vakkeuses so stel dat dit sinvolle studierigtings vorm waaruit leerlinge volgens eie voorkeur en in oorleg met hulle ouers en die voorligtingsdiens van die skool 'n keuse kan maak. Skole sal slegs daardie studierigtings kan aanbied waartoe hulle personeelvoorsiening en fasili=teite hulle in staat stel en geen nuwe vak mag sonder departementele verlof ingevoer word nie.[45] Personeel=voorsiening sal ook nie uitgebrei word ten einde skole in staat te stel om meer studierigtings aan te bied nie.[46]

Geen universiteit stel tot op datum 'n bepaalde studierigting as vereiste vir toelating tot 'n bepaalde fakulteit nie.[47] Die universiteite stel egter sekere vakvereistes vir toelating tot bepaalde fakulteite.[48]

Volgens die heersende vakaanbieding aan

43) Ibid.
44) Ibid., p.2.
45) Ibid., p.1.
46) Ibid.
47) O.V.S. Onderwysdepartement. Toelatingsvereistes vir die verskillende fakulteite aan universiteite in Suid-Afrika.
48) Ibid.

die Vrystaatse skole, kan die meeste skole die volgende studierigtings aanbied, nl. die algemene-, die gees=teswetenskaplike-, en die handelstudie=rigting.[49] Indien laasgenoemde ook vir seuns aangebied wil word, sal Ekonomie in die kurrikulum ingesluit moet word.[50] Die kleiner sekondêre skole sal dit egter alleen kan doen deur die prysgawe van 'n ander vak of deur 'n ruimer personeelvoorsiening. 'n Natuurwetenskaplike studierigting sal net moontlik wees indien die skoolrooster daarvoor voorsiening maak dat beide Biologie en Natuur- en Skeikunde in 'n leerling se kurrikulum ingesluit kan word.[51]

Die Onderwysdepartement maak ook voor=siening vir oorskakelingsmoontlikhede vanaf die spesifieke skooltipes na die gewone sekondêre skole en andersom:

1. Aangesien die verpligte kurrikulum van kern- sowel as bykomende vakke in die geval van die sekondêre landbou- en sekondêre tegniese skole reeds in st. 6 'n aanvang neem, is die Departement van mening dat dit wenslik is dat leerlinge wat hierdie studierigtings wil volg, reeds met die aanvang van die st.6-jaar by hierdie skole moet inskryf. Leerlinge behoort egter nog vanaf die begin van die st.7-jaar na hierdie skole te

49) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.4., tabel 10.
50) O.V.S. Onderwysburo. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel,p.7.
51) Ibid., p.9.

kan oorskakel, maar na die st.7-jaar sal die agterstand baie groot wees.[52] Oorskakeling vanaf hierdie skole na die gewone sekondêre skole sal, aldus die Onderwysdepartement, moontlik wees in die geval van stu=dierigtings soos die algemene-, die natuurwetenskaplike-, die geestes=wetenskaplike- en die tegniese stu=dierigting.[53] Laasgenoemde egter net in die geval vanaf 'n sekondêre tegniese skool.

2. Dogters wat na die junior sekondêre skoolfase 'n huishoudkunde studierig=ting aan 'n huishoudskool wil volg, sal geen probleme ondervind nie, mits hulle Huishoudkunde en Naaldwerk en Kleding aan 'n gewone skool as vak geneem het. Oorskakeling vanaf hierdie skole na gewone sekondêre skole sal gedurende of na die junior sekondêre skoolfase moontlik wees in die geval van die algemene-, die huishoudkunde-, die geesteswetenskap=like- en die natuurwetenskaplike studierigting.[54]

3. Die Departement voorsien ook dat leerlinge wat na die junior sekondêre skoolfase 'n handelstudierigting aan 'n sekondêre handelskool wil volg, geredelik sal kan oorskakel, aange=sien die kurrikula van hierdie skole

52) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 84/72, insp. 33/72, pp. 8 - 9.
53) Ibid.
54) Ibid., p.8.

hoofsaaklik dieselfde as dié van die gewone sekondêre skole is.[55) ] Om dieselfde rede sal oorskakeling na 'n gewone sekondêre skool gedurende of na die junior sekondêre skoolfase maklik kan geskied.[56)]

4. Uit die voorgestelde departementele implementering van die praktiese kursus aan veral die kleiner sekondêre skole, blyk dit dat hierdie skole alleen met deeglike beplanning hierdie kursus suksesvol sal kan aanbied. Laasgenoemde spruit uit die feit dat die sillabusse wat in hierdie kursus aangebied word, verskil ten opsigte van inhoud en metode van die sillabusse van vakke in die gewone kursus, aange=sien dit ingestel is op daardie leer=linge wat teen 'n stadiger tempo werk en vir wie 'n praktiese aanbieding noodsaaklik is. Die Onderwysdeparte=ment beklemtoon dit dat die praktiese kursus nie bedoel is vir, en nie behartig kan word, deur subnormale leerlinge nie.[57)] Vir die onderrig van sodanige leerlinge word aan die voorberoepskole voorsiening gemaak.[58)] Hierbenewens meen die Departement dat leerlinge wat oor die vermoë daartoe beskik, in staat behoort te wees om na voltooiing van die praktiese kursus tot die eerste jaar van die senior

55) Ibid.
56) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 94/72, insp. 37/72, p.l.
57) Ibid.
58) Ibid.

sekondêre skoolfase oor te skakel.[59) ]
Die Departement maak ook daarvoor voorsiening dat leerlinge gedurende die st.6-jaar of aan die begin van die st.7-jaar en selfs aan die begin van die st.8-jaar na die praktiese kursus kan oorskakel, indien sy kursus by 'n spesifieke rigting van die praktiese kursus aansluiting vind.[60)]

Die Departement beveel voorts aan dat leerlinge wat die praktiese kursus volg in afsonderlike klasgroepe ingedeel en onderrig moet word, veral omdat die inhoud van die sillabusse asook die aanbevole metodiek van aanbieding van die vakke in die praktiese- en die gewone kursus só verskil dat gesament=like aanbieding binne dieselfde groepklas nie wenslik is nie.[61)]
Hierby moet dit ook in berekening gebring word dat die leerlinge van die praktiese kursus teen 'n stadiger tempo as die leerlinge van die gewone kursus werk, en verder dat sekere vakke soos Verkoopkuns, Besigheidsmetodes, Huisvlyt, Kookkuns en Huisbestuur nie in die kurrikulum van die gewone kursus voorkom nie. Dit moet ook voor oë gehou word dat 'n vak soos Tik reeds vanaf st. 6 in die praktiese kursus aangebied word, maar eers vanaf

59) Ibid.
60) Ibid.
61) Ibid., p.2.

st. 7 in die gewone kursus.[62]

In die lig van voorgenoemde beveel die Departement aan dat daar by die kleiner sekondêre skole waar die leer= lingtalle nie afsonderlike klasgroepe regverdig nie, die leerlinge van die praktiese kursus saam met die leer= linge van die gewone kursus opgeneem moet word en moet daar vasgestel word in hoeverre hulle in dieselfde klas as die ander leerlinge en met ekstra periodes, bes moontlik in die middag, gehelp kan word.[63]

Ten slotte kan dit genoem word dat die Onderwysdepartement nie geneë is om die praktiese kursus in te stel indien die aantal leerlinge dit nie regverdig nie.[64] Ofskoon hierdie minimum aantal leerlinge ten tye van die skrywe hiervan nie amptelik neergelê is nie, blyk dit volgens mondelinge mededelings dat dit in hoogs uitsonderlike gevalle toegestaan sal word as daar minder as 10 voornemende leerlinge is.[65]

4.2.2.3 Evaluering

Met die beoogde implementering van die studierigtings kan kwalik fout gevind word. Die wyse waarop die Vrystaat hierdie aspek van R2029 aangepak het, is in die gees en betekenis van R2029 en

62) Ibid.
63) Ibid.
64) Ten tye van die skrywe hiervan (Augustus 1973) is die ver= eiste aantal leerlinge vir die instelling van die prak= tiese kursus nog nie bepaal nie.
65) Mededelings deur die personeel van die Onderwysburo.

getuig van deeglike besinning. Die volgende aspekte verdien die aandag:

1. Die skole sal studierigtings aanbied, maar daarteenoor vereis die universi=teite dit nie as voorwaarde vir toe=lating tot die universiteit of bepaalde fakulteite nie.[66] Hierdie anomaliese toedrag van sake bring mee dat skole steeds met die algemene studierigting leerlinge vir die universiteite sal kan voorberei. Soos in die verlede sal slegs deeglik rekening met die algemene universiteitstoelatingsver=eistes en met sekere besondere fakul=teitsvereistes[67] gehou moet word en sal die skool sy kennis van die verstandelike vermoëns en aanleg van die leerlinge moet aanwend as hy hulle moet lei tot die korrekte vakkeuse. Tot tyd en wyl die uni=versiteite bepaalde studierigtings as vereiste tot fakulteitstoelating gaan stel, sal die aanbiedings van studierigtings nie tot sy volle reg op skool kom nie.

2. Volgens mededelings van inspekteurs van onderwys is die proefneming om die praktiese kursus en die gewone kursus in dieselfde klasgroep aan te bied, nie alleen reeds as onsuksesvol nie, maar ook as onwenslik bewys.[68]

66) O.V.S. Onderwysdepartement. Toelatingsvereistes vir die verskillende fakulteite aan universiteite in Suid-Afrika.
67) Ibid. Die fakulteitsvereistes van die verskillende universiteite word nie herhaal nie en word volstaan met 'n aanhaling uit die inleiding van die betrokke inlig=tingstuk: "Die besonderhede in hierdie stuk vervat, is van die verskillende universiteite verkry en deur hulle gekontroleer. Junie 1973."
68) Indrukke van wyksinspekteurs tydens inspeksies opgedoen. Ter wille van anonimiteit word name nie verstrek nie.

Dit lei tot 'n gevoel van minderwaar= digheid by die leerlinge in die praktiese kursus en is daarom in stryd met die Christelike karakter van die onderwys.[69]

Al sou die aanbieding van die praktiese kursus in 'n gekombineerde klasgroep in ideale omstandighede en deur ideale onderwysers aangebied kan word, moet daar met die feit rekening gehou word dat twee verskillende sillabusse binne dieselfde lesperiodes afgehandel moet word. Daar sal hoë eise aan enige onderwyser gestel word om reg te laat geskied aan die onder= rig van twee groepe leerlinge by die aanbieding van 'n vak, soos byvoorbeeld Wiskunde, waar die praktiese kursus vir Praktiese Wiskunde voorsiening maak.[70] Laasgenoemde verskil in so 'n mate in inhoud en doel van Wiskunde in die gewone kursus dat dit met reg beweer kan word dat dit prakties onmoontlik is om dieselfde standaard in albei kursusse te behaal as die geval sou wees as hierdie twee groepe afsonderlike onderrig ontvang het.[71]

---

69) Vgl. hoofstuk 1, paragrawe 1.2.1. en 1.2.2.
70) Vgl. departementele sillabusse vir Wiskunde en Praktiese Wiskunde.
71) O.V.S. Onderwysdepartement. Die praktiese kursus, Sillabus vir Wiskunde, sts. 6 - 10, algemene opmerkings, pp.2,3,4. (Hier word dit gestel dat die werk so beplan moet word dat die helfte van die beskikbare tyd aan praktiese werk afge= staan moet word. Die vaslegging van die werk wat in die primêre skool gedoen is, moet versigtig gehanteer word, veral in die geval van leerlinge wat reeds 'n gevoel van mislukking het. Die werkskema se beplanning moet in oorleg met die onderwysers van die beroepsgerigte, prak= tiese vakke geskied. Daar word ook vir uitstappies gedu= rende klastyd voorsiening gemaak.)

Die wyse waarop die praktiese kursus aangebied word, dit wil sê gesamentlik met, of afsonderlik van die gewone kursus, bring nogtans die noodsaaklik=heid van besinning oor die onderrig=tyd wat skole in die huidige bedeling per dag en per jaar tot hulle beskik=king het, na vore. Dit word in hoofstuk 5 gedoen.

3. Die aanbieding van studierigtings deur middel van sinvolle vakkeuses beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n doeltreffende voorligtingsdiens, veral ten opsigte van die st. 5-leerlinge wat reeds met die junior sekondêre kursus begin, maar fisies in die primêre skole of primêre afdelings van skole bly. Voorligting word in paragraaf 4.2.4 van hierdie hoofstuk bespreek en die posisie van die st. 5-leerlinge in hoofstuk 5.

4. Die ideaal is dat die praktiese kursus afsonderlik van die gewone kursus aangebied word, maar min kleiner sekondêre skole sal hierin kan slaag, tensy hulle van die personeel van die primêre afdelings gebruik maak. In hoofstuk 3[72] is hierdie aangeleentheid bespreek en is dit gestel dat die oormatige gebruik

72) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.4., tabel 12.

van onderwysers van primêre afdelings om onderrig aan sekondêre afdelings te gee, opvoedkundig onverdedigbaar is. Nogtans het hierdie skole 'n besliste voordeel bo die suiwer sekondêre skole, want in gevalle van vakke soos Liggaamlike Opvoeding en Skoolsang kan primêre personeellede met veel vrug veral in die junior sekondêre klasse gebruik word om sodoende bykomende periodes in die senior sekondêre klasse te skep. Daarom is die skeiding van klein gekombineerde skole onwenslik en moet daar daadwerklike pogings aangewend te word om hierdie skole, waar moontlik, weer te kombineer. In hierdie opsig word veral gedink aan skole soos dié te Theunissen, Winburg, Brandfort, Vrede, Ladybrand en Heilbron. Die aantal primêre leerlinge van hierdie skole toon sedert 1969 tot 1973[73) ] 'n vermindering, terwyl slegs dié te Brandfort en Vrede 'n vermeerdering in die aantal sekondêre leerlinge gedurende dieselfde tyd toon.[74)] Dit moet egter verwag word dat die daling in die aantal primêre leerlinge 'n noodwendige uitwerking op die aantal sekondêre leerlinge sal hê.[75)] Dit is derhalwe noodsaaklik

73) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2., tabel 2; O.V.S. Onderwysdepartement. Lys van skole en hoofde, 1973.
74) Ibid.
75) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.4.

dat daar betyds oor die voortbestaan van voorgenoemde skole as afsonderlike eenhede besin sal moet word.

5. Die suksesvolle aanbieding van al die verskillende studierigtings is direk afhanklik van die inspeksiestelsel. Hiermee word geensins, selfs nie eers by implikasie nie, veronderstel dat skrywer hiervan krities teenoor die huidige inspektoraat staan nie. Die teendeel is onteenseglik waar, nl. dat die inspektoraat van die Vrystaat sy onderwys tot eer strek. Die gebrek aan 'n deeglik-georganiseerde vakin=speksiestelsel is egter 'n leemte waarsonder die onderwys nie langer kan klaarkom nie. Vakvoorligting deur vakspesialiste is 'n belangrike vereiste indien gedifferensieerde on=derwys tot sy reg wil kom. Hierdie aangeleentheid word in hoofstuk 5 verder bespreek.

### 4.2.3 R2029 en vakvlakdifferensiasie

In artikel 13 van R2029 word bepaal dat eksamen=vakke in die senior sekondêre skoolfase op 'n hoër- of op 'n standaard-, of op 'n hoër- en 'n standaard vlak aangebied word. In tabel 1 van hierdie hoofstuk is die lys vakke gegee en aan=gedui op watter vlakke elkeen aangebied word.

#### 4.2.3.1 Die implikasies aan vakvlakdifferensiasie verbonde

In hoofstuk 3 is vakvlakdifferensiasie reeds bespreek en is die implikasies en moontlike probleme daaraan verbonde aangetoon.[76] Ten einde onnodige

76) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.8.

herhaling te voorkom, word slegs die essensie daarvan hieronder saamgevat:

1. Dit moet herbevestig word dat hierdie aangeleentheid met die grootste omsigtigheid benader moet word. Nie alleen moet leerlinge 'n vervroegde vak- en kursuskeuse maak nie, maar daarby ook die vlak kies waarop hulle daardie vakke wil neem met inagneming van 'n beroeps=keuse en moontlike fakulteits=vereistes met die oog op uni=versitêre studie. Dat dit geen maklike taak vir leerlinge en voorligters is nie, is vanself=sprekend. 'n Verkeerde keuse kan die herhaling van 'n studiejaar beteken en daarom word die noodsaaklikheid van uitstekende voorligting ook in hierdie opsig benadruk.

2. Dit is ook in hoofstuk 3 aangetoon dat die inhoud van die twee vlakke waarop sekere vakke aange=bied word, aansienlik verskil en dat dit hoë organisatoriese en dissiplinêre eise aan enige onder=wyser stel.[77] Vakvlakdifferen=siasie het 'n verhewe doel, maar dra in hom ook die kiem van die

77) Ibid.

vernietiging van gedifferensieerde onderwys in die O.V.S. In kleiner sekondêre skole sal die onderrig op die twee vlakke in 'n groepklas moet geskied. Hier= die aangeleentheid word verder gekompliseer deur die bepaling dat skole soveel studierigtings, en gevolglik 'n groot vakkeuse, kan aanbied as waartoe hul be= staande personeelvoorsiening hulle in staat stel.[78] Indien 'n stelsel van komprehensiewe eenhede in die lewe geroep word waar skole, byvoorbeeld op twee studierigtings vasgepen word, het vakvlakonderrig 'n veel beter geleentheid om tot sy reg te kom, maar dan sal sentralisasie van onderwys en sonering 'n on= ontbeerlike vereiste wees. In hoofstuk 5 word aan laasgenoemde aspekte aandag gegee.[79]

3. Vakvlakdifferensiasie verg dat ook die wyse van eksaminering moet verander. Dit moet gediffe= rensieerd geskied, met ander woorde afsonderlike vraestelle vir die twee vlakke.[80] Die moontlikheid bestaan dat skole gedurende die hele senior sekondêre skoolfase vakke wat op twee vlakke aangebied

---

78) O.V.S. Onderwysdepartement. 'n Gedifferensieerde onderwys= stelsel, p.10.
79) Vgl. ook hoofstuk 3, paragraaf 3.2.2.
80) O.V.S. Onderwysdepartement, op.cit., p.11.

kan word, slegs op die hoër vlak onderrig en dan voor die eindeksamen die leerlinge adviseer op watter van die vlakke hulle die eksamen wil aflê.

4.2.3.2 Die Vrystaatse implementering van vak=vlakdifferensiasie

1. In ooreenstemming met die voorskrif in R2029 word sekere vakke op twee vlakke in die Vrystaat aangebied,[81] maar nêrens word uitdruklik bepaal dat dit vanaf die begin van die st.8=jaar verpligtend is nie.[82] Dit kom dus voor asof dit skole vrystaan om die leerlingkeuse van vlakke uit te stel tot die tweede en selfs die derde jaar van die senior sekondêre skool=fase. Uit navrae by agt skoolhoofde[83] het dit duidelik geword dat die alge=meen gangbare gebruik is dat skole hulle aanvanklik, dit wil sê in minstens die st.8-jaar, nie aan vak=vlakdifferensiasie gaan steur nie. Die algemene opvatting is klaarblyk=lik dat dit vir die leerlinge en die skool gedurende die loop van die kursus duidelik sal word op watter van die vlakke hulle geëksamineer moet word en dat die moontlikheid van verkeerde voorligting só tot 'n

81) Vgl. paragraaf 4.2.2.1., tabel 1, van hierdie hoofstuk.
82) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72, p.2.
83) Ter wille van anonimiteit word die name nie verstrek nie.

groot mate verminder kan word.

2. Wat eksaminering betref, is daar nog geen duidelikheid ten tye van die skrywe hiervan nie en sal volle= dige besonderhede insake eksamine= ring en sertifikaatuitreiking in die senior sekondêre skoolfase later aan die skole verstrek word.[84]

3. Soos in hoofstuk 3 aangetoon,[85] is daar 47 sekondêre skole in die Vrystaat met minder as 100 senior sekondêre leerlinge, 15 skole met tussen 100 en 199 leerlinge, 7 skole met tussen 200 en 299 leerlinge, 5 skole met tussen 300 en 399 leer= linge, 1 skool met tussen 400 en 499 leerlinge en 2 skole met tussen 500 en 599 leerlinge.[86] Die 69 skole met minder as 300 senior se= kondêre leerlinge sal noodwendig van groepklasonderrig gebruik moet maak, aangesien selfs die grootste van hierdie skole normaalweg oor twee klasseksies in st. 8, maar oor een elk in st. 9 en 10 beskik.[87] Vakvlakdifferensiasie kan in hierdie grootte skole derhalwe hoogstens in st. 8 en moontlik in enkele gevalle in st. 9 plaasvind.

4. Die Vrystaatse Onderwysdepartement stel dit duidelik dat geen bykomende

84) O.V.S. Onderwysdepartement, op.cit., p.6.
85) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.1.
86) O.V.S. Onderwysdepartement. Kwartaalstate, Desember 1971.
87) O.V.S. Onderwysburo. Mondelinge medeling gebaseer op gegewens van skole verkry.

personeel voorsien sal word ten einde vakvlakdifferensiasie doeltreffender te laat verloop nie.[88]

5. Die Departement meen dat vakvlakdifferensiasie aan elke leerling die geleentheid bied om volgens sy verstandspotensiaal, aanleg, belangstelling en die eise van 'n moontlike loopbaan 'n keuse uit te oefen.[89] Daar moet egter deeglik met die matrikulasievrystellingsvereistes rekening gehou word en daarom moet kandidate wat matrikulasievrystelling wil verkry, aangemoedig word om soveel vakke as moontlik in die hoër graad aan te bied.[90] Die sillabusse is so opgestel dat daar 'n gemeenskaplike kern vir die twee grade of vlakke bestaan en daarom kan die klein sekondêre skole, aldus die Departement, met 'n klein sekondêre leerlingtal wat dit onmoontlik vind om leerlinge in afsonderlike klasgroepe vir die twee grade in te deel, vakvlakdifferensiasie toepas deur 'n vak in albei grade vir een klasgroep aan te bied.[91]

6. Oor die metodes waarop vakvlakdifferensiasie toegepas moet word en die beskikbaarheid van handboeke vir die twee grade is daar op datum van die skrywe hiervan amptelik niks bekend nie.

88) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72, p.1.
89) Ibid., p.2.
90) Ibid.
91) Ibid.

4.2.3.3 Evaluering

1. Soos reeds aangedui, sal die kleiner sekondêre skole of sekondêre afdelings van skole verplig wees om van groep= klasse gebruik te maak. Doeltreffende vakvlakdifferensiasie in 'n groepklas kan nie dieselfde mate suksesvol wees as wat in afsonderlike klasgroepe die geval is nie. Die meeste onderwysers sal moontlik besondere dissiplinêre probleme ondervind om twee sillabusse gelyktydig te onderrig, selfs al be= staan daar 'n gemeenskaplike kern in die sillabusse. Daarby is dit van= selfsprekend dat elk van die twee groepe leerlinge in 'n groepklas minder aandag sal ontvang as wanneer hulle afsonderlik was. Hierdie aangeleent= heid is reeds by die praktiese kursus bespreek[92] en hoewel dit in die senior sekondêre kursus in 'n minder mate 'n probleem kan skep omdat die hoër graad slegs 'n verryking van die standaard graad is,[93] beteken dit nogtans dat sommige leerlinge besig gehou sal moet word wanneer die onder= wyser voortgaan met die sillabus van die hoër graad.

2. Ten opsigte van die wyse waarop vak= vlakdifferensiasie toegepas moet word, bestaan geen duidelikheid nie en is dit hoogstens aan die inisiatief van

92) Vgl. paragraaf 4.2.2.3.(2) van hierdie hoofstuk.
93) O.V.S. Onderwysdepartement. 'n Gedifferensieerde onderwys= stelsel, p.11.

onderwysers oorgelaat om self daaroor te besluit. Terwyl diffe=rensiasie op senior sekondêre vlak in 1974 'n aanvang neem,[94] heers daar begryplikerwys 'n mate van on=sekerheid en verwarring en vandaar die gangbare voorneme van skoolhoofde[95] om minstens die st.8-jaar as 'n verken=ningsjaar te gebruik alvorens leerlinge toegelaat gaan word om vakke op ver=skillende grade te kies. Indien dit gebeur, is dit in stryd met die wese van differensiasie en is dit trouens geen differensiasie nie.

3. Vir minstens die 47 sekondêre skole met minder as 100 leerlinge in die senior sekondêre afdelings is dit geheel onmoontlik om in afsonderlike klasgroepe te differensieer en terwyl dit die ideale toestand is, bring dit noodwendig mee dat die voortbestaan van skole wat nie deeglik kan diffe=rensieer nie, opnuut in oënskou geneem sal moet word. Hieraan word in hoofstuk 5 weer aandag gegee.

4. Met die departementele voorskrif dat daar gedurende die loop van die kursus afsonderlike vraestelle vir die twee grade moet wees,[96] kan ook nie in=stemming betuig word nie. Alleen wanneer leerlinge aan 'n gelykwaardige

94) Id. Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72, p.1.
95) Vgl. paragraaf 4.2.3.2. van hierdie hoofstuk.
96) O.V.S. Onderwysdepartement. 'n Gedifferensieerde onderwys=stelsel, p.11.

en eenvormige eksamenvraestel onderwerp word, kan daar met sekerheid bepaal word of 'n leerling 'n vak op die hoër- of die gewone graad behoort te neem. Twee vraestelle in die eindeksamen is egter noodsaaklik.

5. Die voorgenoemde bepaling dat daar geen bykomende personeel verskaf sal word ten einde meer studierigtings, en hier meer bepaald, beter vakvlakdifferensiasie moontlik te maak nie, is in alle departe= mentele stukke ongemotiveerd behalwe die stelling dat "personeelvoorsiening in die Vrystaat so ruim soos moontlik (is)."[97) Die vraag ontstaan of daar nie ruimte gelaat moes word vir verdienstelike gevalle nie waar skoolhoofde met 'n grondige motivering die geleentheid kon verkry het om 'n saak uit te maak dat dit met die toesegging van een bykomende personeellid vir hulle moontlik sou wees om minstens in sekere kernvakke vakvlakdifferensiasie toe te pas.

6. Vakvlakdifferensiasie is aan die skole oorgelaat om aan te pak soos hulle dit goed dink en is daar geen beperkende of rigtinggewende beleid gestel ten opsigte van die omvang van vakkeuses nie. Dit staan elke skool vry om soveel vakke as waartoe sy huidige personeel hom in staat stel, aan te bied. Hierdie gebrek aan 'n duidelik-omlynde en selfs beperkende beleid beteken dat skole, en by uitstek die gekombineerde primêre- en sekondêre skole, ter wille van voortbestaan, alle

97) Ibid., p.10.

middele moet aanwend om op 'n mede=dingende basis met die groter skole te kan verkeer. Die skole wat weens getal=leprobleme nie kan meeding nie, gaan weens die gebrek aan 'n sentralisasie en soneringsbeleid noodwendig in 'n doodbloeiproses vasgevang raak en dit is in stryd met die wese van R2029 waarin daar besondere klem op die gelykwaardig=heid van leerlinge gelê word.

7. Dit wil ten slotte voorkom dat die Vrystaat, ten psyte van lofwaardige pogings daartoe, die essensie van differensiasie op vakvlakbasis gaan misloop, veral by die kleiner sekondêre skole. Laasgenoemde skole, wat die grootste meerderheid skole in die Vrystaat uitmaak, is verplig om groepklasonderrig aan te bied en tensy daar nie opnuut oor sentralisasie en sonering besin gaan word nie, kan dit voorsien word dat die Vrystaat nie die volle reg aan vakvlakdifferensiasie kan laat ge=skied nie. Dit is aksiomaties dat leer=linge wat, minstens gedurende die st.9= en 10-jare op die twee grade afsonderlike onderrig ontvang het, 'n besliste voordeel het bo diegene wat groepklasonderrig gehad het. Ook hierdie aangeleentheid sal in hoofstuk 5 verdere aandag geniet.

### 4.2.4 R2029 en voorligting

Artikel 16 van R2029 bepaal dat voorligting aan leerlinge verskaf moet word ten opsigte van persoonlike aangeleenthede, 'n opvoedkundige keuse en, met inagneming van die land se

behoeftes, 'n beroepskeuse. Voorligting sluit sielkundige, terapeutiese, remediërende en skoolbesoekende dienste in en skakel met die departementele geneeskundige en tandheelkundige diens. Voorligting moet aan leerlinge verskaf word in medewerking met die betrokke skoolperso= neel en met inagneming van die wense van die leerlinge en hulle ouers.

4.2.4.1 <u>Die implikasies van die bepalings insake voorligting</u>

Die absolute noodsaaklikheid van 'n doel= treffende voorligtingsdiens is in hierdie studie herhaaldelik beklemtoon,[98] asook in die studies van die RGN en die Vry= staatse Onderwysdepartement. Dit is der= halwe slegs nodig om die implikasies van bogenoemde bepaling hier kortliks aan te dui.

1. Die posisie van die st.5-leerlinge is hier direk ter sake. Hierdie aan= geleentheid is reeds bespreek[99] en dit hoef slegs herbeklemtoon te word dat voorligting na die primêre skole uitgebrei sal moet word om leerlinge korrek te kan adviseer en suksesvol te kanaliseer.

2. Ook die st.7-leerlinge is by uitstek by die voorligtingsdiens betrokke, aangesien hierdie leerlinge op 'n betreklik onryp stadium 'n finale

98) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.6.
99) Vgl. paragraaf 4.2.1.3. van hierdie hoofstuk.

kursus- en vakkeuse moet maak met die oog op die senior sekondêre kursus, tersiêre onderwys en 'n uiteindelike beroep.

3. Sielkundige, terapeutiese en reme= diërende dienste word sterk beklemtoon. Vir hierdie doel is skoolklinieke in die lewe geroep[100], maar dit beteken dat onderwysers en skoolhoofde van primêre- en sekondêre skole in staat moet wees om probleme vas te stel en leerlinge, wanneer nodig, na die kli= nieke te verwys. Dit vereis vanself= sprekend 'n mate van wetenskaplike voor= ligting, diagnostiek en remediërende onderwys.

4. Die voorgaande impliseer weer dat daadwerklike aandag aan die opleiding van onderwysers met die oog op doel= treffende voorligting en remediëring gegee sal moet word. Voorligting is nie langer die taak van die enkele onderwyser nie, maar het dit noodsaak= lik geword dat alle onderwysers voorligting as deel van hulle opleiding moet hê. Dit is aksiomaties dat indien voorligting misluk, misluk differensiasie in al sy fasette en daarom sal alle onderwysers indiensopleidingskursusse moet ondergaan ten einde hulle in staat te stel om elke leerling na die beste van hul vermoë te ken. Die bedoeling is nie dat elke onderwyser 'n kliniese sielkundige moet wees nie,

100) O.V.S. Onderwysdepartement. Verslag, 1972, p.20.

maar dat onderwysers leemtes moet kan herken en die skoolhoof adviseer oor die aard van die behandeling wat leerlinge behoort te ontvang.

5. Die feit dat die st.5-leerlinge fisiek in die primêre skole bly, vermeerder die noodsaaklikheid van die uitbreiding van die personeel van die voorligtings=dienste. Dit is prakties onmoontlik en onwenslik dat skoolhoofde van sekon=dêre skole in alle gevalle die kanali=seringsadvies van primêre skole en -hoofde onvoorwaardelik kan aanvaar en dit beteken dus dat die personeel van die voorligtingsdiens sodanige advies sal moet kontroleer.

4.2.4.2 <u>Die Vrystaatse toepassing van voorligting soos deur R2029 bepaal</u>

1. Die personeel wat met voorligtings=dienste belas is, bestaan uit drie inspekteur-sielkundiges, bygestaan deur die personeel van die skool=klinieke.[101] Saam met hierdie om=vattende taak, is die inspekteur=sielkundiges ook, onder andere, die taak van keuring van voornemende onderwysers(esse) opgedra.[102] Dit bring uiteraard mee dat hierdie personeel 'n veeleisende en uiteen=lopende taak het, terwyl daar in die onmiddellike toekoms 'n veel groter

101) Ibid., p.18.
102) Die sekondêre skole word jaarliks vir hierdie doel besoek.

verantwoordelikheid op hulle sal rus. In hierdie opsig word nogeens na die posisie van die st. 5- en 7-leerlinge verwys. Noue skakeling tussen hierdie afdeling van die inspektoraat en die skole sal in intensiteit toeneem, veral vanweë die belangrikheid van uitstekende voorligting in gediffe= rensieerde onderwys.

2. Binne skoolverband is voorligting aangewys op die dienste van onder= wyservoorligters.[103] Aan die kleiner sekondêre skole is hierdie onderwysers ook nog gewone vakonderwysers.[104] Aan laasgenoemde aspek word dan ook die meeste van die onderrigtyd per week bestee. Vir voorligting word een periode per week per standerd toegeken[105] en hierbenewens behels die taak van die voorligter hoofsaak= lik die afneem van I.K.-toetse, die versameling van biografiese gegewens, die voltooiing van C.V.-belangstel= lingsvraelyste, die voltooiing van die kumulatiewe verslagkaarte, voor= ligting insake 'n beroepskeuse aan leerlinge en ouers, en advies aan die skoolhoof.[106]

3. Sedert die instelling van die Jeugweer= baarheidsprogram, is die onderrig van sekere dele van geestesweerbaarheid

103) O.V.S. Onderwysdepartement, ibid.
104) Id. Amptelike statistiek van 15 skole van 1972 is nagegaan.
105) Id. Omsendbrief 91/72, insp. 35/72, p.3.
106) Id. Sillabus vir die sekondêre skool, st. 6 - 10, Voorligting p.7.

ook aan die onderwyservoorligter toegeken.[107] Dit berus nogtans by die skoolhoof of dit sodanig gedoen moet word en of die hele geesteswerbaarheidsprogram aan 'n spesifieke onderwyser opgedra moet word.[108] Vir laasgenoemde word in die kurrikulum deur die toekenning van een periode per week voorsiening gemaak.[109]

4. In sy verslag vir 1970 stel die Direkteur van Onderwys dit só dat skoolvoorligting as 'n psigo-pedago= giese diens 'n integrale deel van die onderwys- en opvoedingsprogram vorm.[110] Dit moet op stelselmatige wyse leiding en hulp aan leerlinge gee ten opsigte van vraagstukke rakende hulle persoon= like groei, vorming, ontwikkeling, skolastiese vordering en aanpassing, toekomsplanne, beroepskeuse, studie= planne, ens.[111] Elke sekondêre skool moet voorligting deur sy onderwyser= voorligters verskaf onder die leiding en met bystand van die inspekteur= sielkundiges wat die wyke Bloemfontein, Bethlehem en Kroonstad bedien.[112]

4.2.4.3 Evaluering

Die belangrikheid van doeltreffende voor= ligting is deurgaans in hierdie studie

107) Id. Vgl. Program vir jeugweerbaarheid, pp.2,4,5.
108) Id. Vgl. omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72 waar een periode per week per standerd toegeken word. Die logiese implikasie hiervan is dat die vak nie tussen verskillende onderwysers verdeel kan word nie.
109) Ibid.
110) Id. Verslag, 1970, p.20.
111) Ibid.
112) Ibid.

beklemtoon en dit is onnodig om hierdie aangeleentheid in fyn besonderhede te ontleed. Nogtans moet die volgende aspekte benadruk word:

1. Geslaagde differensiasie is onteenseglik aan voorligting gekoppel. Dit sluit departementele- asook skoolvoorligting in.

2. Vanweë die baie vol program van die inspekteur-sielkundiges in die Vrystaat ontbreek die volgehoue en kontinue kontak met die skole. Hiervoor is die betrokke lede van die inspektoraat nie te blameer nie, want dit is 'n ope vraag of die personele van primêre- en sekondêre skole opgelei, en gevolglik in staat is, om leerlinge behoorlik te ontleed, te diagnoseer waar nodig en op grond daarvan vir ondersoek en moontlike remediëring te verwys.

3. Skoolvoorligting was tot in die jongste verlede nie deel van die opleiding van alle onderwysers nie en die gebrek aan 'n indiensopleidingskursus vir onderwysers, wat hulle in staat behoort te stel om kinders te ken, te ontleed en te adviseer, moet as 'n ernstige gebrek in die opvoedkundige- en onderwyskundige toerusting van onderwysers beskou word. Voorligting kan nie die taak van die enkele onderwyser en die skoolhoof wees nie, maar behoort 'n personeel-in-geheel-aangeleentheid te wees. Dit sal 'n moontlike diagnostiese foute, foutiewe vak-, kursus- en beroeps=

keuse tot die minimum beperk en die personeel beter in staat stel om, aldus R2029, ook die ouers op 'n wetenskapliker wyse aangaande hulle kinders te adviseer.

4. Die feit dat skoolvoorligting nie na die primêre skole uitgebrei word nie, moet as 'n ernstige leemte beskou word, veral vanweë die feit dat die st. 5-leerlinge tans nog deel van die primêre skole of primêre afdelings van skole uitmaak. Voordat daardie leerlinge oor wie daar twyfel bestaan sonder meer na 'n besondere skooltipe verwys word, moet die hulp van die inspekteur-sielkundige en, indien nodig, die skoolkliniek, ingeroep word. Deskundige voorligting op st.5-vlak is 'n dringende vereiste in die toekomsbelang van die st.5-leerlinge.

5. Doeltreffende voorligting aan die st.5-leerlinge word verder beklemtoon indien dit in aanmerking geneem word dat daar in 1972 28 suiwer sekondêre skole, 50 gekombineerde primêre- en sekondêre skole, 71 suiwer primêre dorp- en stadskole en 69 plaasskole in die Vrystaat was.[113] Indien dit in berekening gebring word dat daar in 1972 aan die 140 suiwer primêre skole altesaam 32,465 leerlinge was,[114] beteken dit dat hierdie leerlinge die voorreg van doeltreffende voorligting

113) Id. Verslag, 1972, p.39.
114) Ibid., p.41.

op primêre vlak ontbeer. Hierdie gegewens noodsaak die ruimskootse uitbreiding van die aantal inspek= teur-sielkundiges.

6. 'n Uitbreiding van die aantal in= spekteur-sielkundiges is alleen egter nie genoeg nie en behoort daar 'n meer gestrenge werkafbake= ning te wees sodat hierdie lede van die inspektoraat voltyds in staat is om hulle aandag slegs aan voorlig= tingsdienste te bestee.

## 4.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk het dit duidelik geword dat R2029 nie slegs 'n nuwe wyse van differensiasie aangekondig het nie, maar dat dit 'n ingreep in die ganse onderwyssituasie is. Wanneer die inhoud, die implikasies en die beoogde toepassing van R2029 deeglik bestudeer is, kan kwalik tot 'n ander slotsom geraak word as die oue, die tradi= sionele, opnuut onder die soeklig geplaas sal moet word. In baie opsigte is dit reeds gedoen en is dit aangetoon dat die Vrystaat in vele opsigte die nodige veranderinge in sy onderwysstelsel aangebring het, maar voortspruitend uit hierdie hoofstuk het eweneens duidelik geword dat hierdie proses van vernuwing nog allermins voltrek is. Sonder om die tradisionele sonder meer af te takel, word 'n herwaardering van die bestaande as noodsaaklik beskou. Hierdie noodsaaklike herwaardering moet op die basis van objektiewe beplanning en 'n kritiese bestudering van die tradisionele onderwysstelsel berus om sodoende te bepaal of R2029 hom sonder risiko tot paring met die oue leen.

Uit hierdie hoofstuk, asook uit hoofstuk 3, het sekere knelpunte in die Vrystaatse onderwys duidelik geword en dit kan opsommenderwys soos volg aangedui word:

1. Dit het herhaaldelik geblyk dat die posisie van die st.5-leerlinge die aandag sal moet geniet. Hierdie aangeleentheid verg deeglike ondersoek, veral met betrekking tot die moontlike oorplasing van die st.5-leerlinge na sekondêre skole.

2. Die instelling van verskillende studierigtings behoort sonder probleme te geskied en aangesien dit aangetoon is dat die universiteite nie 'n besondere studierigting as toelatingsvereiste tot die universiteit vereis nie, hoef hierdie aangeleentheid nie verder in hierdie studie bespreek te word nie.

3. Die beoogde toepassing van vakvlakdifferensiasie kan egter probleme lewer. In hierdie vorm van differensiasie word vanselfsprekend 'n besondere klem op insig gelê en hieruit vloei daar heelwat verwante sake voort wat kortliks soos volg gestel kan word:

   a) Dit is aangetoon dat vakvlakdifferensiasie aan die kleiner skole nie bevredigend tot sy reg kom nie. Hieruit volg dit dat sentra=lisasie van onderwys as 'n middel om vakvlak=differensiasie doeltreffender te laat slaag, ondersoek sal moet word. Baie nou verbonde aan sentralisasie, is ook 'n soneringsbeleid. Hierdie aangeleentheid is reeds in hoofstuk 3[115] en sal weer in hoofstuk 5 bespreek word.

   b) Voortspruitend uit die implikasies en die toe=passing van vakvlakdifferensiasie, is die reeds=genoemde tydsfaktor ook 'n aangeleentheid wat

115) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2.2.

bespreek moet word. Hier word veral aan die lengte van die skooldag, die skooljaar en die moontlike instelling van 'n drietermyn-skooljaar gedink. Ook dit sal in hoofstuk 5 bespreek moet word.

c) Vakvlakdifferensiasie het egter ook hierdie verdere aspek, nl. dat die doeltreffende implementering daarvan ten nouste met 'n daarby aangepaste inspek= siestelsel saamhang. Daarom sal ook hierdie aangeleentheid bespreek moet word.

4. Soos in hierdie hoofstuk aangetoon, plaas R2029 'n besondere premie op 'n doeltreffende voorligtingsdiens. Hierdie diens is tans nog nie tot die primêre skole uitgebrei nie en dit behoort onverwyld ondersoek te word, en in noue aansluiting hierby, ook die uit= breiding van die personeel van die departementele voorligtingsdiens.

In die geheel gesien, blyk dit dat, in weerwil van deeglike voorafbeplanning en gewaardeerde pogings om differensiasie in die Vrystaat te laat slaag, daar nogtans aangeleenthede is wat op verdere, dog dringende, besinning wag. Gebrek aan 'n sentralisasie en soneringsbeleid en aan 'n moontlik aangepaste inspeksiestelsel, asook 'n huiwering om vreesloos ten opsigte van die posisie van die st.5-leerlinge en ten opsigte van die lengte van die onderrigtyd te beplan, kan aangeleenthede wees wat doeltreffende differensiasie strem. Daarby moet dit in gedagte gehou word dat die huidige geleidelike doodbloeiproses waaraan die kleiner sekondêre skole onderhewig is, nie alleen op opvoedkundige gronde, maar ook op grond van die Christelike karakter van die onderwys onregverdigbaar is. Hierdie proses moet noodwendig talle leerlinge onberekenbare skade berokken, vanweë die toenemende tekortkominge waaraan 'n kleiner=

wordende skool onderworpe is.

Bogenoemde aangeleenthede, wat direk uit die implikasies en die beoogde toepassing van R2029 in die Vrystaat voortspruit, asook dié wat voortvloei uit die probleme ten opsigte van doeltreffende differensiasie,[116) ] word vervolgens in hoofstuk 5 bespreek.

116) Vgl. hoofstuk 3.

# HOOFSTUK 5

## VOORSTELLE TOT DOELTREFFENDE IMPLEMENTERING VAN DIE BELEID VAN DIFFERENSIASIE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

### 5.1 Inleiding

In die voorgaande hoofstukke is agtereenvolgens aandag gegee aan die Christelik-Nasionale grondslae van die onderwys, 'n historiese oorsig van pogings tot diffe= rensiasie met spesiale verwysing na die Vrystaat, die probleme wat die Vrystaat met differensiasie ondervind en dan die implikasies van kennisgewing R2029 vir die Vrystaatse onderwys. Daar moet nou daartoe oorgegaan word om sekere voorstelle te doen waarvolgens differensiasie, ooreenkomstig die verplig= tende karakter van Christelik-Nasionale onderwys en ooreenkomstig die eise van kennisgewing R2029, op sy doeltreffendste in die Vrystaat toegepas kan word. By die bespreking van hierdie voorstelle wil skrywer hiervan hom duidelik op die standpunt stel dat dit nie hier gaan om 'n blote verwerping van die huidige stelsel van onderwys in die Vrystaat nie. Dat heelwat van die aangeleenthede wat vervolgens bespreek sal word, die wese van die Vrystaatse onderwystradisie en -sentiment aanraak, word terdeë besef. Dit is egter die doel van hierdie studie om, vanuit 'n praktiese gesigspunt, ook die tradisie en die sentiment onder die vergrootglas te plaas om sodoende te kan bepaal of dit in die beste belang van die onderwys in die Vrystaat sal wees om op die gebaande weë voort te gaan.

Een van die hoogste doelstellings met gedifferensieerde onderwys is juis om Suid-Afrika se mannekragpotensiaal tot volle ontplooiing te laat kom. In die derde hoofstuk is hierdie aangeleentheid bespreek en is daar bevind dat die Vrystaatse onderwyspersoneel nie

ekonomies benut word nie. Daarom moet hierdie hoofstuk gesien in die lig van twee Vrystaatse opvoedkundiges se uitsprake waarmee paragraaf 2.4 van hoofstuk 3 afgesluit is, nl. Fourie: "Ons sal anders moet dink en doen as in die verlede ... en die durf en moed hê om algemeen van die ou tradisionele stelsel weg te breek - hoe skokkend dit ook al mag klink vir alle onderwysmanne wat geheg geraak het aan die ou tradisie waarin ons almal groot geword het" en Jooste se stelling dat daar "'n bereidwilligheid om waar nodig te breek met die bestaande, 'n oop gemoed om te vernuwe .... en 'n bereidwilligheid om te eksperimenteer" moet wees.

Daarom word die Vrystaatse stelsel van gedesentra= liseerde onderwys in hierdie hoofstuk onder die soeklig geplaas en word 'n moontlike sentralisasie van onderwys bespreek. Indien daar gesentraliseer word, moet moontlike wyses van sentralisasie aangedui word. Dit moet egter duidelik verstaan word dat met sentralisasie van skole slegs leerlinge in die senior sekondêre skoolfase ter sprake is. Alle skole sal nog die junior sekondêre skoolfase aanbied, maar net enkeles die senior sekondêre skoolfase. Ten nouste hieraan verbonde, is 'n stelsel van sonering, want daarsonder kan sentralisasie van skole nie suk= sesvol aangebied word nie. Afgesien van sentralisasie, verdien 'n soneringsbeleid die aandag, aangesien die gebrek aan 'n soneringsbeleid in die bestaande Vrystaatse onderwysstelsel reeds aanleiding gegee het tot onge= wenste praktyke, onder andere die afrokkeling van die intelligentste plattelandse leerlinge deur gratis losies en die waarborg van sekere leiersposisies indien hulle na die betrokke skole sou gaan.[1)]

1) Dit kan met beëdigde verklarings gestaaf word.

Doeltreffende differensiasie hang ook ten nouste saam met die tydsfaktor. Daarom sal die Vrystaatse onderrigtyd bespreek word en moontlike metodes waardeur die onderrigtyd verleng kan word, ondersoek en aanbevelings gedoen word.

Die skole waar daar tans ekstern gedifferensieer word, nl. die sekondêre tegniese-, die landbou-, die handel- en die huishoudskole sal ook bespreek word om vas te stel of daar genoegsame voorsiening in hierdie verband in die Vrystaat is. Ook die voortbestaan van die huishoudskole, al dan nie, sal bespreek word.

Die posisie van die st.5-leerlinge in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys verdien besondere aandag. Die feit dat hierdie leerlinge, wat, ofskoon 'n deel van die junior sekondêre skoolfase, nogtans fisiek in die primêre skool bly, sal ondersoek word. Indringende kennis van hierdie leerlinge met die oog op korrekte plasing ten opsigte van studierig=tings in die senior sekondêre skoolfase, maak dit noodsaaklik dat hierdie leerlinge onverwyld na die sekondêre skole oorgeplaas moet word waar hulle dan drie jaar lank onderrig deur daartoe-opgeleide personeel kan ontvang.

Doeltreffende differensiasie hang ook ten nouste saam met 'n goed-georganiseerde inspeksiestelsel. Vakvoorligting is van die grootste belang en daarom moet 'n anders georganiseerde inspeksiestelsel ook bespreek word ten einde differensiasie in die Vrystaat so doeltreffend moontlik te laat verloop.

Dit is reeds beklemtoon dat voorligting in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys van die grootste be=lang is. Die probleme van die kleiner sekondêre skole is reeds in die derde hoofstuk aangedui en is

sekere aanbevelings reeds by implikasie gedoen en daarom sal hierdie belangrike aspek by gedifferen= sieerde onderwys in hierdie hoofstuk slegs kortliks die aandag geniet.

Die ekonomiese aspek ten opsigte van differensiasie val uiteraard buite die bestek van hierdie studie. Nogtans moet dit aandag geniet. 'n Deeglike vooruit= skatting van die toekomsverwagtinge van skole moet gedoen word ten einde finansiële besteding, veral ten opsigte van skoolgeboue, so ekonomies moontlik te beplan.

5.2 Sentralisasie van die Vrystaatse onderwys

Daar is aangetoon dat die kleiner sekondêre skole heelwat probleme sal ondervind met die aanbieding van gedifferensieerde onderwys op die senior sekon= dêre vlak. Hierdie probleme setel egter nie net in die praktiese onderwys nie, maar ook op ander terreine, bv. sport. Die vraag kan gestel word of daar nie soms belowende sportmanne en -vroue vir sport verlore gaan nie omdat hulle nie behoorlike geleentheid gekry het om in hulle sportbeoefening hulle staal te toon nie. 'n Potensieel briljante rugbyspeler in 'n klein sekondêre skool wat deur veel sterker en groter skole omring is en wat voortdurend in 'n verloorspan speel, kan moontlik vir hierdie sportsoort verlore gaan. Baie min van die klein sekondêre skole kan bv. hokkie of swem aanbied en word hierdie leerlinge dus die geleentheid daarvan ontsê. Dieselfde kan ook van die ander buitemuurse aktiwiteite gesê word sodat met reg beweer kan word dat die voortbestaan van die heel kleiner sekondêre skole onvermydelik hulle leerlinge sekere voorregte kan ontsê.

Indien van hierdie kleiner sekondêre skole op senior sekondêre vlak gesentraliseer word, kan dit meebring dat 'n veel sterker mededinging ondervind sal word ten

bate van daardie leerlinge. Sentralisasie kan dus baie voordele inhou vir die onderwys in sy hele opset, maar daarteenoor ook heelwat nadele en pro= bleme. Dit sal in hierdie paragraaf bespreek word.

Ten einde die praktiese implikasies van sentralisasie te ondersoek, word verder in hierdie paragraaf ver= skillende maniere aangetoon hoe daar gesentraliseer kan word.

Dit is eerstens nodig om vas te stel hoe daar in die verlede en tot nou toe oor sentralisasie van die onderwys in die Vrystaat gedink is.

### 5.2.1 Vorige gedagterigtings ten opsigte van sentra= lisasie

Die gedagte aan sentralisasie is nie vreemd aan die Vrystaatse onderwysgeskiedenis nie. Reeds sedert die Republikeinse periode en ook gedurende die eerste na-oorlogse jare het die groot af= stande en die yl-verspreide bevolking die stigting van 'n groot aantal klein eenmanskole tot gevolg gehad.[2] Heel gou is egter gevind dat die standaard van die onderwys daaronder skade gely het[3] en is daar in 1908 'n stelsel van gesentraliseerde onderwys vir die Vrystaat voorgestel.[4] Net na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, is dit dan ook as beleid gestel dat die Onderwysdepartement voorkeur sou gee aan die stigting van groot, doeltreffende, sentrale skole met ten minste twee onderwysers.[5]

Daar was 'n redelike mate van sukses hiermee, maar die Departement het veral teenkanting van

2) Du Toit. Die grondlegging en ontwikkeling van provinsiale, primêre en sekondêre onderwys vir blankes in die Oranje-Vry= staat. Gedurende die tydperk 1910-1926, p.114.
3) O.R.K. Direkteur van Onderwys. Rapport, 1909-1910, p.24.
4) Ibid., p.2.
5) O.V.S. Direkteur van Onderwys. Rapport, 1910-1911, p.18.

die ouers ondervind om hulle kinders na die sentrale skole te stuur, selfs in gevalle waar gratis vervoer beskikbaar was.[6] Hier= die teenstand is ook ondervind toe daar in 1913 besluit is dat die eenmanskole slegs onderwys tot st. 4 sou kon aanbied.[7]

Wat die sekondêre skole betref, is dieselfde beleid gevolg, want reeds in 1920 het generaal Hertzog die vermindering van die aantal sekondêre skole bepleit.[8] Ander pogings om die sentralisasie van skole te bevorder, was die voorsiening van vervoerfasiliteite, die oprigting van skoolkoshuise en die verskaffing van beurse.[9] Verdere bespreking hiervan word as onnodig in hierdie studie beskou.

Die beleid van sentralisasie van sekondêre skole het net tot 1920 geduur toe daar, op aandrang van die Direkteur van Onderwys, mnr. Schmidt, 'n beleid van desentralisasie van sekondêre onderwys ingestel is.[10] Hiervolgens is elke skool met meer as 100 leerlinge toege= laat om sekondêre onderwys tot st. 10 aan te bied.[11] Hierdeur is daar getrag om sekondêre onderwys tot beskikking van alle leerlinge te stel en is daar verklaar dat die groter gelde= like uitgawes nie behoort op te weeg teenoor die ideaal om 'n goedopgevoede bevolking te verkry nie.[12] Dit was dan ook geslaagd en het die aantal sekondêre leerlinge spoedig toegeneem.[13]

Vanaf 1927 is daar weer pogings aangewend om

6) Ibid., pp.18-19.
7) Du Toit, op.cit., p.116.
8) Ibid., p.117.
9) Ibid., pp.117-118.
10) O.V.S. Direkteur van Onderwys. Rapport, 1920, p.23.
11) Ibid.
12) Ibid., p.37.
13) Ibid., 1921, p.5.

skole te probeer sentraliseer, aangesien die jaarlikse onderwysuitgawes steeds gestyg het ten spyte van 'n vermindering in die aantal leerlinge.[14] Gevolglik was die koste per leerling geweldig hoog en word daar besluit dat in geen skool onderrig verder as st.8 gegee sou word tensy die aantal leerlinge in st.7 en -8 nie saam minstens 40 was nie.[15]

Die suksesvolle implementering van die hernude sentralisasiebeleid het egter nie tot verwe= senliking gekom nie, hoofsaaklik omdat die destydse Direkteur van Onderwys, S.H. Pellissier, eerder die weg van oorreding as dié van dwang gevolg het.[16]

In 1951 spreek die Provinsiale Onderwyskommissie hom ook oor sentralisasie uit.[17] Uit die ge= tuienis wat ingewin is, het dit geblyk dat die teenstanders van sentralisasie hulle hoofsaak= lik op die volgende beroep het, nl. dat dit die verbrokkeling van die huisgesin in die hand sou werk, die gesindheid jeens die bodem benadeel en dit onmoontlik maak om 'n liefde vir die bodem by die kind aan te kweek.[18] Volgens hulle is sentralisasie 'n saak wat uit opvoed= kundige- en nie in die eerste plek uit 'n ekonomiese oogpunt gesien moet word nie.[19] Verder is die persoonlike belangstelling in elke leerling in die klein skool groter as wat dit die geval in 'n groot, gesentraliseerde skool sou wees. Daarbenewens lewer die plattelandse skole werk van 'n meer hoogstaande gehalte, want die

14) Ibid., 1927, p.23.
15) Ibid., p.25.
16) Van Tonder. Dr. S.H. Pellissier as direkteur van onderwys vir die tydperk 1926 - 1948, p.144.
17) Provinsie Oranje-Vrystaat. Verslag van die provinsiale onderwyskommissie, 1951, pp. 122-128.
18) Ibid., p.125.
19) Ibid.

platteland, "die wieg van die Boerenasie, besit individualiteit en kweek sterk persoonlikhede. Van die sentrale skool is dit nie altyd waar nie, so word beweer."[20]

Die getuienis van die voorstanders van sentrali=sasie het hoofsaaklik berus op die volgende, nl. die hoë koste per leerling in daardie skole met klein sekondêre afdelings en die feit dat geen noemenswaardige differensiasie aldaar moontlik is nie.[21] Die ekonomiese ontwikkeling van die land en die verhoogde leerplig tot 16 jaar, het nuwe eise aan die onderwys gestel en dit het weer gedifferensieerde onderwys noodsaaklik gemaak.[22] Voorts is daarop gewys dat daar in verskillende dele van die Vrystaat etlike klein sekondêre skole binne 'n straal van 50 myl aange=tref word en dat die sentralisasie van sulke skole die moontlikheid sou skep vir beter gedif=ferensieerde onderwys.[23] Daarom het die voor=standers van sentralisasie aanbeveel dat daar slegs 5 sekondêre skole behoort te wees wat leerlinge vir die universiteit oplei, 'n groter aantal skole wat leerlinge moes oplei vir die skooleindsertifikaat en verder dan skole wat voorsiening sou maak vir eksterne differensiasie, dit wil sê handel-, tegniese-, landbou- en huishoudskole.[24]

Die kommissie het erken dat die kleiner sekondêre skool nie genoeg geleenthede aan die leerlinge kan bied om na behore te differensieer nie, want in hierdie skole word die leerlinge byna gedwing

20) Ibid., p.126.
21) Ibid., p.127.
22) Ibid.
23) Ibid.
24) Ibid.

om akademiese vakke te neem sodat leerlinge wat geen aanleg vir akademiese vakke besit nie, of wie se belangstelling in 'n ander rigting geleë is, min of geen voorbereiding vir hulle toe= komstige loopbane ontvang nie.[25)]

Ten spyte van voorgenoemde veelseggende erken= ning van die leemtes van die kleiner sekondêre skole ten opsigte van differensiasie, het die kommissie nêrens 'n geformuleerde uitspraak oor sentralisasie gegee nie, maar aanbeveel dat alle sekondêre skole 'n akademiese-, 'n tegniese- en 'n handelsrigting moes aanbied.[26)]

Ook die oorsese sending van 1963 het aanbeveel dat die bestaande beleid, nl. "dat 'n leerling die beste opgevoed kan word in sy eie gemeen= skap, behoue bly. Dit sal beteken dat ons gedesentraliseerde onderwysstelsel behoue bly binne redelike perke. Die onbeperkte stigting van heel klein middelbare skole behoort egter nie mee voortgegaan te word nie."[27)] Die verslag maak egter geen melding van wat die redelike perke is waarvolgens die voortbestaan van sekondêre skole gewaarborg word nie.

Die handhawing van 'n beleid van gedesentrali= seerde onderwys vir die Vrystaat is in 1972 opnuut beklemtoon deur die Vrystaatse L.U.K. belas met onderwys: "Na my mening sal die kleiner sekondêre skool kan voortbestaan solank hy sy bestaan regverdig en bevredigende diens kan lewer ... Daar kan geen dwang uitge=

25) Ibid., p.128.
26) Ibid., p.131.
27) O.V.S. Onderwysdepartement. Rapport van 'n oorsese sending oor gedifferensieerde middelbare onderwys, p.61.

oefen word om skole te sentraliseer nie. Dit sal 'n normale, natuurlike proses moet wees."[28] Die klaarblyklike implikasie van hierdie verklaring is dat die klein sekondêre skole sal bly voortbestaan solank hulle genoegsame leerlinge het en mits bevredigende werk gelewer word. Hierdie aangeleentheid vereis egter 'n veel duideliker omlyning en formulering as wat in die voorgaande verklaring vervat is. Opklaring oor wat hierdie bevredigende diens alles behels, is noodsaaklik sodat die kleiner sekondêre skole duidelik kan weet wat van hulle verwag word ten einde te kan bly voortbestaan.

Ook die uitdrukking dat sentralisasie 'n normale en natuurlike proses moet wees, verdien nadere presisering. Die vraag ontstaan of dit beteken dat skole 'n natuurlike doodbloeifase tegemoet gaan, met ander woorde dat skole sal kwyn en op 'n natuurlike wyse sentraliseer. Hieraan is egter ingrypende implikasies verbonde. Daar is reeds daarop gewys dat die Bloemfonteinse skole hulle optimum grootte bereik het, of binnekort behoort te bereik en indien hulle meer plattelandse leerlinge moet huisves, sal dit meer koshuise verg. Daarom verdien sentralisasie aandag. Indien, bv. vyf nabyliggende sekondêre skole hulle senior sekondêre afdelings verloor, is dit opvoedkundig gewens dat hierdie leerlinge aan een van daardie skole toegesê moet word sodat hulle min of meer in die omgewing

28) O.V.S. Provinsiale Raad. Debatte en verrigtinge van die provinsiale raad, 1972, deel 2, pp. 631 - 632.

bly waaraan hulle gewoond is en waarin hulle opgegroei het. Daarom is die aangeleentheid van sentralisasie so intiem gemoeid met sonering.

'n Verdere implikasie van 'n vae voortbestaans=moontlikheid van die kleiner sekondêre skool, is die posisie waarin die skoolhoofde en per=sonele van daardie skole verkeer. 'n Duidelike en onomwonde geformuleerde beleid sal hulle in staat stel om hulle toekoms te beplan. Hiermee saam gaan ook die moontlikheid dat hierdie skole in die toekoms probleme met die vind van geskikte personeel sal ondervind. Dit is deur voornemende onderwysers van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege aan skrywer hiervan meegedeel dat hulle geensins poste in die Suid- en Wes-Vrystaat begeer nie, veral omdat hulle nie seker is van hoe lank daardie poste sal bly bestaan nie en ook omdat dit van hulle verwag sal word om te veel verskillende vakke te onderrig. Hierdie is wesenlike pro=bleme waaraan vroegtydige en dringende aandag gegee moet word en daarom kan skrywer hom nie daarmee vereenselwig dat die toekoms van die kleiner sekondêre skole van 'n natuurlike en normale sentralisasieproses moet afhang nie. Daarom is 'n sentralisasiebeleid in hierdie studie ingesluit.

Vervolgens word drie moontlike metodes van sen=tralisasie bespreek.

### 5.2.2 Moontlike metodes van sentralisasie van onderwys

Wanneer sentralisasie van skole bespreek word, moet dit eerstens in gedagte gehou word dat dit slegs op leerlinge in die senior sekondêre skoolfase betrekking het en tweedens dat die getalle wat in hoofstuk 3, tabel 13, verstrek

is, as basis gebruik is.

5.2.2.1 <u>Sentralisasie in agt streke in skole met meer as 600 senior sekondêre leerlinge</u>

By die bespreking van hierdie metode van sentralisasie moet dit in gedagte gehou word dat die Bloemfonteinse- en die omstedelike skole op die nederset=tings nie ter sprake is nie. Ofskoon die omstedelike skole deurgaans baie klein sekondêre skole is, vorm hulle intrinsiek deel van die stad en is, ooreenkomstig die titel van hierdie studie, buite die bestek daarvan.

Verder is 63 plattelandse sekondêre- en 7 junior sekondêre skole by die verdeling van die Vrystaat in agt streke ingesluit, terwyl Bloemfontein dan die negende streek sou uitmaak. Ook is alle tegniese-, handel-, land=bou- en huishoudskole buite rekening gelaat, aangesien hulle reeds vir eksterne differensiasie voorsiening maak.

Met hierdie verdeling is nie rekening met distriksgrense gehou nie sodat dit kan beteken dat daar 'n geringe wysiging in die gegewe getalle kan voorkom indien aanvaar word dat leerlinge na die naaste skool aan die ouerwoning gestuur sal moet word, want enige vorm van sentrali=sasie sal afhanklik wees van 'n stelsel van streeksonering. Met 'n verdeling van die Vrystaat in agt streke, sal hierdie

gesentraliseerde skole al die geriewe kan bied wat die grootste Bloemfonteinse skole kan voorsien.

Hierdie moontlike verdeling word ver= volgens tabellaries aangetoon.

Tabel 1

SENTRALISASIE IN SKOLE MET MEER AS 600 SENIOR SEKONDêRE LEERLINGE*

| Streek | Skole | Senior sekondêre leerlinge 1971 |
|---|---|---|
| 1 | Sasolburg | 288 |
| | Parys | 178 |
| | Vredefort | 56 |
| | Koppies | 68 |
| | Taaibos | 44 |
| Totaal | 5 | 634 |
| 2 | Vierfontein | 34 |
| | Viljoenskroon | 80 |
| | Bothaville | 129 |
| | Kroonstad Sekondêr | 364 |
| | Kroonstad Afrikaans Sekondêr | 250 |
| Totaal | 5 | 857 |
| 3 | Hoopstad | 32 |
| | Wesselsbron | 57 |
| | Odendaalsrus | 201 |
| | Hennenman | 118 |
| | Ventersburg | 38 |
| | Virginia | 292 |
| | Gimnasium | 263 |
| | Goudveld | 389 |
| Totaal | 8 | 1390 [29] |

* O.V.S. Onderwysdepartement. Kwartaalstate, 1971.

29) Streek 3 kan derhalwe in twee sentrale skole verdeel word. Net soos in die geval van Bloemfontein sal sentralisasie hier alleen die resultaat van 'n deeglike, plaaslike onder= soek kan wees.

Tabel 1 vervolg.

| Streek | Skole | Senior sekondêre leerlinge, 1971 |
|---|---|---|
| 4 | Hertzogville | 68 |
| | Boshof | 99 |
| | Bultfontein | 111 |
| | Dealesville | 26 |
| | Theunissen | 96 |
| | Winburg | 98 |
| | Brandfort | 100 |
| | Excelsior | 69 |
| Totaal | 8 | 667 30) |
| 5 | Petrusburg | 70 |
| | Jacobsdal | 61 |
| | Koffiefontein | 50 |
| | Fauresmith | 60 |
| | Jagersfontein | 43 |
| | Philippolis | 61 |
| | Bethulie | 41 |
| | Trompsburg | 51 |
| | Edenburg | 49 |
| | Reddersburg | 48 |
| | Dewetsdorp | 56 |
| | Wepener | 68 |
| | Smithfield | 54 |
| | Zastron | 57 |
| | Rouxville | 61 |
| Totaal | 15 | 830 31) |

30) Thaba Nchu beskik nie oor 'n senior sekondêre afdeling nie, maar word ook by streek vier gereken.
31) Dieselfde geld vir Luckhoff en Springfontein wat by streek 5 gereken word.

Tabel 1 vervolg.

| Streek | Skole | Senior sekondêre leerlinge, 1971 |
|---|---|---|
| 6 | Senekal | 169 |
| | Marquard | 65 |
| | Ficksburg | 137 |
| | Clocolan | 46 |
| | Ladybrand | 136 |
| | Hobhouse | 34 |
| | Fouriesburg | 31 |
| Totaal | 7 | 618 32) |
| 7 | Lindley | 84 |
| | Steynsrus | 53 |
| | Bethlehem | 403 |
| | Kestell | 40 |
| | Harrismith | 176 |
| Totaal | 5 | 756 |
| 8 | Edenville | 41 |
| | Petrus Steyn | 52 |
| | Reitz | 106 |
| | Warden | 65 |
| | Tweeling | 41 |
| | Vrede | 123 |
| | Cornelia | 39 |
| | Frankfort | 95 |
| | Heilbron | 142 |
| | Villiers | 33 |
| Totaal | 10 | 737 33) |

32) Paul Roux en Rosendal is by hierdie streek ingesluit ofskoon hier geen senior sekondêre leerlinge is nie.
33) Oranjeville en Memel is by streek 8 ingesluit ofskoon hier geen senior sekondêre leerlinge is nie.

By die bepaling van watter dorpe die setels van elke streek behoort te wees, sal verskillende faktore in oorweging geneem moet word, onder andere die afstande van die sentrale skool, be= skikbare koshuis- en ander fasiliteite en die bestaan al dan nie van skole soos tegniese-, huishoud-, landbou en handelskole. Daarom sal Kroonstad met 'n landbou-, 'n tegniese- en 'n handelskool die aange= wese setel vir streek 2 wees. In streek 3 sal Welkom met 'n handel- en 'n tegniese skool, asook 'n voorberoepskool as setel kan dien. In streek 4 is daar geen sodanige skole nie en sal die skool wat die sentraalste geleë is en die beste fasiliteite bied, oorweeg kan word. In streek 5 beskik Jacobsdal oor 'n klein landbouskool, maar lê op die uit= hoek van die streek. Trompsburg blyk min of meer die sentraalste, maar 'n interessante moontlikheid is om die sentrale skool by die Verwoerddam te plaas. Die dam en sy omgewing bied nie alleen groot moontlikhede om aktiwiteite by so 'n skool aan te bied wat nêrens anders in die Vrystaat aangebied kan word nie, maar kan moontlik ook sy voedingsgebied uitbrei na die Kaappro= vinsie. Dit sal meebring dat onderwys= grense in plaas van provinsiale grense ten bate van die onderwys die norm sal wees. In streek 6 is dit net Ficksburg wat oor 'n tegniese skool beskik en kan dus sterk oorweeg word as die setel vir dié streek. In streek 7 beskik net Bethlehem oor 'n handel- en 'n huishoud= skool en is dus die aangewese setel.

In streek 8 beskik nie een van die dorpe oor een van dié skole nie en sal die skool met die sentraalste posisie oorweeg moet word. Frankfort sal hier 'n sterk saak kan uitmaak. In streek 1 sal Parys en Sasolburg die sterkste aanspraakmakers wees.

Die voordele aan so 'n stelsel van sentralisasie is voor-die-handliggend. Die nege skole sal op gelyke voet met mekaar kan meeding op alle terreine en daarbenewens sal aan al die vereistes van kennisgewing R2029 ten opsigte van differensiasie voldoen kan word.

Sentralisasie op so 'n ingrypende skaal het ook sy verreikende implikasies. Afstande na die sentrale skool is in sommige gevalle baie groot en sal dit ten opsigte van vervoer vir baie ouers heelwat kos, terwyl treindienste, veral in streek 5, baie ontoereikend is. Daarom sal uitgebreide busdienste ingestel word wat op gesette tye gedurende die skoolkwartale die leer=linge van en na die sentrale skole vervoer, soos wat dit sommige oorsese lande gedoen word.[34] Dit sal ook aanvanklik 'n groot finansiële las op die Vrystaatse Administrasie lê deur die oprigting van groot skoolgeboue en -koshuise. Hierdie aangeleentheid moet egter in die regte perspektief beskou word. Tans word steeds nuwe skoolgeboue opgerig en in 'n toenemende aantal gevalle ook op dorpe waar skole

34) NBOMN. 'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onderwys, p.163.

binne afsienbare tyd hulle senior sekondêre leerlinge gaan verloor en daardie geboue onbenut gaan staan. Die meeste skoolkoshuise in die Vry=staat word tans deur die Administrasie oorgeneem, ten volle in stand gehou en onderhou. Dit beteken derhalwe dat die oprigting van geboue waar die toekomsverwagting van skole in die weegskaal is, met groot omsigtigheid beplan moet word.

Ter illustrasie hiervan is 10 skole gekies, 7 sekondêre- en 3 junior sekondêre skole, waar daar sekere bedrae begroot is vir die voorsiening van klaskamerruimte.

Tabel 2

VERGELYKING TUSSEN DIE LEERLINGTALLE VAN 1969 EN 1973 BY TIEN VRYSTAATSE SKOLE ASOOK BEDRAE GEDURENDE 1970 BEGROOT*

| Skool | Totale leerling=tal, 1969 | Sekondêre leerling=tal,1969. | Totale leerling=tal, 1973 | Sekondêre leerling=tal, 1973. | Bedrag begroot |
|---|---|---|---|---|---|
| Sekondêre skole | | | | | |
| 1 | 213 | 85 | 168 | 60 | R 66000 |
| 2 | 208 | 90 | 182 | 97 | R125000 |
| 3 | 350 | 133 | 318 | 110 | R365000 |
| 4 | 208 | 85 | 163 | 72 | R 88000 |
| 5 | 213 | 84 | 190 | 65 | R 87000 |
| 6 | 266 | 99 | 194 | 74 | R 57000 |
| 7 | 154 | 68 | 182 | 70 | R 57000 |
| Junior sekondêre skole | | | | | |
| 1 | 111 | 31 | 122 | 29 | R 54000 |
| 2 | 156 | 51 | 112 | 26 | R 55000 |
| 3 | 134 | 28 | 122 | 31 | R 81000 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Kwartaalstate van die betrokke jare en die Departementele verslag vir 1970.

Wanneer dié tabel, volgens die gegewens vir 1973, ontleed word, blyk die volgende wat die sekondêre skole betref:

Skool 1 voldoen nie meer aan sekondêre skoolstatus nie, aangesien 65 sekondêre leerlinge daarvoor benodig word. Skool 5 het slegs die vereiste aantal leer=linge, terwyl skole 4, 6 en 7 kwalik kan verwag om veel langer te bly voort=bestaan. Skool 3 se posisie ten opsigte van voortbestaan moet vir die huidige nog as goed beskou word en kan die uitgawe by daardie skool as geregverdig beskou word.

By skole 1,4,5,6 en 7 is saam R355000 begroot wat byna gelykstaande is aan die R365000 wat vir skool 3 met 318 leerlinge bewillig is vir die aanbou van 'n nuwe skool.

Die drie junior sekondêre skole wat tans (1973) nog onderwys tot st. 8 aanbied, het 'n gemiddelde sekondêre leerlingtal van 29 leerlinge. Wanneer st. 8 vanaf 1974 by hierdie skole ver=dwyn, sal hierdie syfer aansienlik laer word en sal hierdie skole 'n degradering tot primêre skole in die gesig staar. Om as junior sekondêre skole te bly voortbestaan, word 'n gemiddelde aantal junior sekondêre leerlinge van 25 vereis.[35] Dit kan dus verwag word dat hierdie drie skole ook hulle st.6- en 7-klasse sal verloor. By

35) Provinsie Oranje-Vrystaat. O.V.S. Onderwysordonnansie, nr. 16 van 1954, deel XII, p.39.

hierdie drie skole is R190000 bewillig vir die aanbou van, onder andere, klaskamers. By eventuele degradering sal dit beteken dat hierdie geboue gedeeltelik onbenut sal word. Hierdie aangeleentheid word in die slotparagraaf oor sentra=lisasie verder bespreek.

Bogenoemde metode van sentralisasie sal egter, ten spyte van die baie voordele daaraan verbonde, verreikende gevolge vir die platteland inhou. Die plattelandse skole is dikwels die kultuursentra van die omgewing en indien so baie skole binne bestek van 'n klompie jare verdwyn, sal dit 'n knou aan hierdie dorpe toedien wat ander sosio-ekonomiese neweprodukte te voorskyn sal laat kom, bv. 'n on=natuurlike bespoediging van die be=reiking van drumpelwaardes vir die voortbestaan van sake-ondernemings, gedwonge verhuising van mense wat nie meer 'n bestaan kan maak nie, ens.

Daar is egter 'n tweede metode van sentralisasie van onderwys wat nadere ondersoek vereis.

5.2.2.2 <u>Sentralisasie in dertien streke in skole met meer as 400 senior sekondêre leerlinge</u>

By die bespreking van hierdie moontlike metode van sentralisasie word die aantal senior sekondêre leerlinge per skool nie herhaal nie, aangesien dit in die

voorafgaande tabel volledig aangedui is. Slegs die groepering van skole en die totale aantal leerlinge per streek word genoem. Soos in paragraaf 5.2.2.1 is 70 skole betrokke waarvan 7 junior sekondêre skole is. Die aantal senior sekondêre leerlinge van hierdie ses skole is nie in aanmerking geneem nie, aangesien hierdie skole vanaf 1974 oor geen senior sekondêre leerlinge sal beskik nie.

'n Moontlike verdeling van die Vrystaat in 13 streke, Bloemfonteinse- en omstedelike skole as 'n aparte streek uitgesonderd, kan soos volg daar uit= sien:

Streek 1: Sasolburg, Taaibos, Oranje= ville, Villiers, Frankfort met 460 senior sekondêre leerlinge.

Streek 2: Parys, Vredefort, Vierfontein, Viljoenskroon en Koppies met 416 leerlinge.

Streek 3: Bothaville, Hoopstad, Wesselsbron en Odendaalsrus met 419 leerlinge.

Streek 4: Welkom met drie skole, nl. Gimnasium, Goudveld en Virginia met 944 leerlinge wat in twee skole met 472 leerlinge elk verdeel kan word.

Streek 5: Hertzogville, Boshof, Jacobsdal, Petrusburg, Koffiefontein, Luckhoff, Fauresmith en Jagersfontein met 451 leerlinge.

Streek 6: Dewetsdorp, Reddersburg, Edenburg, Wepener, Trompsburg, Philippolis, Springfontein, Bethulie, Smithfield, Zastron en Rouxville met 516 leerlinge.

Streek 7: Bultfontein, Dealesville, Theunissen, Winburg, Brandfort en Thaba Nchu met 431 leerlinge.

Streek 8: Marquard, Ficksburg, Clocolan, Excelsior, Ladybrand en Hobhouse met 487 leerlinge.

Streek 9: Hennenman, Ventersburg, Steynsrus en Senekal met 478 leerlinge.

Streek 10: Bethlehem, Kestell, Paul Roux, Rosendal en Fouriesburg met 474 leerlinge.

Streek 11: Cornelia, Vrede, Tweeling, Memel, Warden en Harrismith met 444 leerlinge.

Streek 12: Kroonstad met twee skole, nl. Kroonstad sekondêr en Afrikaans sekondêr met 614 leerlinge. Hierdie aantal leerlinge blyk buite verhouding met dié van die ander streke, maar sal daal indien sonering, in watter vorm ook al, toegepas word.

Streek 13: Heilbron, Edenville, Petrus Steyn, Lindley en Reitz met 425 leerlinge.

Hierdie metode van sentralisasie is nie alleen minder ingrypend as die voorgaande metode nie, maar hou ook die voordeel in

dat hier met meer hanteerbare eenhede gewerk kan word. Dit is reeds her=haaldelik in hierdie studie beklemtoon dat voorligting by gedifferensieerde onderwys 'n uiters belangrike rol speel en dit sluit by uitstek 'n intieme kennis van elke leerling in. Indien op bogenoemde wyse gesentraliseer word, sal dit vir die skoolhoof en personeel soveel makliker wees om elke leerling beter te ken.

Verdere voordele is die kleiner afstande vanaf die tuisskole na die sentrale skole. Dit sal derhalwe 'n kleiner gel=delike las op die ouers lê. Differen=siasie op die afsonderlike vlakke sal in hierdie skole moontlik wees, terwyl hulle op buitemuurse terreine met alle ander skole op gelyke voet sal kan mee=ding.

So 'n stelsel van sentralisasie is egter eweneens afhanklik van streeksonering. Indien dit nie gebeur nie, is die moontlikheid sterk dat ouers hulle kinders na die groter sentra sal stuur, soos dit tans gebeur en ook deur die Vrystaatse Provinsiale Raad voorsien word: "Indien daar sou besluit word dat op Dewetsdorp 'n akademiese skool is, dan sal Reddersburg of Thaba 'Nchu of Wepener ... van die argument uitgaan: dan stuur ek liefs my kinders na Bloem=fontein."[36]

Daar is egter 'n derde metode van sentra=lisasie.

36) O.V.S. Provinsiale Raad. Debatte en verrigtinge van die Provinsiale Raad, 1972, deel 2, p.637.

### 5.2.2.3 Sentralisasie in skole met minstens vier studierigtings

Indien dit as voorwaarde gestel word dat skole, ongeag hulle aantal leerlinge, vier studierigtings moet aanbied om as sekondêre skole te bly voortbestaan, sal sestien plattelandse sekondêre skole verdwyn.[37] Dit kan egter aanvaar word dat hierdie aantal heelwat hoër is, aangesien vasgestel is dat van die kleiner skole van onderwysers van primêre afdelings gebruik maak ten einde 'n groter vakkeuse en dus meer studierigtings aan te bied.

Dit sal op 'n mate van sentralisasie uitloop, maar dit sal steeds klein skole bly met die reeds genoemde nadele ten opsigte van differensiasie. Ook hierdie metode moet egter onderhewig wees aan streeksonering, want anders gaan dit die ontvolking van die platte= land, veral ten opsigte van leerling= talle, verhaas.

'n Aangeleentheid wat ten nouste met die voortbestaan van die heel kleiner sekon= dêre skole saamhang, is die finansiële aspek, hoewel toegegee word dat die "finansiële noodsaak nie tot beleid verhef moet word nie."[38] Daar moet egter daaroor besin word en die volgende tabel gee 'n aanduiding hiervan.

37) Gegewens herlei uit hoofstuk 3, tabel 13.
38) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., p.620.

Tabel 3

KOSTE PER LEERLING IN VIER VRYSTAATSE SEKONDêRE SKOLE*

| Skool | Aantal leer=linge | Aantal leer=linge per onderwyser | Bruto jaarlikse salaris van personeel | Koste per leerling |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 66 | 8 | R40620 | R615 |
| 2 | 94 | 11 | R36360 | R386 |
| 3 | 224 | 15 | R71400 | R318 |
| 4 | 530 | 18 | R134120 | R253 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Kwartaalstate, Desember 1971 en gegewens by skole ingewin, Maart 1973.

Die name van die skole word ter wille van anonimiteit nie genoem nie.

Hierdie tabel toon dat die onderwys aan die klein sekondêre skole veel duurder per kind as aan die groter skole is. So verskil die gemiddelde koste per leerling tussen skool A en skool D met R362. As dit in bereke=ning gebring word dat die koste per leerling kumulatief toeneem hoe kleiner die skool word en dit moet verder onthou word dat daar in 1971 ses skole in die Vrystaat was met 75 en minder sekondêre leerlinge.[39] Dit spreek vanself dat onderwys in hierdie skole geweldig duur is.

Vir 1972 is 'n buitengewone besuiniging

39) O.V.S. Onderwysdepartement. Kwartaalstate, 1971.

van R1 miljoen vir die Vrystaatse onderwys aangekondig.[40] Hierdie besuiniging was veral gemik op hulp= middels, terreinverfraaiing, meuble= ment, toerusting, handboeke en skryf= behoeftes. Dit het hulpmiddels soos oorhoofse projektors, bandopnemers, transparantmakers, dagligprojektors en strokiesprojektors ingesluit.[41] Dit kom dus voor asof die behoud van die heel klein sekondêre skole teen 'n gemiddelde koste van 2,4 keer meer as by 'n skool van 530 leerlinge en 1,9 keer meer as by 'n skool van 224 leerlinge, ten koste van noodsaaklike geriewe by die groter skole geskied.

In die lig van die voorgaande is dit duidelik dat sentralisasie nie ligtelik afgemaak kan word nie.

5.2.2.4 <u>Slotsom en aanbevelings insake sentrali= sasie</u>

In teenstelling met 'n uitspraak in die Vrystaatse Provinsiale Raad, nl. "die Vrystaat het dwarsdeur sy bestaan desentralisasie in ons onderwys as beleid aanvaar",[42] is in hierdie paragraaf aangetoon dat sentralisasie van onderwys 'n gedagte is wat nie vreemd aan die Vrystaatse onderwys was nie en dat dit ook in die afgelope jare

40) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., p.19.
41) Ibid.
42) Ibid., p.629.

telkens weer na vore gekom het.
Dit moet egter aanvaar word dat 'n stelsel van gedesentraliseerde onderwys in die huidige tydsgewrig die gangbare in die Vrystaat is, veral omdat daar by sentralisasie belangrike opvoedkundige beginsels op die spel kom "soos die behoud van die kleiner sekondêre skool as die lig en kultuurbaken van die plattelandse gemeenskap."[43)]

Die besondere waarde wat 'n sekondêre skool vir sy omgewing het, word nie ontken nie. Die problematiek in hier=die aangeleentheid lê egter hierin opgesluit, nl. dat besluit sal moet word of 'n sekondêre skool primêr dáár is in belang van die gemeenskap en die behoud van 'n dorp se belange, en of die skool primêr daar is in belang van die opvoeding en onderwys van die kind. En by onderwys word hier veral gedifferensieerde onderwys bedoel in die gees en betekenis soos deur kennisgewing R2029 bedoel.

As 'n sekondêre skool nie vakvlakdiffe=rensiasie en die praktiese kursus in afsonderlike klasgroepe kan aanbied nie, vereis dit besinning of so 'n skool sy voortbestaan moet regverdig slegs om die betekenis wat hy vir sy gemeenskap inhou. Sentralisasie moet derhalwe ook

43) Fourie. Gekoördineerde kurrikulêre onderwysbeplanning op nasionale vlak vir die sekondêre skool. <u>Die Skoolblad</u>, deel 58, nr. 2, Februarie 1970, p.14.

in hierdie lig gesien word. Om vak=vlakdifferensiasie en die praktiese kursus binne dieselfde klasgroep aan te bied, sal vir die gemiddelde onder=wyser baie probleme oplewer.[44]

Sentralisasie van onderwys is egter nie 'n saak wat meteens aangepak en deurgevoer kan word nie. Daar sal deeglik besin en beplan moet word. Daarom moet volle instemming met Ungerer betuig word: "Dit lê ook op die weg van die agbare lede van die Raad om hulle kiesers se menings te help vorm ten opsigte van hierdie saak, want dit kom weer terug op die domnormale kind. Die ideale toestand, en ek dink, ek glo nie daar is vrees vir enige teëspraak in dié opsig nie, die ideale toestand is dat hierdie kind in 'n bekwaamheidsgroep van sy eie ge=plaas sal word in 'n klaskamer alleen met 'n onderwyser wat aan hom die leer=stof op 'n korrekte manier aanbied. Dit is die ideaal. Dit mag lank neem om daardie ideaal te bereik, maar ek wil weer sê dat dit lê in die weg van die agbare lede van hierdie Raad om die menings van hulle kiesers te help vorm ten gunste van gestadigde, of laat ons sê, verhaasde evolusionêre sentralisasie."[45]

Die oplossing van die probleme van die

44) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., p.620.
45) Ibid., p.621.

kleiner sekondêre skole ten opsigte van differensiasie, maar ook die probleme van die Administrasie ten opsigte van die onekonomiese benut= ting van mannekrag aan die kleiner sekondêre skole, asook die buitenge= woon hoë koste aan onderwys per leer= ling, moet inderdaad in 'n verhaasde, evolusionêre sentralisasiebeleid ge= soek word. Dit moet egter duidelik omlyn word om sodoende aan te pas by die uitspraak van die L.U.K. belas met onderwys; "Daar kan geen dwang uitgeoefen word om skole te sentrali= seer nie. Dit sal 'n normale, natuur= like proses moet wees."[46] In hierdie opsig moet egter vermeld word dat sen= tralisasie nie in die Vrystaat geheel en al taboe is nie, maar dat dit 'n vrywillige saak is, aldus die L.U.K. belas met onderwys: "Ten slotte wil ek die mening uitspreek dat dit agbare lede volkome vrystaan om in hulle kiesafdelings, in hulle omgewing, binne 'n sekere streek, volle inisiatief te neem indien hulle dit wenslik ag dat daar gesentraliseer moet word."[47] Dit is egter nog nie 'n duidelik omlynde beleid nie en kan daar juis as gevolg van die gebrek daaraan hewige weerstand ondervind word indien 'n dergelike poging aangewend sou word.

---

46) Ibid., p.632.
47) Ibid., p.634.

Gedurende die Mei-sitting van die Vrystaatse Provinsiale Raad is die behoud van die klein sekondêre skole opnuut bepleit en wel so dat die huidige minimum van 65 leerlinge tot 50 verminder moet word.[48] Uit die voorgaande is dit egter duidelik dat dit die probleme van dié skole sal vergroot en die onderwys nog meer buite verhouding duur sal maak.

Drastiese sentralisasie word nie in hierdie studie bepleit nie, maar wel tydige besinning op die hoogste vlak. Die Vrystaat sal in sinvolle streke verdeel moet word sodat leerlinge vir wie daar nie meer 'n heenkome in die tuisskole is nie, na 'n ander skool binne dieselfde streek kan gaan. Dit beteken dus dat 'n stelsel van streeksonering ingestel sal moet word. Dit word in 'n volgende paragraaf bespreek. So 'n stelsel sal daartoe meewerk dat die ontvolking van die platteland teen=gewerk sal word en dat die plattelandse sekondêre skole langer behou sal word.

## 5.3 'n Soneringsbeleid vir die Vrystaat

In die voorgaande paragraaf is telkens na sonering verwys en is dit by implikasie veronderstel dat dit ten nouste met sentralisasie saamhang. Ook die behoud van die plattelandse sekondêre skole is met 'n sone=ringsbeleid gemoeid, aangesien dit enige onnodige dreinering van die plattelandse leerlinge tot 'n

48) Ibid., p.112.

groot mate sal verhinder. Hierdie aangeleenthede word in dié paragraaf bespreek. Dit moet egter verstaan word dat dit nie hier gaan om sonering binne stedelike- of dorpsgebiede waar meer as een sekondêre skool bestaan nie, maar wel om streeksgroepering op die platteland met die uitsluitlike doel om die platte= landse sekondêre skole so lank moontlik staande te hou.

Die amptelike beleid ten opsigte van sonering in die Vrystaat is soos volg deur die L.U.K. belas met onder= wys gestel: "Ons het reeds vroeër in die Raad daaroor (sonering) baie gedagtes gewissel en ek sou volstaan met die opmerking dat so-iets nog nie oorweeg was in die Vrystaat nie. Ek glo nie dit sal ooit van toe= passing gemaak word in ons demokratiese Vrystaat nie, waar die ouer vrye keuse het om sy kind te stuur waarheen hy wil."[49)]

Algehele vereenselwiging met hierdie standpunt as sou 'n soneringsbeleid in stryd met die demokrasie wees, is nie moontlik nie. Die demokratiese owerheid mag nie toelaat dat ongesonde tendense in die naam van die demokrasie bestendig raak nie. Dit is in hoofstuk 3, paragraaf 3.2.2., aangetoon dat daar in 1971 altesaam 352 Vrystaatse leerlinge in Bloemfontein op skool was in plaas van in hulle tuisskole. Indien daar gepleit word dat die plattelandse skole nie mag dood bloei nie,[50)] moet ook in gedagte gehou word dat "a child cannot develop normally without family life."[51)]
Dit bly die plig van die staat, wat die gesag daartoe het, om waar dit in die belang van die kind en die toekoms van die nasie nodig geag word, gesonde, be= proefde en algemeen aanvaarde opvoedkundige grond= beginsels algemeen van toepassing in die skole te maak.[52)]

49) Ibid., 1972, deel 2, p.460.
50) Ibid., p.621.
51) Brunner. Christianity and civilization, II, p.33.
52) Gunter. Opvoedingsfilosofieë p.442.

Dit is beslis in belang van die Vrystaatse onder= wys dat daar weer oor sonering besin sal word, want die moontlikheid bestaan onteenseglik dat differen= siasie die vloei van die plattelandse sekondêre leerlinge sal verhaas.[53] Hieroor kan daar nie ernstig verskil word nie.

Daar is ook 'n verdere aspek hieraan verbonde. In die huidige tydsgewrig met sy kenmerkende ontduiking van ouerverantwoordelikheid en gevolglike jeugver= wildering, is dit juis die plig van die owerheid om 'n wakende oog oor die huislike opvoeding te hou en dit kan, in die meeste gevalle, op sy beste binne die ouerhuis gedoen word. Die moontlikheid bestaan dat leerlinge gerieflikheidshalwe na kosskole ge= stuur word ten einde die ouer van die nodige beheer en direkte bemoeienis ontslae te maak. Alleen wanneer die ware, wetenskaplik gekontroleerde redes bekend is waarom daar vanuit die Vrystaatse platte= land 352 leerlinge in 1971 in Bloemfontein op skool was, en alleen as 'n beduidende meerderheid om geldige redes hulle tuisskole verlaat het, kan beweer word dat daar in die Vrystaat geen behoefte aan 'n sonerings= beleid is nie.

Ook die stelling "dat groot skole sekere besondere meriete sal hê, dat hulle besliste voordele sal geniet bo die klein skool as gevolg van die feit dat hulle 'n baie breër vakkeuse sal kan aanbied,"[54] verdien nadere aandag. In hoofstuk 3, paragraaf 3.2.4., tabel 11, is aangetoon dat in ses suiwer sekondêre plattelandse skole gemiddeld 13 eksamen= vakke op matriekvlak aangebied word, waarvan een skool 15- en 'n ander 14 vakke aangebied het.

53) Anon. Differensiasie in die onderwys. Die Volksblad, p.14, 17 Augustus 1972.
54) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., pp. 631 - 632.

Wanneer hierdie gegewens met die 12 grootste Vrystaatse sekondêre skole vergelyk word, dan blyk dit dat hierdie skole gemiddeld 15,5 vakke aanbied.[55] Wanneer dit verder in berekening gebring word dat 2 van hierdie 12 skole elk 18 vakke en 3 skole elk 17 vakke aanbied, beteken dit dat die oorblywende 7 skole se matriekvak=aanbieding geensins van die kleiner plattelandse sekondêre skole verskil nie; trouens, die gemiddel=de van hierdie 7 skole is 13,7 eksamenvakke.[56]

Nogtans word 'n onbuigsame soneringsbeleid nie bepleit nie. Sekere uitsonderings sal gemaak moet word, onder andere vakkeuses wat nie aan die tuisskool aangebied word nie. So was daar in 1970 slegs 23 skole uit 'n totaal van 87 wat Latyn en slegs 2 skole uit dieselfde totaal wat Suid-Sotho as vak aangebied het.[57] Dit spreek vanself dat sonering nie die betrokke leerlinge daarvan kan weerhou om daardie vakke te neem wat hulle nodig het met die oog op 'n toekomstige beroep nie.

Daar sal ook om opvoedkundige redes ruimte gelaat moet word dat leerlinge nie deur sonering aan bande gelê word nie. Hier word, onder meer, gedink aan leerlinge wat weens huislike- of persoonlike omstandighede deskundig aangeraai mag word om na ander skole te gaan, maar dan moet dit sodanig gemotiveer wees. Die idee dat die kind of die ouer na willekeur kan besluit om van skool te ver=wissel, kan in stryd wees met die Christelik-Nasio=nale karakter van die onderwys, want "so strong is the humanist, individualistic tradition that the starting point is almost always the individual child..."[58]

55) O.V.S. Onderwysdepartement. Eksamenstatistiek vir die skooleindeksamen, 1970.
56) Ibid.
57) Ibid.
58) Oldham. Real life is meeting, p.31.

Demokrasie veronderstel immers nie onbeperkte vryheid nie, maar wel vryheid met verantwoorde= likheid, ook wat 'n skoolkeuse betref.

In die Vrystaat kan sonering beplan word om 'n moontlik ongegronde en ongemotiveerde dreinering van die plattelandse leerlinge na die groter sentra en ook om 'n moontlike afrokkeling van die intelligentste of talentvolste leerlinge van ander skole te keer, en "daar dien onverwyld 'n einde te kom aan die toestand waar kinders vir sekere skole gewerf moet word ten einde skole in stand te hou, in plaas van die kind te dien."[59] So 'n stelsel van streeksonering sal alleen die re= sultaat van 'n deeglike ondersoekprogram op 'n streeks= basis kan wees. Daar sal allereers vasgestel moet word watter vakke en vakkeuses alle skole in 'n bepaalde streek kan aanbied. Deur onderlinge raadpleging en in oorleg met die Onderwysdeparte= ment kan sinvolle wysigings aangebring word sodat 'n groep skole binne 'n bepaalde streek vir verskil= lende vakgroeperings voorsiening maak. Dit sal beteken dat leerlinge van skool kan verwissel sonder om noodwendig na die groter sentra te gaan. Op hierdie wyse kan die kleiner sekondêre skole langer behoue bly, veral as dit gesien word in die lig dat daar in 1971 reeds 9 skole was wat òf reeds sekondêre skoolstatus verloor het, òf binne 15 leerlinge van die voortbestaansgrens was.[60]

Vir skoolverwisseling behoort alleen bogenoemde redes, nl. vakkeuses wat nie binne die streek aange= bied word nie, opvoedkundige- en ander gegronde beweegredes, geld. Die nodige opvolgwerk en kontrole sal in elke geval gedoen moet word.

---

59) Die Hollands-Afrikaanse Kerke van Suid-Afrika, Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys, p.25.
60) Vgl. hoofstuk 3, paragraaf 3.2., tabel 2(6).

Al sou 'n soneringsbeleid nie die probleme van die kleiner sekondêre skole en die ontvolking van die platteland permanent oplos nie, en veral laasgenoemde skyn 'n onstuitbare proses te wees, kan sonering op=voedkundig verantwoord word, indien oordeelkundig aangewend. In die inleidende paragraaf van hierdie hoofstuk is reeds verwys na onverdedigbare praktyke wat ontstaan het en dit direk as gevolg van 'n gebrek aan sonering. 'n Sprekende bewys hiervan is die plattelandse gemeenskap vir wie dit drieduisend Rand per jaar vir leerlinge uit naburige gebiede kos om die eie skool te handhaaf.[61)]

Streeksentralisasie en streeksonering is dus wesenlik verbonde, maar doeltreffende differensiasie hang nie net met die voorgaande saam nie. Daarom word ook die tydsfaktor vervolgens bespreek.

## 5.4 Differensiasie en die tydsfaktor

Een van die grootste probleme waarmee daar in die sekondêre skole geworstel word, is die hoeveelheid kennis wat leerlinge, te midde van toenemende, steurende en ontwrigtende faktore, binne 'n gegewe tyd moet assimileer.[62)] Terwyl daar in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys 'n besondere premie op insig in die leerstof geplaas word, is dit nodig om die tydsfaktor te ondersoek en wel met betrekking tot die lengte van die skooldag, die skooljaar en 'n drietermyn-skooljaar.

### 5.4.1 Die moontlike verlenging van die skooldag

Weens die uitbreiding van kurrikula en silla=busse gedurende die onlangse verlede en ook

61) O.V.S. Provinsiale Raad, op.cit., p.621.
62) NBOMN. 'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onderwys, p.223.

weens die eise van verdieping en insig in die leerstof, ondervind die meeste onderwysers probleme om volle reg aan die leerstof te skenk, veral in die senior klasse. Daarom het sommige skole reeds daartoe oorge=gaan om op sommige dae van die week 'n byko=mende onderrigtyd vir die st.10-klasse daar te stel. Waar leerlinge egter van bus- en treinvervoer gebruik maak, is so 'n stelsel nie prakties uitvoerbaar nie.

Die lengte van die skooldag vir sekondêre skole in die Vrystaat in op 'n minimum van 5½ uur vasgestel.[63] Die meeste skole maak gebruik van 'n skoolweek van 40- of 45 periodes, dit wil sê 8 periodes van 40 minute per dag of 9 periodes van 35 minute per dag. 'n Pouse van nie meer as 25 minute per dag nie skyn die algemene gebruik te wees. Dit bring die skooldag op 5 uur 45 minute in eersgenoemde geval en 5 uur 40 minute in laasgenoemde geval te staan. Die ordonnansie bepaal verder dat die skooldag met gebed, sang en die voorlees van 'n gedeelte uit die Bybel moet begin.[64] Baie skole staan hiervoor 'n spesiale tyd van ongeveer 10 tot 15 minute af wat dus by die lengte van die skooldag gevoeg moet word. Indien 10 minute hieraan bestee word, is die totale lengte van die skooldag dus 5 uur 55 minute en 5 uur 50 minute onderskeidelik.

Die skooldag neem normaalweg op die platteland om 7.30vm. 'n aanvang en duur tot ongeveer 1.20nm. 'n Verlenging van die skooldag moet hiermee deeglik rekening hou. Dit word later in hierdie paragraaf bespreek.

---

63) Provinsie Oranje-Vrystaat. Onderwysordonnansie, nr. 16 van 1954, p.35.
64) Ibid., art. 48(1), p.43.

Die verlenging van die skooldag het sekere implikasies wat hier kortliks aangedui sal word. Indien die verlenging met die doel plaasvind dat kinders onder toesig van vak=onderwysers sekere gedeeltes van hulle huis=werk moet doen, kan dit nie ontken word dat dit sekere voordele het nie.[65] Dit sal die voordeel inhou dat die aantal ure wat die kind saans moet studeer verminder sal word met dié voordeel dat ouers en kinders meer tyd vir gesamentlike verkeer sal hê. Indien die doel egter die daarstelling van bykomende periodes is, beteken dit juis die teenoorge=stelde, want dan beteken dit dat die leerlinge se buitemuurse- en studieprogram later in die dag verskuif word sodat dit bevordelik kan wees vir 'n "naweek-, vakansie- en maaltyd=ouers-en-kind-situasie."[66]

Die RGN bevind ook, op grond van navorsing wat in Amerika uitgevoer is, dat leerlinge veel langer kan konsentreer as wat algemeen aanvaar word,[67] sodat die bewering wat soms gehoor word dat 'n skooldag van byna ses uur die mak=simum is wat leerlinge volle aandag kan gee, nie stand hou nie.

'n Aangeleentheid wat ten nouste met die ver=lenging van die skooldag saamval, is die be=nutting van die huidige skooldag. Dit is by alle onderwysers bekend dat talle onderbrekings, hoe noodsaaklik soms ookal, baie onderrigtyd laat verlore gaan. 'n Uitvoerige bespreking

65) RGN. Die wenslikheid en/of noodsaaklikheid van 'n langer skooldag vir elke skooltipe en die leerlinge se program dienooreenkomstig, p.11.
66) Ibid., p.12.
67) Ibid., p.29.

van sulke onderbrekings word nie nodig geag nie, maar hier kan kortliks op die volgende gewys word: Noodsaaklike afkondigings oor sake wat in die loop van die skooldag opduik, besoeke van persone in belang van onderwys waardeur die pouse verleng word, inspeksies deur vakinspekteurs wat soms langer as 'n periode duur en soms onvermydelik nie in die vasgestelde periode wat daarvoor op die roos= ter aangedui word, kan plaasvind nie, nood= saaklike telefoonoproepe insake buitemuurse aktiwiteite, ens. Hierdie lys kan baie uitgebrei word. By die klein sekondêre skole is skoolhoofde in die oorgrote meerderheid gevalle ook vakonderwysers en dit is veral hulle wat deur bogenoemde onvermydelik in die uitvoering van hulle vakonderwys gestrem word.

As die skooldag verleng moet word om bogenoemde tydsverlies die hoof te bied, kan dit nie reg= verdig word nie.[68] Dan moet ander moontlike oplossings ondersoek word.

'n Laaste aspek van die verlenging van die skooldag wat aandag moet geniet, is van 'n praktiese- en organisatoriese aard. Vooraf in hierdie para= graaf is reeds aangedui dat die skooldag teen ongeveer 1.20nm. eindig. Indien die skooldag met een periode verleng word, beteken dit dat die skooldag ongeveer 2nm. eindig. Vir skole met koshuise, en dit is by feitlik alle platte= landse sekondêre skole die geval, gaan dit organisatoriese probleme skep om met die middag= ete, studie-ure en die skole se buitemuurse programme tred te hou.

68) Ibid., p.30.

Die verlenging van die skooldag bied derhalwe nie die oplossing om meer onderrigtyd daar te stel nie en sal ander moontlikhede ondersoek moet word.

5.4.2 Die verlenging van die skooljaar

Die verlenging van die skooljaar is die tweede alternatief om meer tyd tot beskikking van veral die senior sekondêre leerlinge te stel om sillabusse deeglik deur te werk. Die lengte van die Suid-Afrikaanse skooljaar is ongeveer 200 dae en dit stem ooreen met die minimum aantal dae van die meeste ontwikkelde oorsese lande.[69] Wanneer die feitelike situasie in oorsese lande nagegaan word, blyk dit dat sommige lande 'n skooljaar van tot 240 dae het en dan vergelyk die posisie in Suid-Afrika minder gunstig.[70] Die lengte van die skooljaar in die Vrystaat is ongeveer 200 dae, maar dit moet ondersoek word hoeveel tyd aan werklike onderrig bestee word.

Tabel 4

ONTLEDING VAN DIE VRYSTAATSE SKOOLJAAR VIR ST.10-LEER=LINGE, 1972*

| A. Lengte van skooljaar | Skooldae |
|---|---|
| 1ste kwartaal: 19 Januarie - 28 Maart | 50 |
| 2de kwartaal : 12 April - 30 Junie | 56 |
| 3de kwartaal : 25 Julie - 21 September | 42 |
| 4de kwartaal : 3 Oktober - 13 Desember[71] | 51 |
| Totale aantal skooldae : | 199 |
| B. Aantal dae nie vir nuwe onderrig gebruik nie. | |

69) RGN., op.cit., p.21.
70) Ibid., p.18.
71) 13 Desember was die sluitingsdatum vir leerlinge.

Tabel 4 vervolg.

| Lengte van skooljaar | | Skooldae |
|---|---|---|
| Eksamens : 1ste tot 3de kwartaal | : | 33 |
| 4de kwartaal | : | 31 |
| Voltydse studie ("bloktyd") | : | 5 |
| Spesiale vakansiedae vir sport, ens. | : | 2 |
| Totaal | : | 71 |
| C. Dae oor vir onderrig | | 128 |
| D. Gemiddelde lengte van kwartale volgens C: | | 32 |
| E. Gemiddelde lengte van kwartale volgens A: | | 49,7 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Skoolkalender vir 1972.

Voordat hierdie tabel ontleed word, is drie verhelderende opmerkings eers ter sake, nl. eerstens dat die aantal eksamendae vir die eerste drie kwartale daarop gebaseer is dat die st. 10-leerlinge 11 vraestelle moes afhandel. (Dit is min of meer die normale vir die plattelandse sekondêre skole.) Tweedens dat daar aan die einde van die eerste drie kwartale eksamen geskryf is, en derdens dat die buitengewoon baie skooldae wat in die vierde kwartaal vir eksamen gebruik is, daaraan toegeskryf moet word dat die Vrystaatse skooleindeksamen aan die einde van 1972 op 1 November begin het.

Wanneer dié tabel ontleed word, blyk die volgende:

1. Van die totale aantal skooldae is 35,6% nie aan nuwe onderrig gewy nie.

2. Die oorspronklike gemiddelde lengte van die kwartale het van 49,7- tot 32 dae gekrimp. Daarby moet onthou word dat die

vierde kwartaal slegs uit 15 skooldae bestaan het.

3. By die opstelling van die tabel is die tye wat aan hersiening gewy word en tye wat nie benut kon word nie as gevolg van onderbrekings van die onderrigtyd, nie in berekening gebring nie. Die hoeveel= heid onderrigtyd wat hierdeur verlore geraak het kan egter nie bepaal word nie, maar dit kan aanvaar word dat die werklike aantal dae wat aan nuwe onderrig bestee word, nog minder as die gemiddelde aantal van 32 dae was. Hoewel skole geregtig is om nie aan die einde van die eerste kwartaal eksamen te skryf nie, verkies baie skole dit so, veral ten opsigte van die st.10-klasse. Indien hierdie eksamen wel weggelaat word, sal dit 'n onderrigtyd van 11 dae voeg by die 128 wat in die tabel aangedui is.

Dit blyk dus dat die skooljaar inderwaarheid baie kort is, veral vir die st.10-klas en dat dit wenslik is om dit te verleng. Indien die skooljaar verleng kan word, kan verwag word dat leerlinge skolasties daarby sal baat. Verlenging van die skooljaar kan egter alleen geskied met 'n vermindering in die aantal skoolvakansiedae. Gedurende 1972 was die aantal skoolvakansiedae vir die vier kwartale soos volg: Januarie : 18 dae; Maart - April : 14 dae; Julie : 24 dae; September - Oktober : 11 dae; Desember : 16 dae - 'n totaal van 83 dae. Die aantal dae gedurende Desember en Januarie, wat uiteraard saamhoort, maak saam die langste vakansie uit, nl. 34 dae. Indien die

skooljaar dus verleng word, moet dit ten koste van vakansiedae geskied en dit is duidelik dat 'n sinvolle verlenging van die skooljaar nie moontlik is nie, want dit is kwalik moontlik om 'n beduidende aantal vakansiedae in skooldae te omskep.

'n Verlenging van die skooljaar is derhalwe ook nie 'n oplossing om meer onderrigtyd te verkry nie.

### 5.4.3 <u>'n Drietermyn-skooljaar</u>

Die derde alternatief ten einde meer onderrigtyd te verseker, is 'n moontlike drietermyn-skooljaar.

Wanneer 'n skoolkalender vir die Republiek van Suid-Afrika beplan word, is daar velerlei faktore wat in aanmerking geneem moet word. Indien klimaatsomstandighede as primêre oorwe= ging geneem word, sal daar hier te lande talle verskillende skoolkalenders moet wees vanweë die drasties verskillende klimaatsomstandighede. By die opstelling, egter, van 'n nasionale skoolkalender moet daar onderskei word tussen die belangrike en die minder belangrike en dit is eersgenoemde waarop die breë beginsels gefundeer moet word.[72)]

Die primêre doel van 'n skoolkalender is om aan leerlinge en onderwysers geleenthede vir die doeltreffendste onderwys te bied. So 'n kalender moet vir die maksimum skolastiese vordering van leerlinge deur middel van die gunstigste tydperke, tye van onderrig, studie en eksamens voorsiening maak.[73)]

---

72) Komitee van Onderwyshoofde. Doeltreffender skoolkalender vir die Republiek van Suid-Afrika, p.l.
73) Ibid.

As sekondêre funksie van 'n skoolkalender geld, onder meer, die maksimum ekonomie ten opsigte van administratiewe werk vir skole en die Departement sodat die maksimum doeltreffendheid in die onderwys daargestel kan word.

Wanneer die moontlikheid van 'n drietermyn= skooljaar ondersoek word, dan blyk dit dat so 'n skooljaar bepaalde voordele inhou. Hierdie voordele kan kortliks soos volg aangedui word:

1. Dit is makliker om die vereiste minimum aantal skooldae in 'n drie- as in 'n vier= termyn-skooljaar in te pas.[74] Die termyne sal ook makliker ewe lank gemaak word, vgl. tabel 4 waar aangetoon is dat die derde kwartaal in 1972 slegs 42 skooldae was. Indien die 11 eksamendae daarvan afgetrek word, het slegs 31 skooldae oorgebly.

2. As gevolg van die feit dat een vakansie en een eksamen verdwyn, sal daar minder onderbrekings wees wat bevorderlik vir beter skoolprestasies behoort te wees.[75]

3. Die wisseling van onderwysers tussen skole sal verminder word, hoewel die drietermyn= skooljaar nie die Vrystaat in hierdie opsig veel sal raak nie, aangesien assistent-onderwysers slegs aan die einde van die jaar van skool kan verwissel en, in die geval van promosieposte, twee keer. Die wisseling van onderwysers van een provinsie na 'n ander sal egter verminder word.[76]

---

74) Ibid., p.2.
75) Ibid.
76) Ibid.

4. Die afwesigheid van leerlinge aan die begin en aan die einde van termyne sal waar=skynlik verminder.[77]

5. In die skole waar vier eksamens per jaar afgelê word, sal die tyd wat daaraan bestee word met 25% verminder word. Dit sal gevolglik meer tyd vir onderrig moontlik maak.[78]

6. Een van die belangrikste voordele van 'n drietermyn-skooljaar is die vermindering van administratiewe werk vir skole en die Onderwysdepartement. Kwartaallikse statistieke, skoolrapporte, buseise, losiesbeurseise, opsomming van skoolbe=soekregisters, eksamenpuntestate, eksamennasienwerk, opgawe van tikmasjiene, musiekleerlinge en musiekgelde, registrasie en heffingsgelde vir Bantoedienste, ens. sal ook met 25% verminder.

7. 'n Drietermyn-skooljaar sal ook minder ver=voerprobleme en vervoerkoste vir alle instansies teweegbring.[79]

8. 'n Langer en ononderbroke tweede termyn sal ook meebring dat sport daarby sal baat. Skole kan dan hulle wintersportprogram afhandel sonder die huidige, stremmende onderbreking van die Julievakansie. Die huidige eerste kwartaal, wat by die platte=landse skole hoofsaaklik aan atletiek gewy word, kan ook met veel vrug en in belang van hierdie sportsoort met 'n langer termyn

77) Ibid.
78) Ibid.
79) Ibid.

vervang word.

Die drietermyn-skooljaar hou egter ook sekere nadele in:

1. Dit sal die huidige vakansiepatroon verander.

2. 'n Groot deel van die winter, en daarby die koudste deel, sal dan binne 'n skooltermyn val.

3. Die oorskakeling na 'n drietermyn-skool=jaar sal heelwat administratiewe aan=passings noodsaak waarvan die volgende slegs enkeles is, nl. verlof- en be=dankingsvoorwaardes van onderwysers en die gradering en personeelvoorsiening van skole.[80] Laasgenoemde word in die Vrystaat aan die einde van die tweede kwartaal gedoen en is gebaseer op die gemiddelde leerlingtal van skole gedu=rende die eerste twee kwartale. Voorts sal baie departementele vorms herdruk moet word.

4. Dit is nog nie wetenskaplik bepaal of die langer ononderbroke termyne van skoolwerk moontlike nadelige invloed op leerlinge en onderwysers se werk=lewering, prestasie en gesondheid sal uitoefen nie.

Uit die voorgaande skyn dit of die voordele die nadele oortref en kan 'n drie=termyn-skooljaar oorweeg word. Dit sal waarskynlik in belang van die onderwys

---

80) Ibid., p.3.

geskied. Die koue wintermaande sal in sekere dele van die land 'n wesenlike probleem oplewer, maar doeltreffende verhittingstelsels kan in 'n groot mate hierdie probleem die hoof bied. 'n Belangrike voorvereiste vir die oorska= keling na 'n drietermyn-skooljaar is dat al vier provinsies én Suidwes-Afrika hierdie verandering sal moet maak. Indien dit nie gebeur nie, kan onberekenbare skade aan leerlinge wat van provinsie verwissel, berokken word. Bingle se waarskuwing ten opsigte van differensiasie is ook hier van toepassing: "Die wyse van differensiasie is nie die veld waarop die provinsie .... sy oorspronklikheid kan openbaar nie."[81] Beplanning op nasionale vlak is hier noodsaaklik.

Heelwat aandag is tot hiertoe aan interne differensiasie gewy en dit is nou nodig om kortliks te let op fasiliteite vir eksterne differensiasie, dit wil sê in afsonderlike skole.

## 5.5 Die plasing van en aantal skole vir eksterne differensiasie

In 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys speel die fasiliteite vir eksterne differensiasie in afsonderlike skole 'n besondere rol. Daarom is dit noodsaaklik om op die plasing van en die aantal skole wat vir eksterne differensiasie in die Vrystaat voorsiening maak, te let.

81) Bingle. Differensiasie as een van die basiese probleme van ons onderwysstelsel. Die Skoolblad, deel LIII, nr.11, November 1965, p.20.

Tabel 5

DIE HUIDIGE PLASING VAN EN AANTAL SKOLE VIR EKSTERNE DIFFERENSIASIE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT, 1973*

| Soort skool | Plasing | Leerlingtal |
|---|---|---|
| A. Landbouskole | | |
| | Kroonstad | 276 |
| | Jacobsdal | 126 |
| | Tweespruit | 155 |
| Totaal | | 557 |
| B. Handelskole | | |
| | Bethlehem | 382 |
| | Bloemfontein | 244 |
| | Kroonstad | 225 |
| | Welkom | 296 |
| Totaal | | 1147 |
| C. Sekondêre tegniese skole | | |
| | Bloemfontein | 571 |
| | Ficksburg | 222 |
| | Kroonstad | 729 |
| | Welkom | 594 |
| Totaal | | 2116 |
| D. Huishoudskole | | |
| | Bethlehem | 213 |
| | Kroonstad | 113 |
| | Zastron | 82 |
| Totaal | | 408 |

*O.V.S. Onderwysdepartement. Lys van skole, 1973 en kwartaalstate, Maart 1973. By A en D word die getalle vir seuns en dogters ten opsigte van Kroonstad afsonderlik gegee ofskoon dit 'n gekombineerde landbou= en huishoudskool is.

Wat die aantal tegniese- en handelskole betref, blyk dit dat die voorsiening genoegsaam is. Die

skole is strategies in die provinsie geplaas en selfs die grootste tegniese skool, nl. Kroonstad, is nie uitermate groot nie. Die voorsiening is derhalwe genoegsaam, maar dit sal in die toekoms oorweeg moet word om op, bv. Sasolburg[82] 'n tegniese skool te plaas, veral as die Kroonstadse skool sy optimum begin oorskry.

Die landbouskool te Jacobsdal is onstrategies geplaas en die lae leerlingtal kan moontlik daar=aan toegeskryf word. Indien hierdie skool meer sentraal in die suidwestelike Vrystaat geleë was, sou sy Vrystaatse bedieningsgebied groter gewees het. Volgens die leerlingtalle van die drie landbouskole blyk 'n vierde landbouskool onnodig te wees, maar indien dit later nodig word, sal die Oos-Vrystaat die aangewese streek wees met Bethlehem as die sterkste aanspraakmaker. Vir die huidige kan skrywer hiervan hom egter nie vereenselwig met pleidooie vir 'n vierde landbou=skool nie.[83]

Die posisie van die huishoudskole verdien egter die aandag. Dit is slegs Bethlehem en Zastron wat oor volwaardige huishoudskole beskik, terwyl Kroonstad oor 'n landbou-huishoudskool beskik. Die leerlingtalle by eersgenoemde twee skole is laag, nl. saam 295. Hierdie skole mag slegs die huishoudkunde-studierigting aanbied,[84] terwyl 30 Vrystaatse skole volgens hul vakaan=bieding van 1971 in staat was om hierdie studie=rigting aan te bied.[85] Oor die voortbestaan

82) Sasolburg word hier genoem, aangesien dit in 'n veel=soortige nywerheidsgebied geleë is.
83) O.V.S. Provinsiale Raad. Debatte en verrigtinge van die Provinsiale Raad, 1973, Volume 2, p.108.
84) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins.84/72, insp. 33/72, p.8.
85) Id. kwartaalstate, Desember 1971.

van hierdie skole moet dus weer besin word. Die onderwys per leerling aan hierdie skole, veral in dié te Zastron met 82 leerlinge, is baie hoog en moet meer as R400 per jaar per kind beloop.[86)]

Oorweging kan daaraan geskenk word om die Zastronse huishoud- en die sekondêre skool te amalgameer. Indien eersgenoemde se 82 sekondêre leerlinge by die 118 leerlinge van laasgenoemde skool gevoeg word, beteken dit 'n aansienlike versterking van die posisie van die Zastronse sekondêre skool. 'n Sekondêre skool met 200 sekondêre leerlinge kan vanselfsprekend meer voordele aan sy leerlinge bied as 'n skool met slegs 118 sekondêre leerlinge. Dit sal ook 'n uitwerking op die aantal leerlinge in die senior sekondêre afdeling hê.

Dieselfde behoort ook ten opsigte van Bethlehem oorweeg te word. Indien die sekondêre- en die huishoudskool hier amalgameer, sal dit 'n totale leerlingtal van 1115 sekondêre leerlinge meebring. In so 'n geval kan besluit word om òf een groot komprehensiewe skool te stig, òf twee kleiner skole van gemiddeld 557 sekondêre leerlinge elk. Laasgenoemde blyk die aangewese metode te wees, aangesien dit nie alleen meer hanteerbare eenhede sal beteken nie, maar dat daar ook deur onderlinge oorlegpleging vir die maksimum aantal studierigtings voorsiening gemaak sal kan word.

Die gedagte om skole te amalgameer is nie vreemd aan die Vrystaatse onderwys nie, want die voorbeeld is reeds gestel deur die leerlinge van die eertydse Tweespruitse huishoudskool met die Kroonstadse

86) Vgl. tabel 3 van hierdie hoofstuk.

landbouskool te verenig. Om skole wat net een studierigting kan aanbied, in stand te hou, is vreemd binne 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en daarbenewens kan amalgamasie met akademiese skole slegs tot voordeel van dié skole wees.

Hoewel nie in die tabel opgeneem nie, verdien die voorberoepskole en skoolklinieke saaklike vermel= ding. Daar is tans vyf voorberoepskole met 'n gemiddelde leerlingtal van 247 leerlinge in die Vrystaat.[87] Voorts is daar vyf skoolklinieke wat die Vrystaat bedien, maar dit val vreemd op dat die hele gebied ten suide van Bloemfontein nòg deur 'n voorberoepskool, nòg deur 'n skoolkli= niek bedien word. Hierdie groot gebied is op Bloemfontein aangewys en daar moet ernstige aandag daaraan gegee word om 'n sesde skoolkliniek in hierdie streek te stig, bes moontlik te Trompsburg wat baie sentraal geleë is. In die betreklik kort bestaan van skoolklinieke in die Vrystaat is reeds waardevolle dienste gelewer en kan 'n uitbreiding daarvan nie genoeg beklemtoon en aanbeveel word nie.

## 5.6 Die st.5-leerling en differensiasie

Die bepaling dat st.5 die eerste jaar van die junior sekondêre skoolfase sal wees, maar fisies in die primêre skool of 'n primêre afdeling van 'n gekombineerde skool bly, word vervolgens nader beskou.[88]

Die beweegredes vir hierdie stap is nie heeltemal duidelik nie, maar die wenslikheid daarvan, kan ernstig betwyfel word: "Laat ons ons geen illu=

---

87) O.V.S. Onderwysdepartement. Lys van skole, 1973, p.4.
88) O.V.S. Onderwysdepartement. Omsendbrief prins. 84/72, insp. 33/72, handleiding vir die toepassing van die stelsel van gedifferensieerde onderwys in st. 5 en in st. 6 in die skole van die Oranje-Vrystaat vanaf Januarie 1973, p.2.

sies maak nie: is ons tevrede met die posisie van ons st.5-leerlinge wat fisies by 'n primêre skool gehuisves word, maar die eerste jaar van 'n sekondêre skoolkursus volg? Lei ons nie ons=self om die bos nie?"[89] Met hierdie siening wil skrywer hiervan hom ten volle vereenselwig, want opvoedkundige motivering vir hierdie besluit kan kwalik gevind word. Daar is wel finansiële oorwegings, nl. dat die oorplasing van die st.5=leerlinge na die sekondêre afdelings by afson=derlike primêre- en sekondêre skole baie geld aan geboue sal verg. Skrywer hiervan is egter daarvan oortuig dat hierdie aangeleentheid met veel vrug aan sekondêre skoolhoofde, skoolkommis=sies en wyksinspekteurs oorgelaat kan word sodat, waar moontlik, die st.5-leerlinge so gou doenlik na die sekondêre afdelings oorgeplaas moet word. In gevalle waar hierdie leerlinge nie meteens in die sekondêre afdelings van skole gehuisves kan word nie, behoort onverwyld daarvoor beplan te word.

Skrywer het persoonlik by 11 plattelandse suiwer sekondêre skole navraag gedoen om vas te stel tot welke mate die moontlikheid bestaan dat sommige skole in staat sou wees om die st. 5-leerlinge te huisves. Die volgende skole is by dié ondersoek betrek, nl. Parys, Bothaville, Hennenman, Winburg, Theunissen, Ficksburg, Ladybrand, Senekal, Vrede, Heilbron en Brandfort. Sewe van hierdie skoolhoofde het verklaar dat daar genoegsame klaskamerruimte vir die st.5-leerlinge by hulle skole bestaan, twee sou dié leerlinge kon huisves indien slegs een klaskamer opgerig word, terwyl twee dit nie

89) Voorsittersrede S.A.O.U. <u>Die Unie</u>, Jaargang 68, nr. 12, Junie 1972, p.517.

sou kon met die huidige klaskamerruimte nie. Indien sekondêre skole dus in staat is om die st.5-leerlinge te huisves, behoort hulle die reg daartoe te verkry.

Verder moet dit in gedagte gehou word dat die st. 5-leerlinge reeds met die junior sekondêre kursus begin en, onder andere, onderrig ontvang in Wiskunde en Algemene Wetenskap wat tradisioneel sekondêre skoolvakke is. Vir hierdie vakke word deeglike vakonderlegdheid vereis en veral ook kennis van die vereistes wat in die sekondêre skole ten opsigte van hierdie vakke gestel word. In die gekombineerde primêre- en sekondêre skole bestaan hierdie probleme in 'n mindere mate, aangesien die leerlinge nie na een jaar 'n onder= breking in hulle kursus deur skoolverandering maak nie. Waar die afdelings van skole egter afsonderlik is, sal daar aanpassingsprobleme wees, aangesien weinig primêre onderwysers kennis van sekondêre onderwys het, en aangesien hulle opleiding in die verlede nie altyd vir deeglike vakonderlegdheid voorsiening gemaak het nie.

Daar is ook 'n verdere aspek aan die oorplasing van die st. 5-leerlinge verbonde, nl. dat die korrekte plasing van leerlinge in die senior sekondêre skoolfase grootliks van goeie voorligting en kennis van elke leerling sal afhang. Dit volg dus vanself dat leerlinge wat drie jaar junior sekondêre onder= rig by hoofsaaklik dieselfde personeel ontvang het, 'n veel beter kans het op suksesvolle vak- en kursus= keuse as leerlinge wat dit slegs twee jaar lank onder toesig van vakspesialiste en 'n opgeleide voorligter ontvang het.

Toe die st. 6-leerlinge in 1955 na die sekondêre afdelings van skole oorgeplaas is, is weinig probleme ondervind en kon die destydse Direkteur van Onderwys verklaar dat "die oorplasing vlot verloop het."[90] Dit kan dus met goeie reg aanvaar word dat ook die oorplasing van die st. 5-leerlinge vlot kan verloop. Ten spyte van sekere implikasies, onder andere 'n daling in die leerlingtalle van primêre skole, vermindering van die aantal personeellede, ens., sal die oorplasing slegs in die beste belang van dié leerlinge wees.

## 5.7 Die inspeksiestelsel en doeltreffende differensiasie

Vakvlakdifferensiasie plaas 'n besondere premie op goeie vakkennis en die doeltreffende toepassing daarvan is ten nouste verbonde aan vakkundige leiding en toesig ten einde die hoogs moontlike sukses te verseker. Die doeltreffendheid van differensiasie hang dus in 'n groot mate af van die doeltreffendheid van die inspeksiestelsel.

In die verlede het inspekteurs van Onderwys in die Vrystaat egter by verskeie geleenthede bedenk=ings geopper oor die bestaande stelsel van in=speksie.[91] Hierdie bedenkings kan soos volg saamgevat word:

1) "Met die vernuwing in die onderwys en voor=siening van behoorlike gedifferensieerde onder=wys, is dit noodsaaklik dat Inspekteurs ruim geleentheid gebied word tot studie en ver=dieping en daar is nie geleentheid hiertoe nie.

90) O.V.S. Onderwysdepartement. Rapport, 1955, p.4.
91) O.V.S. Onderwysdepartement. Verslag van oorsese sending. Die onderrig van Wiskunde, navorsing, voorligting en evaluering van leerlinge en inspeksie. (1968), p.114.

2) "In aansluiting by die wêreldneiging en ook hier te lande in van die ander provinsies waar die vakman al belangriker word, is daar nie genoeg geleentheid vir individuele Inspekteurs om in die vak van hul keuse, belangstelling en bekwaamheid uit te styg nie. Nuwe sillabusinhoud en leerstofaanbie= ding vereis studie.

3) "Die beplanning van kursusse vir die oriënte= ring van diensdoende personeel is 'n taak wat uit die aard van die saak op die skouers van die Inspekteur rus. Hierdie organisasie vereis deeglike voorbereiding en beplanning en neem baie tyd in beslag as dit deeglik gedoen moet word en tans moet dit tussen al die ander verantwoordelikhede van die Inspekteur ingewerk word.[92]

4) "Die huidige gebruik van volledige inspeksies by elke skool minstens een keer elke twee jaar en die skryf van lang verslae oor elke indivi= duele onderwyser is tydrowend en die resultate strook nie met die tyd en energie wat hieraan bestee word nie. Die vraag word dikwels gestel: 'Waarom moet daar so gereeld by goeie skole en by goeie, bekwame onderwysers volledig inspeksie gedoen word? Sou dit nie baie groter dividende afwerp as meer tyd aan kontrole van die werk by die onproduktiewe skool en die swak onderwyser bestee word nie?'

5) "Daar word soveel roetinesake aan die Inspekteur

92) Ibid., p.115.

opgedra, soos byvoorbeeld busskemas, busroetes, ens. dat dit te veel van sy kosbare tyd in beslag neem en dit met take wat goedskiks deur 'n junior amptenaar gehanteer kon word.

6) "Die beplanning van die onderwys in ons provinsie word hoofsaaklik Departementeel onderneem met raadpleging van Inspekteurs waar nodig. Vaste vakkomitees en beplanningskomitees waarop Inspekteurs diens doen, bestaan nie eintlik in ons provinsie nie en Inspekteurs sou graag op sulke vaste komitees wou dien."[93)]

Ook van die kant van skoolhoofde bestaan daar bedenk= ings of die huidige inspeksiestelsel heeltemal aan sy doel beantwoord. In 1970 het die Inspektoraat uit 2 Hoofinspekteurs, 'n Hoofonderwysbeplanner, 14 wyks= inspekteurs en 23 vakinspekteurs bestaan.[94)] Wat eksamenvakke in die sekondêre skole betref, is daar vakinspekteurs vir Handelsvakke, Godsdiensonderrig, Biologie, Houtwerk en Naaldwerk. Die vraag kan met reg gestel word waarom daar twee Vakinspekteurs vir Biologie is, maar geen vir bv. Wiskunde, Skei- en Natuurkunde, Afrikaans, Engels, ens. nie. Laas= genoemde vakke se aanspraak op die dienste van Vakinspekteurs dra net soveel gewig as in die geval van die eersgenoemde vakke. Uit eie ondervinding weet skrywer hiervan dat hierdie anomaliese situasie baie probleme oplewer. Wanneer 'n skoolhoof die dienste van 'n Inspekteur nodig het vir voorligting aan 'n onderwyser, is die Vakinspekteur veel makliker bekombaar en word die probleme van die onderwyser veel gouer uitgestryk. Dit is ook vir die Vakin= spekteurs moontlik om makliker opvolgingswerk te doen, aangesien hulle tyd nie soveel soos die Wyks=

---

93) Ibid.
94) Id. Verslag, 1970, p.8.

inspekteurs deur ander sake in beslag geneem word nie. Wanneer die Wyksinspekteur egter nie 'n vakspesialis in daardie vak is waarin daar probleme bestaan nie, word die aangeleentheid aansienlik bemoeilik en beteken dit dat 'n ander Wyksinspekteur genader moet word om ondersoek te kom instel, leiding te gee en opvolgingswerk te doen. Laasge= noemde is vanweë die baie vol inspeksieprogramme gedurende die tweede en derde kwartale en eksamen= kontrole gedurende die vierde kwartaal, kwalik moontlik. Dit spreek dus vanself dat die gehalte van die onderwys daaronder ly.

Dit moet deeglik besef word dat hierdie leemte aan die huidige inspeksiestelsel gewyt moet word en dat dit alleen deur die aanstellings van vakinspekteurs vir alle eksamenvakke en deur 'n anders georganiseerde inspeksiestelsel opgelos kan word.

Hierdie aangeleenthede is deeglik ondersoek deur die oorsese sending, bestaande uit mnre. A. Weeber, L.U.K., J.M.B. Faure, Adjunk-direkteur van Onderwys, J. Wilkinson, Inspekteur van Onderwys en dr. A.C. Böhmer, Hoofonderwysbeplanner. Dit is nie nodig om die aanbevelings van hierdie sending tot in die fynste besonderhede te herhaal nie en word volstaan met die hoofmomente daarvan.[95]

In die voorgestelde inspeksiestelsel is eerstens voorsiening gemaak vir 'n hoofkantoor bestaande uit Hoofinspekteurs A en B en 'n Hoofonderwysbeplanner wat hoofsaaklik verantwoordelik moet wees vir die algemene kontrole van die onderwys in al sy fasette, asook die beplanning van die onderwys.

95) Id. Verslag van oorsese sending. Die onderrig van Wiskunde, navorsing, voorligting en evaluering van leerlinge en inspeksie (1968), pp. 116 - 117.

'n Verdere aanbeveling was dat die Vrystaat in drie inspeksiestreke verdeel moet word, nl. die Bloemfontein-streek met hoofkwartier te Bloem= fontein, die Kroonstad-streek met hoofkwartier te Kroonstad en die Bethlehem-streek met hoof= kwartier te Bethlehem.[96] Die ideaal is gestel dat elke streek, so ver prakties uitvoerbaar, selfversorgend moet wees sodat alle inspeksies in 'n bepaalde streek hoofsaaklik deur die Inspek= teurs en Vakinspekteurs wat aan elke streek toege= sê moet word, behartig kan word. Aan die hoof van elke streek moet daar 'n Streekinspekteur wees.

Elkeen van die drie streke sal dan oor die dienste van 'n Streekinspekteur, drie Wyksinspekteurs (vier in die geval van die Bloemfontein-streek), nege Vakinspekteurs en 'n skoolkliniek beskik.[97] Dit is belangrik om daarop te let dat die nege Vakin= spekteurs slegs vir Handelsvakke, Tegniese Onderrig, Klein-kinderonderwys, Huishoudkunde, Naaldwerk, Skoolmusiek, Liggaamlike Opvoeding (2), Kuns en Biologie aangestel sal word.

'n Inspeksiestelsel wat sodanig georganiseer word, sal in die beste belang van die onderwys wees, maar daar moet by die aanstelling van inspekteurs nog meer aandag aan vakspesialiste gegee word ten einde die voorligting en kontrole ten opsigte van alle vakke op gelyke voet te bring. Volgens bogenoemde voorgestelde indeling word daar nog te min aandag aan die dienste van vakspesialiste vir die eksamen= vakke gegee en dit is 'n saak wat ernstige aandag verg. Die inspekteur word al meer adviserend en met die oog op die vernuwing van sillabusse en oriëntering van diensdoende personeel, word die

96) Ibid., p.118.
97) Ibid., pp. 118 - 119.

vakman al belangriker en word hy in werklikheid 'n noodsaaklikheid.[98]

## 5.8 Differensiasie en voorligting

Die besondere premie wat op goeie voorligting binne 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys geplaas word, is reeds by herhaling in hierdie studie beklemtoon. Die hele aangeleentheid is in sy diepte deur die RGN bestudeer wat ook waardevolle riglyne aangetoon het en gevolglik word dit as onnodig beskou om dié bekende ge= gewens hier te herhaal. Dit is egter nodig om enkele fundamentele eise te oorweeg en om die huidige praktyk in die Vrystaat hieraan te meet.

Die RGN beklemtoon, tereg, dat die intensiteit van die voorligtingsprogram moet toeneem voordat leer= linge vak-, kursus- of beroepskeuses moet maak. Dit vind plaas aan die begin van die junior sekon= dêre skoolfase, die begin van die senior sekondêre skoolfase en aan die einde van die skoolloopbaan.[99]

Wat die sekondêre skole betref, moet die onderwyser= voorligter 'n spesialis op sy gebied wees en die opleiding van onderwyservoorligters moet sodanig wees dat hulle hul taak as spesialiste kan vervul sodat daar op gedifferensieerde wyse met die leerlinge bemoeienis gemaak kan word.[100] Slegs langs hierdie weë sal leerlinge sodanige voorligting ontvang wat hulle in staat sal stel om 'n beroepsgerigte onder= wyskeuse te maak sonder om hulle vorming as persone in die gedrang te bring.[101]

98) Ibid., p.114.
99) RGN. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstel= sel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onder= wysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, deel 1, p.42.
100) Ibid., p.90.
101) Ibid., p.199.

Die onderwyservoorligter moet agtergrond- en psigometriese gegewens van alle leerlinge insamel en dan hierdie gegewens met mekaar in verband bring sodat daar 'n vollediger persoonsbeeld van elke leerling saamgestel kan word.[102] Hierdie inligting moet geïnterpreteer word en die onder= wyservoorligter moet in staat wees om verhelpend of herstellend op te tree ten opsigte van leemtes wat hy gediagnoseer het. Die onderwyservoorligter se grootste taak is derhalwe daarin geleë dat hy leerlinge sodanig sal bystaan dat hulle nie na willekeur beslissings sal neem nie, maar dat hulle met kennis toegerus word om verantwoordelike be= slissings te neem.[103] Dit spreek hieruit dat die kindersielkundige en psigometriese aspekte in die opleiding van voorligters besondere aandag moet geniet.[104]

Wanneer die huidige praktyk in die Vrystaat aan die voorgaande gemeet word, dan val dit onmiddellik op dat die voorligtingonderwysers in die meeste Vrystaat skole ook vakonderwysers is.[105] In 'n skool met ongeveer 200 sekondêre leerlinge wat in 8 klasgroepe verdeel is, is die voorligtingonderwyser vir 8 periodes voorligting per week verantwoordelik.[106] Dit beteken dat hierdie onderwysers ook vakonderwys moet gee en dat laasgenoemde die meeste van hulle weeklikse onderrigtyd in beslag neem.[107] Dit beteken noodwendig dat hierdie onderwysers nouliks primêr voorligtingspesialiste kan wees en dat hulle te midde van die vakonderwys dit moeilik sal vind om aan die hoë eise, soos ten regte deur die RGN aanbeveel, te kan voldoen.

---

102) Ibid., p.203.
103) Ibid.
104) Ibid., pp. 204 - 209.
105) Kwartaalstate van 11 Vrystaatse sekondêre skole, Maart 1972.
106) Ibid.
107) Ibid.

Ook die opleiding wat die huidige Vrystaatse voorligtingonderwysers geniet het, voldoen nie aan die eise van die gespesialiseerde diens wat gelewer moet word nie. In sommige gevalle het van hierdie onderwysers geen universitêre opleiding geniet om voorligting te gee nie en beskik heelwat van hulle slegs oor 'n kort opleiding om psigometriese toetse af te neem.[108] Daarby moet daar noodgedwonge in sommige skole van meer as een onderwyser gebruik gemaak word om voorligting aan te bied. Uit eie ondervinding kan skrywer getuig van 'n skool met 220 sekondêre leerlinge waar die voorligting aan drie onderwysers toevertrou was.[109]

Dat die voorgaande nie na wense is nie, spreek vanself en dit sal dringende aandag moet geniet. Om aan elke sekondêre skool 'n opgeleide voorligtingonderwyser te verskaf, is om meer as een rede onrealisties en sal dit slegs 'n verdere onekonomiese mannekragbenutting veroorsaak. Wanneer dit egter saam met die sentralisasie van onderwys beskou word, is dit prakties uitvoerbaar en hoogs wenslik.

Ten einde die leemtes in die Vrystaatse voorligtingsdiens te probeer verlig, is 'n aantal skoolklinieke reeds op strategiese plekke geplaas, maar daar sal verder ook aan elke gesentraliseerde sekondêre skool minstens een spesiaal opgeleide voorligtingonderwyser verskaf moet word. So alleen kan voorligting tot sy volle reg kom.

## 5.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aandag gewy aan enkele hooftrekke

108) Mondelinge mededelings. Ter wille van die anonimiteit word die bronne nie verstrek nie.

109) Ter wille van anonimiteit word die naam van dié skool nie verstrek nie.

insake die toepassing van gedifferensieerde onderwys. Hiermee is die laaste woord daaroor nie gespreek nie, maar daar is getrag om enkele probleme en aangeleent=hede wat die dringendste aandag behoort te geniet, objektief te benader. Dit is onmoontlik om in 'n enkele studie alle aangeleenthede insake differen=siasie te ondersoek en daarom is aangeleenthede soos die voorsiening van geboue - laasgenoemde veral ten opsigte van kwynende plattelandse sekondêre skole - nie hier betrek nie. Die voorsiening van geboue is 'n studie op sigself en kan alleen deur daartoe opge=leide persone beplan en toegeken word. Voordat aansoeke om geboue toegestaan kan word, is dit aller=eers nodig om die toekomsverwagting van elke sekondêre skool te bepaal om sodoende vas te stel of finansiële besteding regverdigbaar is. Sodanige ondersoek moet as 'n saak van dringende belang beskou word om te verhoed dat groot somme geld aan skole bestee word waar dit feitlik nie benut kan word nie.[110)]

Die gedagte dat vaste komitees daargestel word, kan met groot vrug uitgebrei word na elke aspek wat hoër op aangeroer is in hierdie hoofstuk. Dit sal hopelik daartoe meehelp om 'n duideliker en vollediger beleid ten opsigte van gedifferensieerde onderwys in al sy fasette vir die Oranje-Vrystaat daar te stel, iets wat nie in hierdie stadium ongekwalifiseerd gesê kan word nie. Dit moet egter hier duidelik verstaan word dat die bewering dat daar in die Vrystaat groot onsekerheid ten opsigte van differensiasie bestaan, slegs betrekking het op die reeds aangeduide admini=stratiewe aspekte en nie op die praktiese toepassing daarvan in die skole nie. In hierdie opsig is omvattende studiestukke aan skole gestuur, terwyl daar op hoë vlak en op uitmuntende standaard by

110) O.V.S. Provinsiale Raad. Debatte en verrigtinge van die provinsiale raad, 1972, deel 2, pp. 255 - 256.

wyse van inligtingsvergaderings getrag is om die Vrystaatse onderwyspersoneel op die hoogte hiervan te bring.

Dit is veral aangeleenthede soos sentralisasie, 'n soneringsbeleid, die tydsfaktor, die stigting en verdwyning van skole, die posisie van die st. 5= leerlinge en die inspeksiestelsel waaroor in 'n meerdere of mindere mate ernstige kommer en 'n be= hoefte aan 'n klinkklaar beleid bestaan. Bewys hiervan is onder andere die talle besprekings van bogenoemde aangeleenthede by etlike sittings van die Provinsiale Raad. Daar is reeds hierbo telkens na sodanige besprekings verwys en kan verder vol= staan word deur kortliks na die Mei-sitting van 1973 te verwys.

Ten spyte van die versekering van die Vrystaatse Administrateur dat die Vrystaat die stelsel gaan implementeer "met behoud van en met uitbreiding van sy bestaande skole en fasiliteite"[111) en voorts dat daar in die Vrystaat geen sprake is "van kleiner dorpe wat tot niet gaan en gemeenskappe wat uitsterf as gevolg van die gedifferensieerde stelsel van onderwys nie",[112) het heelwat lede van die Raad tydens verskillende latere debatte bedenkings hieromtrent gelug. So vra Dreyer dan ook: "Is dit moontlik vir hierdie provinsie om al daardie fasiliteite aan elke skooltjie in die Vrystaat te voorsien? Is dit moontlik vir die Vrystaatse Administrasie om by elke klein dorpie in die Vrystaat al die fasiliteite wat nodig is om differensiasie tot sy werklike konsekwensie uit te voer, te.voorsien?[113)

111) Id. 1973, deel II, p.17.
112) Ibid.
113) Ibid., p.276.

Met verwysing na Raadslede wat gepraat het oor die behoud van die kleiner skole op die platteland ter wille van die behoud van die kleiner dorpe, verklaar Ungerer: "As pleidooie teen alle logiese denkwyses in hierdie Raad gelewer word, as plei= dooie gelewer word wat glad nie rekening hou met die natuurlike verloop van die geskiedenis en die ontwikkeling van die mensdom in 'n besondere land nie, dan begin ek wonder wat die motief van die lede is agter daardie pleidooie .... Dit gaan nie hier om die goedkeuring van ons kiesers nie, maar dit gaan hier oor die gesonde toepassing van sekere opvoedingsmetodes en -media."[114)] Hy meen voorts dat skole nie dienstig gemaak moet word aan die voortbestaansmoontlikhede van die klein dorpies nie, aangesien die hele doel en wese van differen= siasie daardeur verongeluk kan word.[115)]

Ook die st. 5-leerlinge het die aandag geniet en is 'n sterk pleidooi deur Farrell gelewer dat hierdie leerlinge so gou moontlik na die sekondêre afdelings van skole oorgeplaas behoort te word.[116)]

Teenoor argumente ten gunste van sentralisasie op 'n streeksgrondslag,[117)] is daar gepleit dat die voortbestaansgrens van 65 sekondêre leerlinge verminder moet word na 50 leerlinge.[118)]

Dit blyk duidelik dat daar oor die toekoms van die kleiner sekondêre skole ernstige kommer, maar ook uiteenlopende menings bestaan. Dit moet noodwendig lei tot onsekerheid en indien daar nie daadwerklike aandag gegee word nie aan die verskillende aange=

---

114) Ibid., p. 321.
115) Ibid., p.322.
116) Ibid., pp. 281 - 282.
117) Ibid., p. 323.
118) Ibid., p. 112.

leenthede wat in hierdie hoofstuk bespreek is, kan die ondergang van die klein sekondêre skole verhaas word. Skrywer hiervan wil dit duidelik stel dat hy ten gunste van die behoud van die plattelandse sekondêre skole is mits dit in belang van die leerlinge is. Dat die platte=landse sekondêre skole 'n besondere diens aan die plattelandse omgewings lewer, is 'n saak waaroor geen verskil bestaan nie. Pogings om skole teen wil en dank te behou deur byvoorbeeld die voortbestaansgrens te verlaag, is onverdedig=baar. Hier is dit waar dat daar ten opsigte van differensiasie met minder emosie gedink moet word en die beste belang van die leerlinge eerste gestel moet word. In 'n skool met 50 sekondêre leerlinge kan nie gedifferensieer word nie en is die aantal vakke wat aangebied sal word so min dat so 'n skool daardie leerlinge ook noodgedwonge sal moet prysgee.

Die plattelandse sekondêre skole kan alleen beskerm word deur die voorgestelde stelsel van sonering en uiteindelike sentralisasie op 'n streeksgrondslag. Dan kan sommige skole vir die platteland bewaar word. In tabel 1 van hierdie hoofstuk is aangetoon dat daar in 1971 in die 15 skole suid van Bloemfontein gesamentlik 830 senior sekondêre leerlinge was, dit wil sê 'n gemiddelde van 55,3 leerlinge per skool. Indien sonering op 'n streeksgrondslag nie toegepas gaan word nie, kan met sekerheid voorspel word dat feitlik al hierdie skole in gevaar staan om vinniger as wat nodig is te verdwyn. Daarom moet sentralisasie nou reeds beplan word sodat, wanneer 'n skool verdwyn, ouers lank reeds kennis dra dat leerlinge streeksge=bonde is.

Wat die toekoms betref, is die aangewese gedrags=

patroon wat in die Vrystaatse onderwys gevolg moet word, klaarblyklik dié wat deur Ungerer bepleit word: "Dit lê op die weg van die ver= antwoordelike lede van hierdie Raad om ons mense op te voed en te indoktrineer om sekere dinge te aanvaar as synde onvermydelik. Dit wil ek baie duidelik en hard sê en ek wil vir u vanmiddag sê, in die woorde van 'n wyse man wie se wysheid ons almal nie betwyfel nie, in die persoon van wyle dr. Verwoerd. Hy het nie gesê laat maar Gods water oor Gods akker loop nie, hy het nie gesê, soos generaal Smuts, "let things develop" nie, hy het nie gesê gee die rewolusie kans nie, hy het nie gesê gee die rawe of die goeie geeste kans om vir ons wonderwerke te bewerkstellig nie; hy het gesê "skep vir jou 'n toekoms" - skep hom, moenie wag vir hom nie ... Dan wil ek ook hierdie stelling maak en ek kan dit ook vir u uit hierdie boek van die landbouadviseur van die Minister van Landbou lees waarin hy uitdruklik sê dat skoolge= riewe nie klein dorpies red nie. Dit is so, dit is nie die skole wat die klein dorpies aan die lewe hou nie ....."[119)]

Uit die voorgaande vloei die volgende afleidings voort:

1. Sentralisasie moet as beleid aanvaar word. 'n Drastiese sentralisasiebeleid word egter nie voorgestel nie en is ook nie prakties uitvoer= baar nie, veral vanweë die hoë aanvanklike koste daaraan verbonde, die moontlike ontwrig= ting ten opsigte van 'n gevestigde beleid van desentralisasie en 'n tradisie wat gevorm is deur die stuur van kinders na skole waar een of albei ouers leerlinge was, ens. Skrywer hiervan is egter daarvan oortuig dat 'n sentra=

119) Ibid., pp. 327 - 328.

lisasiebeleid nie alleen in belang van die onderwys en die opvoeding is nie, maar ook in belang van die behoud van die plattelandse bevolking en die kleiner sekondêre skole. Om sentralisasie so geleidelik en gematig moontlik in te voer, kan vir eers as voorwaarde gestel word dat alleen daardie sekondêre skole kan voortbestaan wat vier studierigtings, nl. die algemene-, die geesteswetenskaplike-, die natuurwetenskaplike- en een verdere studie=rigting kan aanbied. As besondere voorwaarde moet egter gestel word dat hierdie studierig=tings alleen deur onderrig van sekondêre onder=wysers aangebied mag word. Skole wat nie aan hierdie vereiste kan voldoen nie, behoort toe=gelaat te word om met 'n buurskool te sentrali=seer. Indien hieraan nie voldoen kan word nie, sal hierdie skole hulle sekondêre skoolstatus moet prysgee.

Die huidige voortbestaansgrens van 65 sekondêre leerlinge moet behoue bly. Die verlaging van hierdie grens kan slegs as 'n kunsmatige wyse vir die behoud van skole beskou word en is nie 'n doelgerigte stap tot die oplossing van die probleem van verdwynende skole nie.

Daarom word 'n stelsel van streeksentralisasie bepleit. Dit moet egter vroegtydig ondersoek en vasgelê word sodat ouers so gou doenlik kan weet wat die toekoms inhou. Hierdie stelsel van streeksentralisasie met nog altyd klein sekondêre skole kan dan evolusionêr daartoe lei dat sentrale sekondêre skole daargestel word wat weens hulle groter leerlingtal wye voordele aan die leerlinge sal bied. Soos vooraf aangetoon, is hierdie voordele nie net beperk tot die akademiese nie, maar sal dit die hele onderwys- en opvoeding=

situasie betrek. Dit sal verder 'n meer ekonomiese personeelbenutting meebring, terwyl die onderwyskoste per leerling op 'n meer realistiese basis gebring sal word.

Dit moet egter duidelik verstaan word dat sentralisasie slegs op die senior sekondêre skoolvlak voorgestel word. Alle bestaande skole sal hulle primêre- en junior sekondêre afdelings behou, maar om dit te verseker sal hulle beskerm moet word.

2. Streeksonering moet as amptelike beleid aanvaar word, aangesien sentralisasie sonder sonering nie kan slaag nie. Dit is vooraf aangetoon dat 'n soneringsbeleid nie in stryd met die demokratiese ouerkeuse is nie en dat dit bepaalde voordele vir die onderwys en opvoeding inhou en veral ongewenste praktyke sal uitskakel. Daar sal egter ruimte gelaat moet word vir leerlinge om buite die streeksgrense onderwys te ontvang.

3. Die moontlike voordele van 'n drietermyn-skooljaar moet indringend ondersoek word. Die verandering van die tradisionele vakansiepatroon kan nie as 'n alleen-geldende argument aanvaar word nie, maar wel opvoedkundige beginsels, nl. dat die drietermyn-skooljaar moontlik die verwerwing van insig kan bevorder. Verder sal dit ondersoek moet word of 'n drietermyn-skooljaar werklik die tydrowende administratiewe werk noemenswaardig sal verminder en of dit 'n aansienlike vermindering in administratiewe koste sal meebring. Dit is egter belangrik dat hier landswye koördinasie tussen die verskillende onderwysdepartemente en die universiteite sal moet wees. As slegs een of twee provinsies daartoe oorgaan om 'n drie=

termyn-skooljaar in te stel, sal dit waarskynlik ernstige ontwrigting meebring wanneer ouers van provinsie verander of as ouers kinders op uni=versiteit en op skool het.

4. Wat skole vir eksterne differensiasie betref, kan 'n uitbreiding van geriewe vir die huidige nie aanbeveel word nie. Soos aangetoon is die landbouskole in die Vrystaat betreklik klein en is die skepping van 'n verdere soortge=lyke skool tans onnodig. Ook die handelskole behoort vir die onmiddellike toekoms in alle behoeftes te voorsien. Die bestaande huishoud=skole behoort in gewone akademiese skole omskep te word, aangesien die voortbestaan van hierdie skole as afsonderlike sekondêre skole wat slegs een studierigting aanbied, kwalik regverdig kan word. Sowel Bethlehem as Zastron se akademiese skole kan slegs baat by 'n samesmelting van die huishouskole met die akademiese skole. Die presedent hiervoor is reeds geskep met die amalgamasie van die eertydse Tweespruitse huishoudskool met die Kroonstadse landbouskool.

5. Die st. 5-leerlinge moet so gou doenlik na die sekondêre afdelings van skole oorgeplaas word. Behalwe die feit dat die oorplasing 'n groot finansiële verpligting op die skouers van die Administrasie sal lê, kan geen ander regverdiging gevind word waarom dit nie kan gebeur nie. Dit is egter aangetoon dat daar skole is wat die st. 5-leerlinge kan huisves en dit behoort daardie sekondêre skole vry te staan om hierdie leerlinge te aanvaar.

6. Dit is herhaaldelik in hierdie studie aangetoon dat die kleiner sekondêre skole ten opsigte van differensiasie bepaalde probleme sal ondervind. Dit moet aanvaar word dat 'n baie groot persentasie

van die klein sekondêre skole nog 'n geruime tyd sal bly voortbestaan en daarom sal aan hulle besondere aandag gegee moet word. Dit sal alleen gedoen kan word deur 'n heel anders georganiseerde inspeksiestelsel waarin besondere aandag aan vakvoorligting deur middel van vakspesialiste gegee sal moet word.

7. Terwyl differensiasie veral rus op die sluit=steen van goeie voorligtingsdienste, vereis hierdie aspek tydige besinning. Die klein sekondêre skole maak tot 'n groot mate van vakonderwysers gebruik om voorligting te gee en dit spreek vanself dat voorligting nie altyd, langs hierdie weg, behoorlik gedien kan word nie. Dit is derhalwe nodig om oorweging te skenk aan die uitbreiding van die bestaande personeel=toekenning ten einde sekondêre skole in staat te stel om elk minstens een opgeleide voorlig=tingonderwyser te bekom.

Die voorgaande aangeleenthede moet as van die belangrikste knelpunte in die ontwikkeling van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys beskou word en daarom is dit noodsaaklik dat daar spoedig en deeglik dienaangaande besin en beplan moet word. Hoewel nie voorgestel word dat met alle tradisies en alle sentimente weggedoen moet word nie, is dit nogtans nood=saaklik dat die hele onderwyssituasie in die Vrystaat in sy geheel ondersoek moet word om vas te stel of die huidige opset in die beste belang van die onderwys en die opvoeding van alle leerlinge is. So 'n ondersoek sal veral rekening moet hou met die voortbestaansmoontlik=hede van sekondêre skole. Maar, as bevind sou word dat die onderwys aan die heel klein sekondêre

skole buitengewoon duur geword het en dat dit nie langer ten koste van geriewe aan die groter skole kan geskied nie, volg dit noodwendig dat ook ander tipe skole onder die soeklig geplaas sal moet word. Hier word veral gedink aan die vraag of daar hoegenaamd regverdiging bestaan vir die voortbestaan van die plaasskole, veral die eenmanskole. Laasgenoemde val uiteraard buite die bestek van hierdie studie, maar as daar gepraat word oor die hoë koste per leer=ling by die klein sekondêre skole, sal die plaasskole se bestaansregverdiging op suiwer opvoedkundige gronde deeglik ondersoek moet word.

Indien differensiasie geslaagd aangebied wil word, sal vernuwing op al die voorgaande terreine die uitgangspunt moet wees en sal onderwystradisie en -sentiment daaraan gemeet moet word. So alleen kan die onderwys die beste gedien word.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING

### 6.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk word gewy aan 'n beskouing van die studie asook aan die belangrikste bevindings en aanbevelings waartoe geraak is.

### 6.2 Oorsig oor die studie

#### 6.2.1 Doel en veld van die ondersoek

Die probleem van die ondersoek is in die titel daarvan geformuleer, nl. die implikasies van die bepalinge van goewermentskennisgewing R2029 ten opsigte van differensiasie met besondere verwysing na veral die kleiner sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat. Op die gevaar af dat die hele veld insake diffe= rensiasie reeds deur die RGN en die verskil= lende onderwysdepartemente so breedvoerig gedek is en dat 'n verdere studie weinig lig op die onderwerp kan werp, het skrywer hiervan dit as wenslik beskou dat die praktiese implikasies van differensiasie met betrekking tot die kleiner sekondêre skole deeglik ondersoek moet word. Die hoofbeweegrede tot hierdie voorneme was veral die verpligtende karakter van Christelik-Nasionale onderwys ten opsigte van die vereistes waaraan 'n onderwysstelsel moet voldoen. So is dit in genoemde kennisgewing R2029 vasgelê dat alle onderwys 'n Christelike en 'n nasionale karakter moet hê waarin daar veral met die gelykwaar= digheid, maar ook die ongelykheid, van leer= linge rekening gehou moet word. In die eerste hoofstuk is dit gestel dat die begrippe

Christelik en nasionaal nimmer te skei is nie en word hierdie studie dan ook onomwonde uit 'n Christelik-Nasionale standpunt aange= bied. Differensiasie, soos deur kennisgewing R2029 voorgestel, is gemik op die beste belang van elke leerling en met die oog op sy toekomstige bruikbaarheid vir die staat, maar belangriker as dit is sy opvoeding tot die eer van God. Differensiasie beoog volle selfverwesenliking, die volle ontplooiing van al die individidu se ingebore en Godgegewe moontlikhede, maar finaliter beoog differensiasie die ontwikkeling van elke leerling as geroepene in diens van en tot die eer van God.

Met hierdie besef voor oë is hierdie studie aangepak. 'n Verdere dryfveer was egter die praktiese onderwyssituasie in die Vrystaat. Die vraag of die kleiner sekondêre skole doeltreffend sal kan differensieer, was dan ook die direkte aanloop tot hierdie studie. Daarom is daar getrag om die probleme van veral die kleiner sekondêre skole aan te dui, te presiseer en om moontlike oplossings aan te dui.

Dit het egter nie in hierdie studie gegaan om kritiek op die bestaande onderwysstelsel nie, maar eerder om 'n herwaardering van sekere onderwyspraktyke en om die tradisionele op te weeg teen die eise van kennisgewing R2029. Daarom is skrywer daarvan oortuig dat die Vrystaat ernstig en deurdringend op wetenskap= like wyse sal moet besin oor die toekoms. Dit gaan per slot van rekening om opvoeding en onderwys, om kinders en 'n nasie. En dit is belangriker as die behoud van die bestaande

net omdat dit tradisioneel is. Teen hierdie agtergrond moet hierdie studie gesien word.

6.2.2 <u>Literatuurstudie</u>

Voordat daar egter tot die bepaling van die probleme en moontlike oplossings geraak kon word, was dit allereers nodig om 'n oorsig van pogings tot differensiasie in die Vrystaat te gee. Net soos dit herhaaldelik in hierdie studie beklemtoon is dat die Vrystaat 'n dringende behoefte het aan langtermynbeplan= ning ten opsigte van sy onderwys en die voortbestaansmoontlikhede van sy sekondêre skole, was dit juis die behoefte aan onderwys= beplanning vir die Republiek van Suid-Afrika wat een van die grootste stukragte agter die opheffing van verdeelde beheer was. Met die oog op die opheffing van verdeelde beheer het die eerste Nasionale Adviserende Onder= wysraad tot stand gekom en hieruit voort= vloeiend kennisgewing R2029 waardeur differen= siasie sy beslag gekry het.

Uit die ondersoek na die geskiedenis van differensiasie in die Vrystaatse onderwys, het dit geblyk dat, ofskoon dit herhaaldelik deur verskillende provinsiale- en departe= mentele kommissies bestudeer is en daar tot deeglike aanbevelings geraak is, daar in die praktyk weinig daarvan tereggekom het. Wat die rede hiervoor was, kon nie in die loop van hierdie studie bepaal word nie. Die feitelike posisie is egter dat daar in die Vrystaat nie verder met differensiasie ge= vorder is as 'n stelsel van differensiasie na buite met behulp van vakkeuse of deur

voorsiening van afsonderlike skole nie. Selfs die Pretorius- en die Wentzelverslae het van interne differensiasie feitlik geen melding gemaak nie.

Ook die onderwys van die domnormale- en die begaafde leerlinge word gekenmerk deur dieselfde leemte aan genoegsame doelgerigte opvolging van die waardevolle voorstudies wat gedoen is. Dit kan dus met goeie reg gesê word dat daar 'n huiwering in die Vrystaatse onderwysgeskiedenis bespeur kan word om uitvoering te gegee het aan die aanbevelings van die verskillende voorstudies ten opsigte van ingrypend gedifferensieerde onderwys.

Toe daar van effektiewe, georganiseerde differensiasie in die Vrystaat nie veel sprake was nie, kom die verandering op nasionale vlak deur middel van kennisgewing R2029 waardeur differensiasie landswyd gekoördineer is. Dit het egter gou geblyk dat daar nie oral in die R.S.A. ewe doeltreffend gedifferensieer sou kon word nie. Die kleiner sekondêre skole waarvan daar onder andere in die Vrystaat baie voorkom, sou noodwendig minder studierigtings kon aanbied en probleme ondervind om vakvlakdifferensiasie toe te pas. Ook die praktiese, beroepsgerigte studierigting sou kwalik by die klein sekondêre skole aangebied kon word. Dit was dus nodig om hierdie probleme te ondersoek.

### 6.2.3 <u>Ondersoek na ontwikkelingstendense en probleme in Vrystaatse sekondêre skole</u>

Die oorheersende indruk waartoe geraak is, is

dat daar nie alleen 'n oorwig heel klein sekondêre skole is nie, maar dat daar 'n besliste dalende neiging van leerling= talle by baie skole waarneembaar is. Dat hierdie dalende neiging waarskynlik pro= gressief sal toeneem, kan afgelei word uit die verskynsel van die dalende aantal primêre leerlinge. In tabel 1 van hoofstuk 3 is aangetoon dat die aantal primêre leerlinge in die tydperk 1968 tot 1970 met 2752 gedaal het en verder dat hierdie daling in alle standerds van die primêre skole voorgekom het. Dit spreek dus vanself dat die leerlingtalle van veral die plattelandse sekondêre skole in die nabye toekoms verder sal daal. Hierdie bevinding is verder gestaaf met statistiese gegewens oor die leerlingtalle van 49 plattelandse skole. Slegs 15 van dié skole het oor 'n periode van byna 30 jaar 'n groei in die primêre- sowel as die sekondêre leerlingtalle getoon. Slegs twee van hierdie skole lê suid van Bloemfontein. Verder het 29 van die betrokke skole 'n daling in die aantal primêre leer= linge ondervind en dit het en sal noodwendig sy invloed op die sekondêre afdelings laat geld.

Laasgenoemde aangeleentheid is duideliker belig deur 'n ondersoek na die verhouding tussen die aantal primêre- en sekondêre leerlinge by 21 toevallig gekose platte= landse skole. Daaruit is afgelei dat die gemiddelde verskil in grootte van die twee afdelings gedurende 1942 - 1945 127 leer= linge was en is blootgelê dat die verskil gedurende 1969 - 1970 gedaal het tot slegs 48 leerlinge. Hierdie gegewens onderstreep

die feit dat die voortbestaan van hierdie skole in die weegskaal is en beklemtoon die noodsaaklikheid van tydige besinning oor die toekoms van die kleiner sekondêre skole.

Die probleme waarmee die klein skole te kampe het, sny egter dieper as bloot die voortbestaan van hierdie skole. So is dit aangetoon dat daar in een groep van 11 skole in 1960, altesame slegs 39 leerlinge in matriek was wat Natuur- en Skeikunde geneem het. Daarvoor is derhalwe 11 onderwysers benodig wat die onderwys aan dié klein skole gevolglik onrealisties duur maak. Dit bly 'n oop vraag of 'n provinsie dit kan bekostig om - soos uit die ondersoek geblyk het - 41 onderwysers in een jaar te gebruik om elk slegs een leerling, en 55 onderwysers om elk slegs twee leerlinge te onderrig.[1] Diegene wat hierdie verskynsel slegs op opvoedkundige gronde wil verdedig, het bepaald visie op die mannekragtekort en doeltreffende mannekragbenutting verloor. 'n Verdere vraag wat in hierdie verband op beantwoording wag, is of die aangeduide onekonomiese geldbesteding nie dalk ten koste van geriewe by groter en ontwikkelende skole geskied nie. Indien dit so is, is dit net so onopvoedkundig as om te beweer dat die kleiner sekondêre skole ten alle koste ter wille van die plattelandse atmos= feer, die huisvesting van die kind naby aan die ouerhuis, ens., behoue moet bly. Diffe= rensiasie beoog die beste onderwys vir alle

1) Vgl. hoofstuk 3 paragraaf 3.2.4., tabel 14.

leerlinge aan alle skole in die Vrystaat en daarom kan dit beweer word dat die klein sekondêre skole nie alleen probleme gaan ondervind om doeltreffend te differensieer nie, maar dat die voortbestaan van hierdie klein skooltjies inderwaarheid 'n probleem vir die Vrystaat is.[2)]

6.2.4 <u>Die implikasies van R2029</u>

Die probleemsituasie van die klein sekondêre skole het duideliker na vore gekom by die bespreking van die implikasies van kennisge= wing R2029. Dit is die ideaal van elke skool om soveel studierigtings as moontlik aan te bied, maar dit is uitdruklik neergelê dat daar geen bykomende personeel voorsien sal word ten einde skole in staat te stel om bykomende studierigtings aan te bied nie. Hierdie bepa= ling het in die besonder 'n verreikende uit= werking op die kleiner skole wat graag die praktiese kursus wil aanbied, maar met die beskikbare personeel dit nie kan doen nie. Op 'n vergadering van skoolhoofde in die kring van Inspekteur A.K. Volsteedt is eenparig besluit dat die toesegging van slegs een onderwyser per skool die situasie aan= sienlik sal verlig en skole in staat sal stel om 'n lang-gekoesterde ideaal, nl. die effek= tiewe aanbieding van 'n praktiese, beroepsge= rigte kursus, te verwesenlik. Indien die voorbehoud gestel sou word dat 'n skool 15

2) Dat die daling in leerlingtalle toeneem, blyk verder duidelik indien die leerlingtalle van alle skole gedurende 1971 met dié in 1973 vergelyk word. Dit moet verder in gedagte gehou word dat die 1973-getalle dié van die eerste skooldag is, sodat die termyn wat verloop het nie 'n volle twee jaar is nie. Aangesien 1973 buite die bestek van hierdie studie val, word slegs enkele skole uit daardie skole geneem waar die leerlingtal met 25 en meer leerlinge gedaal het: Winburg met 38 leerlinge, Dewetsdorp met 34, Fauresmith met 32, Edenville met 56, Steynsrus met 60, Philippolis met 25 en Boshof met 49.

leerlinge moet hê voordat die Onderwysdepartement die instelling van hierdie kursus sal oorweeg, sal dit noodwendig beteken dat slegs sommige plattelandse sekondêre skole hiervoor aansoek sal kan doen. 'n Skool met minder as die vereiste aantal leerlinge sal bereid moet wees om daardie leerlinge na 'n ander skool te kanaliseer. Gemeet aan die opvoedkundige voordele vir hierdie leerlinge en in ooreenstemming met die Christelike karakter van die onderwys, behoort finansiële oorwegings nie die deurslaggewende faktor te wees nie. Dit kan voorsien word dat die gevaar kan ontstaan dat leerlinge wat hierdie kursus wil en behoort te volg maar dit in 'n betrokke skool nie kan doen nie, ter wille van behoud van die gradering van die skool nie altyd na ander skole gekanaliseer sal word nie.

Met die indeling van die onderwystydperk van twaalf jaar in vier fases van drie jaar elk kan alleen volle instemming betuig word. 'n Belangrike implikasie is egter die posisie van die st. 5-leerling wat fisies in die primêre skool bly, maar reeds 'n begin met die junior sekondêre kursus maak. Hierdie reëling kan nie in belang van hierdie leerlinge beskou word nie, aangesien hulle in gevalle waar die primêre- en sekondêre afdelings afsonderlik is nie opleiding van daartoe gekwalifiseerde personeel en die gebruik van doeltreffende apparaat sal geniet nie. Dié reëling bring ook mee dat noodsaaklike, intensiewe voorligting op standerd 5-vlak moontlik ontbeer moet word.

Vakvlakdifferensiasie is 'n verdere implikasie wat bespreek is. In hoeverre die klein sekondêre skole daarin kan slaag om die meeste skoolvakke op 'n hoër- en standaardvlak binne dieselfde klasgroep doeltreffend aan te bied, is 'n aangeleentheid waaroor ernstige menings= verskil kan bestaan. Dit is aangetoon dat daar in sommige vakke 'n inhoudsverskil tussen die sillabusse van die twee vlakke bestaan en dat dit doeltreffende differensiasie waarskynlik bemoeilik. Die ideale toestand sal afsonderlike klasgroepe wees en dit is nie moontlik aan die klein sekondêre skole nie.

'n Verdere implikasie aan R2029 verbonde, is die feit dat, ofskoon die skole verskillende studie= rigtings aanbied, die universiteite nie 'n be= paalde studierigting as toelatingsvereiste tot 'n bepaalde fakulteit vereis nie. Die vraag ontstaan derhalwe wat die sin en betekenis van die verskillende studierigtings in die nuwe bedeling is en volg dit dat dit alleen betekenis sal kry wanneer die universiteite bepaalde studierigtings as toelatingsvereistes tot die verskillende fakulteite sal stel.

Die implikasies van kennisgewing R2029 is nie net beperk tot die klaskamersituasie nie, maar raak ook die onderwys in sy breër opset. Daarom word aangeleenthede soos sentralisasie en sone= ring om differensiasie beter te laat slaag, die inspeksiestelsel, voorligtingsdienste, die verlenging van die onderrigtydperk, ens., ook hierby betrek. Hieraan is aandag verleen in die voorlaaste hoofstuk waar sekere aanbevelings gedoen is om te verseker dat die Vrystaat tot die maksimum aan die hoë ideale van 'n gedifferen= sieerde onderwysstelsel sal kan voldoen.

## 6.3 Aanbevelings

Van die aanbevelings is sentralisasie en sonering van kardinale belang. Die beswaar teen sentralisasie dat dit die verdwyning van skole op senior sekondêre vlak gaan bewerkstellig, kan nie as van deurslaggewende aard beskou word nie. Dit is statisties bewys dat skole buitendien verdwyn as gevolg van te min leerlinge, maar dat hierdie verdwying van skole as gevolg van die gebrek aan 'n sentralisasie- en veral soneringsbeleid verhaas word. Dit kan nie aanvaar word dat 'n vanself-doodbloei-beleid op opvoedkundige gronde verdedig kan word nie. Enige nuwe beleid lei tot weerstand, maar is net so afhanklik van aanpassing van die kant van diegene wat daardeur geraak word.

Om te volstaan met die hoop dat die neiging om kinders vanaf die platteland na die groter en veral stedelike sentra te stuur, vanself sal afneem, is 'n ydele hoop. Die vinnige afname in die leerlingtalle kan kwalik slegs aan ontvolking toegeskryf word en kan dit aanvaar word[3] dat daar velerlei redes is wat tot hierdie praktyk aanleiding gee. En al hierdie redes is nie verdedigbaar nie.

Sentralisasie op 'n streeksgrondslag is die eerste stap op die weg om te verhoed dat daar nie onnodig baie plattelandse skole verdwyn nie. Sonering is egter onafskeidelik deel van so 'n beleid, maar as toegegee word aan die redenasie dat dit die ouerlike seggenskap aantas, sal dit daarop neerkom dat toegelaat word dat die stert die hond swaai, want as dit waar is dat ouers juridies verplig word tot wetsgehoorsaamheid, kan sonering nie as uitsondering in 'n owerheidsbeleid beskou word nie.

3) Hoofstuk 3, par. 3.2.3.

Terwyl daar gepleit word vir die behoud van die plattelandse skole, is sonering die enigste metode waardeur gesorg kan word dat daar altyd sekondêre skole op die platteland sal wees.

'n Verdere logiese afleiding is dat sodra 'n skool sy senior sekondêre afdeling verloor, dit spoedig tot die verlies van sy junior sekondêre afdeling sal lei. Sonering sal ook dit in 'n mate verhoed.

Ook die moontlike verlenging van die onderrigtyd het in hierdie studie die aandag geniet. Dit is aangetoon dat die verlenging van die skooldag nie prakties uitvoerbaar is nie, aangesien dit organi= satoriese probleme sal skep om met die middagete, studie-ure en skole se buitemuurse programme tred te hou.

Die verlenging van die skooljaar is ook ondersoek. 'n Sodanige verlenging kan vanselfsprekend alleen geskied indien daar 'n inkorting van die aantal vakansiedae is en is daar tot die slotsom geraak dat 'n sinvolle verlenging van die skooljaar nie moontlik is nie, want dit is kwalik moontlik om 'n beduidende aantal vakansiedae in skooldae te omskep.

As derde alternatief ten einde meer onderrigtyd te verseker, is 'n moontlike drietermyn-skooljaar ondersoek. Daar is daarop gewys dat 'n drietermyn= skooljaar bepaalde voordele vir die onderwys sal inhou, maar daarteenoor ook besliste nadele. Dit is egter beklemtoon dat alleen 'n indringende ondersoek na hierdie aangeleentheid 'n finale antwoord sal kan verskaf van wat in die beste belang van die onderwys sal wees.

Terwyl daar in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel groter klem op insig gelê word, spreek dit vanself

dat gespesialiseerde vakvoorligting van toenemende belang word. Daarom is ook die huidige inspeksie= stelsel in hierdie ondersoek betrek en is dit aan= beveel dat daar by die aanstelling van inspekteurs groter klem op vakspesialiste gelê moet word. Daarom is dit bepleit dat die inspeksiestelsel opnuut onder die soeklig geplaas behoort te word ten einde te bepaal of die huidige stelsel nog in die beste be= lang van die onderwys is.

'n Doeltreffende voorligtingsdiens is telkens in hierdie studie benadruk, aangesien dit die sluitsteen is waarop 'n geslaagde stelsel van gedifferensieerde onderwys berus. Die huidige praktyk waar gewone vak= onderwysers, dikwels sonder enige, of met min oplei= ding voorligting aan leerlinge moet verskaf, is nie die gewenste praktyk nie. Elke skool behoort oor 'n deeglik-opgeleide voorligtingonderwyser te beskik wat in staat behoort te wees om nie alleen deskundige voorligting te gee nie, maar ook om diagnosties en remediërend op te tree. Om so 'n onderwyser aan elke sekondêre skool te verskaf, is uiteraard onmoontlik en sal dit alleen by gesentraliseerde sekondêre skole kan geskied. Dit beteken dus dat ook die beginsel van geslaagde voorligting ten nouste met sentralisasie van onderwys saamhang.

6.4 Implikasies

Indien die aanbevelings ten opsigte van sentralisasie, sonering, 'n drietermyn-skooljaar, die oorplasing van die st. 5-leerlinge na die sekondêre afdelings van skole, 'n anders georganiseerde inspeksiestelsel waar die klem op vakspesialiste val, 'n veranderde voorligtingsdiens, ens. geheel of gedeeltelik toegepas word, sal dit die Vrystaatse onderwys ingrypend verander, maar dit terselfdertyd geheel in ooreenstem= ming met die eise van R2029 bring. Beplanning op elk

van die bogenoemde terreine is egter noodsaaklik en 'n sodanige beplanning kan alleen die resultaat van 'n deeglik-beplande wetenskaplike ondersoek wees. Sodoende sal daar tydig aan die ouers en onderwysers van die Vrystaat te kenne gegee kan word waarheen die onderwys op pad is. Die maklike en oorgeïdealiseerde versekering dat skole nie tot niet sal gaan nie, het geen waarde nie. Wetenskap=like ondersoeke alleen kan gerusstellende sekerheid aan die Vrystaatse ouers en onderwyskorps bring oor waarheen die toekoms lei.

Die finansiële implikasies van die voorgestelde aan=bevelings verdien besondere aandag. Dit kan voorge=hou word dat sentralisasie, asook van die ander aan=bevelings soos die oorplasing van die st. 5-leerlinge, 'n nuwe inspeksiestelsel, ens., 'n groot finansiële las op die Vrystaat sal lê. Dit kan ook nie ontken word nie, maar of dit oor 'n termyn van 30 jaar meer as die bestaande stelsel sal kos, is 'n saak waaroor alleen 'n deurtastende ondersoek uitsluitsel sal kan gee. Die feit is dat daar tans koshuise en skoolge=boue gebou en onderhou moet word sonder dat daar die versekering bestaan dat hulle permanent benut gaan word en dat personeel soms onekonomies benut word. Dit is trouens reeds 'n erkende feit dat daar in sommige skole reeds klaskamers is wat nie gebruik word nie. So is daar op baie plattelandse dorpe koshuise wat nie 100% beset word nie. Finansiële besteding moet derhalwe ook teen die agtergrond van die huidige en toekomstige ekonomiese benutting gesien word.

Dieselfde geld ook die verskaffing van hulpmiddels, laboratoria, apparaat, ens. wat tans aan alle skole verskaf moet word. Indien gesentraliseer word, kan alleen daardie geriewe aan die sentrale skole verskaf

word wat slegs op die sekondêre skoolvlak gebruik word. Daar behoort só 'n aansienlike besparing te wees.

Personeelbenutting kan baie meer ekonomies wees. Hierdie aangeleentheid is afdoende in hoofstuk 3 bespreek. Dit is derhalwe anomalies om te beweer dat sentralisasie die Vrystaatse onderwys duur sal maak, aangesien dit tans juis die heel klein skole, insluitende die plaasskole is, wat die Vrystaatse onderwys baie duur maak.

Opsommenderwys kan dus aangevoer word dat bewerings dat die Vrystaat sentralisasie nie kan bekostig nie, alleen na 'n deeglike, wetenskaplike ondersoek gestaaf of verwerp sal kan word. Daarom is beplanning op 'n langtermynbasis dikwels in hierdie studie bepleit.

## 6.5 Slot

Dit is skrywer hiervan se opregte begeerte dat hierdie studie 'n positiewe bydrae tot die Vrystaatse onderwys mag wees en dat dit daartoe mag bydra dat sekere aangeleenthede op opvoedkundige gronde, ooreenkomstig R2029, ondersoek sal word. Dat sekere kontensieuse sake in die loop van die ondersoek aangeraak is, kan moontlik aanleiding gee tot bewerings dat hierdie studie hom leen tot afbrekende kritiek op die Onderwys=departement en die Provinsiale Administrasie. Skrywer wil die teendeel benadruk en het alle moontlike pogings aangewend om so ewewigtig en wetenskaplik moontlik te werk te gaan ten einde 'n objektiewe beeld weer te gee van die feitelike posisie ten opsigte van veral die kleiner sekondêre skole binne 'n gedifferensieerde onderwysstelsel.

## BYLAE A

Die Staatskoerant, 12 November 1971 No. 3306

Departement van Nasionale Opvoeding, goewermentskennis=gewing R2029.

Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967 - Onderwys in skole.

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2(1) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967), het die Minister van Nasionale Opvoeding onder=staande algemene beleid wat met ingang van 1 Januarie 1972 ten opsigte van onderwys in skole gevolg moet word, bepaal:

### Woordomskrywing

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan daar in die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967, 'n betekenis geheg is, daardie betekenis en beteken -

"algemene studierigting" 'n studierigting wat bestaan uit vakke gekies uit meer as een studierigting in paragraaf 12(1)(a),(b), (c),(d), (e), (f), (g) of (i) genoem;

"geesteswetenskaplike studierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende gees=teswetenskaplike vakke is;

"handelstudierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, meer as twee van die han=delsvakke Boekhou, Ekonomie, Handel of Bedryfsleer, Handelsreg, Kantoorroetine, Sekretariële Praktyk, Shorthand, Snelskrif, Tik, Verkoopkuns en 'n vak wat 'n soortgelyke inhoud het as so 'n vak of bestaan uit 'n kombinasie van enige van genoemde vakke, aangebied word;

"huishoudkundestudierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende huishoud=kundevakke is;

"klasonderwys" onderwys aan 'n klas (groep leerlinge in dieselfde graad of standerd) wat in die voorge=skrewe vakke hulle onderwys hoofsaaklik van dieselfde onderwyser ontvang;

"kunsstudierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende kunsvakke is;

"landboustudierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende landbouvakke is;

"natuurwetenskaplike studierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende natuur=wetenskaplike vakke is;

"praktiese studierigting" 'n meer praktiese studie=rigting as die ander omskrewe studierigtings en waarin 'n beroepsgerigte kursus ooreenkomstig gediffe=rensieerde leerplanne verskaf word; en

"tegniese studierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende tegniese vakke is.

<u>Christelike Karakter</u>

2. Die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, moet 'n Christelike karakter hê wat gegrondves is op die Bybel en wat beslag moet kry -

"huishoudkundestudierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende huishoud=kundevakke is;

"klasonderwys" onderwys aan 'n klas (groep leerlinge in dieselfde graad of standerd) wat in die voorge=skrewe vakke hulle onderwys hoofsaaklik van dieselfde onderwyser ontvang;

"kunsstudierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende kunsvakke is;

"landboustudierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende landbouvakke is;

"natuurwetenskaplike studierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende natuur=wetenskaplike vakke is;

"praktiese studierigting" 'n meer praktiese studie=rigting as die ander omskrewe studierigtings en waarin 'n beroepsgerigte kursus ooreenkomstig gediffe=rensieerde leerplanne verskaf word; en

"tegniese studierigting" 'n studierigting waarin, benewens die twee amptelike tale, minstens die helfte van die oorblywende vakke erkende tegniese vakke is.

<u>Christelike Karakter</u>

2. Die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, moet 'n Christelike karakter hê wat gegrondves is op die Bybel en wat beslag moet kry -

(a) deur godsdiensonderrig as verpligte nie-eksa= menvak behoudens paragraaf 3 hieronder; en

(b) deur die gees waarin en die wyse waarop alle onderrig en opvoedingswerk asook administrasie en organisasie behartig word.

3. By die toepassing van die beleid met betrekking tot die Christelike karakter van die onderwys moet die geloofsoortuiging van die ouers en leerlinge geëer= biedig word wat godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede betref.

<u>Nasionale Karakter</u>

4. Onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word, moet 'n breë nasionale karakter hê wat beslag moet kry -

(a) deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vaderland, wat taal- of kultuurerfenis, geskiedenis en tradisies, nasio= nale simbole, bevolkingsverskeidenheid, maatskap= like en ekonomiese omstandighede, geografiese verskeidenheid en nasionale prestasies insluit; en

(b) deur hierdie kennis by elke leerling tot begrip en waardering te laat groei deur middel van die sinvolle aanbieding daarvan by toepaslike fasette van die onderrig van die twee amptelike landstale, vaderlandse geskiedenis, burgerkunde en aardryks= kunde in die skoolonderwys, en verder deur die deelname van leerlinge aan nasionale feesgeleent= hede en hul gereelde eerbetoning aan die nasionale simbole, sodat -

(i) dit lei tot 'n gesindheid van patriotisme wat gefundeer is op lojaliteit en ver=antwoordelikheid teenoor die vaderland, sy bodem en sy natuurlike hulpbronne;

(ii) elke leerling daardeur 'n gebalanseerde perspektief sal verwerf; en

(iii) 'n gevoel van eensgesindheid en samewerking daardeur bewerkstellig sal word.

## Skoolplig.

### Onderste grens

5. (1) Skoolbesoek moet verpligtend wees van die begin van die skooljaar waarin die leeftyd van sewe jaar bereik word: Met dien verstande dat daar voorsiening gemaak word om aan 'n kind vrystelling van skoolbesoek te verleen op grond daarvan -

(a) dat hy geen voordeel of verdere voordeel uit 'n geskikte kursus van onderrig in 'n skool kan trek nie;

(b) dat hy die leeftyd van 16 jaar bereik het en bewys gelewer het dat hy 'n vaste betrek=king kan bekom;

(c) dat, in die geval van 'n dogter, sy swanger is of in die huwelik tree;

(d) dat hy op 'n ander plek as in 'n skool gepaste onderrig ontvang;

(e) dat sy ouers dit versoek, en hulle as Blankes geklassifiseer is, maar hy volgens voorkoms klaarblyklik nie 'n Blanke is nie; of

(f) dat hy aan voortdurende swak gesondheid ly.

(2) Daar kan voorsiening daarvoor gemaak word dat 'n kind wat, nadat hy hom vir toelating by 'n skool aangemeld het, ongeskik vir die normale skool geag word, toegelaat word om sy skool=besoek uit te stel tot tyd en wyl hy gereed geag word vir die soort onderwys wat vir hom verskaf word.

Boonste grens

6. Skoolbesoek moet verpligtend wees tot aan die einde van die jaar waarin 'n leerling die leeftyd van 16 jaar bereik of totdat hy in die matrikulasie-eksamen of die eindeksamen van die middelbare skool geslaag het, of, in die geval van 'n verstandelik-vertraagde leerling, tot aan die einde van die jaar waarin hy die leeftyd van 20 jaar bereik of totdat hy sy kursus voltooi het of gereed geag word om die skool te verlaat en hom by die buitewêreld aan te pas.

## Vry Onderwys

7. Aan leerlinge wie se ouers in die Republiek woon of Suid-Afrikaanse burgers is (uitgesonderd leerlinge wat deeltydse onderrig ontvang en vakleerlinge), moet vry onderwys (met inbegrip van boeke en skryfbehoeftes) verskaf word in skole wat 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand hou, bestuur en beheer: Met dien verstande dat gelde vir onderrig in musiek gehef kan word waar musiek nie as eksamenvak aangebied word nie.

## Gedifferensieerde Onderwys

Vier skoolfases

8. Onderwys word in onderstaande vier skoolfases verskaf:

(a) Die laer onderwys in twee skoolfases -

(i) die junior primêre skoolfase: Skooljare

een tot drie;

(ii) die senior primêre skoolfase: Skooljare vier tot ses.

(b) die middelbare onderwys in twee skoolfases -

(i) die junior sekondêre skoolfase: Skooljare sewe tot nege;

(ii) die senior sekondêre skoolfase: Skooljare tien tot twaalf.

(Primêre ?)

Junior sekondêre skoolfase

9. In die junior primêre skoolfase word slegs klasonder= wys verskaf.

Junior sekondêre skoolfase

10. Onderwys in die eerste jaar van die junior sekondêre skoolfase word aan 'n laerskool of 'n primêre afdeling van 'n skool verskaf.

11. In die junior sekondêre skoolfase -

(a) het die onderwys 'n breë, algemeen vormende inslag;

(b) is die meerderheid vakke verpligte vakke; en

(c) mag daar geen gedifferensieerde leerplanne aangebied word nie, maar word die leerstof gedifferensieerd aangebied volgens die opvoedkundige behoeftes van bepaalde groepe leerlinge: Met dien verstaande dat aan 'n leerling wat nie voldoende voordeel uit die gewone onderrig wat in die normale loop van die onderwys verskaf word, kan trek nie, 'n meer praktiese leerplan as die ander gediffe= rensieerde leerplanne waarin 'n beroepsgerigte

kursus ooreenkomstig gedifferensieerde leerplanne verskaf word, aangebied word.

Senior sekondêre skoolfase

12. (1) Onderstaande studierigtings word op senior sekondêre vlak aangebied:

(a) Tegniese studierigting;

(b) handelstudierigting;

(c) landboustudierigting;

(d) natuurwetenskaplike studierigting;

(e) geesteswetenskaplike studierigting;

(f) kunsstudierigting (met inbegrip van musiek, drama, ballet en beeldende kuns);

(g) huishoudkundestudierigting;

(h) algemene studierigting; en

(i) ten opsigte van die leerlinge in die voorbehoudsbepaling by paragraaf 11 5(c) bedoel, 'n praktiese studierigting.

(2) Meer as een studierigting kan aan 'n skool aange= bied word.

13. In die senior sekondêre skoolfase word 'n eksamenvak op 'n hoër vlak of op 'n standaard vlak of op 'n hoër en op 'n standaard vlak aangebied.

Buitengewone onderwys

14. Leerlinge wat nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale loop van die onder= wys verskaf word nie, maar nogtans opvoedbaar is en wat nie in artikel 1 (ix) van die Wet op Onderwys=

dienste, 1967 (Wet 41 van 1967, bedoelde gestremde kinders wat in Bylae 1 van daardie Wet vermeld, is nie, ontvang onderwys van 'n gespesialiseerde aard in spesiale klasse of skole.

Uitkenning, plasing en groepering van leerlinge

15. Met inagneming van die wense van die ouers en van die leerlinge, geskied uitkenning, plasing en groepering van leerlinge deur die toepassing van maatstawwe wat skoolvordering, skoolprestasie, meting deur gestandaardiseerde skolastiese toetse, biografiese gegewens, mediese verslag, persoonlikheidsondersoek, aanleg- en verstandstoetse, en ouderdom insluit.

Voorligting

16. (1) Voorligting word aan 'n leerling verskaf ten opsigte van persoonlike aangeleenthede, 'n opvoedkundige keuse en, met inagneming van die land se behoeftes, 'n beroepskeuse.

(2) Voorligting sluit in sielkundige, terapeutiese, remediërende en skoolbesoekende dienste en skakel met die departementele geneeskundige en tandheelkundige diens.

17. Voorligting word aan 'n leerling verskaf in medewerking met die betrokke skoolpersoneel en met inagneming van die wense van die leerling en sy ouers.

# BIBLIOGRAFIE

## A. Literatuurverwysings


1. Aristoteles — Politics. Parker, Oxford, 1887.

2. Basson, P.A. — Georganiseerde buiteskoolse leerlingbedryfwighede meer in die besonder in plattelandse skole. M.A.-verhandeling, U.S.,1941.

3. Bavinck, H. — Christelijke wereldbeschouwing. J.H. Kok, Kampen, 1929.

4. Bavinck, H. — De nieuwe opvoeding. J.H. Kok, Kampen, 1928.

5. Bavinck, H. — Paedagogische beginselen. J.H. Kok, Kampen, 1917.

6. Britse en Buiteland= se Bybelgenootskap — Die Bybel. Kaapstad, 1951.

7. Bekker, J. — Aspekte van die organisasie en administrasie van die Transvaalse openbare onderwys. H.A.U.M., Kaapstad, 1958.

8. Berdyayev, N. — Solitude en society. Trans. by G. Reavy. The Centenary press, London, 1938.

9. Berkhouwer, G.C. — Dogmatische studiën: De mensch het beeld Gods. J.H. Kok, Kampen, 1957.

10. Botha, C.J. — Die sentralisasie van plattelandse onderwys in Transvaal, 1900 - 1937. S.A., 1940.

11. Brunner, E. — Christianity and civilization. Nisbet & Co., London, 1948 - 1949. (2 Vols.)

12. Bühler, K. — Die geistige Entwicklung des Kindes. G. Fisher pub., Jena, 1930.

13. Clark, G.H. — A Christian view of man and things. Eerdman pub. co., Michigan, 1952.

14. Coetzee, J.C. — Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde. Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1948.

15. Coetzee, J.C. — Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. Pro Ecclesia, Stellen= bosch, 1944.

16. Coetzee, J.C. (redak= teur) — Onderwys in Suid-Afrika, 1652 - 1956. J.L. van Schaik, Pretoria, 1958.

17. Demaiskevich, M. — An introduction to the philosophy of education. New York, 1935.

18. Die Hollands-Afri= kaanse Kerke van Suid-Afrika: Die Interkerklike Ko= mitee. — Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys. Minerva, Pretoria, 1955.

19. Dooyeweerd, H. — A new critique of theoretical thought deel I, III. Parys, Amsterdam, 1953 - 1958.

20. Dooyeweerd, H. — Reformatie en scholastiek in de wijsbegeerte. T. Wever, Franekere, 1949.

21. Dooyeweerd, H. Wijsbegeerte der wetsidee, deel I, Amsterdam, 1935.

22. Du Toit, J.H. Die grondlegging en ontwikkeling van provinsiale primêre en sekondêre onderwys vir blankes in die Oranje-Vrystaat gedurende die tydperk 1910 - 1926. D.Ed-proefskrif, U.V., 1963.

23. Fourie, J.J. Die funksieverruiming en leerplan=vryheid van die middelbare skool: 'n Uitdaging aan die universiteit. Professorale intreerede, U.V., 1961.

24. Fourie, J.J. Ons middelbare skoolstelsel en die aksentuasie van die leerplaninhoud vir Duits as derde taal. D.Ed-proefskrif, P.U.K. vir C.H.O., 1950.

25. Fourie, P.C. Om te bou is om te lewe. Dreyer-uitgewers, Bloemfontein, 1972.

26. Geesink, W. Gereformeerde ethiek I. J.H. Kok, Kampen, 1931.

27. Gielen, J.J., Nieuwenhuis, H. en Wielanga, G. Keur uit die verspreide geschriften van prof. dr. J. Waterink. J.B. Wolters, Groningen, 1961.

28. Grobbelaar, P.A. Middelbare onderwys in die Oranje-Vrystaat met spesiale verwysing na leergange en leerplanne. D.Ed-proefskrif, U.V., 1953.

29. Gunter, C.F.G. Aspekte van die teoretiese opvoedkun=de. Tweede hersiene druk. Universi=teitsuitgewers en -boekhandelaars

(Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, 1965.

30. Gunter, C.F.G. — Opvoedingsfilosofieë. Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, 1961.

31. Instituut vir die bevordering van die Calvinisme aan die P.U. vir C.H.O. — Die atoomeeu in U Lig. Eeufees=uitgawe, P.U. vir C.H.O., 1967.

32. Jaarsma, C. — Fundamentals in Christian education. Eerdmans pub. co., Michigan, 1953.

33. Jacks, L.P. — The education of the whole man. London, 1944.

34. Jaspers, K. — Philosophie I. Julius Springer, Berlyn, 1932.

35. Jooste, J.H. — Gedifferensieerde onderwys in die Transvaalse komprehensiewe hoërskool. D.Ed-proefskrif, U.P., 1963.

36. Jooste, J.H. — Klassifikasie van leerlinge in die Transvaalse komprehensiewe hoërskool met die oog op doeltreffende gedif=ferensieerde onderwys en geskikte vakkeuses. M.Ed-verhandeling, U.P., 1953.

37. Kandel, I.L. — The new era in education. Houghton & Mifflin Co., Boston, 1955.

38. Keyter, J. de W. — Opvoeding en onderwys. Nasionale Pers, bpk., Bloemfontein, 1936.

39. Kohnstamm, P.H. — Persoonlijkheid in wording. H.D. Tjeenk Willink en Zoon, Haarlem, 1929.

40. Kuyper, A. — Inleiding in de zielkunde. 3de herziene en vermeerderde druk naar de oorspronklijke uitgave van J.H. Bavinck, J.H. Kok, Kampen, 1953.

41. Kuyper, A. — Onze eeredienst. J.H. Kok, Kampen, 1911.

42. Langeveld, M.J. — Beknopte theoretische paedagogiek. J.B. Wolters, Groningen, 1952.

43. Leighton, J.A. — Individuality and education. Appleton & Co., New York, 1928.

44. Leonard, J.P. — Developing the secondary school curriculum. Rinehart & Co., New York, 1953.

45. Meeter, H.H. — Het Calvinisme. J.H. Kok, Kampen, 1951.

46. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Na=vorsing. — 'n Studie van gedifferensieerde sekondêre onderwys in oorsese lande. Navorsingsreeks, nr. 46, Pretoria, 1967.

47. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Na=vorsing. — Verslag van die verkenningskomitee insake gedifferensieerde onderwys en voorligting oor die huidige posisie insake gedifferensieerde onderwys en voorligting in die Repu=bliek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Pretoria, 1964.

48. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. — 'n Voorstudie oor gedifferen= sieerde sekondêre onderwys. Navorsingsreeks nr. 47, Pretoria, 1967.

49. Norwood, C. — The English tradition of educa= tion. John Murray, London, 1931.

50. Oldham, J.H. — Real life is meeting. Sheldon Press, London, 1942.

51. Orr, J. — The Christian view of God and the world as centering in die incarna= tion. Kerr Lectures for 1890 - 1891, Eerdmans, Michigan, 1948.

52. Popma, K.J. — Inleiding in de wijsbegeerte. J.H. Kok, Kampen, 1956.

53. Potgieter, F.J.M. — Prinsipiële verantwoording ten opsigte van Christelike opvoeding, opvoedkunde en onderwys. Sacum, Bloemfontein, s.j.

54. Raad vir Geesteswe= tenskaplike Navor= sing. — Die wenslikheid en/of noodsaaklik= heid al dan nie van 'n langer skool= dag vir elke skooltipe en die leerlinge se program dienooreen= komstig. Pretoria, 1971.

55. Raad vir Geesteswe= tenskaplike Navorsing. — Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Ver= woerddam. Pretoria, 1969.

56. Raad vir Geestes= wetenskaplike Na= vorsing. — Universiteitsopleiding en beroeps= moontlikhede. Pretoria, 1972.

57. Raad vir Geestes= wetenskaplike Navorsing. Verslag van die komitee vir gedif= ferensieerde onderwys en voorlig= ting insake 'n nasionale onderwys= stelsel op primêre en sekondêre vlak met verwysing na skoolvoor= ligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika. Deel I, Pretoria, 1972.

58. Spier, J.M. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, J.H. Kok, Kampen, 1950.

59. Spier, J.M. Oriëntering in die Christelike wysbegeerte. Sacum, Bloemfontein, 1972.

60. Spier, H.J. & Spier, J.M. Wijsbegeerte en levenspractijk. J.H. Kok, Kampen, 1948.

61. Spranger, E. Der gegenwärtige Stand. Teubner, Leipzig, 1925.

62. Stern, W. Person und Sache. Leipzig, 1923.

63. Stoker, H.G. Beginsels en metodes in die weten= skap. Pro Rege Pers, Bpk., Potchefstroom, 1961.

64. Stoker, H.G. Praktiese Calvinisme. Pro Rege Pers Bpk., Potchefstroom, 1956.

65. Strauss, H.J. Christelik-Nasionaal en C.N.O. Sacum, Bloemfontein, 1969.

66. Strauss, H.J. Christelike wetenskap. Sacum, Bloemfontein, 1953.

67. Strauss, H.J. Christelike wetenskap en Christelike onderwys. Sacum, Bloemfontein, 1964.

68. Taute, B. Opvoedende onderwys. Unie Volks= pers, Bpk., Kaapstad, 1942.

69. Van Loggerenberg, N.T. & Jooste, A.J.C. Verantwoordelike opvoeding. Sentrale Pers, Bloemfontein, 1966.

70. Van Praag, H. De Zin der opvoeding. De Erven, F. Bohn, Haarlem, 1950.

71. Van Tonder, M.A. Dr. S.H. Pellissier as Direkteur van Onderwys vir die tydperk 1926 - 1948. D.Ed-proefskrif, U.V., 1969.

72. Venter, E.A. Die gelowige in die samelewing. Sacum, Bloemfontein, 1961.

73. Venter, E.A. Die ontwikkeling van die westerse denke. Sacum, Bloemfontein, 1955.

74. Vermeulen, A. Die opvoedkundig-antropologiese betekenis van die wysbegeerte van die wetsidee. RGN-publikasiereeks nr. 19. Pro Rege Pers Bpk., Potchefstroom, 1971.

75. Volkskongres vir Opvoeding en On= derwys. 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Interkerklike uitgewers= trust, Pretoria, 1970.

76. Waterink, J. Inleiding tot de theoretische paedagogiek. Ruys U.M., Zeist, 1926.

77. Welton, J. What do we mean by education? Macmillan, London, 1914.

78. Wielenga, B. Het wezen van het Christendom. J.H. Kok, Kampen, s.j.

79. Wielenga, B. Ons doopsformulier. J.H. Kok, Kampen, 1920.

B. Tydskrifte

1. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Julie, 1949.
2. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Oktober 1949.
3. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Maart 1958.
4. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Julie 1960.
5. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Julie 1962.
6. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Maart 1963.
7. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Mei 1963.
8. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Desember 1963.
9. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, November 1965.
10. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Januarie 1966.
11. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Februarie 1970.
12. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Maart 1970.
13. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Oktober 1970.
14. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Maart 1971.
15. O.V.S.O.V. Die Skoolblad, Januarie 1971.
16. S.A.O.U. Die Unie, Mei 1965.
17. S.A.O.U. Die Unie, September 1967.
18. S.A.O.U. Die Unie, Augustus 1969.
19. S.A.O.U. Die Unie, April 1970.
20. S.A.O.U. Die Unie, Junie 1972.
21. T.O. Onderwysblad, November 1954.
22. T.O. Onderwysblad, Junie 1961.
23. T.O. Onderwysblad, Oktober 1961.
24. T.O. Onderwysblad, Maart 1962.
25. T.O. Onderwysblad, Julie 1972.
26. V.C.H.O. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 4e kwartaal 1969.
27. V.C.H.O. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, le kwartaal 1970.
28. V.C.H.O. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 4e kwartaal 1970.
29. V.C.H.O. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, le kwartaal 1972.

C. Amptelike bronne


| | |
|---|---|
| 1. Komitee van Onder= wyshoofde. | Doeltreffender skoolkalender vir die Republiek van Suid-Afrika, s.j. |
| 2. Natal Education Department. | A Memorandum on differentiation in Natal, submitted by the Pietermaritzburg Inspectorate. Pietermaritzburg, the Depart= ment, 1962. |
| 3. Natal Education Department. | Report on the committee of enquiry on education in Natal. Pieter= maritzburg, the Department, 1963. |
| 4. Nasionale Advise= rende Onderwysraad. | Jaarverslag, 1963, 1964, 1965, 1966, 1967, 1968. |
| 5. Nasionale Onderwys= raad. | Verslag, 1969, 1970, 1971. |
| 6. O.V.S. Onderwysburo. | Ondersoek na die wenslikheid van die uitbreiding van bestaande koshuisfasiliteite by sekondêre skole in en om die stad Bloemfon= tein. Die Departement, Oktober, 1969. |
| 7. O.V.S. Onderwysburo. | Samevattende verslag oor:<br>(a) Die drie onderwysrade;<br>(b) Die kontakliggaam;<br>(c) Die K.O.H.;<br>(d) Stappe om die tekort aan onder= wyspersoneel te bekamp. Die Departement, 1969. |

| | | |
|---|---|---|
| 8. | O.V.S. Onderwysburo. | Gedifferensieerde onderwysstelsel. Opgestel deur D.J. Coetzee, 1972. |
| 9. | O.V.S. Onderwys= departement. | Die praktiese, beroepsgerigte kursus vir leerlinge wat nie die gewone kursus kan bemeester nie. Die Departement, 1972. |
| 10. | O.V.S. Onderwys= departement. | Eksamenstatistiek vir 1970. |
| 11. | O.V.S. Onderwysde= partement. | Gedifferensieerde onderwys. Die Departement, 1963. |
| 12. | O.V.S. Onderwys= departement. | Kwartaalstate, 1959, 1970, 1971, 1972, 1973. |
| 13. | O.V.S. Onderwys= departement. | Lys van skole, 1973. |
| 14. | O.V.S. Onderwys= departement. | Omsendbrief prins. 91/72, insp. 35/72; prins. 94/72, insp. 37/72; prins. 84/72, insp. 33/72. |
| 15. | O.V.S. Onderwys= departement. | Rapporte en verslae, 1907, 1908 - 1909, 1909 - 1910, 1910 - 1911, 1912, 1916 - 1918, 1919, 1920, 1922, 1928, 1928, 1938, 1941 - 1945, 1946, 1955, 1957, 1958, 1965, 1966, 1967, 1968, 1969, 1970. |
| 16. | O.V.S. Onderwys= departement. | Rapport van 'n oorsese sending oor gedifferensieerde middelbare onder= wys. Die Departement, 1963. |
| 17. | O.V.S. Onderwys= departement. | Skoolkalender vir 1972. |

| | |
|---|---|
| 18. O.V.S. Onderwysdepartement. | Verslag oor gedifferensieerde onderwys. Die Departement, 1963. |
| 19. O.V.S. Onderwysdepartement. | Verslag van oorsese sending:<br>1. Die onderrig van Wiskunde.<br>2. Navorsing, voorligting en Evaluering van leerlinge.<br>3. Inspeksie.<br>Die Departement, 1968. |
| 20. O.V.S. Onderwysdepartement. | Voorlopige beplanning van gedifferensieerde onderwys in die O.V.S. Die Departement, 1962. |
| 21. O.V.S. Onderwysdepartement. | Voorsiening vir domnormale leerlinge in die middelskool. Die Departement, 1961. |
| 22. O.V.S. Onderwysdepartement. | Voorskrifte aan eksaminatore, 1972. |
| 23. O.V.S. Provinsiale Raad. | Debatte en verrigtinge van die Provinsiale Raad, deel 2, derde raad, 16 Mei - 7 Junie 1972. |
| 24. O.V.S. Provinsiale Raad | Notule van verrigtinge van die Provinsiale Raad, vierde sitting, eerste raad, 1964. |
| 25. O.V.S. Provinsiale Raad. | Debatte en verrigtinge van die Provinsiale Raad, deel 1, derde raad, derde sitting, 22 Februarie - 8 Maart 1972. |

| | |
|---|---|
| 26. O.V.S. Provinsiale Raad. | Debatte en verrigtinge van die Provinsiale Raad, deel 2, derde raad, vierde sessie, 15 Mei - 31 Mei 1973. |
| 27. Provinsie Oranje-Vrystaat. | Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie. Bloemfontein, 1951. |
| 28. Provinsie Oranje-Vrystaat. | O.V.S. Onderwysordonnansie, nr. 16 van 1954. |
| 29. Republiek van Suid-Afrika. | Die Staatskoerant, 11 Junie 1915, Government notice no. 615. |
| 30. Republiek van Suid-Afrika | Die Staatskoerant, nr. 3306, 12 November 1971. |
| 31. Republiek van Suid-Afrika. | Volksraadsdebatte, 14 Mei - 23 Junie 1962, deel 4. |
| 32. Republiek van Suid-Afrika | Wette van die Republiek van Suid-Afrika, 1962, deel 2, nr. 59 - 93. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1962. |
| 33. Republiek van Suid-Afrika. | Wette van die Republiek van Suid-Afrika, geklassifiseer en geanno= teer vanaf 1910. Die Staatsdrukker, Pretoria. |
| 34. S.A. Kommissie insake tegniese en beroepsonderwys. | Verslag. Pretoria, U.G. 65 - 1948. |
| 35. Transvaalse Onder= wysdepartement. | Verslag van oorsese sending in verband met gedifferensieerde onderwys. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1955. |

36. Transvaalse Onderwys= departement. Die toepassing van gedifferen= sieerde middelbare onderwys in Transvaal. Die Departement, Pretoria, 1962.

37. Unie van Suid-Afrika. Second Report of education admini= stration Commission, U.G. 19 - 1924.

D. <u>Koerante</u>

1. Die Volksblad, 17 Augustus 1972.
2. Die Volksblad, 24 Augustus 1972.

E. <u>Toesprake</u>

1. Reyneke, A. Voorsittersrede by jaarvergade= ring van O.V.S.O.V., Bloemfontein, 8 September 1972.

F. <u>Onderhoude</u>

1. Vrey, W.J.H., Instituut vir sosiale en ekonomiese navorsing, U.V., Bloemfontein, 9 Augustus 1972.

2. Fourie, P.C., Voorsitter van die beplannings- en ontwikkelingsadviesraad van die O.V.S., 1 Augustus 1973.

3. Coetzee D.J., hoof van die Vrystaatse Onderwysburo.

4. Haasbroek J.B., direkteur van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

5. Die name van inspekteurs van Onderwys en skoolhoofde word op eie versoek ter wille van anonimiteit verswyg.